

DIE GEMEENREGTELIKE REGSPERSOON IN
DIE SUID-AFRIKAANSE PRIVAATREG

deur

Gerrit Johannes Pienaar
B Jur et Comm LL B (PU)

'n Proefskrif aangebied ter gedeeltelike nakoming van
die vereistes vir die graad

DOCTOR LEGUM

aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys

Promotor: Prof CFC van der Walt
B Jur et Art (PU) LL B (RAU) LL D (UNISA)

Hulppromotor: Prof GPL van der Linde
BA Th D (PU)

1982

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD

ix

HOOFSTUK 1

GROEPVORMING AS SAMELEWINGSVERSKYNSEL

1

1.1 Probleemstelling

2

1.1.1 Die mens as deelnemer aan die regsverkeer

3

1.1.2 Die aard van regsobjektiwiteit

4

1.1.3 Die verenigingsregspersoon

5

1.1.4 Die rol van die staatlike positiewe reg

7

1.1.5 Samevatting

8

1.2 Begripsomskrywing

8

1.2.1 Natuurlike persoon en regspersoon

8

1.2.2 Regspersoonlikheid

9

1.2.3 Kompetensies

9

1.2.3.1 Regsbevoegdheid

9

1.2.3.2 Handelingsbevoegdheid

9

1.2.3.3 Verskyningsbevoegdheid

10

1.2.4 Korporasie

10

1.2.5 Persoonsverband

11

HOOFSTUK 2

ONTWIKKELING VAN 'n REGSPERSOONBEGRIP IN DIE ROMEINSE, KANONIEKE EN ROMEINSE-HOLLANDSE REG

12

2.1 Romeinse reg

13

2.1.1 Romeinse terminologie

15

2.1.1.1 *Corpus*

15

2.1.1.2 *Collegium*

16

2.1.1.3 *Universitas*

17

2.1.1.4 *Sodalitas*

18

2.1.1.5 *Persona*

19

2.1.2	Kenmerke van samewerkingsvorme	20
2.1.2.1	Ledesubstraat	20
2.1.2.2	Afgeskeide vermoë	21
2.1.2.3	Langdurige voortbestaan	23
2.1.2.4	Onderlinge regsverhoudinge tussen lede	23
2.1.2.5	Owerheidstoestemming	26
2.1.2.6	Samevatting	28
2.2	Kanonieke reg	28
2.2.1	Kenmerke van samewerkingsvorme	29
2.2.1.1	Beweerde ontkenning van 'n ledesubstraat	29
2.2.1.2	Afgeskeide vermoë	31
2.2.1.3	Langdurige voortbestaan	32
2.2.1.4	Onderlinge regsverhoudinge tussen lede	32
2.2.1.5	Owerheidstoestemming	33
2.2.1.6	Deelname aan die regsverkeer	34
2.2.1.6.1	<i>Persona ficta</i>	34
2.2.1.6.2	Gemeenskaplike optrede	36
2.2.1.6.3	Deliktuele aanspreeklikheid	37
2.2.1.7	Samevatting	38
2.2.2	Invloed van die Kanoniste op die Engelse reg	38
2.3	Romeins-Hollandse reg	40
2.3.1	Samevloeiing van regsbeginsels	40
2.3.1.1	Germaanse stamverbandsgedagte	40
2.3.1.2	Die ontwikkeling van gildes	41
2.3.1.3	Oorname van Romeinse en kanonieke regsbeginsels	42
2.3.2	Ontwikkeling sedert die Middeleeue	43
2.3.2.1	Reformatoriese invloed	43
2.3.2.2	Afsonderlike entiteit	45
2.3.2.3	Onderlinge regsverhoudinge tussen lede	46
2.3.2.4	Owerheidstoestemming	48
2.3.3	Verdere terminologiese ontwikkeling	50
2.4	Algemene samevatting	51

HOOFSTUK 3REGSPERSOONSTEORIEë

		52
3.1	Inleiding	52
3.2	Die fiksieteorie van Von Savigny	53
3.2.1	Die mens as etiese wese	54
3.2.2	Gesamentlike wilsvorming	55
3.2.3	n Regsgepositieweerde fiksie	56
3.2.4	Regshandeling deur middel van verteenwoordigers	57
3.2.5	Kritiek teen die verteenwoordigingsgedagte	58
3.2.6	Verdere kritiek teen die fiksiegedagte	62
3.3	Die orgaanteorie van Von Gierke	64
3.3.1	Germaanse samelewingstrukture as uitgangspunt	64
3.3.2	Eiendomsposisie van die <i>Körperschaft</i>	66
3.3.3	Die wese van die regs persoon	67
3.3.4	Wilsvorming	68
3.3.5	Regshandeling deur middel van organe	69
3.3.6	Handelingsbevoegdheid	70
3.3.7	Interne verbandsreg	71
3.3.8	Kritiek	72
	3.3.8.1 Op die eiendomsonderskeid	72
	3.3.8.2 Op die negering van die onderskeid tussen lede en die regs persoon	72
	3.3.8.3 Op die vermensliking van regs persone	73
3.4	Die doelvermoëteorie van Brinz	76
3.4.1	Slegs die mens as <i>persona</i>	76
3.4.2	Vermoë verbind aan n spesifieke doel	77
3.4.3	Die stigtingsregs persoon	79
3.4.4	Regshandeling deur middel van verteenwoordigers	80
3.4.5	n Vermoënskompleks as regs subjek	82
3.4.6	Kritiek	83

3.5	Die teorieë van die kollektiewe regte van die individuele lede	85
3.5.1	Die genotsteorie van Von Jhering	86
3.5.1.1	Beskernde belange as uitgangspunt	86
3.5.1.2	Regspersoonvorming as tegniek	87
3.5.1.3	Regshandelinge deur middel van verteenwoordigers	87
3.5.1.4	Wilsbevoegdheid	88
3.5.1.5	Kritiek	88
3.5.2	Die kollektiewe eiendomsteorie van Molengraaff	89
3.5.2.1	Gesamentlike vermoë as uitgangspunt	89
3.5.2.2	Kritiek	91
3.5.2.2.1	Ontkenning van regspersoon as entiteit	91
3.5.2.2.2	Die probleem by eiendomsdrag	92
3.5.2.2.3	Brown se reële kollektiwiteitsbenadering as verbetering op Molengraaff	94
3.6	Die juridiese realiteitsteorie	94
3.6.1	Suijling se teorie van die onstoflike regspersoon	95
3.6.2	Meijers se reële gedagtekonstruksiebenadering	96
3.6.3	Scholten se teorie van regsbetrekkinge	98
3.6.4	Houtappel se teorie van die regspersoon as juridiese denkmodel	100
3.6.5	Larenz se reële begripspersoonbenadering	102
3.6.6	Kritiek	103
3.7	Dooyeweerd se funksionele verbandsteorie	104
3.7.1	Die realiteit van groepsverbande	104
3.7.2	Maatskaps- en verbandsverhoudinge	105
3.7.3	Die aard van regspersoonlikheid	106
3.7.4	Regsubjek as funksiebegrip	107
3.7.5	Eksterne erkenning	108
3.7.6	Interne verbandsreg	109
3.7.7	Vereistes vir regspersoonlikheid	110
3.7.8	Regshandelinge deur middel van organe	111
3.7.9	Die stigtingsregspersoon	111
3.7.10	Kritiek	112
3.8	Gevolgtrekking	116

HOOFSTUK 4

<u>REGSUBJEKTIWITEIT</u>	118
4.1 Regsubjektiwiteit as vertrekpunt	118
4.1.1 Die wisselwerking tussen teorie en praktyk	119
4.1.2 Metodologiese uitgangspunt	120
4.2 Regsubjektiwiteit as funksiebegrip	122
4.2.1 By die natuurlike persoon	123
4.2.2 By die regspersoon	126
4.2.3 Regsubjektiwiteit teoreties besien	133
4.2.4 Die wese van regsubjektiwiteit	136
4.2.4.1 By natuurlike persone	137
4.2.4.2 By regspersone	140
4.2.4.3 Regsubjektiwiteit skriftuurlik benader	141
4.2.4.4 Die mens vanselfsprekend regsobjek	143
4.2.4.5 Die regspersoon nie vanselfsprekend regsobjek nie	144
4.2.4.6 Verbode regspersone	147
4.2.4.7 Regsubjektiwiteit as uitsluitlike kenmerk van die mens	149
4.2.4.8 n Eie definisie van regsubjektiwiteit	152
4.3 Die regspersoon as draer van regsubjektiwiteit	154
4.3.1 n Reële, eiesoortige persoonsverband	154
4.3.2 n Konkrete regsfiguur	156
4.3.3 Die stigting as konkrete persoonsverband	157
4.3.4 Afsonderlike entiteit	160
4.3.5 Die regspersoonsfiguur en sy organe	160
4.3.6 Wilsvorming	162
4.3.7 Verwytbaarheid	163
4.3.8 Gevolgtrekking	166

HOOFSTUK 5

<u>DIE VERENIGINGSREGSPERSOON</u>		167
5.1	Oorname van gemeenregtelike kenmerke in die Suid-Afrikaanse reg	167
5.1.1	Romeins-Hollandse invloed	168
5.1.2	Engelsregtelike invloed	171
5.1.3	Regspraak in die vier provinsies	176
5.1.3.1	Kaapse regspraak	176
5.1.3.2	Transvaalse regspraak	180
5.1.3.3	Vrystaatse regspraak	182
5.1.3.4	Nataalse regspraak	183
5.1.4	Huidige regsposisie van verenigings	184
5.2	Die vereniging sonder regs persoonlikheid (klub)	190
5.2.1	Regsverhouding tussen lede	191
5.2.2	Oprigting	192
5.2.3	Langdurige voortbestaan	193
5.2.4	Eiendomsposisie van lede	194
5.2.5	Aanspreeklikheid	197
5.2.6	Samevatting	198
5.3	Die vereniging met regs persoonlikheid	199
5.3.1	Die regsposisie in enkele ander regstelsels	199
5.3.1.1	Die Nederlandse reg	199
5.3.1.1.1	Aard van die verenigingsregspersoon	200
5.3.1.1.2	Soorte verenigings	202
5.3.1.1.3	Registrasie van verenigingsregspersone	203
5.3.1.1.4	Persoonlikheidsregte	203
5.3.1.2	Die Duitse reg	204
5.3.1.2.1	Soorte verenigings	204
5.3.1.2.2	Aard van die verenigingsregspersoon	204
5.3.1.2.3	Registrasie van verenigingsregspersone	205
5.3.1.2.4	Persoonlikheidsregte	206
5.3.1.3	Die Engelse reg	206

5.3.2	Die verenigingsregspersoon in die Suid-Afrikaanse reg	207
5.3.2.1	Aard van die verenigingsregspersoon	207
5.3.2.2	Onderlinge regsverhoudinge	216
5.3.2.3	Persoonlikheidsregte	218
5.3.2.4	Aanspreeklikheid	221
5.3.2.5	Samevatting	232
5.3.3	Die stigtingsregspersoon in die Suid-Afrikaanse reg	232
5.3.4	n Voorgestelde registrasiesetel vir verenigings en stigtinge	237

HOOFSTUK 6

<u>DIE REGSPOSISIE VAN GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA</u>		242
6.1	Suid-Afrikaanse regspraak betreffende kerkgroepe	242
6.2	Engelsregtelike invloed	245
6.3	Die staat-kerk-verhouding sedert die volksplanting	247
6.3.1	Vroeë geskiedenis	247
6.3.2	De Mist se Kerkorde	248
6.3.3	Britse beheer	249
6.3.4	Ordonnansie 7 van 1843 (Kaap)	250
6.3.5	Toepassing van Ordonnansie 7	251
6.3.6	Slotsom	254
6.4	n Ondersoek na die dogmatiek en optrede van Gereformeerde kerke	255
6.4.1	Dogmatiese struktuur	256
6.4.1.1	Die kerk in plaaslike sin	256
6.4.1.2	Die kerk in universele sin	262
6.4.1.3	Samevatting	268
6.4.2	Die optrede van die Gereformeerde kerke in die regsverkeer	271
6.4.2.1	Plaaslike Gereformeerde kerke	272
6.4.2.1.1	Grondslag	273
6.4.2.1.2	Kerkeiendom	277
6.4.2.1.3	Inherente gesagstruktuur	278
6.4.2.1.4	Regsposisie van die predikant	280
6.4.2.1.5	Dienskontrakte	282
6.4.2.1.6	<i>Locus standi in iudicio</i>	282

6.4.2.2	Gereformeerde kerke in kerkverband	285
6.4.2.2.1	Naam	286
6.4.2.2.2	Kerkeiendomme	287
6.4.2.2.3	Kontraksluiting	291
6.4.2.2.4	Algemene optrede	291
6.4.2.3	Die gesag van meerdere vergaderings van Gereformeerde kerke	295
6.4.2.4	Samevatting	298
6.4.3	Voorstelle vir gesamentlike optrede van plaaslike kerke	300
6.4.3.1	Die trustfiguur	301
6.4.3.2	n Stigting	306
6.4.3.3	n Artikel 21-maatskappy	307
6.4.3.4	n Gemeenregtelike regs persoon	309
6.4.3.5	Slotsom	311
7	<u>SAMEVATTING</u>	312
	<u>SUMMARY</u>	319
	<u>ALFABETIESE LYS VAN AFKORTINGS</u>	327
	<u>BIBLIOGRAFIE</u>	329
	<u>ALFABETIESE LYS VAN REGSPRAAK MET BLADVERWYSINGS</u>	370
	<u>ALFABETIESE LYS VAN TREFWOORDE</u>	375

311
203

VOORWOORD

Hierdie studie was alleen moontlik met die hulp van 'n aantal persone en instansies. Ek betuig gevolglik graag my dank aan:

- my gesin, vir groot opofferings;
- my ouers, wat my geleer het wat belangrik is;
- my promotor, prof CFC van der Walt en hulppromotor, prof GPL van der Linde, vir geduld, toeganklikheid en insig;
- my kollegas, en veral proff CR de Beer, LM du Plessis en NJJ Olivier, vir raad en aanmoediging;
- die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek, PU vir CHO;
- die personeel van Het Gravensteen, Rijksuniversiteit Leiden en in die besonder prof JTh de Smidt;
- die personeel van die Max-Planck-Institut für ausländisches und internationales Privatrecht, Hamburg;
- my vrou, vir die tik van 'n groot gedeelte van die proefskrif en my vader, vir die taalkundige versorging daarvan.

Ek erken graag met dank finansiële steun wat ek van die volgende instansies ontvang het:

PU vir CHO (personeelbeurs en
doktorsgraadbeurs);
Departement Wetenskapsleer, PU vir CHO;
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Potchefstroom
Desember 1982

En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape.

(Génesis 1:26 en 27)

Is daar iets waarvan 'n mens kan sê: Kyk hier, dit is nuut? Dit was lankal daar in die ou tyd wat voor ons gewees het.

(Prediker 1:10)

HOOFSTUK 1

GROEPVORMING AS SAMELEWINGSVERSKYNSEL

Groepvorming neem 'n onontbeerlike plek in die menslike bestaanswyse in. Die mens is as gemeenskapswese geskape en staan nie net in 'n verhouding tot God nie, maar ook in 'n verhouding met sy medemens.¹⁾ Deurdat die mens nie volkome eenselwig kan bestaan nie, is hy in die vervulling van sy roeping altyd op ander mense aangewys.²⁾ Groepvorming spruit dus nie net uit 'n emosionele behoefte voort nie, maar dit is 'n skeppingsgegewene.

Die Christelike godsdiens steun dan ook baie swaar op groepvorming. Die huidige godsdienstige groepvorming van Christene is reeds in die verbondsvolk Israel gewortel, maar dit kom veel sterker na vore in die Nuwe Testamentiese kerkbegrip met Christus as die hoof en die gelowiges as lede.³⁾ Hierdie kerkbegrip het uiteraard 'n invloed op die juridiese denkwysse uitgeoefen, soos by 2 en 5 hieronder vollediger bespreek word.⁴⁾

Op maatskaplike, kulturele, politieke en ekonomiese terrein word aan hierdie skeppingsgegewene erkenning verleen.⁵⁾ Die regs wetenskap verleen ook erkenning aan die verskynsel.⁶⁾ Die realiteit van groepverbande in die voor-teoretiese ervaring van die primitiewe mens is 'n werklikheidsver-

-
- 1) Gen 2:18; Bavinck 1911 dl 4 296.
 - 2) Die sosiologiese belang van groepvorming is beklemtoon deur oa Steyn 1969 5-7; Joubert en Steyn 1965 4-6; Davis 1970 24-31; Dressler 1969 258-273. Kyk ook Kraft 1938 5; Meyer-Cording 1957 1; Stoljar 1973 6-8 en 10-24; Van Haersolte 1971 veral 25-28; Van der Velden 1969 1; Boots 1959 5: "De mens heeft een deel-natuur; hij is zich zelf niet voldoende." Scholten 1934 18; Van der Grinten 1957 15; Spencer 1969 7-22; Dunkman 1931 53-57; Oleck 1980 95-96.
 - 3) 1 Kor 6:15 en 12:12-27; Efes 4:15, 16 en 25 en 5:23 en 30; Kol 1:18; Rom 12:4 en 5. Ten opsigte van die sosiologiese onderbou van die kerk, raadpleeg Troeltsch 1961 bd 1 4-13.
 - 4) Van Haersolte 1971 26; Bavinck 1911 dl 4 296. Vgl ook 2.2 hieronder ten opsigte van die invloed van die kanonieke reg op die algemene groepvorming. Die invloed van die regsposisie van kerke op die algemene verenigingsreg word by 5.1 hieronder bespreek.
 - 5) Den Tonkelaar 1979 3; Dijk en Wachter 1972 5; Van der Grinten 1957 4 en 19; Spencer 1969 1-6 en 159-769.
 - 6) Van der Grinten 1957 3 ev.

skynsel waarmee die moderne juris rekening moet hou.⁷⁾ Die regs wetenskap kan nie anders as om hiervan kennis te neem nie, maar vir die oogmerke van die reg ken die regs wetenskap 'n eie, kenmerkende betekenis aan hier= die verskynsel toe en word dit aan die hand van regs beginsele vertolk. Deurdat die reg nie in 'n lugleegte fungeer nie, moet hierdie regs begin= sele op hulle beurt weer met die geheel van die werklikheid in verband gebring word.⁸⁾

1.1 Probleemstelling

In hierdie proefskrif word regs aspekte van groeppvorming en groeppoptrede ondersoek. Die wyse waarop groepe aan die regs verkeer deelneem en die reg= te en verpligtinge van lede van so 'n groep skep dikwels eiesoortige regs= probleme. Daarom is dit noodsaaklik om vas te stel watter regs gevolge uit groeppvorming en die deelname van groepe aan die regs verkeer voortvloei.

Ten einde die studieveld sinvol te begrens, sal die ondersoek tot die aard en nut van die gemeenregtelike regspersoon as privaatregtelike regs figuur beperk word. Die gemeenregtelike regspersoon se oprigting en funksionering word nie deur wetgewing nie, maar aan die hand van Romeins-Hollandse regs= beginsele gereël.⁹⁾ In die Suid-Afrikaanse regspraak word daarbenewens egter dikwels ook van Engelsregtelike klubregs beginsele by die vasstelling van die aard en funksionering van die gemeenregtelike regspersoon gebruik gemaak.¹⁰⁾

Die vermenging van onversoenbare regs beginsele uit twee verskillende regs= families skep begryplik dikwels verwarring by die teoretiese begroning van die gemeenregtelike regspersoon. Daar sal in die besonder op die suiwer toe= passing van die Romeins-Hollandse regs beginsele by die regsteoretiese be= groning van die gemeenregtelike regspersoon klem gelê word, ten einde hier= die verwarring sover moontlik uit die weg te ruim.

7) Dooyeweerd 1937 199-200.

8) Hommes 1976 116; Stoljar 1973 7; Van Haersolte 1960 510 ev; Hallis 1930 102-108; Dooyeweerd 1935 dl 2 3-52 en 260-300.

9) *Webb & Co Ltd v Northern Rifles* 1908 TS 462 op 464; *Morrison v Stan= dard Building Society* 1932 AD 229 op 234-238.

10) *Wilken v Brebner* 1935 AD 175 op 189 en 193; *Theron & Ring van Wel= lington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1 (A) op 25; *Van Vuuren v Kerkraad Marelign Gemeente, NG kerk* 1979 4 SA 548 (O) op 557.

Die ondersoek hou die volgende in:

1.1.1 Die mens as deelnemer aan die regsverkeer

Die mens kan as individu of in groepverband aan die regsverkeer deelneem. Verskeie juriste beklemtoon dan ook hierdie rol van die mens (individueel of in groepverband) in die regsverkeer.¹¹⁾ Tog is daar juriste wat verklaar dat ander entiteite as mense of mensegroepe as regssubjekte in die regsverkeer kan optree. Sommige dui aan dat 'n vermoë wat met 'n bepaalde doel betas is, as regssubjek aan die regsverkeer kan deelneem.¹²⁾ 'n Ander groep wil uit die *regsverhoudinge* wat tussen mense bestaan, 'n entiteit wat vir juridiese oogmerke as subjek aan die regsverkeer deelneem, konstrueer.¹³⁾

Hierdie teorieë word later volledig bespreek, maar daar kan in hierdie stadium reeds voorlopig die vraag gestel word of die aanhangers van sodanige sienswyses se uitgangspunte korrek is. Kragtens die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing staan die mens altyd ingevolge die skeppingsopdrag van God as skepsel in die middelpunt van die skepping (en daarom ook in die middelpunt van die reg). Dit is moeilik om te aanvaar dat iets wat buite die mens geleë is en wat aan die beheer van die mens onderwerp is, as regssubjek aan die regsverkeer kan deelneem.¹⁴⁾

Die wyse waarop mense in die regsverkeer op mekaar aangewese is, kan verskeie vorme aanneem.¹⁵⁾ Mense kan in 'n regsverhouding teenoor mekaar te staan kom (byvoorbeeld 'n kontraktuele verhouding) of een mens is dikwels van die bystand van 'n ander afhanklik ten einde aan die regsverkeer te kan deelneem (byvoorbeeld 'n minderjarige wat deur sy ouer/voog bygestaan word). Dit kan ook wees dat mense as 'n groep optree, maar steeds persoonlik aanspreeklik gehou word vir die gevolge wat uit hierdie optrede voortspruit (byvoorbeeld 'n vereniging sonder regs persoonlikheid, 'n vennootskap).

11) Boots 1959 10; Van Haersolte 1971 49-61; De Vries 1980 6; Lloyd 1938 1-2; Meyer-Cording 1957 2-3; Hommes 1976 115; Hallis 1930 125: "So-ciety is therefore not relations, but beings in their relationships."

12) Brinz se doelvermoëteorie word by 3.4 hieronder bespreek.

13) Die juridiese realiteitsteorie word by 3.6 hieronder bespreek.

14) Gen 1:27-28; Gen 2:15. Sien ook 4.2.4.3 en 4.2.4.7 hieronder vir 'n volledige bespreking van hierdie uitgangspunt.

15) Van der Velden 1969 1; Denninger 1967 23; Meyer-Cording 1957 1; Lloyd 1938 2. Dooyeweerd onderskei tussen maatskaps- en gemeenskapsverhoudings - kyk Van der Vyver en Van Zyl 1982 391-392.

Voorts is dit moontlik dat mense in groepverband optree sonder dat die individuele lede aanspreeklik gehou kan word vir die gevolge wat uit hierdie optrede voortspuit. In so 'n geval kan net die groepverband as entiteit met afsonderlike regte en verpligtinge aanspreeklik gehou word ('n regs-persoon). Laasgenoemde wyse van optrede in groepverband, met afsonderlike regte en verpligtinge en met uitsluiting van individuele aanspreeklikheid, is 'n aanduiding van die eiesoortige wyse waarop die reg aan die sosiologiese verskynsel van groeppvorming gevolg gee.

1.1.2 Die aard van regsobjektiwiteit

'n Groep mense wat met uitsluiting van individuele aanspreeklikheid as entiteit met langdurige voortbestaan en afsonderlike regte en verpligtinge aan die regsverkeer deelneem, word 'n regspersoon genoem.¹⁶⁾ Dit is gekte reg dat 'n *regspersoon* en 'n *natuurlike persoon* (die individuele mens) die enigste regsfigure is wat tans as *regsobjekte* aan die regsverkeer deelneem.¹⁷⁾ Die uitgangspunt van enige regspersoonsteorie behoort derhalwe die vraag te wees waarin die regsobjektiwiteit van die regspersoon geleë is. Aan die hand van die ontleding van enkele bestaande regspersoonsteorieë wil ek vasstel wat regsobjektiwiteit is en waarin die regsobjektiwiteit van die gemeenregtelike regspersoon geleë is. Aansluitend hierby is dit nodig om die ontwikkeling van die regspersoonsbegrip in die Romeinse, Romeins-Hollandse en kaanonieke reg te ondersoek.

Dit is belangrik om die natuurlike verskynsel groeppvorming van gemeenregtelike regspersoonlikheid te onderskei. Laasgenoemde vind wel sy bestaansgrond in groeppvorming, maar alle groepe is nie sonder meer regspersone nie. Regspersoonlikheid (of regsobjektiwiteit) word deur die positiewe reg¹⁸⁾ aan die hand van regsbeginsels aan sekere groepe verleen.¹⁹⁾ Daar moet dus onderskei

16) Vir 'n volledige omskrywing van die begrip regspersoon, sien 4.3 hieronder. Raadpleeg ook Kraft 1938 5.

17) De Vries 1980 3; Joubert 1951 7-8; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 11; Van der Vyver en Joubert 1980 29.

18) Die enigste uitsondering in hierdie verband is die staat. Die problematiek van die regspersoonlikheid van die staat val buite die bestek van hierdie proefskrif, aangesien hier op die privaatregtelike regspersoon toegespits word. Vgl in hierdie verband Venter 1980 (in geheel), asook 4.2.4.2 (vn 82) hieronder.

19) Sien 4.2.2 en 4.2.4.5 hieronder. Dit word ook bespreek deur Van Haersolte 1971 21-25; Boots 1959 2 ev; Stoljar 1973 6; Kraft 1938 5 en 6; Büttner 1967 22 ev.

word tussen 'n gemeenskap van persone as 'n sosiologiese verskynsel en die juridiese kategorieë waarin hierdie verskynsel na vore kom. 'n Groep met regsobjektiwiteit is derhalwe wesenlik onderskeibaar van 'n groep sonder regsobjektiwiteit. Albei groepe is op 'n sosiologiese onderbou gefundeer, maar vir die oogmerke van die reg word bepaalde kwaliteite of onderskeibare kenmerke aan die regs persoon toegeken.²⁰⁾

Die vraag wat regsteoretici reeds eeue lank besig hou, is *wat* hierdie regsbeginnels is, aan *welke* groepe dit toegeken kan word en onder *welke* omstandighede dit toegeken of weerhou kan word. Dit het dan ook aanleiding gegee tot verskeie teorieë,²¹⁾ waarvan die belangrikstes hieronder bespreek sal word.

1.1.3 Die verenigingsregspersoon

In die regsliteratuur het die regsobjektiwiteit van groepe met 'n winsoogmerk of die een of ander ekonomiese samewerkingsoel reeds baie aandag geniet. Die meeste regstelsels het dan ook 'n goed ontwikkelde stel reëls om die regsverhoudinge tussen sodanige groepe en individuele lede en derdes te reël. Die bekendste van hierdie groepe is vennootskappe en maatskappye. Dit is geykte reg dat vennootskappe nie in die Suid-Afrikaanse reg as regs persoon erken word nie.²²⁾ Aangesien maatskappye statutêre regs persone is wat histories van die Engelse vennootskap afstam,²³⁾ werp die ontleding van hierdie regsfigure nie veel lig op die regsteoretiese begronding van die gemeenregtelike regs persoon nie. Daarom sal in hierdie proefskrif nie indringende aandag aan sodanige groepe geskenk word nie.

In die geval van verenigings met 'n ideële doel of 'n nie-wins oogmerk, soos kultuur-, liefdadigheids-, politieke en opvoedkundige verenigings, is die reg=

20) Büttner 1967 22-24; Fabricius 1963 1.

21) Stoljar 1973 7-9; Boots 1959 1 verklaar dat die groot verskil in uitgangspunt ten opsigte van regs persoonsteorieë geleë is in die feit dat daar soveel buite-juridiese meningsverskille ten opsigte van 'n gemeenskap van persone bestaan.

22) Bamford 1982 25; Van Jaarsveld 1978 624; De Wet en Van Wyk 1978 391; *R v Levy* 1929 AD 322; *Parker v Rand Motor Transport Co* 1930 AD 353; *Muller v Pienaar* 1968 3 SA 195 (A) op 202. Sommige juriste beywer hul=le egter vir die verlening van regs persoonlikheid aan vennootskappe - kyk Ribbens 1978 7-14 en 18-24 en die gesag aangehaal in De Wet en Van Wyk 1978 391 vn 111.

23) Vgl vne 166 en 167 by 5.3.2.1 hieronder.

subjektiwiteitsvraagstuk egter nie so deeglik onder oë geneem nie. Weens die feit dat die samelewingstrukture in die moderne gemeenskap ingewikkelder raak, neem die belang van hierdie verenigings sterk toe.²⁴⁾ Hoewel die hoofmerk nie winsbejag is nie, beskik hierdie verenigings tans feitlik sonder uitsondering oor 'n (dikwels aansienlike) vermoë, wat kan wissel van 'n verenigingskas tot 'n klubgebou of 'n gebouekompleks. As gevolg hiervan tree hierdie verenigings in 'n toenemende mate in die regsverkeer op.²⁵⁾ In hierdie proefskrif sal op die privaatregtelike verenigingsregspersoon toegespits word en dan veral die verenigings wat nie statutêr nie, maar kragtens die vereistes soos deur die gemene reg gestel, tot stand kom.

Dit is van die allergrootste belang om die begrip regsobjektiwiteit sô soepel te maak dat dit ook ten opsigte van hierdie privaatregtelike verenigings voldoende riglyne verskaf ten einde regsekerheid te bewerkstellig. Die probleem is egter ingewikkelder by verenigings sonder winsoogmerk, deurdat lede van sodanige verenigings by die oprigting en daaglikse bestuur nie altyd die vermoëns-aspek in gedagte hou nie (in elk geval nie in dieselfde mate as wat lede van verenigings met winsoogmerke dit in gedagte hou nie). 'n Groot aantal verenigings of klubs is so informeel van aard dat dit by die toerekening van die gevolge van regshandeling van die groep moeilik is om vas te stel wat die bedoeling van die lede van die groep ten opsigte van die in- of uitsluiting van individuele aanspreeklikheid van die lede en die voortbestaan van die entiteit ongeag die wisseling van lede was. Dit is selfs moontlik dat daar 'n verskil in bedoeling tussen die lede kan bestaan, maar dat hulle weens die informele aard van die vereniging nie daarvan bewus is nie. Daarom moet die kriteria vir die bestaan van 'n regspersoon met groot omsigtigheid en absolute duidelikheid omskryf word. Enige regspersoonsteorie moet dan ook met hierdie praktiese aspek rekening hou.

Die aard van privaatregtelike verenigings in die Suid-Afrikaanse reg sal dus ondersoek word met die oog op die moontlike gebruik van die gemeenregtelike regspersoonsfiguur om bestaande probleme in die verenigingsreg op te los. Weens die feit dat kerke 'n enigszins eiesoortige regsposisie beklee, sal die juridiese aard van kerke in die algemeen, en meer in die besonder Gereformeerde kerke, afsonderlik ondersoek word.

24) Abma 1968 227 ev; Jolles 1959 18-42

25) Dijk en Wachter 1972 5 dui aan dat 21,8% van die 1372 verenigings wat in 1966 in Nederlandse stad Utrecht bestaan het, 'n eie gebou besit het. Hierdie tendens word in 'n toenemende mate in die Suid-Afrikaanse verenigingslewe ondervind, hoewel daar sover bekend geen statistiek in dié verband beskikbaar is nie.

Die aard van statutêre regs persone soos koöperatiewe verenigings, onderlinge hulpverenigings en beheersregspersone by deeleiendom²⁶⁾ stem wel in sekere opsigte met dié van die gemeenregtelike regspersoon ooreen. Statutêre regs persone funksioneer egter kragtens 'n magtigende wet (of wette), wat heel dikwels eiesoortige kenmerke voorskryf wat totaal van dié van die gemeenregtelike regspersoon verskil. Omdat hierdie ondersoek primêr op die regs teoretiese begronding van die gemeenregtelike regspersoon toegespits is, val die ontleding van statutêre verenigingsregspersone buite die bestek van hierdie proefskrif.

1.1.4 Die rol van die staatlike positiewe reg

Die rol wat die staatlike positiewe reg by die ontstaan en funksionering van regs persone speel, kan nie onderskat word nie. Veral twee aspekte van die funksie van die owerheid (en in hierdie geval merendeels die regsprekende gesag) hang ten nouste saam met groeppvorming:

- ten einde regsekerheid te verskaf, val dit binne die samelewingsordenende taak van die owerheid om die nodige riglyne in verband met die regsobjektiwiteit van regs persone te verskaf;²⁷⁾
- ten einde regsontduiking te voorkom, moet die owerheid toesien dat die regspersoonsfiguur nie misbruik word nie.²⁸⁾

Desnieteenstaande kan die positiewe reg net aan die hand van regsbeginnels reëls vir die totstandkoming en die aard en omvang van die funksionering van die regspersoon neerlê. Daar bestaan dus 'n dialektiese spanningsver-

26) Die aard en funksionering van hierdie regs persone word onderskeidelik deur die Wet op Koöperatiewe Verenigings 29 van 1939 (soos gewysig), die Wet op Onderlinge Hulpverenigings 25 van 1956 (soos gewysig) en die Wet op Deel-titels 66 van 1971 (soos gewysig) gereël.

27) Van Haersolte 1960 525; Van der Vyver en Van Zyl 1972 43-44; Van der Vyver en Van Zyl 1982 282-283 en 398. Dit is wel so dat nie-staatlike samelewingskringe interne reëlings kan tref sonder dat die staatlike positiewe reg die bevoegdheid daartoe verleen, maar ten einde eksterne erkenning te geniet, moet hierdie samelewingskringe voldoen aan die vereistes soos deur die staatlike positiewe reg gestel.

28) Het Nederlands Genootschap van Bedrijfsjuristen (komp) 1979 (in geheel); Minkjan 1979 9-11. Kyk ook *Dadoo Ltd. v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530 op 550-552.

houding tussen regsteorie en positiewe reg, waarop later by die ontleding van regsobjektiwiteit vollediger ingegaan sal word.²⁹⁾

1.1.5 Samevatting

Die veld van ondersoek word dus soos volg begrens:

1.1.5.1 Die ontwikkeling van die gemeenregtelike regspersoonsbegrip uit die Romeinse, Romeins-Hollandse en kanonieke reg.

1.1.5.2 Die belangrikste teorieë in verband met die aard van die regspersoon.

1.1.5.3 Die begrip regsobjektiwiteit (regspersoonlikheid) en die lig wat dit op die vraag na die aard van die gemeenregtelike regspersoon werp.

1.1.5.4 Aanwending van die gemeenregtelike regspersoonsfiguur ter verklaring van die aard van privaatregtelike nie-statutêre verenigings met ideële doelstellings of nie-winsoogmerke.

1.1.5.5 Die wyse waarop kerke, en meer in die besonder Gereformeerde kerke, in Suid-Afrika aan die regsverkeer deelneem.

1.2 Begripsomskrywings

1.2.1 Natuurlike persoon en regspersoon

Slegs twee klasse regsobjekte (*personae*), naamlik natuurlike persone en regspersone, kan onderskei word. Daar bestaan onder verskeie Europese regsteoretici die neiging om die mens of natuurlike persoon ook met die benaming regspersoon te betitel.³⁰⁾ As motivering hiervoor word aangevoer dat sowel die natuurlike persoon as die regspersoon draers van regte en verpligtinge is wat deur die positiewe reg aan hierdie entiteite toegeken word. Die mens is volgens hierdie juriste van regswêë 'n *persona* en daarom word die benaming regspersoon ook vir die mens ge-

29) Sien 4.1.1 en 4.1.2 hieronder. Veral Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 3-5 en Hommes 1972(a) 13-18; 1979 719 en 1980(a) 213 ev beklemtoon die bestaan van 'n dialektiese spanningsverhouding tussen regsteorie en positiewe reg.

30) Raadpleeg byvoorbeeld Hommes 1976 116; Larenz 1979 83; Brauer 1962 12.

bruik. Dit is egter nie 'n uitgemaakte saak dat regsobjektiwiteit slegs in die dra van regte en verpligtinge geleë is of dat dit aan albei hierdie groepe deur die positiewe reg verleen word nie.³¹⁾ Dit is daarom doelmatiger om die onderskeid tussen die natuurlike persoon en regspersoon te handhaaf. In hierdie proefskrif sluit die begrip *regspersoon* derhalwe nooit die begrip *natuurlike persoon* in nie.

1.2.2 Regspersoonlikheid

Daar bestaan 'n algemene opvatting dat 'n regsobjek se regsobjektiwiteit gewoonlik aan die hand van draer wees van subjektiewe regte en verpligtinge omskryf kan word. Of dit 'n korrekte omskrywing van regsobjektiwiteit is, sal later vollediger onder oë geneem word. Die eienskap regsobjektiwiteit word in die geval van die regspersoon *regspersoonlikheid* genoem. In gevalle waar na hierdie eienskap by sowel die natuurlike persoon as die regspersoon verwys word, sal die term *regsobjektiwiteit* vir albei klasse gebruik word, terwyl regspersoonlikheid slegs na die vermoë van die regspersoon verwys om draer van regte en verpligtinge te wees. Daar sal ook klem gelê word op die feit dat die regspersoonlikheid (regsobjektiwiteit) van regspersone nie in alle opsigte met die regsobjektiwiteit van natuurlike persone ooreenstem nie.

1.2.3 Kompetensies

Die inhoud van regsobjektiwiteit is geleë in kompetensies. By die natuurlike en die regspersoon kom die volgende kompetensies voor:³²⁾

1.2.3.1 Regsbevoegdheid: dui op die vermoë om subjek in die regsverkeer te wees, dit wil sê om draer van regte (waaronder subjektiewe regte) en verpligtinge te wees en sekere ampte in die regsverkeer te beklee.

1.2.3.2 Handelingsbevoegdheid: dui op die vermoë om regshandeling aan te gaan. 'n Regshandeling is 'n regmatige handeling waaraan die reg hoofsaaklik dieselfde gevolge toeskryf as wat die handelende persoon daarmee beoog het.

31) Hierdie probleme word by 4.2.3, 4.2.4.4 en 4.2.4.5 hieronder volledig bespreek.

32) Van der Vyver 1977 1-3. Hy sluit ook nog toerekeningsvatbaarheid en publiek-regtelike kompetensies hierby in. Kyk ook Van der Vyver en Joubert 1980 3-7; Boberg 1977 35-43; Van Rensburg 1974 94 ev; Van der Vyver 1973 266 ev; Olivier, Barnard en Cronje 1980 45-47; Hosten, Edwards, Nathan en Bosman 1979 294 ev.

1.2.3.3 Verskyningsbevoegdheid: dui op die vermoë om as eiser of verweerder of beskuldigde in die regsverkeer op te tree.

Alle regssubjekte kan nie in dieselfde mate op hierdie kompetensies aanspraak maak nie.³³⁾ Die vraag of alle regssubjekte onder alle omstandighede die bogenoemde drie kompetensies kan uitoefen, is tans 'n omstrede onderwerp in Suid-Afrika. Sommige skrywers betoog dat alle regssubjekte wel regsbevoeg is, maar dat almal nie onder alle omstandighede handelingsbevoeg of verskyningsbevoeg is nie.³⁴⁾ Hierteenoor bestaan die mening dat alle regssubjekte regsbevoeg, handelingsbevoeg en verskyningsbevoeg is.³⁵⁾ Dit val buite die omvang van hierdie proefskrif om verder op hierdie meningsverskil in te gaan, aangesien die verskillende standpunte hoofsaaklik op die kompetensies van die natuurlike persoon toegespits is. Die vraag of 'n regspersoon regsbevoegdheid, handelingsbevoegdheid en verskyningsbevoegdheid het, word in 4 hieronder bespreek.

1.2.4 Korporasie

Weens die feit dat die begrip *vereniging* in die Suid-Afrikaanse reg 'n baie wye betekenis het en onder meer regspersone asook verenigings sonder regs persoonlikheid insluit, word die begrip *korporasie* gebruik om 'n verenigingsregspersoon met 'n ledesubstraat aan te dui. Die begrip korporasie is van die Romeinse begrip *corpus* afkomstig en uit die bespreking hierna sal blyk dat dit een van die terme was waarmee 'n verenigingsregspersoon in die ná-klassieke Romeinse reg en Romeins-Hollandse reg beskryf is.³⁶⁾ Vastelandse juriste gebruik die term om 'n regspersoon met lede (korporasie) van 'n regspersoon sonder lede (stigting) te onderskei.³⁷⁾ Die begrippe korporasie en korporatiewe liggaam word in hierdie proefskrif deurgaans gebruik ten einde 'n regspersoon wat uit lede saamgestel is, aan te dui.

33) Hosten, Edwards, Nathan en Bosman 1979 296; Van Rensburg 1974 95-96; Boberg 1977 39.

34) Kyk veral Boberg 1977 39-40 en Olivier, Barnard en Cronje 1980 45-47.

35) Van der Vyver en Van Zyl 1982 378-381; Van der Vyver 1973 266 ev.

36) Vgl 2.1.1.1 hieronder.

37) Asser-Van der Grinten 1980 dI 2/II 13 en 22; Larenz 1980 116 en 118.

1.2.5 Persoonsverband

Die begrip persoonsverband word gebruik om 'n regs persoon in die algemeen aan te dui sonder om tussen 'n verenigingsregspersoon (dit wil sê met lede) of 'n stigtingsregspersoon (dit wil sê sonder lede) te onderskei.

HOOFSTUK 2

ONTWIKKELING VAN 'N REGSPERSOONSBEGRIIP IN DIE ROMEINSE, KANONIEKE EN ROMEINS-HOLLANDSE REG

Dat die regsersoonsfiguur (soos ons dit vandag ken) nie in die Romeinse reg en vroeë Romeins-Hollandse reg bekend was nie, is 'n feit waaroor wye eenstemmigheid bestaan.¹⁾ Desnieteenstaande is verskeie juriste eenstemmig daaroor dat die Romeinse juriste reeds groepe persone as entiteite erken het, welke groepe 'n eie groepswil kon vorm en 'n afsonderlike vermoë kon versamel. Die Romeine het nie hierdie groepe as regssubjekte beskou nie, maar die lede gesamentlik as draers van regte en verpligtinge van die groep aangemerkt.²⁾

Die meeste skrywers oor hierdie onderwerp toon aan dat die begrip *regspersoon* eers aan die begin van die negentiende eeu ontstaan het.³⁾ Joubert⁴⁾ verklaar egter dat regsersoonlikheid reeds tydens die Republiek kragtens die *Lex Aebutia* (+ 150 vC) aan bepaalde groepe toegeken is, terwyl Feenstra⁵⁾ die toekenning van regsersoonlikheid aan die middeleeuse Romaniste en Kanoniste, wat elemente van regsersoonlikheid in Romeinse tekste gevind het, toeskryf. Wanneer regsersoonlikheid die eerste keer formeel aan groepe persone wat as entiteite optree, toegeken is, is nie van soveel belang as die feit dat daar reeds deur die Romeine sekere *kenmerke* aan groepe persone toegeskryf is nie. Hierdie kenmerke vorm vandag die grondslag van die toekenning van regsersoonlikheid in die Suid-Afrikaanse reg.

Enkele Romaniste verklaar dat die toekenning van bepaalde eiesoortige kenmerke en die verlening van afsonderlike regte en verpligtinge aan groepe persone nie 'n uitvindsel van die Romeine was nie, maar dat die Grieke reeds hierin die voortou geneem het. In die wette van Solon kom daar voorskrifte voor vir die wyse waarop betrekkinge tussen lede van 'n groep gereël moet word, en 'n frag-

-
- 1) Van Oven 1948 434; Kaser 1979 76; Feenstra 1978 31; Den Tonkelaar 1979 3; Cohn 1873 1 ev; Mitteis 1908 339 ev; Joubert 1951 18; Duff 1938 36 ev; Henkel 1972 4; Van Creveld 1912 56.
 - 2) Den Tonkelaar 1979 3; Kaser 1979 76; Van Creveld 1912 57; Van Zyl 1977 74.
 - 3) Joubert 1951 18; Van Oven 1948 434; Feenstra 1978 31.
 - 4) 1951 18.
 - 5) 1978 31; raadpleeg ook Van Creveld 1912 56.

ment van hierdie voorskrifte is in Digesta 47.22.4 opgeneem.⁶⁾ n Verdere mededeling in hierdie verband is dat die reg van Athene (soos vervat in die wette van Solon) aan bepaalde groepe die reg tot die opstel van reëls en regulasies wat die regsbetrekkings tussen die lede van die groep reël, verleen het. Hierdie reëls moes egter op geen wyse in stryd met die staatswette wees nie.⁷⁾

Dat daar sekere aanhalings betreffende *collegia* uit die wette van Solon deur Gaius herformuleer en in die Digesta opgeneem is, kan nie betwyfel word nie. Tog is dit duidelik dat Gaius nie die Romeinsregtelike *collegia* op die reg van Athene gegrond het nie, maar dat die oorsprong van hierdie regsfiguur eerder in die tyd van die Republiek gesoek moet word. Gaius het bloot die vroeë *collegia* vergelyk met Griekse regsfigure wat in die wette van Solon vermeld word.⁸⁾

Hoewel die term *regspersoon* en teorieë in verband met die aard van regs persoonlikheid gewoonlik na die negentiende-eeuse Pandektewetenskap teruggevoer word, is dit tog van die grootste belang om die ontwikkeling van bepaalde kenmerke van regspersone van die Romeinse reg af na te gaan en vas te stel hoe hierdie kenmerke in die kanonieke reg en vroeë Romeins-Hollandse reg opgeneem en gewysig is. Daar sal ook nagegaan word wat die regsposisie van die lede van groepe of verenigings was, of die verenigings op *kontrak* berus het, soos wat tans die posisie in die Suid-Afrikaanse reg⁹⁾ is (en deur verskeie Duitse juriste¹⁰⁾ voorgestaan word), en watter rol die owerheid betreffende die oprigting en voortbestaan van verenigings gespeel het. Besondere klem sal op die posisie van privaatregtelike verenigings gelê word, aangesien publiekregtelike regspersone buite die bestek van hierdie proefskrif val en die stigting eers aan die einde van die agtiende eeu deur Von Glück¹¹⁾ as n afsonderlike regsfiguur omskryf is.

2.1 Romeinse Reg

Soos reeds hierbo aangedui, bestaan daar nie eenstemmigheid onder die skrywers

6) Hadzopoulos 1975 8; Duff 1938 103. Vir n uiteensetting van D 47.22.4, kyk vn 71 hieronder.

7) Vinogradoff 1922 bd 2 120

8) Duff 1938 103

9) *Constantinides v Jockey Club of SA* 1954 3 SA 35 (K) op 44; *Van Vuuren v Kerkraad Morelig Gemeente*, NG kerk 1979 4 SA 548 (O) op 557; *Theron v Ring van Wellington*, NG Sendingkerk 1976 2 SA 1 (A) op 25.

10) Larenz 1980 116, 130 ev; Flume 1977 dl 1 95 ev.

11) Joubert 1951 186

by die beantwoording van die vraag wanneer regs persoonlikheid die eerste keer aan groepe persone wat as afsonderlike entiteite optree, toegeken is nie. Dit bly steeds 'n strydvraag wanneer 'n groep vir die eerste maal as 'n regs subjek (met eie regte en verpligtinge afsonderlik van dié van die individuele lede waaruit dit saamgestel is en 'n afsonderlike vermoë) erken is. Samewerkingsvorme soos *corpora*, *universitates* en *sodalitates* was reeds van oudsher in die Romeinse reg bekend en *collegia* is reeds deur koning Numa (715 - 672 vC) toegelaat,¹²⁾ maar hierdie samewerkingsvorme is nie as afsonderlike regs subjekte erken nie.¹³⁾ Die lede is steeds as die gesamentlike draers van regte en verpligtinge beskou en geen afsonderlike regs subjek het tot stand gekom nie.

Joubert¹⁴⁾ beklemtoon dit dat regs persoonlikheid reeds tydens die Republiek aan ander regs figure as mense toegeken is. In teenstelling hiermee verklaar hy egter dat die Romeine geen tegniese term vir die idee van die regs persoon wat hulle geskep het, gebruik het nie en dat hulle geen algemene teorie in verband met die regs persoon opgestel het nie. Suiwerder lyk die standpunt van Feenstra,¹⁵⁾ wat vermeld dat die Romeine slegs bepaalde *elemente* van regs persoonlikheid aan sekere samewerkingsgroepe toegeken het en dat hierdie elemente eers deur die middeleeuse Romaniste en Kanoniste uitgebou is tot die teorie dat ook 'n groep as regs subjek aan die regs verkeer kan deelneem. Hierdie mening van Feenstra word deur

12) Den Tonkelaar 1979 4; Duff 1938 25, 103; Mommsen 1907 bd 3 64.

13) Ibid. Sien ook Kaser-Wubbe 1971 90: "Maar die Romeinen zien zulke corporaties niet als van de ertoe behorende leden te onderscheiden rechts-subjekten, zij beschouwen alle leden tezamen als dragers (subjecten) van die rechten dezer corporaties, zo ongeveer als bij de Gesamthand uit het Germaanse recht. Dit neem overigens niet weg, dat het vermoogen van de corporaties (al wordt deze dan niet als rechtssubject beschouwd) streng gescheiden wordt gehouden van de privé vermogens der leden en dat de corporatie mensen kan aanstellen als haar organen, door middel waarvan zij rechtshandelingen kan verrichten." Ook van Creveld 1912 56; Kaser 1979 76; Van Zyl 1977 74.

14) 1951 18. Vgl ook Van Warmelo 1957 25; Van Oven 1948 434; anders Mitteis 1908 340 wat meedeel dat die Romeine slegs sekere kenmerke van regs persoonlikheid kortliks vermeld het. Hommes 1976 150 verklaar dat regs persoonlikheid eers in die klassieke Romeinse reg toegeken is en dat sulke korporasies met regs persoonlikheid met die terme *corpus* en *universitates* aangedui is. Ullmann 1972 5 en Elliot 1923 4 huldig dieselfde mening as Hommes.

15) 1978 31; ook Van Creveld 1912 56.

verskeie ander juriste gedeel.¹⁶⁾

2.1.1 Romeinse terminologie

Die verskillende terme wat die Romeine vir samewerkingsvorme gebruik het, is nie altyd duidelik omskryfbaar nie. Die verwarring wat tans by die ontleding van Romeinse samewerkingsvorme bestaan, kan grotendeels toegeskryf word aan die feit dat daar betekenis aan Romeinse terme toegedig word wat nie met die oorspronklike uiteensetting van hierdie terme ooreenstem nie. Dit is derhalwe van die grootste belang om die terme *corpus*, *collegium*, *universitas*, *sodalitas* en *persona* te ontleed om vas te stel wat die kenmerke van hierdie samewerkingsvorme in die Romeinse reg was.

2.1.1.1 *Corpus*

Onder *corpus* het die Romeine gewoonlik 'n *liggaam* verstaan, vanwaar die begrip dan ook as 'n versamelnaam vir 'n groep natuurlike persone gebruik is.¹⁷⁾ Hoewel *corpus* dikwels vir 'n groep persone wat tot 'n *vereniging* saamgegroeper is, gebruik is,¹⁸⁾ moet steeds in gedagte gehou word dat die Romeine tydens die Republiek nie hierdie verenigings as regssubjekte erken het nie.¹⁹⁾ Die term *corpus* word soms deur sowel Livius as Gaius op sodanige wyse gebruik dat dit

16) Den Tonkelaar 1979 3; Duff 1938 103; Kaser 1979 76. Kyk ook Jörs-Kunkel-Wenger 1949 74: "Die moderne Lehre von der juristischen Person wurzelt in der Fortbildung des römischen Rechts durch die romanistische und kanonistische Wissenschaft des Mittelalters und der Neuzeit Überhaupt erhalten die literarischen Rechtsquellen verhältnismässig wenige Äusserungen über die juristischen Personen; nur an einzelnen Stellen namentlich der Ediktskommentare werden die Rechtsverhältniss der Körperschaften berührt, Erst das in reiche Fülle vorhandene, aber juristisch nicht sehr ergiebige Inschriftmaterial zeigt, welche bedeutende Rolle auch die privaten Vereinigungen im Leben des römischen Reichs gespielt haben." Joubert 1951 26 verklaar dat die korporasiebegrif selfs in die tyd van Justinianus nog nie suiwer en helder uitgebeeld was nie.

17) Duff 1938 26: "*Corpus*, meaning a *body*, can obviously be used appropriately of a *corporate body* and is very commonly so used. Any set of men who are for any purpose regarded as a group may be called a *corpus*, as we are told in D 41.3.30."

18) Mitteis 1908 39 verklaar dat: "... *corpus* wenigstens mitunter, gerade den eine juristische Person darstellenden Verein bezeichnet."

19) Kyk vn 13 hierbo; ook Duff 1938 25.

wil voorkom asof hulle *regspersoonlikheid* daarmee bedoel het,²⁰⁾ maar verskeie Romaniste waarsku teen so 'n uitleg. Tereg betwyfel Cohn²¹⁾ dit of 'n mens die term *corpus* kan gebruik om regspersoonlikheid mee aan te dui, aangesien dit nie die gewone betekenis van die woord soos dit in die alledaagse omgang gebruik was, aandui nie. Die term kan eerder gebruik word in 'n betekenis wat met die huidige verenigingsbegrip ooreenkom,²²⁾ naamlik dat dit op 'n vereniging van persone dui sonder dat daar spesifiek na regspersoonlikheid verwys word.

Dit is egter van groot belang dat verskeie juriste dit beklemtoon dat die grondslag van enige *corpus* die *lede* is waaruit die vereniging saamgestel is.²³⁾ Feenstra²⁴⁾ verklaar dat die term *corpus* te beperk is om die huidige regspersoonsbegrip te omvat, maar hy gee geen aanduiding of hy onder *corpus* tog wel die gewone vereniging van persone verstaan nie. Kaser²⁵⁾ gebruik *collegium* en *corpus* as wisselvorme vir verenigings, maar wys daarop dat *corpus* hoofsaaklik in die nakklassieke tyd as term vir beroepsorganisasies, waarvan die lidmaatskap verpligtend en erflik was, gebruik is.

2.1.1.2 Collegium

Sommige Romaniste verklaar dat *collegium* 'n wyer term as *corpus* is en gewoonlik gebruik is wanneer daar geen onderskeid tussen groepe as draers van regspersoonlikheid al dan nie gemaak is nie.²⁶⁾ Aangesien dit twyfelagtig is, veral tydens die Republiek, of daar wel regspersoonlikheid (soos tans bekend) aan verenigings toegeken is, kan hierdie mening nie ten volle ondersteun word nie.

20) Mitteis 1908 394 vn 13 verwys veral na D 3.4.1.1 (*corpus habere collegii*).

21) 1873 4 ev.

22) Schnorr von Carolsfeld 1933 207.

23) Cohn 1873 5: "Danach ist *corpus* eine Vereinigung physischer Personen ..."; Duff 1938 26: "Any set of men who are for any purpose regarded as a group may be called a *corpus*"

24) 1978 35, nr 56.

25) 1979 76 en 78; raadpleeg ook Feenstra 1978 34.

26) Mitteis 1908 394; anders Duff 1938 27.

n Ander standpunt²⁷⁾ is dat daar onder *collegium* slegs n groep wat as eenheid funksioneer, verstaan moet word. Dit sluit sekere groepe priesters, *magistratus* en godsdienstige verenigings in. In hierdie sin is *collegium* n wyer begrip as *corpus*, wat slegs gebruik is vir verenigings wat met die huidige privaatregtelike verenigingsbegrip ooreenstem.²⁸⁾ *Collegium* word ook soms gebruik om verenigings met n min of meer publiekregtelike karakter, wat verband hou met openbare of godsdienstige funksies, te omskryf en hieronder is dikwels begrafnisverenigings, beroepsorganisasies (veral vir *handwerksliede*) en belastinggaarders ingesluit.²⁹⁾

Uit die bostaande bespreking blyk dit dus dat die standpunt dat *collegium* n wyer begrip as *corpus* is en ook publiekregtelike verenigings insluit, die algemeenste voorkom.³⁰⁾

2.1.1.3 Universitas

Die begrip *universitas* is te wyd om met die huidige regsperseonsbegrip ooreen te stem³¹⁾ en kom onder andere in die begrippe *universitas personarum* en *universitas rerum* voor. n *Universitas personarum* word as n groep mense met die klem op die entiteit eerder as die individuele lede waaruit dit saamgestel is, getipeer.³²⁾ Onder *universitas personarum* kan gevolglik die *populus Romanus*, *municipia*, *collegia*, *corpora* en *sodalitates* ingesluit word,³³⁾ dit wil sê die begrip kan as versamelnaam vir alle publiekregtelike en privaate

27) Duff 1938 wys daarop dat Mitteis hierdie afleiding van hom slegs op D 3.4.1.1 grond, waar *corpus* naastenby in die sin van regs persoonlikheid ("corporate character") gebruik word. Hy vervolg: "... (It is) a concept which, though certainly known to the Byzantines, and almost certainly to early classical lawyers, is nowhere else expressed by any Latin word or phrase." Sien egter Duff 1938 25 waar aangetoon word dat die Romeine nie die begrip regs persoonlikheid geken het nie; ook Buckland 1950 177 verklaar dat D 3.4.1.1 dikwels verkeerd vertolk word.

28) Duff 1938 95 ev

29) Feenstra 1978 34

30) Feenstra 1978 34; Duff 1938 95; Kaser 1979 78

31) Feenstra 1978 32; vgl ook Voet 3.4.1: "Universitas alia rerum est, ut grex, peculium, hereditas; alia hominum, veluti, collegium licitum, municipium, civitas, vicus, pagus."

32) Duff 1938 36 ev.

33) Jörs-Kunkel-Menger 1949 75; Post 1964 29 ev.

regtelike groepe met 'n ledesubstraat gebruik word.³⁴⁾

Die term *universitas* word ook in 'n algemene sin (as *universitas rerum*) gebruik om 'n algemeenheid van sake aan te dui,³⁵⁾ en is dikwels gebruik om 'n saamgestelde geheel, byvoorbeeld 'n trop skape, te benoem.³⁶⁾ In klassieke sin is *universitas* klaarblyklik net gebruik om *universus populus*, *universi cives* aan te dui,³⁷⁾ en nooit om regs persoonlikheid in die algemeen voor te stel nie.

Die gangbare opvatting in die huidige regspraak,³⁸⁾ te wete dat *universitas* die Romeinse aanduiding van 'n regspersoon of regspersoonlikheid is, hou nie rekening met die algemene betekenis wat die begrip in die Romeinse reg het nie.

2.1.1.4 Sodalitas

Sodalitas is die spesifieke term waarmee godsdienstige verenigings wat in die vroeë Romeinse tyd deur die staat in die lewe geroep is, omskryf is.³⁹⁾ Die *sodalitates* se hoofdoel was om die *sacra publica* in stand te hou. In die late-re Republikeinse tyd het die religieuse karakter van die *sodalitates* begin vervaag en is die term mettertyd gebruik vir die sogenaamde *Geselligkeitsver-*

34) Anders Cohn 1873 8 wat verklaar dat: "... *universitas* vielmehr zu beschranken ist auf bestimmte Kategorien von Personenvereinigungen, die sich als Einheit darstellen ..."; ook aw 15.

35) Feenstra 1978 35; Schnorr von Carolsfeld 1933 59 ev.

36) Duff 1938 37.

37) Duff 1938 37: "It has been maintained by Albertario, Schnorr von Carolsfeld and others that this use of *universitas* (as regspersoonlikheid - my invoeging) is postclassical, and that all the texts in the Digest which show such a use are interpolated. It is said that, except for three passages, where *universitas* stands for *universus populus*, *universi cives*, the classical jurists never use the word *universitas* without saying of what concrete *universitas* they are speaking... ."

38) Sien byvoorbeeld *Morrison v Standard Building Society* 1932 AD 229 op 233 ev; *Wilken v Brebner* 1935 AD 175 op 180; *Webb & Co Ltd v Northern Rifles* 1908 TS 462 op 464 ev.

39) Mitteis 1908 390; Duff 1938 130.

einen,⁴⁰⁾ wat op sosiale verenigings gedui het. Die term word deur verskeie skrywers as wisselvorm vir *collegium* en *corpus* onderskeidelik gebruik.⁴¹⁾

2.1.1.5 Persona

Dit is belangrik om daarop te let dat die Romeine onder *persona* iets heel anders verstaan het as wat tans daaronder verstaan word.⁴²⁾ Vir die Romeine het *persona* beslis nie 'n persoon met regs persoonlikheid of regs subjektiwiteit beteken nie. *Persona* het dus ook nie met *regsubjek* ooreengestem nie. *Persona* het gewoon *mens* beteken. Van Warmelo⁴³⁾ stel dit sô:

"In sekere opsigte sluit die uitdrukking *persona* meer in as regs subjek en in andere weer minder. Want in die eerste plek verstaan hulle nie die regs persoon onder *persona* nie, omdat die regs persoon nie 'n mens is nie Dit wil sê dat hulle nie eenhede geken het wat draers van regte en verpligtinge kan wees, behalwe die mens, nie. Hulle het inderdaad sulke eenhede geken, maar hulle nie regs persone genoem nie, hulle nie gesien as entiteite waarvan melding gemaak moet word in verband met personereg nie Die Romeinse begrip het aan die ander kant ook meer ingehou as die moderne begrip, want die Romeine het die instelling van slawery geken Dus ook sluit die *persona* in die Romeinse reg die regsobjek somtyds in."

Samevattend kan die volgende onderskeid derhalwe gemaak word:

- die term *universitas* was 'n algemene term wat 'n saamgestelde geheel aandui het, waar die klem op die geheel en nie op die samestellende dele geval het nie; daar is onderskei tussen *universitas rerum* en *universitas personarum* en laasgenoemde het sowel publiekregtelike as privaatregtelike samewerkingsvorme ingesluit;
- die term *collegium* is deur die meeste skrywers gebruik as 'n begrip om sowel publiekregtelike as privaatregtelike samewerkingsvorme aan te dui, en sommige skrywers het dit ook as 'n wisselvorm vir *sodalitas* gebruik;

40) Mitteis 1908 391.

41) Jörs-Kunkel-Wenger 1949 75; Den Tonkelaar 1979 4; Mommsen 1907 65.

42) Duff 1938 3 ev; Van Warmelo 1957 24.

43) 1957 24. Raadpleeg ook Van der Vyver en Van Zyl 1982 374-375; Schnorr von Carolsfeld 1933 53; Van Zyl 1977 74.

- die term *corpus* word in 'n enger sin as *collegium* gebruik en daar is geen aanduiding dat dit ook vir publiekregtelike samewerkingsvorme gebruik is nie. Voorts is *corpus* deur sommige skrywers as 'n wisselvorm vir *sodalitas* gebruik. Den Tonkelaar⁴⁴⁾ gebruik *corpus* as 'n wisselvorm vir *collegium* met die aanduiding dat die term *corpus* tot 'n latere tydvak behoort, maar dit is juis hierdie vermenging van begrippe wat heel dikwels verwarring skep. Dit blyk uit 2.1.1.1 hierbo dat die begrip *corpus* die naaste aan die huidige privaatregtelike verenigingsbegrip kom;
- die term *sodalitas* is aanvanklik vir publiekregtelike godsdienstverenigings gebruik, maar later bloot as 'n wisselvorm vir *corpus* en *collegium*;
- die begrip *persona* dui die mens (ook slawe) aan, maar is nooit gebruik om 'n regs persoon aan te dui nie.

2.1.2 Kenmerke van samewerkingsvorme

2.1.2.1 Ledesubstraat

Uit die bogemelde uiteensetting kan sonder twyfel die afleiding gemaak word dat nie een van die terme wat deur die Romeine gebruik is, 'n aanduiding van regs-persoonlikheid is nie, maar dat dit slegs as benamings vir bepaalde groepe gebruik is.

Die Romeine het in geen stadium enige van die samewerkingsvorme as 'n regs subjek erken nie. Wat wel heel duidelik blyk, is die feit dat hierdie samewerkingsvorme (met uitsondering van die *universitas rerum*) op 'n samestelling van natuurlike persone berus het.⁴⁵⁾

Die Romeine het nie die stigting⁴⁶⁾ as 'n regs figuur geken nie.⁴⁷⁾ Hoewel daar

44) 1979 4.

45) D.3.4.1; D 3.4.1.1; D 3.4.7.1; Den Tonkelaar 1979 6: "Evenals bij de Romeinen bleven de leden echter voorop staan ..."; Duff 1938 26: "Any set of men who are for any purpose regarded as a group may be called a *corpus* ..."; Cohn 1873 5: "Danach ist corpus eine Vereinigung physischer Personen." Kaser 1979 60 verklaar dat die vroeë Romeinse reg 'n mens nie as individu beskou het nie, maar as lid van die verskillende gemeenskappe waaraan hy behoort het; ook Pollock en Maitland 1895 471.

46) 'n Stigting word tradisioneel omskryf as 'n vermoënskompleks wat vir 'n bepaalde (ideële) doel afgesonder is en as subjek aan die regsverkeer deelneem. Kyk 3.4.6 hieronder vir kritiek op hierdie omskrywing.

47) Joubert 1951 19.

soms van 'n vermoë wat vir 'n bepaalde doel bestem was, gebruik gemaak is, dui Mitteis aan dat so 'n vermoë nie as 'n selfstandige regs subjek gefungeer het nie.⁴⁸⁾ So 'n vermoë, wat vir 'n ideële doel bestem was, het altyd die een of ander samewerkingsgroep (met lede) in eiendom toegeval. Die enigste uitsondering op die vereiste van 'n ledesubstraat is die Romeinse *fiscus*. Hierdie prievaatregtelike regsfiguur is nie meer bekend in die vorm wat dit in die Romeinse reg aangeneem het nie, naamlik dat dit die keiser se private vermoë was, wat dus nie deur die senaat of volk beheer kon word nie.

2.1.2.2 Afgeskeide vermoë

Hoewel die belangrikheid van die lede telkens beklemtoon is, is daar min Romeinse tekste wat 'n verklaring vir die regsposisie van die lede teenoor die entiteit bied. In hierdie verband kan Digesta 3.4.7.1⁴⁹⁾ as 'n moontlike aanduiding van die regsposisie van die lede gebruik word. Duff⁵⁰⁾ vermeld dat die woord *universitas* in hierdie teks moontlik 'n interpolasie kan wees. Dit maak egter nie 'n groot verskil aan die betekenis van die teks nie, want saamgelees met Digesta 3.4.1.1 dui die teks daarop dat 'n samewerkingsgroep in bepaalde omstandighede 'n afgeskeide vermoë van dié van die samestellende lede kon hê. Daar is egter nêrens enige aanduiding dat so 'n entiteit met 'n afgeskeide vermoë deur die Romeine as 'n regs subjek erken is nie.

Kaser⁵¹⁾ se verklaring van hierdie tekste is insiggewend. Hoewel die Romeine erkenning verleen het aan die feit dat sekere samewerkingsgroepe 'n afsonderlike vermoë kon hê, waarsku Kaser dat dit nie as die erkenning van die bestaan van 'n afsonderlike regs subjek vertolk moet word nie. Al die lede gesamentlik is naamlik as die draers van die regte en verpligtinge van die groep aangemerkt.

Tog staan dit vas dat daar in die Romeinse reg samewerkingsgroepe (*collegia, corpora, universitates* en *sodalitates*) bestaan het, wat 'n gemeenskaplike wil

48) Mitteis 1908 340. Ten opsigte van die *fiscus*, sien Kaser 1979 77.

49) "Si quid universitati debetur, singulis non debetur: nec quod debet universitas singuli debent." Kyk ook D 3.4.1.1, soos uiteengesit in vn 74 hieronder.

50) 1938 37 en 45.

51) 1979 76; vgl ook aanhaling in vn 13. Sowel Mitteis 1908 403 as Van Creveld 1912 57 dui aan dat die vereniging of groep nie deliktueel of strafregtelik aanspreeklik gehou kon word nie, maar dat die lede in hulle individuele hoedanigheid aanspreeklik gehou is. Kyk ook D 4.3.15.1.

kon vorm en oor 'n afsonderlike vermoë (wat afgeskei is van dié van die individuele lede) kon beskik en dat dit vir die lede nie moontlik was om afsonderlik oor die aanwending van hierdie afgeskeide vermoë te besluit nie.⁵²⁾ Die Romeine het aan die hand van die bogenoemde kenmerke die lede gesamentlik as formele eenheid teenoor derdes beskou en regte en verpligtinge voortspruitend uit kontraksluiting is deur die lede gesamentlik uitgeoefen. Vir misdade en onregmatige daade was die lede egter steeds persoonlik aanspreeklik teenoor derdes.⁵³⁾ Mitteis⁵⁴⁾ vermeld dat daar tydens die Republiek geen regs persoonlikheid aan groepe verleen is nie en dat die eiendomsreg op die afsonderlike vermoë die lede as *socii* (vennote) toegekom het. Volgens hom het die regsposisie van alle samewerkingsvorme met die Duitse *nicht rechtsfähige Verein* ooreengestem. Met hierdie standpunt kan nie saamgestem word nie. By die *societas* ontbind die groep by die wisseling van lede, terwyl langdurige voortbestaan ongeag die wisseling van lede (soos hieronder vollediger bespreek word) juis 'n kenmerk van die Romeinse samewerkingsvorme was. Dit is egter wel so dat die lede gesamentlik eienaars van die afgesonderde vermoë was, aangesien daar nie 'n regs persoon, wat as eienaar van die afsonderlike vermoë aangewys kon word, bestaan het nie. Daar was egter nie sprake van enige aandeelhouding deur die lede nie, soos blyk uit 2.1.2.4 hieronder.

In die klassieke tyd en veral na die *lex Julia*, spreek die erkenning van regs persoonlikheid in die Romeinse reg volgens Mitteis⁵⁵⁾ vanself. Hy steun hier veral op 'n vertolking van Digesta 3.4.1.1. Indien Digesta 3.4.1.1 noukeurig ondersoek word, steun dit egter nie hierdie standpunt van Mitteis nie. Dit handel slegs oor die afsonderlike vermoë van 'n samewerkingsgroep en die verlening van regs persoonlikheid kom nêrens daarin ter sprake nie.

-
- 52) Kaser 1979 76; Den Tonkelaar 1979 3: "Zo konden deze korporaties naar de opvatting van de meeste schrijvers een eigen wil hebben, de collectieve wil van de samenwerkende personen, was er in vele gevallen sprake van een van de vermogens van de leden afgescheiden vermogen en kon zo 'n korporatie veelal eigendom, vorderingen en schuld hebben."
- 53) D 3.4.2; D 3.4.7.1; D 4.3.15.1. Sien ook Mitteis 1908 345: "Nirgends ist gesagt, dass das Vermögen privater Korporationen dem Einzelnen in gleicher Weise fremd ist, wie dem Municeps oder Colonus das der Kolonie oder des Municipium. Aussprüche wie der, dass 'quod universitati debetur, singulis non debetur' u.a. (D 3.4.7.1; D 1.8.6.1; D 2.4.10.4) bringen nur die formale Einheit der Korporationen im Verhältnis zu Dritten zum Ausdruck und lassen die Frage nach der Gestaltung des internen Verhältnisses durchaus offen."
- 54) 1908 398. Vir die vereistes wat ten opsigte van 'n *societas* gestel is, vgl teks by verwysing 67 hieronder.
- 55) 1908 399; anders Duff en Buckland - sien teks by verwysings 75 en 76 hieronder. Vir kritiek op die standpunt van Mitteis, kyk ook vn 27 hierbo.

2.1.2.3 Langdurige voortbestaan

Dit is belangrik om daarop te let dat die klassieke Romeinse juriste reeds oor die probleem van langdurige voortbestaan van samewerkingsvorme, ondanks wisseling van lede, besin het. Ulpianus het dit moontlik geag dat 'n vereniging deur slegs een persoon voortgesit kan word en dan verder kan voortbestaan indien hierdie een persoon deur 'n ander vervang word.⁵⁶⁾

Hoewel die interne posisie van die lede ten opsigte van die groep nie duidelik omskryf is nie en daar nie 'n afsonderlike regssubjek deur die Romeine erken is nie, is daar tog belangrike kenmerke omskryf, naamlik dat:

- die lede gesamentlik 'n gemeenskaplike wil kon vorm wat as wil van die groep aangemerkt is;
- 'n afsonderlike vermoë tot stand gebring kon word;
- die groep of entiteit kon voortbestaan ongeag die wisseling van lede, solank daar maar altyd minstens een lid beskikbaar was.

2.1.2.4 Onderlinge regsverhoudinge tussen lede

'n Vraag wat na vore kom, is of die groeppvorming deur die lede op kontraksluiting berus het en of die regte en verpligtinge van die lede teenoor die entiteit kontraktueel van aard was. Die Suid-Afrikaanse regspraak en 'n aantal Duitse juriste bepaal tans dat die gemeenregtelike regspersoon op 'n reeks kontraktuele verhoudings berus en deur hierdie kontrakvoorskrifte beheers word.⁵⁷⁾ Die meeste Nederlandse juriste neem egter die standpunt in dat regspersone nie kontraktueel van aard is nie en dat die reëls en statute 'n soort objektiewe reg vorm, wat tydens die oprigting saamgestel word en waaraan die toetredende lede onderwerp word.⁵⁸⁾ Dit is dus belangrik om vas te stel of die Romeinse reg enige uitsluitel in hierdie verband gee.

56) Ulpianus D 3.4.7.2.: "In decurionibus vel aliis universitatibus nihil refert, utrum omnes idem maneant an pars maneant vel omnes immutati sint. Sed si universitas ad unum redit, magis admittitur posse eum convenire et conveniri, cum ius omnium in unum recesserit et stet nomen universitatis." Raadpleeg ook Hommes 1976 151.

57) Sien die gesag aangehaal in vn 9; ook Flume 1977 dl 1 95 ev; Larenz 1980 116 en 130.

58) Bv Van der Velden 1969 37; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 97, 184-189.

Die Romeinse bronne gee geen aanduiding dat kontraksluiting as grondslag van die privaatregtelike vereniging aangemerkt kan word nie en daar kom ook geen definitiewe omskrywing van die aard van die reëls of regulasies van die samewerkingsvorme soos in 2.1.1.1-2.1.1.4 vermeld, voor nie. Die Romaniste verskaf eweneens geen verklaring vir die grondslag van hierdie samewerkingsgroepe nie. Kaser verklaar dat die rol van die mens in die vroeë Romeinse reg nie soseer individueel van aard was nie, maar dat die mens eerder as 'n gemeenskapswese bestempel is.⁵⁹⁾ Dit hou veel eerder die gedagte in dat daar gemeenskapstrukture met 'n eie, nie-kontraktuele aard bestaan het as wat dit op individuele kontraktuele verhoudings dui.

Die gebrek aan 'n aanduiding in die Romeinse reg dat alle groepe op kontraksluiting berus, word des te meer opvallend wanneer 'n mens op die omskrywing van die begrip *societas* let, en veral daarop dat in die Romeinse reg telkens uitdruklik melding gemaak word van die kontrak waarop die *societas* berus.⁶⁰⁾ In die lig hiervan is die afleiding nie ongeregtig nie dat, indien die gemelde Romeinsregtelike samewerkingsvorme op kontrak sou berus het, dit uitdruklik in die bronne vermeld sou gewees het. Hieruit kan verder die afleiding gemaak word dat die huidige Suid-Afrikaanse regsposisie betreffende die fundering van regspersone nie op enige Romeinsregtelike grondslag berus nie.⁶¹⁾

Dit wil voorkom of daar feitlik geen algemene reëls ten opsigte van die interne funksionering van verenigings bestaan het nie.⁶²⁾ Die verenigings het 'elk een hulle eie statute (*lex collegii*)⁶³⁾ opgestel, welke statute bepalings in verband met die toe- en uitrede van lede, regte en verpligtinge van lede en die organe wat na buite moes optree, bevat het. Digesta 3.4.1.1 en Digesta 3.4.10 bevat verwysings na persone wat as organe (*actores*) namens die vereniging moes optree.

59) Kaser 1979 60; ook Pollock en Maitland 1895 471.

60) Cohn 1873 20; Kaser 1979 158,180; Feenstra 1978 180, 185.

61) Hierdie stelling sal later by die bespreking van die kanonieke reg, Romeins-Hollandse reg en Engelse reg verder bespreek word.

62) Kaser 1979 78.

63) Let op die term *lex collegii*.

Volledigheidshalwe is dit noodsaaklik om die begrippe *societas* en *communio* nader te omskryf. Die *societas*-begrip het 'n tweeledige ontwikkelingsproses in die Romeinse reg ondergaan. In die voor-klassieke tyd het dit op die begrip *consortium* gedui. Na die dood van 'n *paterfamilias* het daar van regsweë 'n *consortium erecto non cito* tussen die *sui heredes* van die oorlede *paterfamilias* tot stand gekom.⁶⁴⁾ Hierdie *consortium* kon ook op 'n vrywillige wyse deur middel van 'n formele regshandeling tussen nie-erfgename gevorm word, wat meegebring het dat elke deelgenoot se *totale* vermoë in die gemeenskaplike vermoë opgeneem is. By die dood van een van die deelgenote het hierdie *consortium* egter ontbind.⁶⁵⁾

Aan die einde van die Republiek met die begin van die klassieke tyd het die vrywillige *consortium* in die *societas omnium bonorum* ontwikkel. Die broederskapsgrondslag is steeds behou, maar die *societas* is met die oog op die nakoeming van 'n spesifieke doelstelling (wat nie noodwendig winsbejag was nie) opgerig.⁶⁶⁾

Die kenmerke van hierdie *societas* was dat dit slegs by wyse van kontraksluiting opgerig kon word en op voortdurende wilsooreenstemming tussen die *socii* berus het. Dit is ontbind met die *actio pro socio* as enige *socius* dood is of nie meer die wil gehad het om met die ander deelgenote saam te werk nie. In die klassieke tyd is die *societas* van die korporatiewe samewerkingsvorme hierbo vermeld onderskei op grond van drie kenmerke:⁶⁷⁾

- daar was by die *societas* nie sprake van voortbestaan ongeag die wisseling van deelgenote nie;
- die regte en verpligtinge tussen die *socii* onderling is kontraktueel gereël;
- die *socii* was mede-eienaars van die gesamentlike vermoë, terwyl die lede van *korporatiewe* samewerkingsvorme gesamentlik die eienaars van die

64) Kaser 1979 180; Van Zyl 1977 225; Van Wyk 1976 38; Van Warmelo 1950 217-219.

65) Ibid; Kaser noem die vrywillige *consortium* "eine familienrechtliche Verbrüderung".

66) Van Wyk 1976 39: "... (I)t can better be described as a fraternal association with a common goal, than as a commercial enterprise." Kaser 1979 181 verwys in hierdie verband veral na Gaius 3.148 en D 17.2.7 (Ulp).

67) Van Wyk 1976 39; Kaser 1979 181; Feenstra 1978 187. Ribbens 1978 10-11 beklemtoon die onderskeid wat tussen die *societas* en die *universitas* bestaan het.

vermoë was. Laasgenoemde regsposisie verskil van mede-eiendom daarin dat by gesamentlike eienaars nie sprake van aandeelhouding was nie.

Die Romeinse begrip *communio pro indiviso* of *condominium* (mede-eiendom) stem met die *societas*-begrip ooreen in die enkele opsig dat eiendomsreg op 'n saak of 'n gemeenskaplike vermoë tussen meer as een eienaar verdeel word op so 'n wyse dat elke eienaar 'n *aandeel* in die eiendomsreg op die saak of vermoë het.⁶⁸⁾ Tog verskil dit ook in verskeie opsigte van die *societas*-begrip, naamlik:⁶⁹⁾

- *condominium* berus nie noodwendig op kontraksluiting nie, terwyl 'n *societas* wel kontraktueel van aard is;
- *condominium* sluit nie noodwendig gemeenskap van wins en verlies in nie, terwyl dit wel die geval by 'n *societas* is;
- 'n mede-eienaar kan sonder toestemming van ander mede-eienaars oor sy aandele in die eiendomsreg beskik, terwyl dit nie by 'n *societas* moontlik is nie;
- in die nā klassieke tyd kon een *socius* die ander verteenwoordig, terwyl dit nooit by *condominium* moontlik is nie;
- 'n *societas* word met 'n vasgestelde doel opgerig, terwyl dit nie noodwendig die geval by *condominium* is nie.

Hieruit blyk dan ook duidelik dat hoewel die lede van 'n samewerkingsvorm (*corpus, collegium, sodalitas* of *universitas*) gesamentlik eienaars van die afgesonderde vermoë was, hierdie samewerkingsvorme ingrypend van die *societas*- en *communio*-figure verskil het.

2.1.2.5 Owerheidstoestemming

Die rol wat die owerheid aanvanklik by die oprigting van die samewerkingsvorme soos in 2.1.1.1 - 2.1.1.4 vermeld gespeel het, was nie groot nie en die meeste skrywers verklaar dat daar aan die begin van die Republiek vryheid van vereniging bestaan het.⁷⁰⁾ In *Digesta* 47.22.4 (Gaius)⁷¹⁾ word vermeld dat kragtens die Twaalf Tafels (8,27) verenigings vrylik opgerig kon word, mits die doel van die verenigings nie strydig met die wette of goeie sedes was nie.

68) Van Wyk 1976 44; Kaser 1979 99; Van Warmelo 1950 208.

69) Kaser 1979 98-100; Van Warmelo 1950 212-242; Delport en Olivier 1981 362-363.

70) Jörs-Kunkel-Wenger 1949 75; Cohn 1873 37; Kaser 1979 78; Den Tonkelaar 1979 5.

71) "Sodales sunt, qui eiusdem collegii sunt ... His autem potestatem facit lex pactionem quam velint sibi ferre, dum ne quid ex publica lege corruptant. Sed haec lex videtur ex lege Solonis tralata esse." Vgl ook D 34.5.20.

Teen die einde van die Republiek was toestemming van die Senaat egter nodig vir die oprigting van 'n vereniging, deurdat die gevaar van sameswerings teen die staat algaande groter geword het. Die Senaat het ook die bevoegdheid gehad om bestaande verenigings om bepaalde redes te ontbind, byvoorbeeld weens die gevaar van sameswerings of onsedelike doelstellings of optrede.⁷²⁾

Die belangrikste voorskrif uit die klassieke Romeinse reg in hierdie verband is die *lex Julia* van Keiser Augustus, wat bepaal het dat 'n samewerkingsgroep se doelstellings en funksionering deur die Senaat goedgekeur moes word alvorens so 'n vereniging wettig opgerig kon word.⁷³⁾ Hierdie reëling is in *Digesta* 3.4.1 en *Digesta* 3.4.1.1 opgeneem.⁷⁴⁾ Duff⁷⁵⁾ en Buckland⁷⁶⁾ wys albei daarop dat daar nie 'n verkeerde afleiding uit *Digesta* 3.4.1 en *Digesta* 3.4.1.1 gemaak moet word nie, naamlik dat die Romeinse *regspersoonlikheid* aan verenigings wat met staatstoestemming opgerig is, verleen het. Hierdie tekste lê klem op die algemene owerheidstoestemming wat bepaalde groepe van die Senaat verkry het om verenigings te vorm, soos byvoorbeeld persone wat goud, silwer en sout gemyn het, bakkers, skeepseienaars en belastinggaarders, terwyl alle ander groepe telkens uitdruklik van die Senaat toestemming moes verkry. Daar word egter nêrens uitdruklik vermeld dat hierdie groepe as regsobjekte erken is nie. Belangrike kenmerke van hierdie groepe was dat hulle oor 'n afsonderlike vermoë kon beskik en organe kon aanwys wat dan namens die groep regshandelinge aangegaan het.⁷⁷⁾

72) D 3.4.1; Kaser 1979 78; *Morrison v Standard Building Society* 1932 AD 229 op 234, 235.

73) Jörs-Kunkel-Wenger 1949 75; Cohn 1873 76 ev; Mitteis 1908 395 ev.

74) D 3.4.1: "Neque societas neque collegium neque huiusmodi corpus passim omnibus habere conceditur: nam et legibus et senatus consultis et principalibus constitutionibus ea res coercetur. paucis admodum in causis concessa sunt huiusmodi corpora: ut ecce vectigalium publicorum sociis permissum est corpus habere vel aurifodinarum vel argentifodinarum et salinarum. item collegia Romae certa sunt, quorum corpus senatus consultis atque constitutionibus principalibus confirmatum est, veluti pistorum et quorundum aliorum, et naviculariorum, qui et in provinciis sunt;"

D 3.4.1.1: "Quibus autem permissum est corpus habere collegii societatis sive cuiusque alterius eorum nomine, proprium est ad exemplum rei publicae habere res communes, arcam commune et actorum sive syndicum, per quem tamquam in republica, quod communiter agi fierique oporteat, agatur fiat."

75) 1938 141.

76) 1950 177.

77) Vgl in hierdie verband *Morrison v Standard Building Society* 1932 AD 229 op 235.

2.1.2.6 Samevatting

Die volgende kenmerke uit die Romeinse reg word tans ook by die gemeenregtelike regspersoon in die Suid-Afrikaanse reg aangetref:

- dit het altyd berus op 'n lede-substraat;
- daar was 'n afgeskeide vermoë;
- dit het voortbestaan ongeag wisseling van lede, solank daar maar een lid was om die voortgang te verseker;
- dit het aan die regsverkeer deelgeneem deur middel van organe;⁷⁸⁾
- die groep kon 'n groepswil vorm;
- die doel van die groep was van kardinale belang;
- owerheidstoestemming was noodsaaklik.

2.2 Die kanonieke reg

Die middeleeuse Kanoniste kan tereg as baanbrekers op die gebied van die teoretiese begronding van korporasies en ander samelewingsgroepe aangemerkt word. Nie alleen het hulle 'n algemene term (wat ooreenkom met die huidige term *regspersoon*) geskep nie, maar hulle was ook die eerste juriste wat 'n korporasie as 'n regsobjek bestempel het⁷⁹⁾ en teoreties oor hierdie regsfiguur besin het. Veral twee probleme waarmee hulle te doen gehad het, het tot die teoretiese bestudering van samewerkingsvorme aanleiding gegee. *Eerstens* het hierdie juriste hulle met die vraag wie die eienaar van kerklike goedere was, besig gehou⁸⁰⁾ en *tweedens* moes die Kanoniste uitsluitel gee oor die vraag of dit moontlik was om 'n plaaslike kerk te ekskommuniseer, dit wil sê, oor die vraag of 'n plaaslike kerk as entiteit 'n delik kon pleeg. Hierdie twee probleme het veral aanleiding tot die Kanoniste se besinning oor die wese van plaaslike kerke gegee.⁸¹⁾

78) Joubert 1951 18; Kaser 1979 76.

79) Henkel 1972 10; Hora Siccama 1905 17, 25. Sommige juriste verklaar dat die Kanoniste 'n korporasie as 'n fiktiewe regsobjek gesien het - sien teks by verwysings 102 en 103 hieronder. Kyk ook Dewey 1926 664 ev; Coing 1973 15. Die term *korporasie* word by 1.2.4 hierbo volledig omskryf.

80) Hora Siccama 1905 10-195; Feenstra 1978 37.

81) Joubert 1951 77. Die term *plaaslike kerk* hou naastenby dieselfde betekenis as die hedendaagse term *gemeente* in.

2.2.1 Kenmerke van samewerkingsvorme

2.2.1.1 Beweerde ontkenning van 'n ledesubstraat

Dit is belangrik om daarop te let dat die Rooms-Katolieke kerkbegrip (soos deur die Kanoniste ontwikkel) nie in alle opsigte met die Romeinse *sodalitates* en *collegia* ooreengestem het nie. Die Romeinse het deurgaans by enige godsdienstige vereniging die klem op die ledesubstraat van die vereniging laat val. Die Kanoniste het wel 'n plaaslike kerk as 'n afsonderlike entiteit bestempel en het selfs die benamings *universitas*, *collegium* en *corpus* daarvoor gebruik, maar die belang van die ledesubstraat het gaandeweg op die agtergrond verdwyn.

Die algemene kerk as 'n geheelentiteit (dit wil sê die Rooms-Katolieke kerk) is verpersoonlik⁸²⁾ en die onsterflikheid van hierdie entiteit is beklemtoon. Die plaaslike kerke is as onderafdelings van die algemene kerk beskou en het mettertyd heeltemal in die algemene kerk opgegaan. Laasgenoemde is as die verpersoonliking van Christus aangemerkt. Hierdie beskouing het waarskynlik die Kanoniste op die spoor van 'n afsonderlike entiteit as regsobjek geplaas. Dit het ook verder gedien as middelpunt waaromheen hulle die algemene teorie oor die regspersoon opgestel het.⁸³⁾

Wat die plaaslike kerke betref, het die *clerus* (biskoppe en ander kerkamptere-nare) mettertyd so 'n belangrike rol gespeel dat die leke (individuele gelowiges) vanaf ongeveer 360 n.C. nie meer as lidmate veel regte behou het nie. Die kerkgoedere is deur die *clerus* ten behoewe van die leke bestuur en aangewend en die leke het weinig, indien enige, seggenskap in die plaaslike kerk gehad. Joubert⁸⁴⁾ beweer dat hierdie siening reeds in die tweede eeu n.C. begin posvat het. Dit is mettertyd uitgebou tot die gedagte dat die plaaslike kerk as 'n soort stigting (entiteit sonder lede) deur die *clerus* ten behoewe van die

82) Somtyds ook genoem *patrona*, *domina*, *mater noster*, *mater et filia*. Kyk ook Hommes 1976 155: "Voor het eerst passen de Canonisten op de kerk en haar instellingen de term *persoon* toe. Hier vinden wij derhalve voor het eerst het begrip *rechtspersoon*. Dit is vermoedelijk een gevolg van het feit dat de transcendente eenheid van de kerk en haar instellingen in de persoon van Christus en de heiligen wordt gezocht."

83) Joubert 1951 75 ev.

84) 1951 27, 55; Coing 1973 15; anders Ullmann 1966 11: "Furthermore, the Church itself was always defined as the congregatio fidelium or the universitas fidelium, in which the accent lay on the fidelis. This congregation of the faithful, all-embracing as it was, included both laity and clerics." Vir verdere kritiek op Joubert se standpunt, vgl vn 87 hieronder.

leke (wat nou nie meer lede was nie) bestuur is. Joubert steun in hierdie verband sterk op die uitspraak van aartsbiskop Moses van Ravenna, wat die standpunt só ver gevoer het dat hy die kerk as 'n saak (*res*), wat verpersoonlik is tot 'n regsobjek sonder inagneming van of die *clerus* of die leke as ledesubstraat, bestempel het. 'n Mens wonder of hierdie siening van Moses van Ravenna nie die voorloper van die teorie van die subjeklose doelvermoë van Brinz was nie. Dit is duidelik dat hierdie Roomse kerkbegrip die navorser geensins verder bring in die ondersoek na die regsposisie van lede ten opsigte van 'n regspersoon nie. Later sal ook aangetoon word dat hierdie kerkbegrip, wat aanleiding gee tot die standpunt dat 'n kerk 'n stigting is, nie op enige gereformeerde kerk,⁸⁵⁾ waar die kern van die kerkbegrip juis die versameling van gelowiges is, toepassing kan vind nie.⁸⁶⁾

Dit wil egter darem voorkom asof dit 'n oorvereenvoudiging is om te beweer dat die Rooms-Katolieke kerk die ledesubstraat totaal ontken het. Ullmann verklaar:⁸⁷⁾

"This corporational element (verwysende na die *congregatio fidelium* - my invoeging) seems to me a crucial and vital feature of medieval society and has particular relevance to my topic, for in combination with the ecclesiological strain of thought it led without great effort to the thesis that the Christian was a member of the all embracing comprehensive corporation, the church."

Daar moet ook gewys word op die feit dat die Kanoniste nooit sover gekom het om die stigting as 'n aparte kategorie naas die korporasie te stel nie, moontlik weens die feit dat hulle nie die ledesubstraat van die kerk totaal ontken het nie.⁸⁸⁾

85) Bedoelende alle kerke met 'n reformatoriese grondslag.

86) Kyk 3.4.5 en 6.4.1.1 hieronder.

87) Ullmann 1966 7; raadpleeg ook Hommes 1976 155: "Ofschoon het genootskap-pelike moment in het christelike kerkbegrip niet ontbrak (*congregatio fidelium*), maak dit in de canonistische literatuur geheel plaats voor het eveneens in dit gebied besloten stichtingsmoment. Dit is het gevolg van de in de loop van de Middeleeuwen tot stand gekomen hiërarchische opbouw van het RK kerkinstituut waarin *alleen de clerus*, niet langer de individuele gelovigen, een aktieve rol speelt." Lightfoot 1973 dI 1.1 352 en dI 1.2 271 verklaar dat Clemens Romanus aan die einde van die 1e eeu in sy brief aan die Korinthiërs die *hele gemeente* in gedagte gehad het en dat daar nie spesifiek van die *clerus* melding gemaak is nie. Bouwman 1928 dI 1 378 wys daarop dat lidmate nog tot en met die sinode van Laodicea (+ 360 nC) die reg gehad het om 'n biskop te kies. Joubert se stelling dat lidmate reeds van die 2de eeu af op die agtergrond begin verdwyn het, is dus nie heeltemal korrek nie.

88) Kyk vn 87, veral die standpunt van Ullmann; ook Joubert 1951 80.

2.2.1.2 Afgeskeide vermoë

Dat die Kanoniste wel oor die aard van die lede se regte op die afgesonderde vermoë besin het, kan nie betwyfel word nie. Die vermoënsregtelike posisie van lede by sowel kerklike instellings as ander entiteite is onder die loep geneem. Hulle vernaamste probleem was juis om vas te stel wie as eienaar van die afgeskeide vermoë, wat nie die eiendom van die individuele lede was nie, aangemerkt kon word. In hierdie verband het daar onder die Kanoniste eenstemmigheid bestaan ('n eenstemmigheid wat nie by hulle Romeinse voorgangers te bespeur was nie) dat 'n afsonderlike regsobjek eienaar van die aparte vermoë is. Aanvanklik het hulle by kerkeiendom die gedagte verkondig dat God, Christus of die een of ander heilige as eienaar aangemerkt kan word. Gedurende die Middeleeue is hierdie gedagtegang vervang deur die standpunt dat 'n regspersoon eienaar van die kerkgoedere is,⁸⁹⁾ hoewel hulle nog nie die term *regspersoon* gebruik het nie.

Hierdie gedagtegang van die Kanoniste ten opsigte van 'n regspersoon as eienaar van die aparte vermoë pas hulle nie slegs op die kerk toe nie, maar ook op ander verenigings met 'n ledesubstraat.⁹⁰⁾ Dit het die belangrike gevolg vir die lede van korporasies gehad dat hulle nie, soos in die Romeinse reg,⁹¹⁾ gesamentlik aanspreeklik gehou kon word vir verpligtinge deur die korporasie aangegaan nie. Hier word vir die eerste keer die beskouing aangetref van 'n regsobjek as eienaar van 'n afgeskeide vermoë, wat regte en verpligtinge afsonderlik van die regte en verpligtinge van die individuele lede waaruit dit saamgestel is, kon verkry.⁹²⁾

Die Kanoniste onderskei enersyds *jura singulorum* (die regte van die lede in hulle hoedanigheid van lede van die regspersoon) skerp van *jura universitatis* (die regte van die regspersoon) en, andersyds, *jura universitatis* van *jura propria singulorum* (die afsonderlike regte van die lede). Dit dui daarop dat lede van 'n regspersoon in die Kanonieke reg in hulle verhouding tot die regspersoon bepaalde regte verkry het.⁹³⁾

89) Feenstra 1978 37; Joubert 1951 54; Hora Siccama 1905 17, 146, 147; Lohman en Rutgers 1887 9.

90) Ullmann 1966 44 wys op die invloed wat die sakrale reg op die algemene regsbeginsele uitgeoefen het. Vgl ook Mitteis 1908 22; Van der Heijden 1933 4.

91) Kyk vn 13 hierbo.

92) Feenstra 1978 37: "Gaandeweg worden de constructie iets subtieler: de monniken gezamenlijk - of enige andere groep van personen in 'kwaliteit' - worden geacht *één* persoon te zijn." Ook Joubert 1951 82; Henkel 1972 10.

93) Joubert 1951 83; Hommes 1976 156; Ullmann 1966 7.

2.2.1.3 Langdurige voortbestaan

Uit die Kanoniste se uiteensetting van die aard van die regsperseonsofsfiguur kan geen ander afleiding gemaak word nie as dat hierdie entiteit ongeag die wisseling van lede voortbestaan het. Hierdie benadering is op sy beurt geïnspireer deur die Rooms-Katolieke kerkbegrip waarkragtens die kerk as mistieke ewigheidsfiguur getipeer is. Dit is ook mettertyd op ander entiteite buite die kerklike instellings van toepassing gemaak.

Daar is reeds gewys op die feit dat die korporatiewe element (ledesubstraat) by die algemene kerk die gemeenskap van die gelowiges was. Hoewel die *congregatio fidelium* mettertyd op die agtergrond geskuif is deur die stigtingsgedagte, het dit nie afbreuk gedoen aan die feit dat die algemene kerk ewigdurende voortbestaan geniet het nie. Dit is ook twyfelagtig of die ledesubstraat ooit geheel en al ontken is.⁹⁴⁾

Die vereiste van langdurige voortbestaan ondanks die wisseling van lede word ook deur die Kanoniste op nie-kerklike instellings met 'n ledesubstraat toegepas.⁹⁵⁾ Daar word vermeld dat die regsperseoon onsterflik is en slegs deur owerheidsopheffing ontbind kan word. Joubert⁹⁶⁾ steun op uitsprake van Innocentius wanneer hy verklaar dat die Kanoniste 'n aansienlike uitbreiding gemaak het op die Romeinsregtelike reël dat 'n korporasie slegs met een lid kan bly voortbestaan. Die Kanoniste het dit moontlik geag dat 'n regsperseoon ook kan bly voortbestaan selfs in die geval waar alle lede of verteenwoordigers oorlede is. Indien lede of verteenwoordigers daarna toetree, bly dieselfde regsperseoon voortbestaan. Waar die regsperseoon egter van owerheidsweë ontbind is, hou dit juridies op om te bestaan en as daar 'n regsperseoon in sy plek opgerig word, is dit 'n nuwe regsperseoon.

2.2.1.4 Onderlinge regsverhoudinge tussen lede

In die kanonieke reg, net soos in die Romeinse reg, is daar geen aanduiding dat

94) Raadpleeg vn 87 hierbo.

95) Joubert 1951 85; anders Hommes 1976 156.

96) 1951 85; Innocentius ad X 2.12.4, nr 4 en ad X 5.32.2, nr 2. Vir die Romeinse reg, sien vn 56.

'n regs persoon op kontraksluiting berus nie. Daar word trouens geen aanduiding van wat die grondslag van 'n regs persoon is, gegee nie. Die kerkbegrip van die Kanoniste is egter van so 'n aard dat dit onwaarskynlik is dat 'n regs persoon op kontraksluiting kon berus, aangesien dit vir die Kanoniste om die kerk as ewige, mistieke liggaam van Christus gegaan het.

Daar kon ook geen aanduiding dat nie-kerklike regspersone deur die Kanoniste op kontraksluiting gebaseer is, gevind word nie. Wat wel duidelik gestel word, is dat die regs persoon bevoeg was om statute op te stel ten einde sy eie huishoudelike aangeleenthede te reël. Of hierdie statute kontraktueel van aard was of andersins 'n soort objektiewe reg waaraan die lede hulle onderwerp het, daar gestel het, blyk nie uit enige van die geraadpleegde bronne nie. Daar word net verklaar dat regspersone wat onderhewig aan kerklike gesag gestel was, die biskop se toestemming moes verkry alvorens enige statute opgestel kon word.⁹⁷⁾

Die statute het bepaal op welke wyse die regs persoon na binne en na buite, teenoor derdes, gefunksioneer het. Ook hier is sprake van die vorming van 'n gemeenskaplike wil, maar dan slegs in ooreenstemming met die voorskrifte van die statute.⁹⁸⁾

Huishoudelike aangeleenthede is voorts by wyse van meerderheidstem gereël, welke wyse van besluitneming op sigself al 'n aanduiding van korporatiewe wilsvorming was. Na buite het die regs persoon deur middel van organe gehandel, wat eweneens in ooreenstemming met die statute en die korporatiewe wil van die lede moes optree.⁹⁹⁾

2.2.1.5 Owerheidstoestemming

Net soos in die Romeinse reg is owerheidstoestemming (*concessio superioris*) ook hier as 'n vereiste vir die totstandkoming van 'n regs persoon gestel. Kerklike liggame is aan die verdere vereiste onderwerp dat hulle toestemming van

97) Joubert 1951 83.

98) Innocentius ad X 1.31.13, nr 1 en ad X 1.2.6, nr 3; Joubert 1951 76 en 81: "Die Kanoniste het bepaalde reëls en vormvereistes opgestel waaraan voldoen moes word alvorens die wil of handeling van die geheel van die korporasielede die wil of handeling van die regs persoon is. Word hieraan nie voldoen nie, dan is dit nie die regs persoon se wil of handeling nie, maar die individuele korporasielede s'n."

99) Hommes 1976 156.

die geestelike owerheid, gewoonlik die biskop onder wie se gesag hulle gestel is, moes verkry.¹⁰⁰⁾

Die owerheid het oor die uitoefening van die doelstellings van die regsper-
soon toesig gehou en indien hierdie doelstellings staatsgevaarlik of in stryd
met die goeie sedes was, was dit vir die owerheid moontlik om die regs persoon
te ontbind. Waar 'n regs persoon deur owerheidsopheffing ontbind is, was dit
nie moontlik vir nuwe lede of vorige lede om weer hierdie regs persoon te laat
herleef nie en lede kon slegs 'n nuwe regs persoon met aanvaarbare doelstel-
lings in die lewe roep.¹⁰¹⁾

2.2.1.6 Deelname aan die regsverkeer

'n Belangrike vraag, wat aanleiding tot veel besinning oor die aard van die
regspersoonsfiguur gegee het, was of 'n plaaslike kerk geëkskommuniseer kon
word. Hierdie vraag dring deur tot die wese van regs persoonlikheid, naamlik
of 'n regs persoon 'n reële regs subjek is wat 'n delik kan pleeg en of dit bloot
as 'n fiksie aan die regsverkeer deelneem. Laasgenoemde sou ook inhou dat die
regs persoon nooit in eie reg kan handel nie en dat die lede wat namens die
regs persoon handel, altyd persoonlik aanspreeklik gehou moet word. Die beant-
woording van hierdie vraag is uiters belangrik, aangesien daar dikwels ver-
meld word dat die fiksieteorie van Von Savigny sy oorsprong in die Kanonieke
reg het.

2.2.1.6.1 Persona ficta

Von Gierke¹⁰²⁾ beweer dat die fiksieteorie van Von Savigny sy oorsprong by
pous Innocentius IV het, en wel op grond van 'n stelling wat Innocentius in
verband met regs persoonlikheid gemaak het, naamlik: "*Cum collegium in causa
universitatis fingatur una persona.*"¹⁰³⁾ Innocentius sien wel die regsper-

100) Hommes 1976 157; Joubert 1951 80.

101) Kyk teks by verwysing 96; Joubert 1951 85; anders Hommes 1976 156.

102) 1881 bd 3 279 vn 102; Hommes 1976 155 ev.

103) Feenstra 1978 38; Henkel 1972 10; anders Joubert 1951 79 en Van Creveld
1912 56, wat steun op Hölder se beskouing dat geen moderne teorie in ver-
band met die regs persoon aan die Romeine of Kanoniste ontleen is nie.
Olivier 1973 178 verklaar: "Some of the most far-reaching dogmatic fic-
tions have been created not by Roman lawyers, but by their modern colle-
agues. Although the Canonists first used the word fiction in connection
with corporate persons, Bartolus de Saxeferato can perhaps be called
the father of the fiction theory regarding corporate personality."

soon as 'n abstrakte regsfiguur, wat deur organe verteenwoordig moet word, en gebruik benaminge soos *nomen intellectuale* en *res incorporalis* om die regsperseonsofiguur te omskryf, maar Joubert¹⁰⁴⁾ toon tereg aan dat Innocentius nooit 'n regs persoon 'n *persona ficta* genoem het nie. Hy skryf laasgenoemde benaming aan kommentatore Cinus Pistoriensis en Bartolus de Sasseferato toe, wat 'n regs persoon onderskeidelik 'n *persona repraesentata* en *persona ficta* genoem het en verklaar verder dat hierdie terme die eerste keer deur die Kanonis Johannes Andreae gebruik is.¹⁰⁵⁾

Dat die term *persona ficta* sonder twyfel deur die Kanoniste gebruik is (al is dit dan nie deur Innocentius gebruik nie), staan vas. Of dit egter op dieselfde wyse as deur Von Savigny in sy formulering van die fiksieteorie gebruik is, is nie so 'n klinkklaar uitgemaakte saak nie. Uit die aanhaling van Innocentius wat deur Von Gierke en Hommes ter ondersteuning van hulle standpunt gebruik word, kan myns insiens nie sonder meer afgelei word dat Innocentius die regs persoon as 'n fiksie bestempel het nie. Innocentius gebruik wel die sinsnede *figatur una persona*. Die term *persona* of *una persona* in die sin wat Innocentius dit gebruik het, kan nie sonder meer as 'n sinoniem vir regs persoon of regs subjek gebruik word nie, aangesien die Romeinse term *persona* 'n heel ander begrip, naamlik *mens* verteenwoordig het.¹⁰⁶⁾ Die wortelbetekenis van die begrip *figatur* kan verder ook nie sonder meer aan *fiksie* gelykgestel word nie.¹⁰⁷⁾ Innocentius kon ook met dieselfde uitdrukking bedoel het dat 'n *universitas* 'n *mens voorstel*, dit wil sê in die regsverkeer soos 'n mens optree of in die regsverkeer met die optrede van 'n mens vergelykbaar is. Niemand sal ooit met sekerheid kan sê wat Innocentius bedoel het nie, aangesien die sinsnede meersinnig vertolk kan word. Dit is derhalwe gevaarlik om uit so 'n algemene stelling die afleiding dat Innocentius die vader is van die gedagte dat 'n regs persoon juridies nie 'n werklike bestaan voer nie (soos wat Von Savigny wel beweer) te maak.¹⁰⁸⁾

104) 1951 79.

105) Hommes 1976 155; Feenstra 1978 38; Henkel 1972 10.

106) Kyk teks by verwysing 43; Van Warmelo 1957 24.

107) Van Wageningen en Muller 1965 dui onder *figo*, waarvan *figatur* afstam, die volgende betekenis aan: "1. aanraken, strijken langs; 2. vormen, vervaardigen, maken, boetseeren, beeldhouwen; 3. ordenen, opmaken, tooiën, opsieren, friseeren; 4. vervormen, veranderen, inrichten, zich verbeelden, *sich voorstellen*, verzinnen, verdichten; veinzen, huichelen."

108) Duff 1938 221-224; Joubert 1951 80 dui aan dat selfs Bartolus en die ander middeleeuse juriste onder *fictio* iets anders verstaan het as die moderne juriste.

2.2.1.6.2 Gemeenskaplike optrede

Die standpunt dat alle Kanoniste nie voorstanders van die fiksie-gedagte was nie, word bevestig deur die feit dat die Kanoniste steeds die regs persoon 'n reg op deelname aan die regsverkeer verleen het. Hierdie deelname het weliswaar deur die bemiddeling van organe geskied, maar die gevolge van die gemeenskaplike optrede het die regs persoon, en nie die individuele lede nie, toegeval. Dit is deur die Kanoniste as 'n *realiteit* (en nie as 'n fiksie nie) aanvaar.

Daar is reeds gewys op die feit dat die Kanoniste bereid was om 'n groeps wil aan die regs persoon toe te ken.¹⁰⁹⁾ Die onderskeid wat die Kanoniste tussen die regte van die individuele lede (*jura propria singulorum*) en die regte van die regs persoon as entiteit (*jura universitatis*) gemaak het, is ook beklemtoon.¹¹⁰⁾ Hierdie bepalinge dui nie op fiksies nie, en is inderdaad deur die Kanoniste as juridiese werklikhede aanvaar.

Dit is voorts belangrik om daarop te let dat die Kanoniste die regs persoon as prosesbevoeg beskou het en vermeld het dat aksies deur of teen die regs persoon in naam van die regs persoon ingestel moes word. In hierdie verband wys Joubert¹¹¹⁾ op die standpunt van Innocentius dat die regs persoon ook handelingsbevoeg en deliktsbevoeg was. Regmatige en onregmatige handeling is deur verteenwoordigers uitgevoer wanneer hulle van regsweë of kragtens die statute gehandel het en die regs persoon op so 'n wyse aanspreeklik gestel is. Hieruit blyk dan ook duidelik dat die regs persoon deur organe (kragtens volmag of statute gemagtig) handel.¹¹²⁾ Hierdie feit kan as regstreekse voortsetting van die orgaanbegrip wat reeds in die Romeinse reg aangetref word, aangemerkt word.

109) Sien vne 98 en 99; Hommes 1976 156.

110) Kyk teks by verwysing 93 hierbo.

111) 1951 81: "... (Q)uod quis per alium facit ipse facere videtur."

112) Hommes 1976 156 wys ook op die feit dat besluitvorming geskied het deur korporatiewe *organe*.

2.2.1.6.3 Deliktuele aanspreeklikheid

Die feit dat die Kanoniste bereid was om die regspersoon self aanspreeklik te hou vir die pleeg van delikte wat deur bestuurders (organe) kragtens die gemeenskaplike wil van die regspersoon uitgevoer is (of deur die regspersoon bekragtig is), is van deurslaggewende belang vir die moderne teorie van die regspersoon. Daar bestaan geen twyfel dat sommige Kanoniste die regspersoon vir die pleeg van delikte aanspreeklik gehou het nie.¹¹³⁾

Innocentius het wel 'n verbod op die ekskommunikasie van kerklike liggame geplaas.¹¹⁴⁾ Die verklaring wat vir hierdie verbod gegee word, is dat Innocentius gemelde liggame as onbevoeg om 'n *geestelike* delik te kan pleeg verklaar het, en dat hy gevolglik nie bereid was om plaaslike kerke as entiteite te ekskommuniseer nie. Hierdie beslissing van hom moet moontlik teen die agtergrond van die feit dat plaaslike kerke se ledesubstraat feitlik geheel en al op die agtergrond geskuif is, beskou word. Hierdie "stigtinge"¹¹⁵⁾ sou dan nie die vermoë gehad het om 'n geestelike delik te kon pleeg nie, aangesien hulle volgens die pouslike of biskoplike dekrete ten behoeve van die leke bestuur is. In die Rooms-Katolieke dogma van daardie tyd (en moontlik vandag nog) was dit ondenkbaar dat 'n pouslike of biskoplike dekreet deliktueel van aard kon wees.

Die woord *maleficium* kom wel in die tekste van Innocentius voor en weens sodanige *maleficia* is die regspersoon vir delikte deur organe van die regspersoon onder spesifieke omstandighede gepleeg, aanspreeklik gehou,¹¹⁶⁾ 'n mening wat ook deur die meeste ander Kanoniste gehuldig is.¹¹⁷⁾ Selfs indien 'n mens

113) Innocentius ad X 5.39.53, nr 1. Raadpleeg ook Joubert 1951 77 en 78; Ullmann 1948 81; Smith 1914 59 ev, 153; Duff 1938 223; Van Creveld 1912 57; Feenstra 1978 38; anders Von Gierke 1881 bd 3 343.

114) Joubert 1951 77 verklaar ten opsigte van Innocentius se "... quia impossibile est quod universitas delinquat..." dat *delinquere* 'n geestelike delik beteken en dat 'n plaaslike kerk nie volgens Innocentius 'n geestelike delik kon pleeg nie. Hierteenoor wys Joubert op die feit dat Innocentius wel 'n regspersoon vir 'n *maleficium* aanspreeklik hou.

115) Die term stigting het nog nie in die kanonieke reg bestaan nie. Dit is ook nie 'n uitgemaakte saak dat die Rooms-Katolieke kerk die ledesubstraat totaal ontken het nie - kyk vn 87 hierbo.

116) Joubert 1951 78.

117) Ibid: "En kanonis Johannes Andreae (1270-1348) praat in C. 53. X. 5. 39 (ad X 5.39.53) vir Innocentius woordeliks na terwyl hy in C. 30.X.5.3 (ad X 5.3.30) sê: *universitas potest dolum committere* en in C.16.VI.5.11 nr 2: *Constat quod universitas delinquere potest.*"

met Von Gierke sou saamstem dat Innocentius nie 'n regs persoon deliktueel of strafregtelik aanspreeklik gestel het nie, bestaan daar geen twyfel nie dat latere Kanoniste wel die regs persoon vir delikte en misdade aanspreeklik gehou het. 118)

2.2.1.7 Samevatting

Uit die voorafgaande blyk dit dat daar (net soos in die Romeinse reg) in die Kanonieke reg 'n aantal kenmerke aan die regs persoon toegeskryf is, welke kenmerke tans nog die grondslag van die gemeenregtelike regs persoon in die Suid-Afrikaanse reg vorm. Hierdie kenmerke kan soos volg opgesom word:

- die regs persoon berus op 'n ledesubstraat en dit is twyfelagtig of die Kanoniste regspersone wat nie op 'n ledesubstraat berus nie, erken het;
- daar bestaan 'n afgeskeide vermoë wat onderskeibaar is van die vermoëns van die individuele lede - die individuele lede het afsonderlike regte en verpligtinge;
- die regs persoon bestaan voort ongeag die wisseling van lede;
- die doelstellings van die regs persoon is van deurslaggewende belang, aangesien groepe met verbode doelstellings nie regs persoonlikheid kon verkry nie, of, indien hulle reeds as regs persoon bestaan het, sulke groepe van owerheidsweë ontbind is; regspersone is dus afhanklik van owerheidstoestemming vir hulle oprigting of voortbestaan;
- regspersone kan 'n gemeenskaplike wil vorm en is handelingsbevoeg en verskyningsbevoeg;
- regspersone neem deur middel van organe aan die regsverkeer deel, welke organe kragtens volmag of statute bevoeg is om die wil van die regs persoon uit te voer.

2.2.2 Invloed van die Kanoniste op die Engelse reg

Hierdie siening van die Kanoniste, wat as 'n uitbreiding van die Romeinse regs beginsels beskou kan word, het wel 'n invloed op die Romeins-Hollandse reg uitgeoefen. Tog is dit nie volledig deur die Romeins-Hollandse reg oorgeneem nie. Dit is egter belangrik om te let op die invloed wat die kanonieke reg op die

118) Van Creveld 1912 57.

Engelse reg uitgeoefen het, aangesien daar deur die Engelse reg ook bepaalde kenmerke in die Suid-Afrikaanse regs persoonereg neerslag gevind het. Dat die kanonieke reg wel in hierdie verband die Engelse reg beïnvloed het, word deur verskeie Engelse juriste beklemtoon.¹¹⁹⁾

Veral twee belangrike invloedsefere kan beklemtoon word.

Eerstens is dit welbekend dat verskeie Engelse juriste nooit veel oor die regs-persoonsfiguur geteoretiseer het nie en derhalwe nooit ernstig aan die fiksie-organ-toutrekkery deelgeneem het nie.¹²⁰⁾ Die rede hiervoor was dat die Engelse reg die konsessieteorie (wat hieronder by 4.2.4.5 vollediger bespreek word) net so by die Kanoniste oorgeneem het en die bestaan van die regs persoonsefiguur in die geheel afhanklik van owerheidstoestemming (hetsy uitdruklik of by wyse van algemene wetgewing) gemaak het. Die Engelse juriste het nie die nodigheid daarvan ingesien om daarvoor te teoretiseer of hierdie entiteit reëel of fiktief bestaan nie,¹²¹⁾ aangesien die funksioneringswyse van die regs persoon uitdruklik deur die owerheid voorgeskryf is. Hierdie konsessiesistiem van die Engelse reg kan regstreeks aan die invloed van die kanonieke reg toegeskryf word.

Tweedens het die kerkbegrip van die Kanoniste in die Engelse reg posgevat en deur sekularisasie is hierdie beginsels ook op nie-kerklike entiteite van toepassing gemaak.¹²²⁾ Die Engelse kerkbegrip is deur die Suid-Afrikaanse regspraak net so op die Suid-Afrikaanse kerke van toepassing gemaak. Dit het gevolglik die algemene teorie in verband met die gemeenregtelike regs persoonsefiguur in die Suid-Afrikaanse reg, en in die besonder die Suid-Afrikaanse howe se siening van die kerke se optrede in die regsverkeer, beïnvloed. Daar sal gepoog word om hieronder aan te toon dat die uiteensetting van die regsposisie van

119) Pollock en Maitland 1895 111 ev; Ullmann 1949 10: "The chancellors of medieval England were thoroughly trained in canon law, whilst the study of Roman law became of secondary importance. In fact, unlike canon law, Roman law as such was never wholly adopted in these lands. There is no gain-saying the fact that much of medieval English history would benefit if the canonistic background of these conflicts was given due recognition." Ook aw 11 en 20. Vgl ook Smith 1914 152 ev; Maitland 1938 XXX; Post 1964 184: "Roman and Canon law were beginning to play an important role on the growth of common-law procedure by the end of the twelfth century...."

120) Dewey 1926 664 ev; Smith 1914 3, 130; Joubert 1951 8.

121) Smith 1914 130 ev, 152 ev; Joubert 1951 8.

122) Pollock en Maitland 1895 490.

kerke deur die Suid-Afrikaanse howe nie in ooreenstemming met Romeins-Hollandse regsbeginselfs is nie, maar weens Engelsregtelike beïnvloeding in die Suid-Afrikaanse reg posgevat het.¹²³⁾

2.3 Die Romeins-Hollandse reg

Dit is opvallend dat daar betreffende die aard van samewerkingsvorme nie 'n groot meningsverskil tussen die Romeinse en vroeëre Romeins-Hollandse juriste bestaan het nie. Laasgenoemde het aanvanklik nie met die ontwikkeling van die regspersoonsbegrip deur die Kanoniste rekening gehou nie. Hulle het samewerkingsvorme aan die hand van dieselfde kenmerke as die Romeinse juriste omskryf en was aanvanklik ook nie bereid om regspersoonlikheid aan sodanige entiteite te verleen nie. Derhalwe het hulle nie daarin geslaag om 'n duidelike teorie oor die wese van die regspersoon te vorm nie en tot ongeveer die sewentiende eeu het hulle in navoring van die Romeinse reg nie die regspersoon as regsobjek erken nie.¹²⁴⁾ Die term *regspersoon* is gevolglik nog nie deur hulle gebruik nie. Terme soos *persona mystica*, *persona imaginaria*, *persona ficta* en *persona repraesentata* is later wel gebruik.¹²⁵⁾

2.3.1 Samevloeiing van regsbeginselfs

2.3.1.1 Germaanse stamverbandsgedagte

As rede vir die gebrek aan teoretiese belangstelling in die aard van samewerkingsvorme word gewoonlik aangevoer dat die Germaanse reg aanvanklik meer op familie- en stamverbande, wat uit die lede daarvan self saamgestel is (heel dikwels op grond van natuurlike verwantskap sonder die nodigheid van teoretiese begronding) toegespits was, in teenstelling met die Romeinse korporasiebegrip wat feitlik van meet af aan op 'n meer formele wyse deur die owerheid beheer

123) Sien 6 hieronder.

124) De Blécourt 1939 89; Fockema-Andrae 1906 141: "Met ons oog hekeken, waren er zeker rechtspersonen tegen het einde der middeleeuwen, maar daaruit volgt allerminst, dat ook de mannen van den tijd zich reeds het begrip rechtspersoon duidelik hadden geconstrueerd en dat zij er de consequentiën uit hadden getrokken. Willekeurige vereenigingen ontbraken aanvankelijk zoo goed als geheel." Den Tonkelaar 1979 5; Joubert 1951 167; Henkel 1972 11.

125) Joubert 1951 168.

is. 126)

Hierdie onderskeid kom egter effens kunsmatig voor. Hommes¹²⁷⁾ verklaar tereg dat die vorming van die korporasiebegrip by die Romeine aanvanklik op 'n soortgelyke wyse as by die Germane geskied het, naamlik deur middel van die Romeinse *paterfamilias*, wat as hoof van die huisgemeenskap of familieverband in 'n juridiese gemeenskapsfunksie opgetree het. Al verskil is dan klaarblyklik dat ten tye van die oornam van die Romeinse reg in Europa, die hoogs ontwikkelde Romeinse reg *in daardie stadium* gekontrasteer kon word met die meer familiegebonde Germaanse reg. As gevolg daarvan is voorkeur aan Romeinse regsbeginsele verleen en is daar nie diepgaande oor die teoretiese begronding van samewerkingsvorme besin nie.

2.3.1.2 Die ontwikkeling van gildes

Na verloop van tyd het die sosiale gemeenskapslewe van die Germane tot 'n ingewikkelde samelewingstruktuur ontwikkel, wat veral aan die verslapping van die familiebande en 'n tanende invloed van die stamverband te wyte was.¹²⁸⁾ 'n Ontwikkeling wat die regsersoonsgedagte bevorder het, was die gildes wat gedurende die Middeleeue ontstaan het.

Aanvanklik is hierdie gildes nie as regsersone beskou nie,¹²⁹⁾ aangesien die lede van 'n gilde in 'n broederskapsverhouding tot mekaar te staan gekom het en daar aanvanklik nie 'n duidelik afgeskeide vermoë aan te toon was nie. Die verhouding tussen die lede onderling was veelal op persoonlike betrekkinge ge-

126) Von Gierke 1881 bd 3 69 vn 125, ook 284 en 366; Fockema-Andrae 1906 141: "Willekeurige verenigingen ontbreken aanvankelijk zoo goed als geheel. In den stam, dus in het algemeene beschermingsgenootschap werd men geboren; met zijne stamgenooten vormde men tevens eene godsdienstige gemeenschap, in de behoeften die er nog verder vielen te bevredigen, voorzag aanvankelijk het familieverband" Vinogradoff 1961 136 en Hardenberg 1979 309 op 313 wys ook op hierdie verskil tussen die Romeinse en Germaanse regsopvatting.

127) 1976 152; Dooyeweerd 1957 6 merk die onderskeid tussen 'n Romeinse individualistiese en 'n Germaanse sosiale regsopvatting as kunsmatig aan.

128) Fockema-Andrae 1906 141; Den Tonkelaar 1979 5.

129) Fockema-Andrae 1906 143; Den Tonkelaar 1979 6; Elliot 1923 5.

grond, wat nie noodwendig die voortbestaan van die gilde ongeag die wisseling van lede ingehou het nie. Die doel van die gildes was merendeels die beskerming van die lede en onderlinge hulpverlening in tye van verarming, brandskade, skipbreuk en rowery. Mettertyd is hierdie samewerkingsvorm tot sosiale of geselligheidsverenigings uitgebrei.¹³⁰⁾

2.3.1.3 Oorname van Romeinse en kanonieke regsbeginsele

Teen die einde van die Middeleeue, moontlik as gevolg van die oorname van die Romeinse reg, vertoon die gildes algaande meer kenmerke van die Romeinsregtelike korporasie. Owerheidstoestemming en owerheidsbeheer is in daardie stadium ingestel.¹³¹⁾ Daar was ook sprake van 'n eie kas of afgeskeide vermoë waartoe lede intreegeld moes betaal en waarin boetes en ander bydraes van lede gestort is. Lede kon nie hierdie vermoë vir persoonlike voordeel aanwend nie en lede het geen persoonlike aanspraak op hierdie vermoë by hulle uittrede gehad nie.¹³²⁾

Verdere kenmerke van hierdie verenigings was die ledesubstraat waarop dit bestaan het en die feit dat die verenigings ongeag die wisseling van lede voortbestaan het.¹³³⁾

'n Belangrike faktor wat tot die ontwikkeling van die korporasiegedagte bygedra het, was die godsdienstige gemeenskappe wat enersyds deels kanonieke reg toegepas het, maar wat andersyds in die vorm van gildes vergader het.¹³⁴⁾ So het ook die kanonieke reg mettertyd 'n invloed op die Germaanse reg uitgeoefen en het die gildes wat opgerig is vir die verlening van bystand tydens siekte, begrafnisse, bedevaarte, ensomeer, algaande 'n meer korporatiewe karakter op die Romeinsregtelike patroon verkry.

130) Fockema-Andree 1906 141 meld *drinkgelagen* ('n moontlike voorloper van ons term *drinkebroers*?).

131) Voet 3.4.1; Faber 3.4.1; Noodt 3.4.1. Fockema-Andree 1906 141 vermeld dat nie net die *drinkgelagen* hiertoe aanleiding gegee het nie, maar ook die vrees vir sameswerings teen koninklike gesag as rede vir die toeneemende owerheidsbeheer aangemerkt kan word.

132) Voet 1.8.28 en 3.4.2; Huber 2.1.22; Kersteman 1773 dl 2 1163; Den Tonkeelaar 1979 6; Fockema-Andree 1906 147.

133) Voet 3.4.1; Kersteman 1773 dl 2 1163; Den Tonkeelaar 1979 6: "Evenals bij de Romeinen bleven de leden echter voorop staan; bij conflicten van de vereniging met derden moesten zij, behoudens afwijkende regelingen, gezamenlijk optreden en zij werden gesamenlijk, als collectiviteit, als eigenaar van het verenigingsvermogen gezien."

134) Huber 2.1.21 en 2.1.24; Hora Siccamo 1905 dl 2 hfst 4; Vinogradoff 1961 133.

Publiekregtelike entiteite soos die Staat, die *provinciën*, die *gemeenten* en die *waterschappen* is ook mettertyd as korporatiewe entiteite beskou. Voorts word daar ook aan *markgenooten* en gesamentlike *parochianen* erkenning verleen.¹³⁵⁾ Belangrike kenmerke van hierdie publiekregtelike entiteite was die feit dat lidmaatskap daarvan outomaties ontstaan het sodra 'n persoon 'n inwoner van die provinsie of stad of die beoefenaar van 'n spesifieke ambag was en dat vrywillige uitrede nie moontlik was nie.

In die geval van privaatregtelike verenigings is vrywillige toe- en uitrede wel toegelaat. Onder hierdie groepe was *broederschappen*, *schuttersgilden*, wetenskaplike verenigings, universiteite en sosiale verenigings ingesluit.¹³⁶⁾ 'n Afsgekeide vermoë was mettertyd 'n wesenlike kenmerk van hierdie soort verenigings en dit staan voorts vas dat hierdie vermoë die lede in hulle gemeenskaplike hoedanigheid, en nie persoonlik nie, toegekom het.¹³⁷⁾ In hierdie verband was daar wel sprake dat 'n lid gebruiksreg op die gemeenskaplike eiendom op grond van sy lidmaatskap van die groep kon uitoefen. 'n Voorbeeld hiervan is dat die markplein of stadsweiding tot alle inwoners se beskikking was, sonder dat enige persoonlike eiendomsreg hieruit ontstaan het.

2.3.2 Ontwikkeling sedert die Middeleeue

2.3.2.1 Reformatoriese invloed

'n Belangrike ontwikkeling in die opvatting oor lidmaatskap vind tydens die Reformasie plaas. Daar is reeds gewys op die kanonieke kerkbegrip wat die kerkvermoë wou abstraher en dit ten behoewe van die leke wou aanwend, terwyl laasgenoemde se posisie as lidmate van die kerk algaande verswak het.¹³⁸⁾ Tydens die Reformasie word daar na die opvatting dat die kerk as liggaam van Christus op aarde deur die eenheid van lidmate vergestalt word, teruggekeer. Die bestaan en deelname van lidmate word dus weer as die essensie van die kerk gestel. Dit is opnuut beklemtoon dat die kerk uit lidmate (gelowiges wat deur Christus uitverkies is) bestaan.

135) Huber 2.1.19; De Groot 2.1.25; Van Leeuwen 2.1.12 en 2.1.13; De Blécourt 1939 89.

136) Huber 2.1.21; De Groot 2.1.31; Van Leeuwen 2.1.14; De Blécourt 1939 90.

137) Voet 1.8.28 en 3.4.2; Huber 2.1.22; De Blécourt 1939 90; Den Tonkelaar 1979 6.

138) Raadpleeg teks by verwysing 84 hierbo.

Ten opsigte van die eiendomsreg op kerkgoedere ontstaan daar egter die teenstrydigheid dat plaaslike kerke nie die eienaars van kerkgoedere was nie. Hoewel die reformatoriese plaaslike kerke aan al die bestaansvereistes wat vir korporatiewe entiteite in die algemeen gestel is, voldoen het, is die kerkeiendom steeds as 'n afgeskeide vermoë bestempel wat nie deur die plaaslike kerk nie, maar in stede deur die stedelike owerheid en op die platteland deur die kerkvoogde beheer is.¹³⁹⁾ Hierdie afgeskeide vermoënsbegrip (wat inhou dat kerkeiendom as 'n soort stigting wat ten behoeve van 'n plaaslike kerk bestuur word, aangemerkt is) is dus ten spyte van die veranderde lidmaatskapsiening geensins deur die Reformasie gewysig nie. Naas die plaaslike kerk word daar nou 'n regsfiguur in die lewe geroep om die kerkeiendom in ooreenstemming met kanonieke regsbeginsels te beheer.¹⁴⁰⁾ Hoewel stigtinge in daardie stadium nog nie van die korporasiebegrrip onderskei is nie, kan 'n mens nie anders as om hierdie kerklike vermoënskomplekse as regsfigure wat ooreenstem met ons huidige stigtinge, aan te merk nie.¹⁴¹⁾

Joubert¹⁴²⁾ voer aan dat die kerke in Suid-Afrika tans nog onder die stigtingsbegrip tuishoort. Die stigtingsfiguur kan egter op geen reformatoriese kerk toepassing vind nie, aangesien die lidmaatskapsvereiste van enige gereformeerde kerk nie binne die kader van die stigtingsbegrip inpas nie.¹⁴³⁾ Wat Joubert verder uit die oog verloor, is dat die plaaslike kerke na die Reformasie nie as stigtinge bestempel is nie, maar dat daar *naas* die plaaslike kerke stigtinge opgerig is om die kerkeiendom te beheer.¹⁴⁴⁾

Dit is dus duidelik dat die afgeskeide vermoënsbegrip van die Kanoniste ten opsigte van kerkeiendom so vasgewortel was dat die owerhede nie bereid was om na die Reformasie die kerkeiendom aan die afsonderlike plaaslike kerke af te staan nie - dit was immers 'n vasstaande regsreël dat die kerkeiendom deur die stadsowerhede of kerkvoogde beheer moes word. Dat die posisie in die Suid-

139) Joubert 1951 143-158; Van Apeldoorn 1915 hfst 2; Hora Siccama 1905 dl 2 hfst 1-8; Coopmans 1964 (in geheel).

140) De Blécourt 1939 90; Lohman en Rutgers 1887 15.

141) De Blécourt 1939 91.

142) 1951 13.

143) Kyk 3.4.5 en 6.4.1.1 hieronder.

144) De Blécourt 1939 91; Lohman en Rutgers 1887 10 vn 1.

Afrikaanse reg ten opsigte van kerkeiendom tans heel verskillend daar uit-sien, kan nie betwyfel word nie. Ek is nie bewus van enige plaaslike gereformeerde kerk in Suid-Afrika waar die kerkeiendom deur die owerheid of kerkvoogde as 'n afsonderlike entiteit ten behoeve van die plaaslike kerk beheer word nie. Die stigtingsgedagte is derhalwe heeltemal onvanpas by gereformeerde kerke, aangesien dit die lidmaatskapsgedagte, wat as grondslag van enige gereformeerde kerk dien, negeer.

2.3.2.2 Afsonderlike entiteit

Afgesien van die bogemelde ontwikkelings, is daar ook 'n hele aantal ooreenstemmende kenmerke wat uit die Romeinse reg in die Romeins-Hollandse reg ooreenstemmend is. Dit is opvallend dat Huber (1636-1694) en Voet (1647-1713) feitlik die enigste van die vroeëre Romeins-Hollandse juriste was wat hierdie kenmerke kortliks bespreek het. De Groot (1583-1645) en Van Leeuwen (1626-1682) maak wel melding van die feit dat gemeenskappe van persone eiendomsreg op sake of vermoëns kan verkry, maar daar word geen volledige bespreking van die aard en optrede van sodanige gemeenskappe by hierdie juriste aangetref nie.¹⁴⁵⁾ Voorts het Van Leeuwen en De Groot hulle hoofsaaklik op publiekregtelike entiteite toegespits en het hulle geen aandag aan die aard van verenigings geskenk nie.¹⁴⁶⁾ Gedurende die agtiende eeu word die regsposisie van verenigings enigszins vollediger omskryf.¹⁴⁷⁾

Die regte en verpligtinge van die vereniging word skerp van die afsonderlike regte en verpligtinge van die individuele lede geskei. Dit geld nie net vir

145) Van Leeuwen 2.1.12-14; De Groot 2.1.16; 2.1.24; 2.1.25; 2.1.26; 2.1.31; 2.1.32. 2.1.33, 2.1.35; Huber 2.1.17-27; Fockema-Andrae 1906 147: "Ook bij onze oude rechtsgelcerde schrijvers en in onze oude rechtspraak is bij mijn weten niets te vinden, dat op de gilden in dit opzicht, of op de corporatiën in het algemeen eenig bijzonder licht werpt. Voor zoover eenige toegepaste regelen herkenbaar zijn, waren het Romeinsche." Kyk ook Joubert 1951 167.

146) Van Leeuwen 2.1.12-14; De Groot 2.1.26-31; Kersteman 1773 dl 2 1167-1173; Fockema-Andrae 1906 141.

147) Raadpleeg in hierdie verband Kersteman 1773 dl 2 1163-1167 en Joubert 1951 168-169 vir 'n uiteensetting van Romeins-Hollandse juriste wat oor die aard van die regspersoon besin het.

vermoënsregte nie, maar ook vir alle ander regte en verpligtinge.¹⁴⁸⁾ Ook prosesvoering kon nou deur of teen die vereniging geskied sonder dat die lede in persoonlike hoedanigheid betrek is.¹⁴⁹⁾ Vanaf die sewentiende eeu is daar beslis erkenning aan die regs persoon as regs subjek verleen. Aan 'n teoretiese begroning vir die regs persoon sfiguur is egter nie veel aandag geskenk nie.

Gedurende hierdie tydperk is ook tussen die bestuur en die ledevergadering van 'n vereniging onderskei en aan hulle is dieselfde funksies toegeken wat vandag kragtens die orgaanbegrip aan organe toegeken word - die bestuur ver= teenwoordig die vergadering na buite en die besluitnemingsfunksie berus by die ledevergadering.¹⁵⁰⁾ Dit is ook duidelik dat die vergadering deur besluit= neming 'n groeps wil kon vorm.

2.3.2.3 Onderlinge regsverhoudinge tussen lede

Daar word geen aanduiding gegee dat die wese van korporasies kontraktueel van aard was nie. Sowel die Germaanse as Romeins-Hollandse reg bevat geen voor= skrifte in hierdie verband nie. Die enigste aanduiding wat in verband met gil= des gegee word, is dat dit samewerkingsvorme was wat op 'n broederskapsgedagte van onderlinge hulpverlening gegrond was. Hoewel dit nie uitdruklik so gestel word nie, wil dit voorkom asof gildes eerder op 'n sosiale onderbou (broeder= skapsverhouding) as op kontraksluiting berus het.

Weer, soos in die Romeinse reg, word daar by die *societas* wel duidelik aange= toon dat hierdie regsfiguur op kontraksluiting berus, terwyl daar geen soda= nige voorskrifte in verband met korporasies gemaak is nie. Voet onderskei dan ook duidelik tussen korporasies (*universitates*) en *societates*. By korporasies maak hy geen melding van kontraksluiting nie, maar beklemtoon hy die voortbe=

148) Voet 1.8.28; 3.4.1; 3.4.2 en 3.4.4; Huber 2.1.22; De Blécourt 1939 90; Fockema-Andrae 1906 147: "Men is zich, als niet alles bedriegt, wel bewust geweest van het bestaan van een rechtspersoon, een afsonderlijk ver= mogenssubject."

149) Voet 3.4.1-3.4.5; Huber (Praellectiones) 2.3.4.5; De Blécourt 1939 267; Joubert 1951 168. Anders De Wet en Swanepoel 1975 55, wat dit betwyfel of die Romeins-Hollandse juriste bereid was om regs persone strafregte= lik aanspreeklik te hou.

150) Voet 3.4.4; 3.4.5 en 3.4.7; Fockema-Andrae 1906 147; Joubert 1951 168; Den Tonkelaar 1979 6.

staan daarvan ongeag die wisseling van lede en die afsonderlike regte en verpligtinge van die korporasie.¹⁵¹⁾ Die hoofkenmerke van die *societas* was daarenteen die feit dat dit op kontraksluiting berus het en by die wisseling van lede ontbind het.¹⁵²⁾ Dit wil voorkom asof dit juis die kontrakgedagte is wat die *societas* van die korporasie onderskei het.¹⁵³⁾ Die grondslag van die gildes was dat die lede aan mekaar trou gesweer het, wat iets heel anders as die ooreenkoms by die *societas* is.¹⁵⁴⁾

Voorts onderskei die Romeins-Hollandse juriste die *societas*-begrip van *communio* of *condominium* (mede-eiendom) in die volgende opsigte:¹⁵⁵⁾

- *socii* is wel mede-eienaars van die gemeenskaplike vermoë, maar mede-eiendomsreg dui nie noodwendig daarop dat 'n *societas* bestaan nie;
- 'n *societas* berus op kontraksluiting, terwyl verskeie vorme van mede-eiendom (byvoorbeeld by die gemeenskap van erfgename of 'n skenking aan meerdere persone) nie op kontraksluiting berus het nie;

151) Voet 3.4.1: "Quales hominum universitates licet non nisi a pluribus inchoari possint. Tamen si ad unum caput redierint, etiam jus omnium membrorum in unum censetur recidisse, et stat nomen universitatis. Quin et durare censenda est, etiamsi omnia mutata sint membra ejus, aliaque in eorum locum surrogata." Vgl ook Voet 3.4.2; Kersteman 1773 dl 2 1163-1165.

152) Voet 17.2.1: "Societas est contractus juris gentium, bonae fidei, consensu constans, super re honesta de lucri et damni communione. Quam inire possunt omnes liberam habentes rerum suarum administrationem, idque vel simpliciter, vel ad certum tempus, vel in perpetuum, id est, dum vivunt (non tamen in aeternum)." Raadpleeg ook Huber 3.11.1; Van der Linden 4.1.11; De Groot 3.21.2 en 3.21.8; Ribbens 1978 11; Maitland 1938 xxii: "... (T)he universitas is a person; the societas is only another name, a collective name, for the socii."

153) So verklaar De Blécourt 1939 95: "... dat men deze (korporasies - my invoeging) naar Romeinsch als naar oud-Vaderlandsch recht behoort te onderscheiden van personen, die met elkaar een overeenkomst van maatschap of vennootschap (societas) hebben aangegaan. Deze toch vormen geen vereniging, doch hebben een overeenkomst aangegaan, waarbij zij beloofden iets in gemeenschap te brengen, om er winst mee te maken." Onk De Blécourt-Fischer 1950 63: "Van de vereniging met rechtspersoonlijkheid moet men onderscheiden de maatschap of vennootschap, d.w.z de overeenkomst, waarbij enige personen iets, geld, goederen of arbeidskracht in gemeenschap brengen"

154) Huber 3.11.30; Fockema-Andreae 1906 147: "Dat zij als *fraternitates* of *confratritiae* worden aangeduid, is ons al een vingerwijzing, dat zij ten doel hadden, tusschen de leden een band te leggen, eenigermate gelijkende op dien tusschen broeders."

155) Kyk Voet 17.2.2; Huber 3.11.8; De Groot 3.21.2; Van Warmelo 1951 104-135.

- 'n *socius* kan nie sy aandeel in die mede-eiendom vervreem nie, terwyl mede-eienaars dit wel kan doen;
- verskillende aksies word by die verdeling van die gemeenskaplike eiendom gebruik, naamlik in die geval van die *societas* die *actio pro socio* en in die geval van *communio* die *actio communi dividundo* en die *actio familiae ercis= cundae*.

Die korporasiebegrip is dus deurentyd van die *societas*- en *communio*-begrip onderskei. Terwyl die *societas* op kontraksluiting en mede-eiendom berus, berus die korporasie op die groepverbandsgedagte. By laasgenoemde is daar nie sprake van die aandeelhouding van lede of mede-eiendomsreg op die afgesonderde vermoë nie.

2.3.2.4 Owerheidstoestemming

Daar is reeds gewys op die feit dat gildes aanvanklik vrylik in die lewe geroep is. Mettertyd is daar egter owerheidstoestemming vereis weens die gevaar dat sekere groepe sameswerings teen die staat kon bevorder en die sogenaamde *drinkgelagen* nie altyd tot die voordeel van die gemeenskap opgetree het nie. Die Frankiese konings stel dus reeds dat owerheidstoestemming 'n totstandkomingvereiste by gildes is. Die grondslag van hierdie gedagte was skynbaar die feit dat die konings nie daarmee genoë geneem het dat die gildelede aan mekaar trou gesweer het nie - die enigste trou moes aan die koning toekom. Die onderlinge eed van die gildelede is dus as 'n kunsmatige trouplig, wat nie geduld kon word nie, beskou.¹⁵⁶⁾ Vir kerke en liefdadigheidsverenigings het die vereiste van owerheidstoestemming egter nie gegeld nie.¹⁵⁷⁾ In Nederland was verenigings wat sonder staats toestemming ontstaan het, tot die middel van die negentiende eeu verbied en is daar ook spesifiek melding gemaak van die *Hollandse Logies van het Broederschap van Vrijwillige Metzelaars* en die patriotiese *Vaderlandsche Societeit* wat in die agtiende eeu om dieselfde rede verbied is.¹⁵⁸⁾

Die doelstellings van verenigings was dan ook van groot belang, veral waar owerheidstoestemming 'n oprigtingsvereiste was. Tussen die dertiende en die

156) Fockema-Andreae 1906 142; Den Tonkelaar 1979 7.

157) Joubert 1951 168.

158) Hardenberg 1979 314.

agtiende eeu is die volgende privaatregtelike verenigings onderskei:¹⁵⁹⁾

die verenigings wat onderlinge regsbeskerming van lede ten doel gestel het en op onderlinge trou gegrond was;

godsdienstige verenigings;

verenigings vir die verlening van bystand tydens siekte, begrafnis en bedevaarte;

geselligheidsverenigings,¹⁶⁰⁾ *schuttersgilden* en broederskappe;

koopmans- en ambagsgildes, waar vrye uittrede nie moontlik was solank die bedryf of ambag beoefen is nie;¹⁶¹⁾

universiteite en verenigings wat die wetenskap, politiek en kuns bevorder het.

Met die eeuwisseling van die agtiende na die negentiende eeu het die verenigingsdwang by koopmans- en ambagsgildes in Duitsland verdwyn en ontstaan die beginsel van vrye toetreding tot en uittrede uit verenigings.¹⁶²⁾ Terselfdertyd het die Franse revolusie in Frankryk meegebring dat 'n regstreekse verbod op beroepsverenigings en sekere godsdienstige en politieke verenigings ontstaan het,¹⁶³⁾ hoewel koning Hendrik III van Frankryk reeds sedert 1582 sekere werkersgroepe in stede in spesifieke beroepsverenigings saamgegroeper het.¹⁶⁴⁾

159) Fockema-Andreae 1906 143-146; Den Tonkelaar 1979 7.

160) Hardenberg 1979 329 dui aan dat die gildes gaandeweg in geselligheidsverenigings omskep is.

161) Den Tonkelaar 1979 7 verwys na 'n groep gildes "... die steun verleenden bij handwerk of bedrijf, vakgenoten verenigden en een bepaalde kunst of vaardigheid bevorderen. Belangrijke bevoegdheden van de gilden van kooplieden en ambachtslieden waren het reguleren van die vestiging van bedrijven, de mogelijkheid de contractsvrijheid van de arbeiders te beperken en het maken van keuren." Die ooreenkoms met ons huidige vakbonde is merkwaardig.

162) Vorbaum 1976 27.

163) Ibid; ook Lloyd 1938 2.

164) Elliot 1923 4.

Die reg om vrylik te verenig is in Nederland eers in 1848 in die Grondwet bevestig en dan ook met die volgende voorbehoud: "... (D)e wet regelt en beperkt de uitoefening van dat regt in het belang der openbare orde."¹⁶⁵⁾

2.3.3 Verdere terminologiese ontwikkeling

Hoewel daar tydens die agtiende eeu reeds min of meer vaste maatstawwe vir verenigings bestaan het en die feit dat dit 'n afsonderlike entiteit is nie meer betwyfel is nie, het daar nog steeds geen eenvormige term vir hierdie regsfiguur bestaan nie. In Nederland is gedurende die sewentiende eeu en daarna dikwels gebruik gemaak van die term *compagnie* om handeldrywende regspersone met 'n winsoogmerk aan te dui, soos byvoorbeeld die *Vereenigde Oost-Indiesche Compagnie* (V.O.I.C.) wat in Suid-Afrika goed bekend is.¹⁶⁶⁾ Daar het egter geen term bestaan waarmee regspersone in die algemeen aangedui is nie.

In Frankryk was die mees gebruiklike term *personne morale*, terwyl in Duitsland en Nederland onderskeidelik die terme *moralische Personen*, *zedelijke personen* en *persona moralis* gebruik is.¹⁶⁷⁾

Pufendorf onderskei tussen die *persona moralis simplex* (natuurlike persoon) en die privaatregtelike *persona moralis composita* (menslike gemeenskappe wat saamgevoeg is deur die band van 'n gemeenskaplike sedelike doel, wat op eie belang gerig is), terwyl hy dan ook nog na *persona moralis composita* in publiekregtelike sin verwys indien die doel die verbetering van die maatskappy was (byvoorbeeld die kerk, konsilies en sinodes, die Staat, gemeentes, leëre-eenhede en verenigings van handelaars of kunstenaars).¹⁶⁸⁾ Dat hierdie onderskeid nie in die Suid-Afrikaanse reg geld nie, behoef geen betoog nie - daar is tog talle privaatregtelike verenigings wat die verbetering van die samelewing ten doel stel en nie op eie belang gerig is nie.

Die term *juristiese Persoon* word aan G. Hugo toegeskryf, wat dit skynbaar in 1798 in die huidige betekenis van regs persoon vir die eerste keer gebruik het.¹⁶⁹⁾

165) Hardenberg 1979 325.

166) Hardenberg 1979 311. Let egter daarop dat Van der Linden 4.1.11-4.1.14 *compagnie* as sinoniem vir *societas* gebruik.

167) Huussen-de Groot 1976 4-5; Henkel 1972 26-40.

168) Huussen-de Groot 1976 6.

169) Henkel 1972 46 ev. Huussen-de Groot 1976 11.

Hy het ook tussen *physische Personen* en *juristiese Personen* onderskei, welke onderskeid en terminologie deur Von Savigny in Duitsland bevestig is. In 1839 het die *Württembergischer Entwurf* in art. 156 bepaal: "Die Aktiengesellschaft ist eine Rechtsperson."¹⁷⁰⁾

2.4 Algemene samevatting

Die belangrikste kenmerke van die verenigingsregspersoon, soos uit die Romeinse, kanonieke en Romeins-Hollandse reg afkomstig, kan dus soos volg saamgevat word:

- dit berus op 'n ledesubstraat;
- dit is eienaar van 'n afsonderlike vermoë, wat onderskei kan word van die vermoëns van die individuele lede;
- dit bestaan ongeag die wisseling van lede;
- dit is vir oprigting en voortbestaan afhanklik van owerheidstoestemming, en in hierdie verband is die doelstellings van die verenigingsregspersoon van deurslaggewende belang;
- dit kan 'n gemeenskaplike wil vorm en is handelingsbevoeg en verskyningsbevoeg;
- dit neem deur middel van organe aan die regsverkeer deel.

Aan die begin van die negentiende eeu het die term regspersoon reeds inslag gevind, maar gedurende die negentiende en die twintigste eeue was daar nooit werklik eenstemmigheid oor die wese van die regspersoon nie.¹⁷¹⁾ Op hierdie kwessie word vervolgens ingegaan. Om dit te doen, word die verskillende teorieë wat in hierdie verband ontwikkel het, beurtelings ontleed.

170) Huussen-de Groot 1976 12.

171) Raadpleeg in hierdie verband ook Vorbaum 1976 4.

HOOFSTUK 3

REGSPERSOONSTEORIEË

3.1 Inleiding

Uit die voorafgaande geskiedkundige oorsig blyk dit dat daar oor die ontstaan en wese van die regs persoon sedert die Middeleeue baie en fel geargumenteer is. Hoewel die Kanoniste reeds uitvoerig oor die regs persoon sfiguur, veral soos dit in hulle kerkbegrip na vore gekom het, besin het, het die belangstelling in regs persoonsteorieë nie in dieselfde mate in die Germaanse en vroeg Romeins-Hollandse reg posgevat nie. Tog was hierdie juriste bewus van die problematiek rondom hierdie omstrede regsfiguur.¹⁾

Die teoretisering oor die wese van die regs persoon het eers weer by die Pandektiste sedert die begin van die negentiende eeu sterk na vore gekom. Veral in Duitsland het hierdie probleem aanvanklik 'n belangrike plek in regs teoretiese besinning ingeneem. Dit is egter opvallend dat die swaartepunt gedurende die twintigste eeu na Nederland verskuif het en die belangrikste moderne regs persoonsteorieë vandag by die Nederlandse juriste aangetref word.

Volgens Joubert²⁾ bestaan daar ongeveer sestien verskillende teorieë oor die wese van die regs persoon. Dit is egter baie moeilik om die teorieë streng te kategoriseer. By feitlik elke teoretikus kom daar nuwe gedagtes na vore en dit is soms moeilik om vas te stel of 'n teorie 'n nuwe standpunt verteenwoordig en of dit slegs 'n (soms radikale) klemverskuiwing van 'n bestaande teorie daarstel.

Dit wil voorkom asof daar tans veel meer as sestien verskillende teorieë oor die wese van die regs persoon bestaan, want heel party vertolkings van bestaande teorieë is so afwykend van vorige teorieë dat dit as nuwe teorieë getipeer kan word. In die lig hiervan sou dit 'n futiele en uitputtende taak wees om 'n oorsig oor alle reeds gepubliseerde teorieë te verskaf. Daarom sal gepoog

1) Kyk 2.3 hierbo; raadpleeg ook De Blécourt 1939 89 en Fockema-Andraee 1906 141.

2) 1951 9; Van der Vyver en Van Zyl 1982 389 en 390 onderskei byvoorbeeld nege hoofstrominge.

word om aan die hand van ses verskillende teorieë ses breë, totaal uiteenlopende uitgangspunte te skets. Voorts sal daar (sover moontlik) net aan die standpunt van die grondlegger van elke teorie aandag geskenk word, aangesien verwysings na nuanserings en klemverskuiwings soos dit by navolgers van die bepaalde teorieë voorkom, tot 'n Babelse verwarring kan lei.

Gewoonlik word regs persoonsteorieë hoofsaaklik in twee groepe verdeel. Een groep juriste beskou die regs persoon as 'n fiksie wat deur die positiewe reg geskep word, terwyl 'n ander groep die werklike bestaan van die regs persoon beklemtoon.³⁾ Daar bestaan ook ander indelingswyses,⁴⁾ maar in hierdie hoofstuk sal die klem eerder op die uiteensetting van die basiese teorieë onder bespreking val as om juis 'n spesifieke indelingswyse te vind (as so iets moontlik sou wees).

3.2 Die fiksieteorie van Von Savigny

Hierdie teorie, wat gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu die lig gesien het, kan as die mees omstrede regs persoonsteorie aangemerkt word. Beoordelaars van sy teorie is òf hewig teen hierdie siening gekant, òf uitgesproke navolgers daarvan.

Die ontstaan van die gedagte dat die regs persoon as 'n fiksie deur die positiewe reg geskep, beskou moet word, kan volgens sekere regsteoretici na pous Innocentius II teruggevoer word. Hy het, in ooreenstemming met die Rooms-Katolieke kerkbegrip ten opsigte van 'n regs persoon verklaar: "Cum collegium in causa universitatis fingatur una persona."⁵⁾ Hierdie mededeling van hom sou dan (volgens verskeie juriste) daarop dui dat 'n regs persoon 'n fiksie is. Dat hierdie beweerde verband met Innocentius ook fel bestry word, blyk uit die standpunt van Joubert,⁶⁾ wat die fiksiegedagte eerder aan die Kommenta-

3) Joubert 1951 8 ev; Van der Vyver en Van Zyl 1982 388; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 1-5.

4) Fourie 1973 7 en 8; John 1977 22-58.

5) Kyk 2.2.1.6.1 hierbo. Vgl ook Von Gierke 1881 bd 3 279 vn 102; Honnes 1976 155; Rhode 1932 30; Dooyeweerd 1946 dl 2 84.

6) 1951 79 ev. Kyk ook 2.2.1.6.1 hierbo.

tore Bartolus de Sasseferato en Cinus Pistoriensis toeskryf. Dit kan egter nie betwyfel word dat die fiksieteorie sy oorsprong in die Middeleeue gehad het nie, ongeag of dit by die Kanoniste of by die Kommentatore was.⁷⁾

Dit kan egter eweneens nie betwyfel word dat Von Savigny die belangrikste moderne kampvegter van hierdie teorie is nie.

3.2.1 Die mens as etiese wese

Von Savigny se uiteensetting van die fiksieteorie moet binne die raamwerk van die vroeg negentiende-eeuse humanistiese regsteorie beoordeel word. Sy standpunt verteenwoordig nie soseer die nominalistiese sienswyse van die Kanoniste nie, maar is veel eerder op die idealisme gegrond wat voortvloei uit die humanistiese persoonlikheidsideaal van die sedelike vryheid van die menslike persoonlikheid.⁸⁾ In navolging van Kant word sy hele beskouing in verband met die wese van die regspersoon deur sy beklemtoning van die mens as etiese wese beïnvloed.

Kant,⁹⁾ wat as voorstander van die natuurregtelike idealisme die waarde van die mens as sedelike wese beklemtoon, wys daarop dat die vrye wil van die mens, soos dit in die menslike persoonlikheid na vore kom, nie aan faktore (doelstellings) wat buite die menslike persoonlikheid geleë is, onderwerp mag word nie. Hierdie waardebeskouing en beklemtoning van die vrye wil van die mens lei dan tot Kant se grondgedagte: "Handle äusserlich so, dass der freie Gebrauch deiner Willkür mit der Freiheit von jedermann nach einem allgemeinen Gesetze zusammen bestehen könne."¹⁰⁾

7) Paton en Derham 1972 368; Holland 1924 99; Maitland 1938 XIV, XIX ev.

8) Hommes 1976 159 ev; Dooyeweerd 1946 dl 2 87.

9) 1797 dl 1 11-34. Kyk ook Thilo 1978 107; Larenz 1980 29-31; Larenz 1935 227 ev; Nass 1964 33-34; Wieacker 1967 372 ev verklaar op 375: "... dass die Person nicht Mittel zu Zwecken sein dürfte, die ausserhalb ihrer selbst liegen, und dass die Rechtsordnung den Freiheitsraum auszugrenzen habe, innerhalb dessen freie Verwirklichung der sittlichen Autonomie mit der Freiheit jedes anderen zusammen bestehen könne."

10) Kant 1797 dl 1 32; Larenz 1980 30; Thilo 1978 107; Coing 1962 67.

Hierdie grondgedagte van Kant word op sy beurt deur Von Savigny in sy formulering van die regsobjektiwiteit van die mens gebruik. As grondslag van regsobjektiwiteit wys hy dan subjektiewe regte aan, welke subjektiewe regte aan die vrye wil¹¹⁾ en sedelikheid van die individuele mens gekoppel word.¹²⁾ Subjektiewe regte word *Willensmacht* genoem.¹³⁾ Die ooreenkoms met Kant se siening kan nouliks duideliker beklemtoon word as wat dit in die uiteensetting van regsobjektiwiteit van Von Savigny na vore kom:

"Alles Recht ist vorhanden um der Sittlichen, jedem einzelnen Menschen inwohnenden Freiheit willen. Darum muss der ursprüngliche Begriff der Person oder des Rechtssubjekts zusammenfallen mit dem Begriff des Menschen, und diese ursprüngliche Identität beider Begriffe lässt sich in folgender Formel ausdrücken: jeder einzelne Mensch, und nur der einzelne Mensch, ist rechtsfähig."¹⁴⁾

Von Savigny knoop dus regsobjektiwiteit aan die vrye wil van die individuele mens. Hy beklemtoon dit dat die individuele mens net doel opsigself kan wees en dat dit gevolglik nie met menswaardigheid strook indien die mens as middel tot 'n doel buite homself sou dien nie. Daarom kan die enigste vorm van regsobjektiwiteit net in die natuurlike persoon (mens) setel. Regsverhoudinge kan slegs tussen individuele mense bestaan, aldus Von Savigny.¹⁵⁾

3.2.2 Gesamentlike wilsvorming

Tog kan Von Savigny nie die werklikheid van menslike groeppvorming ontken nie en moet hy ook rekening hou met die feit dat daar in alle vroeëre regstelsels van regsweë erkenning aan groeppvorming verleen is.¹⁶⁾ Dit is vir hom egter 'n teenstrydigheid om naas die vrye wil van die individuele mens enige vorm van afsonderlike wilsuiting aan 'n groep te verleen. Daarom betoog hy dat die

11) Von Savigny 1840 bd 1 332: "Das Recht dient der Sittlichkeit, aber nicht indem es ihr Gebot vollzieht, sondern indem es die freie Enthaltung ihrer, jedem einzelnen Willen inwohnenden, Kraft sichert" Kyk ook Pawlowski 1972 bd 1 53; John 1977 26-28; Houwing 1939 63 en 67; Coing 1962 57.

12) Von Savigny 1840 bd 2 2; Henkel 1972 74; Schikorski 1979 42-50.

13) Pawlowski 1972 bd 1 53; Coing 1962 57.

14) Von Savigny 1840 bd 2 2; Larenz 1935 228: "In diesen Voraussetzungen erkennen wir den ethischen Individualismus zumal der Kantischen Rechtsphilosophie" Nass 1964 35; Hommes 1976 159; Hommes 1972(a) 29; Dooyeweerd 1946 dl 2 87.

15) Hommes 1976 159; Fourie 1973 8; Joubert 1951 9.

16) Von Savigny 1840 bd 2 329 ev.

regspersoon geen afsonderlike wil kan vorm nie, maar dat die gesamentlike (kollektiewe) wil van die meerderheid, waarin die vrye wil van die individuele lede opgesluit lê, deurslaggewend is.¹⁷⁾ Hierdie siening sou dan uit die natuureg en Romeinse reg afkomstig wees. Maar tog lê daar juis in hierdie meerderheidswil, soos Von Savigny dit sien, 'n beperking op die vrye wil van die individuele lede opgesluit, aangesien die meerderheidswil altyd teenstrydig met die vrye wil van die minderheid sal wees. Dit is juis hierdie teenstrydigheid in sy teorie wat dit besonder vatbaar vir kritiek maak.

3.2.3 'n Regsgepositiewe fiksie

Die regsobjektiwiteit van die regspersoon is volgens Von Savigny nie geleë in die geheel van die lede wat tesame 'n reële entiteit vorm nie, maar bloot in 'n ideële gedagte.¹⁸⁾ Dit lei daartoe dat Von Savigny enersyds nie die regspersoon as 'n werklikheid beskou nie, maar andersyds nie die bestaan van sodanige regsfiguur kan ontken nie. Die enigste uitweg vir hom is derhalwe om die regspersoon as 'n regsfigksie aan te merk:

"Die Rechtsfähigkeit wurde oben dargestellt als zusammenfallend mit dem Begriff des einzelnen Menschen. Wir betrachten sie jetzt als ausgedehnt auf künstliche durch blosse Fiction angenommene Subjecte. Ein solches Subject nennen wir eine juristische Person, d.h. eine Person welche bloss zu juristischen Zwecke angenommen wird. In ihr finden wir einen Träger von Rechtsverhältnissen noch neben den einzelnen Mensch."¹⁹⁾

Die regspersoon word deur die staatlike positiewe reg net vir regsdoel geskep. Aangesien regsverhoudinge volgens Von Savigny alleen tussen individuele mense kan bestaan, kan slegs individuele mense regsobjekte wees. Gevolglik moet die regsobjektiwiteit van die regspersoon op 'n regsfigksie berus.²⁰⁾ Verder onderskei Von Savigny tussen korporatiewe regspersone met

-
- 17) Ibid: "Als Wille der Corporation aber gilt nicht bloss der übereinstimmende Wille aller Mitglieder, sondern auch schon der Wille ihrer Mehrzahl." Raadpleeg ook Dooyeweerd 1946 dl 2 88.
- 18) Von Savigny 1840 bd 2 243 vermeld: "... dass das Subject der Rechte nicht in den einzelnen Mitgliedern (selbst nicht in den Mitgliedern zusammen genommen) besteht, sondern in dem idealen Ganzen." Sien ook Hommes 1976 160 vir 'n bespreking van hierdie standpunt.
- 19) Von Savigny 1840 bd 2 236. Kyk ook Krückmann 1916 143 op 146, wat die regspersoon 'n *künstliche Einheit* noem.
- 20) Hommes 1976 159; Thilo 1978 108; Henkel 1972 78.

lede en stigtingsregspersone sonder lede, waar daar 'n vermoë vir 'n spesifieke doel afgesonderd word. Die bestaan van hierdie stigtinge, wat meestal 'n ideële doel het, is vir Von Savigny 'n verdere bewys dat 'n regspersoon 'n fiksie moet wees, want hoe kan 'n ideële vermoë nou 'n reële regsobjek wees?²¹⁾

Von Savigny voer aan dat die wil van die individuele lede by wyse van 'n regsifiksie as die wil van die regspersoon (as ideële gedagtekonstruksie) aangemerkt word.²²⁾ Die wilsvorming van die regspersoon geskied derhalwe gesamentlik (kollektief), maar die regsobjektiwiteit is in 'n idee geleë.

3.2.4 Regshandelinge deur middel van verteenwoordigers

Hierdie fiktiewe regspersoon tree in die regsverkeer op deur draer van vermoënsregte te wees en verpligtinge wat met die vermoënsregte saamval, te verkry.²³⁾ Hoewel die regspersoon die eienaar van 'n vermoë is (*Vermögensfähig*), kan die regspersoon egter nie met die vermoë handel nie! Ten einde te kan handel, moet daar tog wilsuitoefening moontlik wees en moet wilsvorming en wilsooreenstemming uitgeoefen kan word. Volgens Von Savigny ontbreek hierdie funksies by die regspersoon, aangesien dit net eienskappe van 'n natuurlike persoon kan wees of net kollektief uitgeoefen kan word. Die vraag ontstaan nou hoe 'n regsifiksie die eienaar van 'n vermoë kan wees, oor hierdie vermoë kan beskik deur die uitoefening van regte en met die vermoë kan handel op 'n wyse wat 'n denkende en willende entiteit veronderstel, terwyl die regspersoon dit volgens Von Savigny juis nie is nie.²⁴⁾

Von Savigny los egter hierdie probleem op deur van die verteenwoordigings-

21) Von Savigny 1840 bd 2 242.

22) Von Savigny 1840 bd 2 312; juis hierin sien John 1977 26 'n *innere Widerspruch* en Hallis 1930 137 'n *theoretical inconsistency*.

23) Von Savigny 1840 bd 2 237; Henkel 1972 79.

24) Hommes 1976 159; Brecher 1959 239; Joubert 1951 10: "Die bedenklike logiese konsekwensies waartoe die fiksieteorie lei, is dat die regspersoon wilsonbevoeg, handelingsonbevoeg, deliksonbevoeg en strafregtelik onaan-spreeklik is. Dit maak die fiksieteorie besonder onaanneemlik aangesien die regspersoon steeds 'n groter en meer onontbeerlike plek in ons moderne ekonomiese en regslewe inneem."

figuur gebruik te maak.²⁵⁾ Die verteenwoordigers tree op twee wyses namens die regs persoon op: enersyds deur regmatige regshandelinge namens die regs persoon uit te voer, waar daar veral met die eiendom van die regs persoon gehandel word en waar die vermoë van die regs persoon deur hierdie handelinge gebind word, en andersyds deur onregmatige handelinge uit te voer. Die regs persoon kan egter nie deur onregmatige handelinge van verteenwoordigers gebind word nie,²⁶⁾ aangesien die regs persoon wat geen wil kan vorm nie, uiteraard ook nie met skuld in die vorm van opset of nalatigheid verwyt kan word nie. Die lede kan ook nie individueel aanspreeklik gehou word nie, want die grondslag van regs persoonlikheid is juis daarin geleë dat dit individuele aanspreeklikheid van die lede ophef. Slegs die verteenwoordigers kan derhalwe vir sodanige onregmatige handelinge aanspreeklik gehou word, wat heel dikwels tot 'n nadelige situasie vir die benadeelde kan lei.

3.2.5 Kritiek teen die verteenwoordigingsgedagte

Die mees algemene kritiek wat teen Von Savigny se teorie ingebring word, is juis die feit dat hy aanvoer dat die regs persoon nie self vir onregmatige handelinge aanspreeklik gehou kan word nie, aangesien dit nie wilsbevoeg is nie. Ingevolge die Suid-Afrikaanse verteenwoordigingsreg bestaan daar geen algemene reël dat 'n prinsipaal (volmaggewer) vir die onregmatige handelinge van 'n verteenwoordiger aanspreeklik gehou kan word nie. 'n Prinsipaal kan slegs aanspreeklik gehou word indien hy op 'n skuldige wyse aanleiding tot die handeling van die verteenwoordiger gegee het of indien hy middellik aanspreeklik gehou word.²⁷⁾ Volgens die fiksieteorie kan 'n regs persoon egter nie handel of 'n skuldige gesindheid openbaar nie. Die onbevredigende resultaat hiervan is dat in gevalle waar aanspreeklikheid nie skuldloos op grond

25) Von Savigny 1840 bd II 282-283: "Überall nun, wo sich dieser Widerspruch findet, muss er durch eine Vertretung, als künstliche Anstalt, aufgelöst werden."

26) Von Savigny 1840 bd I 367, 369; Henkel 1972 81; Houwing 1939 61.

27) Joubert 1979 73 en 181; De Wet 1976 dl 1 82; Van der Merwe & Olivier 1980 522-523. Vir middellike en risiko-aanspreeklikheid word wel geen skuld vereis nie, maar daar geld ander vereistes wat dikwels nie by die optrede van 'n verenigingsregs persoon in die regsverkeer aanwesig is nie - vir 'n volledige bespreking hiervan, sien 4.3.7 en 5.3.2.4 hieronder. Anders Scott 1979 (in geheel), Strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone word in die Suid-Afrikaanse reg by wyse van wetgewing gereël; sien a 332 Strafproseswet 51 van 1977.

van middellike of risiko-aanspreeklikheid²⁸⁾ aan die regspersoon toegereken kan word nie, daar geen wyse is waarop derdes enige verhaalsreg teen die regspersoon kan verkry nie.²⁹⁾ Dit is 'n regstreekse uitvloeisel van Von Savigny se gevolgtrekking dat die regspersoon nie wilsbevoeg is nie en derhalwe nie met 'n skuldverwyf getref kan word nie.

Nog meer onbevredigend is die feit dat die regspersoon volgens Von Savigny ook nie regmatige handeling kan uitvoer nie, maar dat alle regshandelinge vir die regspersoon deur verteenwoordigers verrig moet word. Von Savigny stel die handelingsbevoegdheid van 'n regspersoon gelyk aan die gebrekkige handelingsbevoegdheid van 'n onmondige of kranksinnige persoon. Die verteenwoordiger van 'n regspersoon is egter nie 'n *ex lege*-verteenwoordiger soos die ouer of voog van 'n minderjarige of die kurator *bonis* van 'n kranksinnige nie.³⁰⁾ 'n *Ex lege*-verteenwoordiger is 'n persoon wat van *regswêë* die bevoegdheid ontvang om enige regmatige handeling namens 'n handelingsonbevoegde persoon te verrig. In die geval van 'n regspersoon ontvang nie die verteenwoordigers of organe van die regspersoon van *regswêë* die bevoegdheid om die regspersoon te bind nie.

Die verteenwoordiger of werknemer van 'n regspersoon moet *volmag* ontvang om vir die regspersoon te kan handel. En *volmag* is ook maar weer 'n eensydige regshandeling.³¹⁾ Hierdie *volmag* kan per definisie slegs deur die prinsipaal (regspersoon) aan die verteenwoordiger verleen word. Von Savigny gee geen verklaring vir die feit dat die regspersoon hierdie eensydige regshandeling kan uitvoer nie.

Dit kan nie die afsonderlike lede wees wat 'n gesamentlike *volmag* gee nie, want kragtens die beginsels van die verteenwoordigingsreg word die *volmagge-wer* (prinsipaal) deur die regmatige handeling van die verteenwoordiger gebind.³²⁾ Dit is juis nie die individuele lede wat deur die optrede van die

28) Vir 'n bespreking van die aanspreeklikheid van 'n regspersoon op grond van die risikobeginsel, sien 4.3.7 en 5.3.2.4 hieronder.

29) Hart 1953 26; Wolff 1933 bd 1 4; Houwing 1939 61.

30) Hommes 1976 160; Houwing 1939 61; De Wet 1976 dl 1 87 wys op die verskil tussen *ex lege*-verteenwoordiging en *volmag*sverteenwoordiging.

31) Joubert 1979 94; De Wet 1976 dl 1 87.

32) Joubert 1979 26, 29-31; De Wet 1976 dl 1 75, 83.

verteenwoordiger gebind word nie, maar die regs persoon self. Die lede se afsonderlike vermoëns kan nie op grond van die regshandeling verbind word nie, want dit is juis die regs persoon se vermoë wat verbind word. Dit lei dus maar weer tot die slotsom dat die regs persoon volmag tot sodanige regshandeling moes gegee het, maar om volmag te kan gee, moet die regs persoon juis handelingsbevoeg en in staat tot wilsvorming wees.

In die Suid-Afrikaanse reg word uitdruklik tussen 'n verteenwoordiger wat kragtens volmag 'n verteenwoordigingshandeling namens 'n regs persoon uitvoer, en die bestuur of bestuurslid wat as orgaan regshandeling van (en nie namens nie) die regs persoon uitvoer, onderskei. Laasgenoemde is die noodsaaklike instrument waardeur die regs persoon aan die regsverkeer deelneem. Die organe van 'n regs persoon kan nie as *ex lege*-verteenwoordigers aangemerkt word nie, aangesien sodanige organe se bevoegdheid om die regs persoon te bind nie van regsweë verleen word nie. Slegs handeling van organe wat in ooreenstemming met die reëls of konstitusie van die regs persoon en ter bevordering van die gestelde doel uitgevoer word, bind die regs persoon.

Optrede van 'n orgaan dui ook nie op 'n verteenwoordigingshandeling kragtens volmag nie.³³⁾ Die argument dat die regs persoon nie volmag verleen (en derhalwe nie 'n eensydige regshandeling verrig nie) in gevalle waar die bestuur of bestuurslede kragtens die reëls of konstitusie optree nie, kan wel geopper word met die doel om aan te voer dat die regs persoon nie handelingsbevoeg is nie. Dit verklaar egter nie die moontlikheid dat die bestuur of bestuurslede wel kragtens volmag van die regs persoon optree in gevalle waar die reëls of konstitusie nie vir bepaalde handeling voorsiening maak nie, of die feit dat daar soms 'n bykomende volmag ingevolge die reëls of konstitusie vereis word alvorens iemand die regs persoon kan bind nie. Soos hierbo gesê is, verklaar dit ook nie van wie werknemers en verteenwoordigers van die regs persoon hulle volmag sou ontvang nie.

33) Joubert 1979 99; Van Rensburg 1974 98; Van der Vyver en Van Zyl 1982 396; *Suid-Afrikaanse Sentrale Koperatiewe Groenmaatskappy Bpk v Thanasaris* 1953 2 SA 314 (W); *Barkett v SA National Trust and Assurance Co Ltd* 1951 2 SA 353 (A) op 362; *Levy v Central Mining and Investment Corporation* 1955 1 SA 141 (A) op 150; *Lennards Carrying Co Ltd v Asiatic Petroleum Co Ltd* 1915 AC 705 op 713; "... (I)ts active and directing will must consequently be sought in the person of somebody who for some purposes maybe called an agent but who is really the directing mind and will of the corporation, the very ego and centre of the personality of the corporation."

Daar bestaan voorts die argument dat die reëls of die konstitusie van 'n regs- persoon die volmag is waarkragtens organe hulle bevoegdheid om die regspersoon te bind, ontvang. Dit beteken dat die oorspronklike oprigters van die regspersoon, wat die reëls of konstitusie saamgestel het, as volmaggewers (prinsipale) moet dien. En dit lei vanselfsprekend tot die absurde resultaat dat die oorspronklike oprigters die verteenwoordigdes is. Die reëls of konstitusie kan nie as 'n soort gesamentlike volmag beskou word nie, aangesien dit die regspersoon (en nie die gesamentlike samestellers of onderskrywers van die reëls en konstitusie nie) is wat deur die regshandeling gebind word.

Voorts kan 'n beperk-handelingsbevoegde persoon, soos byvoorbeeld 'n minderjarige of 'n vrou wat onder die maritale mag van haar eggenoot staan, op grond van volmag 'n regspersoon verteenwoordig. Dit dui daarop dat die prinsipaal (naamlik die regspersoon) ten volle handelingsbevoeg moet wees. Die regspersoon ontleen nie sy handelingsbevoegdheid aan dié van die verteenwoordiger nie, in teenstelling met 'n *ex lege*-verteenwoordiger wat self ten volle handelingsbevoeg moet wees ten einde die gebrekkige handelingsbevoegdheid van die verteenwoordigde aan te vul.³⁴⁾

In die Suid-Afrikaanse reg kan die handelingsbevoegdheid van 'n regspersoon derhalwe nie met die beperkte handelingsbevoegdheid van onmondiges of krank-sinniges vergelyk word nie. 'n Regspersoon maak wel soms van verteenwoordigers kragtens volmag gebruik, maar dit is nie die verteenwoordigers wat handelingsbevoegdheid en wilsvorming aan die regspersoon verleen nie. Die feit dat die verteenwoordigers volmag moet ontvang, dui steeds op die handelingsbevoegdheid en wilsbevoegdheid van die regspersoon.³⁵⁾

Voorts verklaar Von Savigny nie wie die volmag in die geval van die stigtingsregspersoon aan die verteenwoordiger sou verleen nie. Die stigting het geen lede nie en volmag kan dus nie gesamentlik deur lede gegee word nie. Die volmag kan ook nie gesien word as geleë in die doel van die stigting (soos gestel deur die oprigter van die stigting) nie, want dan sal dâárdie persoon kragtens die beginsels van die verteenwoordigingsreg deur die handeling van die verteenwoordiger gebind word. Dit is egter nie wat gebeur

34) Joubert 1979 93.

35) Raadpleeg ook Hommes 1976 160.

nie - die stigtingsvermoë word aanspreeklik gehou en geen afsonderlike oprigter of bestuurder se vermoë kan deur die handeling van die verteenwoordiger gebind word nie. Die enigste afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat dit nie die oprigter of bestuurder is wat volmag verleen nie, maar wel die stigting as regs persoon. Die vraag ontstaan weereens hoe 'n fiksie besluite kan neem en regshandeling kan uitvoer?

As die doel van die stigting, soos gestel deur die oprigter, as 'n tipe voortdurende volmag beskou word, kom dit daarop neer dat die stigting 'n beding ten behoeve van 'n derde is, wat 'n stigting beslis nie is nie. Die oprigter doen afstand van die vermoë reeds tydens die aangaan van die oprigtingshandeling. Heel dikwels kom die stigting eers by die oprigter se dood tot stand. Die oprigter kan dus nooit as 'n soort voortdurende volmaggewer aangemerkt word nie.

3.2.6 Verdere kritiek teen die fiksiegedagte

Dat dit nie altyd die ideale werkwyse is om 'n regsprobleem deur die gebruik van 'n fiksie op te los nie, word tereg deur verskeie juriste beklemtoon. Fuller³⁶⁾ verklaar:

"Even so sober-sided a writer as Austin was moved to ascribe certain legal fictions to 'the active and sportive fancies of the grave and venerable authors'. Bentham's unequalled capacity for excoriation was brought to full flower by the subject: 'Fictions of use to justice? Exactly as swindling is to trade!'"

Hierdie juriste is dit almal eens dat die oplossing van 'n regsteoretiese probleem deur van 'n fiksie gebruik te maak, nie met die eise wat deur die regsverkeer gestel word, tred hou nie.

Die feit dat Von Savigny verklaar het dat die regs persoon as 'n fiktiewe entiteit 'n skepping van die staatlike positiewe reg is,³⁷⁾ het veroorsaak dat

36) 1967 viii. Ook Olivier 1973 178 ev, wat aandui dat daar geen gronde vir die bewering dat die Romeine reeds die regs persoon as 'n fiksie gesien het, bestaan nie; Van Haersolte 1960 510; Bangemann 1963 81-87; Eggen 1958 8; Demelius 1858 4 ev; Soeteman 1970 43-53.

37) Von Savigny 1840 bd II 275 ev.

'n aantal Engelse juriste die toepassing van die konsessiesist³⁸⁾ in Engeland bestempel as 'n aanduiding dat die regs persoon in die Engelse reg ook 'n fiksie is.³⁹⁾ Daarteenoor beklemtoon verskeie ander Engelse juriste die feit dat die konsessiesist³⁸⁾ nie noodwendig van die regs persoon 'n fiksie maak nie.⁴⁰⁾

Die praktiese ontoepasbaarheid van die fiksieteorie maak dit onaanvaarbaar. In die regsverkeer word die regs persoon eenvoudig as 'n werklikheid aanvaar - en dit kan nie ontken word nie.⁴¹⁾ Die regsbevoegdheid, handelingsbevoegdheid en verskyningsbevoegdheid van die regs persoon as entiteit is eienskappe wat sonder twyfel in die regsverkeer aanvaar word. Dit is ook eienskappe wat nie aan 'n regsfiksie toegeskryf kan word nie.

Daar is reeds gewys op die inherente teenstrydighede wat hierdie teorie op-lewer.⁴²⁾ Die vermoënsregte van die regs persoon kragtens die fiksieteorie is regte wat in der waarheid eienaarloos is.⁴³⁾ Dit kom nie die individuele lede toe nie en 'n regsfiksie kan tog nie die eienaar van 'n vermoë wees nie.

Die Suid-Afrikaanse regspraak gee nie afdoende uitsluitel ten opsigte van die bruikbaarheid al dan nie van die fiksieteorie nie. In die saak *Webb & Co. Ltd. v Northern Rifles*⁴⁴⁾ verklaar regter Smith dat die gemeenregtelike regs persoon 'n fiksie is, maar hierdie uitspraak is op een uitsondering na nooit deur ander regters nagevolg nie.⁴⁵⁾ Die Appêlhof het reeds by meer as

38) Sien 4.2.4.5 hieronder; vgl ook Joubert 1951 8.

39) Hallis 1930 1 ev; Holland 1924 98 en 99; Anderson 1931 8-10.

40) Bv Smith 1914 129-134; Dewey 1926 664 ev. Sien egter 2.2.2 hierbo.

41) Wolff 1933 bd 1 4; Brown 1905 368; Hallis 1930 137; Pitlo 1969 28; Meijers 1955 dl 3 191 ev; Rhode 1932 15 ev; Wolff 1938 505 ev.

42) Raadpleeg vn 22 hierbo; Tietze 1974 13 toon aan dat Von Savigny nie die regs persoon probeer verklaar nie, maar dit probeer omseil.

43) Tietze 1974 7.

44) 1908 TS 462 op 464.

45) Joubert 1951 191; Fourie 1973 10; Bamford 1982 131; in *Lategan v Boyes* 1980 4 SA 191 (T) op 201 is die verwysing na 'n regs persoon as 'n fiksie 'n *obiter*-opmerking. In teenstelling hiermee is in *Dadoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530 op 550 beslis: "This conception of the existence of a company as a separate entity distinct from its shareholders is no merely artificial and technical thing. It is a matter of substance"

een geleentheid beslis dat 'n regs persoon skuld kan hê, wat bevestig dat die houe die regs persoon as 'n reële, wilsbevoegde entiteit behandel.⁴⁶⁾

Hoewel die individualistiese siening van Von Savigny die fiksieteorie onaanvaarbaar maak, moet hierdie teorie teen die agtergrond van die vroeg negentiende eeuse humanisme beoordeel word. Die feit dat Von Savigny die mens as 'n sedelike wese aanmerk, kan buite die konteks van die oordrewe humanistiese vryheidsideaal nie sonder meer afgewys word nie. Die leemte in hierdie sienswyse is egter daarin geleë dat Von Savigny nie sover gekom het om ook die mens, as sedelike wese, in groepverband as reële entiteit met regs subjektiwiteit te beklee nie.

3.3 Die orgaanteorie van Von Gierke

Dit is moeilik om die orgaanteorie van Von Gierke in enkele bladsye saam te vat. Om hierdie teorie, wat hy breedvoerig in 3889 bladsye in *Das deutsche Genossenschaftsrecht*⁴⁷⁾ asook in verskeie ander werke⁴⁸⁾ uiteengesit het, in enkele paragrawe op te som en af te maak met die kritiek dat Von Gierke regs persone aan natuurlike persone gelykstel, is om hierdie reuse taak te oorvereenvoudig en afbreuk aan die belangrikheid van hierdie teorie te doen.

3.3.1 Germaanse samelewingstrukture as uitgangspunt

Von Gierke tree na vore as die belangrikste kritikus van die fiksieteorie en die meegaande konsessieteorie. Tog is sy uitgangspunt nie om slegs kritiek op die fiksieteorie te lewer nie, maar ook om die benadering tot samelewingstrukture in die Germaanse reg te ontleed.⁴⁹⁾ En juis deur hierdie ontleding van die Germaanse *Körperschaft* en *Gemeinschaft* vind hy die fiksieteorie onaanvaarbaar.⁵⁰⁾

46) *Barkett v SA Mutual and Trust Co Ltd* 1951 2 SA 353 (A) op 362; *Levy v Central Mining and Investment Corporation* 1955 1 SA 141 (A) op 148.

47) Bd 1 1868, bd 2 1873, bd 3 1881 en bd 4 1913.

48) *Die Genossenschaftstheorie und die deutsche Rechtsprechung* Berlyn 1887; *Deutsches Privatrecht* Leipzig 1895; *Das Wesen der menschlichen Verbände* Berlyn 1902; *Enzyklopädie der Rechtswissenschaft* Berlyn 1915.

49) Hallis 1930 139.

50) Von Gierke 1873 bd 2 829 ev; Rhode 1932 34; Larenz 1933 155.

Eerstens stel hy die Germaanse benadering tot samelewingstrukture teenoor die van die Romeine en kom tot die gevolgtrekking dat die Romeine nooit werklik daarin geslaag het om die individu in verband met die gemeenskap te bring nie.⁵¹⁾ Dit is volgens hom dan die grondoorsaak waarom die Romeine nooit 'n bevredigende teorie in verband met die wese van die regspersoon die lig kon laat sien nie, 'n stelling wat ietwat omstrede is.⁵²⁾

Von Gierke beklemtoon die feit dat die grondslag van 'n *Körperschaft* (korporasie) nooit in owerheidstoestemming geleë kan wees nie, maar dat die owerheid net gevolg gee aan iets wat reeds bestaan, naamlik 'n groep wat reël in die samelewing deur die vrye wil van die lede gevorm word.⁵³⁾ Hieruit spruit een van sy vernaamste besware teen die fiksieteorie, wat daarvan uitgaan dat die owerheid die band tussen die individu en die groep moet lê en dit boonop deur gebruikmaking van 'n fiksie doen, voort:

"Allein das schöpferische Moment liegt auch hier nicht in dieser Bestimmung der Willen durch das Recht, sondern in der lebendigen Energie und freien Selbstbestimmung des Willens. ... (H)ier wie dort aber entstammt die zeugende Kraft, welche ein neues Wesen ins Dasein ruft, nicht dem Recht, sondern der geschichtlichen oder sozialen That."⁵⁴⁾

Die onderskeid tussen *Gemeinschaft* en *Körperschaft* is vir Von Gierke geleë in die verskillende wyses waarop hierdie regsfigure in die regsverkeer optree. Die *Gemeinschaft* (*Personengesamtheit*) is 'n regsfiguur waarvan die lede nooit op 'n ander wyse as in hulle individuele hoedanigheid teenoor mekaar te staan kom nie. Die lede van die *Gemeinschaft* vorm dus geen entiteit wat as 'n selfstandige eenheid kan voortbestaan ongeag die wisseling

51) Von Gierke 1887 5.

52) Sien Dooyeweerd en Hommes se kritiek op die, volgens hulle, kunsmatige onderskeid tussen Romeinse en Germaanse reg, betreffende die plek wat die individu in die samelewing ingeneem het by 2.3.1.1 hierbo.

53) Von Gierke 1887 24 ev; Dooyeweerd 1946 dl 2 95.

54) Von Gierke 1887 24; Raadpleeg ook Hallis 1930 140-141

van lede nie. Von Gierke onderskei dan ook verskillende grade van verbondenheid van lede, naamlik groepe waar lede net teenoor mekaar te staan kom en groepe wat wel ook na buite teenoor derdes optree, maar nooit die individuele aanspreeklikheid van elke lid kan ontken nie. Hy omskryf die eiendomsposisie van hierdie groepe met die term *gesamter Hand*,⁵⁵⁾ 'n term wat in die Germaanse reg naastenby met gebonde mede-eiendomsreg ooreenkom. Hierdie groepe kan nooit as selfstandige regssubjekte aan die regsverkeer deelneem nie.⁵⁶⁾

3.3.2 Eiendomsposisie van die *Körperschaft*

Teenoor hierdie *Personengesamtheit* word die *Gesamtpersönlichkeit* van die *Körperschaft* gestel.⁵⁷⁾ Eersgenoemde verkry nooit regs persoonlikheid nie, terwyl laasgenoemde wel as 'n afsonderlike entiteit aan die regsverkeer kan deelneem en as 'n regs subjek optree. Von Gierke beskou dan ook hierdie *Körperschaft* of verbandspersoon as 'n *werklike* persoon, wat in die regsverkeer net soos die natuurlike persoon optree. Die regs persoon as *werklike persoon* is dus nie teenstrydig nie, maar wel in ooreenstemming met die werklikheid, aldus Von Gierke.⁵⁸⁾

Die eiendomsposisie van die *Körperschaft* is nie een van *gesamter Hand* nie, maar hier lei die besondere verhouding wat tussen die lede van die groep bestaan daartoe dat aan die entiteit vermoënsregte as *Gesamteigentum* toegeken word.⁵⁹⁾ Hierdie vermoë behoort dus nie aan die afsonderlike lede nie, maar

-
- 55) Kyk vn 59; vgl in hierdie verband ook Von Gierke 1887 925: "Eine solche Gemeinschaft war nun freilich keine 'Genossenschaft' im Sinne selbständiger Rechtswesenheit des Ganzen mehr, aber ein 'genossenschaftliches Rechtsverhältnis'." Vgl ook Van Wyk 1976 47-49 en Van der Merwe 1979 257-259 vir 'n omskrywing van die term gebonde mede-eiendom.
- 56) Von Gierke 1887 925: "Dann waren die Gemeiner niemals Glieder eines selbständigen höheren Organismus, sondern immer nur Teilnehmer an einem gemeinschaftlichen Rechtsverhältnis."
- 57) Hommes 1976 168 verklaar dat dit min of meer dieselfde onderskeid is as wat Dooyeweerd tussen maatskaps- en gemeenskapsverhoudings tref.
- 58) Von Gierke 1902 9; Rhode 1932 35; Henkel 1972 193; Engländer 1914 59 ev en 80; Dooyeweerd 1946 dl 2 95.
- 59) Von Gierke 1887 361 en 925 onderskei uitvoerig tussen eiendom *gesamter Hand* en *Gesamteigentum*. Von Gierke noem veral die *Eigentumsgemeinschaft*, die *Erbengemeinschaft* en die *Forderungs- und Schuldgemeinschaft* as regsfigure waar eiendom *gesamter Hand* gehou word; ook Henkel 1972 193 ev. *Gesamteigentum* dui op die afsonderlike vermoë van die regs persoon.

aan die regspersoon as entiteit. Die afsonderlike lede verkry ook geen eiendomsreg ten opsigte van die gesamentlike eiendom nie, maar in gepaste gevalle hoogstens vorderingsregte vir sekere bydraes aan die regspersoon. In hierdie opsig verskil die vermoënsposisie ingrypend van dié by die eiendom wat *gesanter Hand* gehou word, waar elke persoon wel eiendomsreg ten opsigte van 'n (onverdeelde) gedeelte van die gesamentlike eiendom verkry.⁶⁰⁾

3.3.3 Die wese van die regspersoon

'n Leemte wat Von Gierke deurgaans by sy ontleding van die Romeinse reg aan gevoel het, is die feit dat hierdie regstelsel nooit 'n verklaring vir die wese van die regspersoon probeer vind het nie.⁶¹⁾ Deur sy ontleding van die *Körperschaft* probeer Von Gierke nou tot die wese van die regspersoon deurdring. Teenoor die *Rechtsgemeinschaft*, wat op kontraksluiting berus en wat deur die algemene kontraksvorskrifte beheer word,⁶²⁾ stel Von Gierke dat die *Körperschaft* nooit wesenlik op kontrak gegrond kan word nie.⁶³⁾ Die ooreenkomstige tussen die verskillende persone om 'n regspersoon tot stand te bring, bevat wel kontraktuele kenmerke (soos byvoorbeeld wilsooreenstemming), maar hierdie handeling is slegs van voorbereidende aard (*bloss präparatorischen Charakters*). Dit is dus geen aanduiding dat 'n regspersoon kontraktueel van aard is nie.⁶⁴⁾ Sodra die regspersoon tot stand gekom het, verval hierdie voorlopige ooreenkomste deurdat die doel waarvoor hulle gesluit is, bereik is.

Die wese van die regspersoon is vir Von Gierke in die eensydige groepshandeling van die lede geleë:

-
- 60) Die onderskeid tussen eiendomsreg van 'n mede-eienaar en die vorderingsreg van 'n aandeelhouer in *Gesamteigentum* word deurgaans deur Von Gierke beklemtoon.
- 61) Kyk 2.1 hierbo.
- 62) Von Gierke 1887 128.
- 63) Von Gierke 1887 133: "Diese Gründungshandlung nun aber ist kein Vertrag, sondern ein einseitiger Gesamttakt, der im Individualrecht keine Parallele hat."
- 64) Von Gierke 1887 130; Flume 1977 dl 1 95 ev.

"Es ist der successiv sich entfaltende und verkörperende Wille des werdenden Gemeinwesens, der in diesem Akte sich selbst bejaht. Darum muss die Konstituierung der Körperschaft von ihrer ersten Konzeption bis zu ihrer endgültigen Perfektion als ein *einheitlicher* Akt gewürdigt werden: die zahlreichen Einzelhandlungen, welche dabei vorkommen, sind als unselbständige Momente in der von Einem Centrum aus bewegten und auf Ein Ziel gerichteten Gesamthandlung enthalten."⁶⁵⁾

Dit is 'n eensydige handeling deurdat daar nooit (soos by 'n kontrak) twee partye teenoor mekaar te staan kom nie, maar alle lede meewerk tot die bereiking van die gestelde doelstellings. Selfs in gevalle waar daar meningsverskil tussen die lede bestaan, moet die minderheid die meerderheid navolg.

Von Gierke beskou die optrede van die regs persoon dus as 'n korporatiewe handeling, waarin die eenheidswil van die lede van die regs persoon na vore kom en die regs persoon as entiteit wil en handel. Volgens hom kan 'n kontraktuele verhouding nooit 'n verklaring verskaf vir die ingewikkeldheid van regsverhoudings wat in 'n regs persoon na vore kom nie. Daar is sekere handelinge van 'n regs persoon (byvoorbeeld onregmatige handelinge) wat beslis nie op wilsooreenstemming berus nie en gevolglik nie kontraktueel van aard kan wees nie.⁶⁶⁾

3.3.4 Wilsvorming

Die proses van wilsvorming by die regs persoon skep nie vir Von Gierke besondere probleme nie. Die regs persoon se wil word gevorm deur die gesamentlike wil van die lede, wat dan in 'n groepshandeling (*einheitlicher Akt*) tot uitdrukking kom.⁶⁷⁾ Deurdat Von Gierke bereid is om 'n eie wil aan die regs persoon toe te ken, het hy nie dieselfde probleme betreffende wilsooreenstemming en skuldvorming by die regs persoon as wat Von Savigny daarmee gehad het

65) Von Gierke 1887 133; Hallis 1930 143: "The foundation of the corporate body is thus not an agreement, but a joint, one-sided or unilateral act."

66) Hierdie standpunt word nagevolg deur die meeste Nederlandse juriste, byvoorbeeld Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 184-188, 201-203; Van der Velden 1969 37,63.

67) Von Gierke 1887 135: "... (D)ie zahlreichen Einzelhandlungen, welche dabei vorkommen, sind als unselbständige Momente in der von Einem Centrum aus bewegten und auf Ein Ziel gerichteten Gesamthandlung enthalten."

nie.⁶⁸⁾ Hy beskryf voorts die regs persoon as 'n entiteit wat voortbestaan ongeag wisseling van lede - dit bestaan wel uit mense, maar dit kan voortbestaan onafhanklik van die wisseling van die samestellende individue.⁶⁹⁾

Dit is dan ook die belangrikste rede waarom hy bereid is om 'n eie identiteit en wil, afgesien van die identiteit en wil van die individuele lede, aan die regs persoon toe te ken. Die wilsvorming geskied aan die hand van interne verbandsreg, soos by 3.3.7 hieronder vollediger bespreek word.

3.3.5 Regshandelinge deur middel van organe

Die *Körperschaft* neem aan die regsverkeer deel deur middel van organe - dit is nie slegs regsbevoeg nie, maar ook handelingsbevoeg en verskyningsbevoeg.⁷⁰⁾ Die regshandelinge en wilsvorming van die regs persoon beskou Von Gierke egter nie as organiese lewensprosesse nie (iets waarvan hy dikwels ten onregte beskuldig word), maar hy sien dit as eiesoortige interne juridiese verbandseienskappe, wat tog ooreenkomste vertoon met die wyse waarop die natuurlike persoon in die regsverkeer optree. Hy verklaar :

"Man darf keineswegs, wie dies häufig geschieht, einem Unterschied der juristischen Person von der physischen Person dar erblicken, dass die erstere 'nur durch Organe wollen und handeln kann'. Denn in dieser Lage befindet sich auch die Einzelperson. Die Persönlichkeit, welche in ihrer untheilbaren und ununterbrochenen geistigen Einheit aller sinnlichen Wahrnehmung entrückt ist, greift immer nur durch und wird im Rechtsleben wie in jeder anderen Lebensbeziehung erst durch Abstraktion als das Wahre Subjekt des Wollens und Handelns erschlossen. Allein nun die juristische Person hat *Organe im Rechtsinne*."⁷¹⁾

Dit is egter jammer dat Von Gierke in hierdie *figuurlike* beskrywing van die eienskappe van die regs persoon melding maak van soveel eienskappe wat eg menslike eienskappe is - dit maak sy teorie wel vatbaar vir 'n verkeerde vertolking. So maak hy byvoorbeeld daarvan melding dat die regs persoon deur middel van hierdie organe in die regsverkeer as 'n *socialen menschlichen Organismus* na vore tree.⁷²⁾

68) Maitland 1938 x1-x1ii; Geldart 1924 4 ev.

69) Von Gierke 1873 bd 2 887: "So gewinnt die Genossenschaft als solche, eine eigene Rechtswesenheit, welche unabhängig von der Sonderpersönlichkeit ihrer Glieder besteht und in unwandelbarer Kontinuität mit sich selbst identisch bleibt, wenn auch die Mitglieder wechseln."

70) Vir 'n omskrywing van die begrippe regsbevoegdheid, handelingsbevoegdheid en verskyningsbevoegdheid, kyk 1.2.3 hierbo. Von Gierke 1873 bd 2 903; Von Gierke 1887 603 ev, veral 607; Henkel 1972 194.

71) Von Gierke 1887 515; Hommes 1976 169.

72) Von Gierke 1887 615.

Von Gierke onderskei ten minste twee organe - die Iedevergadering (*Mitgliedsversammlung*) en die bestuur (*geschäftsführende Vorsteher* of *Vorstand*).⁷³⁾ Die Iedevergadering is hoofsaaklik deur besluitneming vir die wilsvorming van die regspersoon verantwoordelik en het verder 'n beheersfunksie ten opsigte van bestuurshandelinge. Die bestuur is die orgaan wat normaalweg regshandelinge verrig en die regspersoon deur hierdie regshandelinge bind.

3.3.6 Handelingsbevoegdheid

In teenstelling met 'n gewone verteenwoordiger kragtens volmag, tree die bestuur nie namens die regspersoon op nie. As die bestuur handel, is dit volgens Von Gierke 'n handeling van die regspersoon self.⁷⁴⁾

Daar is reeds gewys op die feit dat dit geykte verteenwoordigingsreg is dat die verteenwoordiger handel, maar die prinsipaal gebind word.⁷⁵⁾ Von Gierke onderskei nou die verteenwoordiging van die regspersoon deur 'n buitestaander, wat hy as gewone verteenwoordiging kragtens volmag tipeer, van die handeling van 'n bestuurder of die bestuur, wat hy as 'n handeling van die regspersoon self aanmerk. Daarom is dit vir Von Gierke moontlik om die probleem in verband met die verlening van volmag op te los, 'n probleem wat nie deur die teorie van Von Savigny bevredigend opgelos kan word nie. Die feit dat dit die regspersoon is wat handel deur middel van sy organe, maak die verlening van volmag in dergelike omstandighede onnodig.⁷⁶⁾

73) Von Gierke 1887 619 ev.

74) Von Gierke 1887 620-624 - by verteenwoordiging kragtens volmag is dit die verteenwoordiger wat handel, maar by bestuurshandelinge is dit die regspersoon wat handel; en 625: "... (D)as Gemeinwesen besitzt vielmehr in jedem Organ ein Stück seiner selbst, es deckt sich als wollende und handelnde Persönlichkeit vollkommen mit dem dabei fungirenden Organ, es wird als Ganzes durch den Theil insoweit dargestellt, als eben durch dieser Theil das einheitlichen Leben des Ganzen sich vollzieht."

75) Kyk 3.2.5 hierbo.

76) Volgens Von Gierke 1887 624: "... ist es die Gesamtperson selbst, welche durch ihr Organ will und handelt." Sien ook Hommes 1976 171: "De relatie van het verbandsorgaan tot het verbandsgeheel is geen juridische maatschapsbetrekking ... waarin de vertegenwoordigde en de vertegenwoordiger gecoördineerd naast elkaar staan zonder hier tot een hogere juridische eenheid verbonden te zijn, maar zij is een interne juridische gemeenschapsfunctie van geheel eigen aard." Anders Löwenstein 1965 4 en 1959 13.

3.3.7 Interne verbandsreg

Die funksionering van die regs persoon is net op een wyse moontlik en dit is kragtens die interne verbandsreg wat in die konstitusie of reëls of statute van die regs persoon na vore kom. Dit is beslis nie kontraktueel van aard nie. As 'n tipe *jus commune* bind dit die lede tot 'n juridiese eenheid saam deur reëls wat 'n interne gesags- en ondergeskiktheidsverhouding asook interne juridiese orgaanfunksies, kompetensies en 'n eiesoortige wyse van regsvorming daarstel.⁷⁷⁾

Die konstitusie, waarin die doel vervat is, is dus die maatstaf waaraan die regs persoon se interne handelinge kragtens die interne verbandsreg en sy optrede as entiteit teenoor derdes gemeet word.

Ook die stigting word deur Von Gierke as 'n verbandspersoon bestempel en hy dui aan dat:

"... jede mit eigener Persönlichkeit ausgerüstete Anstalt willens- und handlungsfähig ist und durch ihre verfassungsmässige berufenen Organe rechtswirksam will und handelt."⁷⁸⁾

Regspersoonlikheid definieer hy soos volg:

"Verbandspersönlichkeit ist die einem menschlichen Verbände als einem von der Summe der Teile verschiedenen einheitlichen Ganzen zukommende Rechtssubjektivität."⁷⁹⁾

Die grootste aanwinst in die teorie van Von Gierke is die feit dat hy 'n regswil aan die regs persoon toeken. Dit maak die regs persoon handelingsbevoeg, verskyningsbevoeg en toerekeningsvatbaar (die regs persoon kan dus ook met 'n skuldverwyf in die vorm van opset of nalatigheid getref word)⁸⁰⁾

77) Von Gierke 1873 bd 2 880 ev; Von Gierke 1887 635 ev; Hommes 1976 170.

78) Von Gierke 1887 629; Von Gierke 1895 bd I 469.

79) Von Gierke 1915 208.

80) Martinek 1979 32 ev; Joubert 1951 10.

3.3.8 Kritiek

3.3.8.1 Op die eiendomsonderskeid

Hoewel hy nie die hele verbandspersoonsgedagte van Von Gierke kritiseer nie, wys Buchda⁸¹⁾ daarop dat hy nie met Von Gierke se onderskeid tussen *Gesamteigentum* en eiendom *gesamter Hand* kan saamstem nie. Volgens hom is Von Gierke se siening van die Germaanse eiendomsreg gans te fragmentaries en vereenvoudig om werklik reg aan hierdie problematiek te laat geskied.

Von Gierke het hom uitsluitlik op die dele toegespits wat vir hom van hulp kon wees in die daarstelling van sy teorie in verband met die sogenaamde mistieke persoonlikheid, aldus Buchda. Hy erken egter dat die probleem ten opsigte van *Gesamteigentum* van so 'n aard en omvang is dat daar in Von Gierke se tyd geen omvattende werk en ook geen (algemeen) erkende oplossing daarvoor in die Duitse reg bestaan het nie. Dit was ook nie Von Gierke se hoofdoel om spesifiek oor hierdie problematiese onderwerp te handel nie.

3.3.8.2 Op die negering van die onderskeid tussen lede en regs persoon

'n Probleem waaraan Von Gierke geen aandag skenk nie, is dat ten spyte van die feit dat die regs persoon volgens hom as entiteit onafhanklik van die wisseling van lede bestaan, daar tog dikwels juis na die lede gekyk word ten einde 'n spesifieke aard of kwaliteit aan die regs persoon toe te ken of ontduiking van regsreëls te voorkom. Dit het bekend geword as *piercing of the corporate veil*. Hierdie begrip dui daarop dat 'n regs persoon wel as 'n entiteit wat afsonderlik van die individuele lede bestaan, erken word, maar dat die eienskappe van die individuele lede vir sekere doelstellinge in ag geneem moet word. Die vraag ontstaan wanneer die regs persoon as 'n afsonderlike entiteit geag moet word en wanneer die individuele eienskappe van lede deurslaggewend is.⁸²⁾

In Suid-Afrika het hierdie probleem na vore gekom in die saak *Dadoo Ltd. v*

81) 1936 9.

82) Wormser 1927 42 ev; Serick 1955 54-103; Drobniq 1959 5 en 24 ev.

Krugeradorp Municipal Council,⁸³⁾ waar twee Indiërs 'n maatskappy gevorm het (as enigste aandeelhouers) en die maatskappy grond aangekoop het in 'n gebied waar Indiërs kragtens Wet 3 van 1885 (Transvaal) en Wet 35 van 1908 (Transvaal) nie toegelaat was om grond te besit nie. Die vraag het nou ontstaan of die verbod dat Indiërs grond in 'n bepaalde gebied mag besit, ook van toepassing is op die geval van 'n regs persoon waarvan Indiërs die enigste aandeelhouers is. 'n Regspersoon is uiteraard 'n entiteit wat regte en verpligtinge afsonderlik van die regte en verpligtinge van die lede waaruit dit saamgestel is, verkry. Die Appêlhof bevestig in sy uitspraak dat 'n regspersoon 'n entiteit vorm geheel en al afsonderlik van die lede waaruit dit saamgestel is en is nie bereid om in die betrokke geval die eie identiteit van die regspersoon te ontken deur kenmerke van die individuele aandeelhouers aan die maatskappy toe te ken nie.⁸⁴⁾ Indien die bedoeling van die lede of aandeelhouers by die totstandkoming van die regspersoon egter uitsluitlik van so 'n aard was dat hulle die reg daardeur wou omseil (*in fraudem legis*), sal die hof wel na die eienskappe van individuele lede kyk.⁸⁵⁾ Hierdie uitspraak het daartoe gelei dat die Groepsgebiedewet 36 van 1966 (art 14(3)) en sy voorganger, Wet 77 van 1957, spesifiek daarvoor voorsiening maak dat maatskappye met 'n meerderheid aandeelhouers wat as individue nie geregtig is om eiendom in bepaalde gebiede te besit nie, ook nie as maatskappye eiendom in gemelde gebiede mag besit nie.

Dit is wel so dat 'n regspersoon as entiteit voortbestaan ongeag die wisseling van die lede waaruit dit saamgestel is. In ooreenstemming met die *piercing the veil*-beginsel word die entiteit egter gevorm uit die samestellende lede en kan die regspersoon nie van die ledesubstraat waaruit dit gevorm is, losgemaak word nie. Tog word die *eienskappe* van die individuele lede gewoonlik nie op die entiteit van toepassing gemaak nie, maar vertoon die entiteit (weliswaar saamgestel uit lede) *eiesoortige* kenmerke. Hierdie gedagte kom nie in die teorie van Von Gierke duidelik na vore nie.

3.3.8.3 Op die vermensliking van regspersone

Von Gierke word heel dikwels fel gekritiseer vir sy vergelyking van die regs-

83) 1920 AD 530; vgl ook *Lategan v Boyes* 1980 4 SA 191 (T) op 201.

84) *Dadoo*-saak 550: "A registered company is a legal persona distinct from the members who compose it."

85) *Dadoo*-saak 548 ev; sien ook Minkjan 1979 no 1 9; *Het Nederlands Genootschap van Bedrijfsjuristen* 1979 (in geheel).

persoon met die natuurlike persoon. Die feit dat hy sekere eg menslike eienskappe aan die regspersoon toeken (soos siel, lewe, liggaam, organisme), is weens prinsipiële oorwegings aanvegbaar. Dooyeweerd⁸⁶⁾ noem Von Gierke se teorie metafisies-romanties deurdat Von Gierke volgens hom:

"... de tijdelijke verbanden der menselijke samenleving als 'reële verbandspersonen' eenvoudig coördineert met de volle individuele menselijke persoonlijkheid, en het leven en den wil dezer verbandspersonen geheel naar analogie van de volle menselijke persoonlijkheid vat. Gierke's theorie wortelt in het immanentiestandpunt, wat het wezen der menselijke persoonlijkheid *in* den tijd zoekt en daarom niet kan inzien, dat de mensch door den boventijdelijken religieuzen wortel zijner persoonlijkheid alle tijdelijke dingen, ook de tijdelijke verbanden, der menselijke samenleving te boven gaat."⁸⁷⁾

Hierdie kritiek van Dooyeweerd is ietwat onbillik. Von Gierke het nooit die mens se religieuse begronding ontken of aan die regspersoon 'n onverganklikheid of bo-tydelikheid verleen nie. Tog het hy in sy figuurlike vergelyking tussen die regspersoon en die natuurlike persoon eienskappe aan die regspersoon toegedig wat moeilik aan iets anders as aan 'n natuurlike persoon (mens) kan behoort. Dit veroorsaak dat vele juriste Von Gierke van mistisisme beskuldig. Sommige juriste gaan so ver om hom van bygeloof en fantasieë te beskuldig en voer aan dat die teorie nie met die werklikheid rekening hou nie.⁸⁸⁾ Tog kan ons Von Gierke nie te ernstig verwyt nie - in die algemene spreektaal praat ons van die *gees van 'n tennisklub* en die *lang arm van die gereg*,⁸⁹⁾ om nie *skelm maatskappye* buite rekening te laat nie.

86) 1937 237.

87) Ibid. Sien egter hierteenoor Rittner 1973 161 (vn 68) en Wolff 1933 bd 1 6, wat albei hierdie metafisiese formulering van Von Gierke steun.

88) Tietze 1974 42; Dias 1970 329; Wolff 1938 500; Teichman 1979 477.

89) Van Haersolte 1971 26.

Volgens Meijers⁹⁰⁾ kan die feit dat Von Gierke 'n eie wil aan die regsper-
soon toeken nie ontken of gekritiseer word nie. Dit is die enigste wyse
waarvolgens die regs persoon kan handel. Die vereenselwiging van die organe
(bestuurders) met die regs persoon maak dit verder moontlik dat psigiese fak-
tore soos opset, nalatigheid en kennis aan die regs persoon toegeken kan word.
Hy is egter nie bereid om die onderskeid tussen handeling van die regsper-
soon deur organe en verteenwoordiging van die regs persoon te handhaaf nie;
die optrede van die bestuur is volgens Meijers ook maar 'n gewone verteen-
woordigingshandeling. In sowel die Suid-Afrikaanse regspraak as die Neder-
landse reg word die optrede van die bestuur van 'n regs persoon egter tans
van verteenwoordiging kragtens volmag onderskei,⁹¹⁾ sodat hierdie kritiek
van Meijers nie in ooreenstemming met die regspraktyk is nie.

Dit staan vas dat die orgaanteorie deur die organologiese geskieds- en staats-
filosofie van Schelling beïnvloed is⁹²⁾ en dat Von Gierke natuurlike persone
én regs persone onder die begrip *lewende wesens* tuisbring.⁹³⁾ In hierdie op-
sig maak hy hom dus wel skuldig aan mistisisme en oorskry hy die grense van
die natuurwetenskap. Teen hierdie siening van Von Gierke kan inderdaad prin-
siipiële besware ingebring word.⁹⁴⁾ Om regs persoonlikheid op hierdie wyse aan
die menslike persoonlikheid te probeer verbind, is om afbreuk te doen aan die
mens as etiese wese, geskape na die beeld van God.

Von Gierke beklemtoon nêrens die *onderskeid* wat daar tussen die mens as na-
tuurlike persoon en die regs persoon bestaan nie, ten spyte daarvan dat albei
regs subjekte is. As hy die vergelyking van eienskappe deurgaans in 'n figuur-
like sin beskryf het om sekere beginsels te verduidelik, sou 'n mens nie

90) 1955 dl 3 197 ev.

91) Joubert 1979 99; Van Rensburg 1974 98; *Suid-Afrikaanse Sentrale Koöpe-
ratiewe Graanmaatskappy Beperk v Thanagaris* 1953 2 SA 314 (W); Asser-
Van der Grinten 1980 dl 2/II 62-79; Van der Velden 1969 80-81.

92) Hommes 1976 167; Dooyeweerd 1946 dl 2 96.

93) Von Gierke 1902 18: "Allein wir betrachten das soziale Ganze gleich dem
Einzelorganismus als ein Lebendiges und ordnen die Gemeinwesen zusammen
mit dem Einzelwesen dem Gattungsbegriff des Lebewesens unter." Hommes,
in navolging van Von Gierke, wys egter daarop dat ook die wesenseenheid
van die menslike persoonlikheid nie waargeneem kan word nie.

94) Anders Hommes 1976 168.

ernstige beswaar teen hierdie werkwyse kon inbring nie. Heel dikwels kan Von Gierke se vergelykings egter nie in 'n figuurlike sin opgeneem word nie. Daar is reeds hierbo gewys op die feit dat hy die regs persoon as 'n *Lebewesen* sien,⁹⁵⁾ asook melding maak van *organische Lebenseinheit* en *die Seele der Verbandspersönlichkeit*.

Ten spyte van die bogemelde kritiek moet die feit dat Von Gierke bereid was om 'n eie wil aan die regs persoon toe te ken, as die grootste bydrae van sy teorie aangemerkt word. Daar is niks mistiek aan hierdie toekenning van 'n groepswil of die wyse waarop die wil gevorm word nie. Wat egter meer klem verdien, is dat hierdie wil van die regs persoon eie aan die regs persoon is en nie met die wil van die natuurlike persoon ooreenstem nie. Von Gierke beklemtoon hierdie aspek na my mening nie genoeg nie. Daarom moet die regs handeling, skuld en die wyse waarop die regs persoon in die regsverkeer optree, as uitdrukking van hierdie eiesoortige wil van die regs persoon beskou word. Hierdie begrippe moet, wanneer dit van toepassing is op die regs persoon, op 'n eiesoortige wyse vertolk word.

Brauer⁹⁶⁾ verklaar tereg dat die regs persoon nie sonder die natuurlike persoon kan bestaan nie, maar dat dit nie 'n genoegsame rede is om die twee regsfigure in alle opsigte aan mekaar gelyk te stel nie. Die feit dat sowel die regs persoon as die natuurlike persoon aan die regsverkeer deelneem, is immers geen aanduiding dat hulle op *dieselfde wyse* aan die regsverkeer deelneem nie.

3.4 Die doelvermoëteorie van Brinz

3.4.1 Slegs die mens as *persona*

Net soos Von Savigny, is ook Brinz se uitgangspunt dat slegs natuurlike persone realiter met die term *persona* betitel mag word. Hy grond hierdie standpunt daarop dat net die natuurlike persoon in staat is om 'n eie wil te vorm. Verder gaan hy daarvan uit dat subjektiewe regte, wat hy as regs-erkende wilsmag bestempel, die grondslag van regs subjektiwiteit is.⁹⁷⁾

95) Kyk vnr 72 en 93; ook Von Gierke 1887 611 en Von Gierke 1873 bd 2 880-906.

96) 1962 12.

97) Wolff 1933 bd 1 52; Pawlowski 1972 bd 1 53.

Brinz stel onomwonde:

"Nur die Menschen sind Personen. Dagegen liegt im Menschen der Trieb, andere Dinge als seines gleichen zu denken, nichtmenschliches menschlich, unpersönliches persönlich. Zeuge dessen ist die Mythe, die Thierfabel, die Metapher; Religion, Poesie, Sprache; Zeugen dessen aber auch das Recht."⁹⁸⁾

'n Regspersoon is derhalwe vir Brinz 'n *onpersoonlike ding* wat nie met die term *persona* aangedui behoort te word nie. Voorts is hy nie bereid om toe te gee dat daar naas natuurlike persone ook 'n ander groep regssubjekte bestaan nie.⁹⁹⁾ Soos vir Von Savigny, is dit vir Brinz ook nie moontlik om die werklikheid van groepe wat in die regsverkeer optree, te ontken nie. Hy het geen ander keuse as om op die Romeinse regsbronne, wat erkenning verleen aan die optrede van groepe, te wys nie.

In teenstelling met Von Savigny is hy egter nie bereid om die optrede van groepe in die regsverkeer as 'n regsfiksie aan te merk nie. Hy spreek hom sterk uit teen die gebruik van 'n regsfiksie ter verklaring van die regspersoon en wys daarop dat dit 'n natiewe denkpatroon is om regsprobleme met behulp van fiksies te probeer oplos.¹⁰⁰⁾

3.4.2 Vermoë verbind aan 'n spesifieke doel

In navolging van die Romeinse reg verwys Brinz na die onderskeid tussen *universitates personarum* en *universitates rerum*. Hy beskou geeneen van hulle egter as *personae* nie, maar as vermoëns.¹⁰¹⁾ Derhalwe onderskei hy nie tussen twee groepe persone wat in die regsverkeer optree, naamlik natuurlike en

98) Brinz 1873 bd 1 193. Op 172 sê hy: "Den gemeinen Wortgebrauche nach bedeutet *persona* nicht mehr und nicht weniger als einen Menschen, in seltener und später Anwendung den mit Rechtsfähigkeit ausgestatteten Menschen im Gegensatz zum Slaven und die (mit Rechtsfähigkeit ausgestattete) Persönlichkeit. Von den unpersönlichen Dingen, die wir 'juristische Personen' zu nennen pflegen, heisst es in der classischen Rechtsprache nur, dass sie die Stelle von Personen oder eines einzelnen Menschen einnehmen." Sien ook John 1977 28 en Henkel 1972 148.

99) Tietze 1974 77; Dooyeweerd 1946 dl 2 88.

100) Brinz 1873 bd 1 195; Henkel 1972 148.

101) Brinz 1873 bd 1 196. Vermoë word hier in die sin van 'n groep bates gebruik.

regspersone nie, maar beweer dat daar in die regsverkeer twee soorte vermoëns bestaan waarmee gehandel word. Die eerste groep is die vermoëns wat natuurlike persone toekom, terwyl daar ook vermoëns bestaan wat nie aan natuurlike persone toekom nie.¹⁰²⁾ Onder laasgenoemde groep vermoëns sluit hy sowel die *universitates personarum* as die *universitates rerum* in. Maar aangesien daar van regsweë die beginsel gestel word dat geen vermoë sonder 'n subjek kan bestaan nie (*kein Vermögen ohne Person*), het Von Savigny 'n fiktiewe persoon geskep om draer van hierdie vermoënsregte wat nie natuurlike persone toekom nie, te wees. Dit is 'n maatreël wat Brinz nie bereid is om na te volg nie.

Die tweede soort vermoëns, wat nie aan natuurlike persone behoort nie, word deur Brinz as subjeklose vermoëns bestempel.¹⁰³⁾ Omdat die Romeinse regsbeginsel egter vereis dat 'n vermoë aan iemand moet behoort, anders val so 'n vermoë as *res nullius* die staat of enige persoon wat dit vind en daarop beslag lê in eiendom toe, kan Brinz uiteraard nie daarmee volstaan nie.¹⁰⁴⁾

Daarom verklaar Brinz dat hierdie tweede groep vermoëns nie *res nullius* is nie. Deurdat dit met 'n spesifieke doel belas is, vorm dit 'n vermoë wat nie vir beslaglegging deur ander persone vatbaar is nie en as *doelvermoë* in die regsverkeer optree. Hy motiveer hierdie standpunt soos volg:¹⁰⁵⁾

"Der Beweis hierfür liegt mehr als in allem anderen in logischer Notwendigkeit. Da keine Person zu nennen ist der sie gehört haben, muss etwas gewesen sein, wofür sie gehört haben. Um eben deswillen haben sie für einen Zweck gehört; denn in dem wofür liegt unausweichlich der Zweckgedanke. Folgeweise nannten wir derlei Vermögen Zweckvermögen."

102) Brinz 1873 bd 1 197-199; Dooyeweerd 1946 dl 2 88.

103) Houwing 1939 75 ev; Henkel 1972 152 ev.

104) Brinz 1873 bd 1 201; Dooyeweerd 1946 dl 2 88.

105) Brinz 1873 bd 1 202; Henkel 1972 152 ev; Tietze 1974 77: "Nun kann man sich vorstellen, dass ein Vermögen mit keiner Person in Verbindung gebracht werden kann, sondern dass an die Stelle der Person ein gewissen Zweck tritt; in diesem Fall setzt das Vermögen also ein Verhältnis zwischen Gütern und Zwecken statt zwischen Gütern und Personen voraus."

Die vermoënsregte hoof nie aan iemand te behoort nie, maar kan ook aan iets, naamlik 'n spesifieke doel, verbind word. Dit is dan nie eenaarloos of *res nullius* nie, maar dit kom nog steeds van regsweë dieselfde dinge (doelstelings) toe wat vantevore as fiktiewe persone aangemerkt is, naamlik *universitates*, die staat, gemeenskappe, korporasies en kerke.¹⁰⁶⁾ Hierdie regsfigure is egter slegs bepaalde doelstellings waaraan vermoëns toegewys word. Indien 'n groep persone die vermoë beheer ten einde persoonlike doelstellings te bereik, word dit *universitates personarum* genoem; word daar egter onpersoonlike, ideële doelstellings aan die vermoë verbind, word dit *universitates rerum* genoem.

3.4.3 Die stigtingsregspersoon

Brinz se teorie word deur verskeie juriste as die ideale oplossing vir die problematiek van die stigting as regspersoon aangewys. Die stigting word gewoonlik omskryf as 'n vermoë of 'n vermoënskompleks wat met 'n spesifieke voortdurende doel belas is en wat as regsobjek deur middel van bestuurders, verteenwoordigers, beheerders of administrateurs aan die regsverkeer deelneem.¹⁰⁷⁾

Die doelstellings wat die stigter of oprigter bepaal het, is gewoonlik *ad pias causas* (met liefdadigheidsoogmerke). Dit is volgens Brinz voldoende om te verhoed dat hierdie vermoë nie as *res nullius* bestempel kan word nie.¹⁰⁸⁾

Die vraag ontstaan hoe hierdie vermoë wat met 'n spesifieke doel belas is, in die regsverkeer funksioneer. Brinz neem uitdruklik stelling in teen die sienswyse dat die begrippe *Gehören* en *Vermögen* begrippe is wat as gebruiksen beskikkingsbevoegdhede uitsluitlik aan mense toekom en nie ten opsigte van doelstellings kan bestaan nie.¹⁰⁹⁾ Hy merk hierdie begrippe eerder as eienskappe van eiendomsreg aan, welke eiendomsreg nie net mense toekom nie, maar ook doelstellings. Hy verklaar:¹¹⁰⁾

106) Brinz 1873 bd 1 202; Tietze 1974 77 en 78; Houwing 1939 75 ev.

107) Joubert 1951 13; Duynstee 1978 5; Polak 1956 19.

108) Brinz 1873 bd 1 202-205.

109) Brinz 1873 bd 1 205; Tietze 1974 78.

110) Brinz 1873 bd 1 205.

"Indessen wird sich in der Lehre von Eigentum zeigen, dass ... dieses ... vielmehr wesentlich ein 'Pertinenzrecht' ist, d.h. in einer so totalen rechtlichen Verbindung der Sache mit der Person besteht, dass sie als deren Eigenschaft oder Eigentum erscheint. Eine derartige Verbindung der Sache ist ebensowohl mit einem gewissen Zwecke als mit einer gewissen Person denkbar."

Hierin is egter 'n inherente teenstrydigheid geleë. Aanvanklik het Brinz gesê dat slegs natuurlike persone regssubjekte (draers van regte en verpligtinge) is, maar nou ken hy ook *regte*, naamlik vermoënsregte, aan iets anders as die mens toe. Die vermoë met 'n spesifieke doel belas, word nou 'n regssubjek.¹¹¹⁾ Die feit dat Brinz regte toeken aan iets so abstrak as 'n doelvermoë, verleen tot groot hoogte 'n fiktiewe kleur aan hierdie teorie.¹¹²⁾

Stoljar¹¹³⁾ is van mening dat Brinz tereg redeneer dat daar soms afgesonderde doelvermoëns bestaan. Die enigste redeneerfout wat Brinz volgens hom maak, is dat hy heeltemal onnodig verklaar dat hierdie vermoë aan 'n *doel* behoort. Die enigste gevolgtrekking wat dan gemaak kan word, is dat 'n doelstelling in so 'n geval tot 'n regssubjek verhef word. Stoljar verklaar egter nie *wie* dan eienaar van hierdie vermoë is nie. Dit is met ander woorde 'n afgesonderde vermoë sonder 'n eienaar. Hierdie redenasie van Stoljar bring 'n mens weer by die vermoë as 'n *res nullius* uit.¹¹⁴⁾

3.4.4 Regshandelinge deur middel van verteenwoordigers

Ten einde dit moontlik te maak dat die doelvermoë aan die regsverkeer kan deelneem, gryp Brinz na dieselfde strooihalm as Von Savigny. Hy probeer 'lewe' in die doelvermoë blaas deur van die verteenwoordigingsfiguur gebruik te maak. Die regte en verpligtinge van die doelvermoë word dus deur verteenwoordigers

111) Tietze 1974 78; Wolfsbergen 1930 678.

112) Zitelmann 1873 27-48.

113) 1973 180 ev.

114) Sien ook MacKeldey 1838 bd 1 232 en Zeijlemaker 1975 182, wat meen dat 'n vermoë sonder 'n eienaar as subjek kan bestaan. Hierteenoor verklaar Van der Grinten 1961 13 ev dat 'n vermoë nooit 'n regssubjek kan wees nie, aangesien dit bloot 'n verlengstuk van die persoonlikheid, naamlik dit waarop regte uitgeoefen word, kan wees.

beding.¹¹⁵⁾ Hierdie verteenwoordiger(s) beding alle regte en verpligtinge van die doelvermoë met die oog op die gestelde doel selfstandig en as vertrouenspersoon(e) (*fiduciariesch*).¹¹⁶⁾ 'n Persoon wat eiendom as 'n *fiduciarius* hou, verkry as vertrouenspersoon eiendomsreg ten opsigte van die eiendom met die beperking dat die eiendomsreg by 'n bepaalde gebeurtenis of op 'n bepaalde tydstip op 'n ander persoon moet oorgaan. Dit is moeilik om uit Brinz se uiteensetting af te lei of hy met *fiduciariesch* bloot 'n vertrouenspersoon bedoel en of hy aanvoer dat die verteenwoordiger 'n beperkte eiendomsreg verkry.

Soos by die bespreking van Von Savigny se teorie reeds aangetoon is, is volmaguitoefening ook 'n regshandeling en die vraag ontstaan wie by die stigting die volmag verleen. Dit kan nie die oprigter se volmag wees wat in die doelstellings bly voortleef nie, want dan sal hy deur die verteenwoordigingshandeling gebind word. Hy is egter heel dikwels reeds oorlede of, indien hy nie oorlede is nie, het hy van die vermoë afstand gedoen. Die oprigter word dus nie gebind nie, maar die stigtingsvermoë word wel gebind. Verder kan hierdie oprigterswil nie as die enigste regshandeling van die stigting aangemerkt word nie, want die bestuur of bestuurder neem tog bepaalde besluite en verrig handeling wat wel ooreenkomstig die doelstelling van die oprigter geskied, maar wat as afsonderlike regshandeling aangemerkt kan word.

Hiermee kom die ondersoeker terug by die volle uitwerking van Brinz se teorie, naamlik dat iets anders as die mens (individueel of in groepsverband) regte en verpligtinge verkry. As dit in gedagte gehou word dat die begrip *persona* in die huidige betekenis van die woord aandui dat iets of iemand as regsobjek draer van regte en verpligtinge is,¹¹⁷⁾ kan geen ander afleiding gemaak word nie as dat Brinz se doelvermoë 'n *persona* moet wees - wat regstreeks in botsing is met sy aanvanklike standpunt dat slegs mense as *personae* bestempel kan word.

115) Brinz 1873 bd 1 206: "Indessen gibt es Vertreter, welche für den Vertretenen nicht bloss die Ausübung des Rechtes, sondern das Recht selbst haben, umso mehr die einzelnen aus einem Rechte fließenden Befugnisse für diesen haben können."

116) Ibid. Joubert 1951 13 verskil met Brinz deurdat hy aantoon dat die bestuurders of verteenwoordigers van die stigting nie eienaars van die vermoë is nie. Sien ook 3.6.7 hieronder.

117) Van der Vyver en Van Zyl 1982 374 en 375.

3.4.5 'n Vermoënskomples as regsobjek

In die Suid-Afrikaanse reg stem Joubert se stelling dat die vermoënskomples in die geval van 'n stigting as regsobjek aangemerkt moet word, in hoë mate met die teorie van Brinz ooreen. Hy omskryf dit soos volg:¹¹⁸⁾

"'n Stigting is 'n vermoënskomples met 'n bepaalde voortdurende doel wat as regsobjek aan die regsverkeer deelneem deur sy beheerders, administrateurs, bestuurders of verteenwoordigers. Hier val regsobjek en regsobjek dus saam. Die stigting is self as regsobjek eienaar van die stigtingsgoedere as regsobjek. Die stigting word deur die beheerders of bestuurders slegs beheer en bestuur. Hulle het hoëgenaamd geen eïendomsreg op die stigtingsgoedere nie; hulle is dus glad nie trustees nie."

Joubert maak dus van 'n regsobjek ('n vermoë) 'n regsobjek en beweer dat die regsobjek en regsobjek saamval. Hierteen kan met reg prinsipiële beswaar ingebring word.¹¹⁹⁾

Hierdie gedagte van Joubert ontleen hy aan die Rooms-Katolieke kerkbegrip van aartsbiskop Moses van Ravenna:

"Aartsbiskop Moses is die eerste juris om die afsonderlike kerk as saak (res) te verpersoonlik as regsobjek sonder inagneming van die geestelikes en leke as lede.¹²⁰⁾ Sodoende kom die eer hom toe as synde die eerste om die afsonderlike kerk te konstrueer as 'n stigting in moderne sin. Vir hom is dit die kerkgoedere wat aan die regsverkeer deelneem as 'n regsobjek sonder lede Dit is miskien moontlik dat hy geïnspireer is deur die ou heidense opvatting van die Romeinse Reg dat die gewyde grond waarop 'n tempel staan, 'n *locus sacer* bly nadat die tempel afgebreek is. Ongelukkig was sy tydgenote en opvolgers nie ryp genoeg om sy konstruksie te aanvaar nie"121)

118) 1951 13.

119) Vgl Dooyeweerd se funksionele verbandsteorie hieronder, asook die bespreking van regsobjektiwiteit, veral 4.2.4.7.

120) Dat dit nie so 'n uitgemaakte saak is dat die Rooms-Katolieke kerk lede in die vorm van geestelikes en leke totaal ontken nie, blyk uit Ullmann se mening - kyk 2.2.1.1 hierbo.

121) 1951 55.

Op grond hiervan verklaar Joubert dat kerke in wese stigtinge in die moderne sin van die woord is.¹²²⁾ As hy slegs na die Rooms-Katolieke kerk verwys het, sou Joubert moontlik nog 'n goeie saak met hierdie standpunt kon uitmaak, maar dit is onmoontlik om gereformeerde kerke¹²³⁾ as vermoënskomplekse met uitsluiting van die lede te bestempel.¹²⁴⁾

3.4.6 Kritiek

Die vernaamste beswaar teen hierdie teorie is dat dit in stryd is met die juridiese subjek-objekverhouding waarkragtens 'n regsobjek altyd in 'n juridiese afhanklikheidsverhouding tot 'n regsobjek staan. Dit word tereg in die stelling *kein Vermögen ohne Person* uitgedruk. Hommes¹²⁵⁾ stel dit raak:

"'Brinz' leer komt neer op de aanvaarding van subjectlose rechten en plichten. Dat zijn echter juridische ondingen en innerlijke tegenstrijdige voorstelligen. ... (Dat) komt hierop neer, dat het doel als de rechthebbende op het vermogen fungeert. De absurditeit van deze stelling word gemaskeerd door de stelling, dat alle bevoegdheden in het vermogen besloten, door vertegenwoordigers moeten worden uitgeoefend."

Die verteenwoordigers verteenwoordig dus nie (soos Brinz beweer) 'n doel nie, maar 'n korporasie of stigting, wat 'n juridiese verbandseenheid vorm op grond van die organisasie of persoonsverband waaruit daardie regsfiguur saamgestel is.¹²⁶⁾ Hierho is reeds gewys op die feit dat die verteenwoordiger handel, maar dat die volmag waarkragtens die verteenwoordiger handel, 'n eensydige regshandeling is wat net deur 'n regsobjek verrig kan word. Dit geskied op grond van wilsvorming en die volmaggewer (prinsipaal)

122) 1951 28, 90, en vir die Romeins-Hollandse siening van toepassing op kerke na die reformasie, sien aw 145.

123) Kerke op reformatoriese grondslag.

124) Kyk ook 2.3.2.1 hierbo, waar vermeld word dat daar soms in Nederland naas die kerke stigtinge bestaan het met die doel om die kerkgoedere te beheer. Dit was beslis nooit op Suid-Afrikaanse gereformeerde kerke van toepassing nie - raadpleeg 6.4.1.1 hieronder.

125) 1976 162; ook Tietze 1974 79 ev; Von Gierke 1895 bd I 257 wat die teorie as *widersinnig* beskryf; Dooyeweerd 1946 dl 2 88.

126) Ibid.

is die persoon wat deur die verteenwoordigingshandeling gebind word.¹²⁷⁾
 'n Doelstelling kan tog nooit op hierdie wyse aan die regsverkeer deelneem
 nie, selfs nie eens indien dit aan 'n afgesonderde vermoë verbind is nie.

Om die oprigter van die stigting as volmaggewer (prinsipaal) aan te wys, lei tot ewe belaglike resultate. Kragtens die verteenwoordigingsreg kom die regsband tussen die volmaggewer en die derde tot stand, en sowel Brinz as Joubert verklaar dat nie die oprigter nie, maar wel die stigting die regs subjek is. Die oprigter kan dus nie die volmaggewer wees nie. Daar bestaan ook geen gesag op grond waarvan die *ex lege*-verteenwoordigingsbeginsel deur ouers, voogde of kuratore sonder meer na die stigtings- en verenigingsregspersoon uitgebrei kan word nie. Voorts word heel dikwels vereis dat die regshandeling van 'n bestuurder (en altyd die van 'n verteenwoordiger) van 'n stigting, hoe wel dit in ooreenstemming is met die doelstellings van die stigting, deur 'n uitdruklike volmag van die bestuur voorafgegaan moet word. Hiervoor kan die doelvermoë-teorie geen bevredigende verklaring verskaf nie.

Die enigste oplossing is geleë in die aanwys van 'n werklike organisasie wat kragtens sy interne verbandsreg regshandelinge ook na buite teenoor derdes verrig. Indien so 'n organisasie ook by die stigting aangewys kan word, is dit nie nodig om die vermoë kunsmatig tot regs subjek te omvorm of die doel op fiktiewe grondslag as regs subjek aan te wys nie.¹²⁸⁾ Die benadering van Brinz lei daartoe dat iedere regsbelang wat die grond van 'n beskikking deur mense vorm, as regs subjek aangewys moet word. Dit word tereg deur Hommes as onhoudbaar bestempel, aangesien die juridiese subjek-objekverhouding onomstootlik die grondslag van die begrip van regs subjektiwiteit (moet wees) is.¹²⁹⁾

'n Verdere probleem wat by die doelvermoë-opvatting opduik, is die feit dat die doel baie wyd of vaag geformuleer kan word, of dat daar geen vermoë afgesonderd word nie. Die blote feit dat die vermoë uitgeput is, laat tog ook seker nie sonder meer 'n stigting ontbind nie. In Nederland het die *Pape=stichting* byvoorbeeld met regserkenning tot stand gekom met die doelstelling dat daar finansiële steun aan enige persoon verleen moet word waar dit na

127) Kyk teks by verwysing 31 hierbo.

128) Hommes 1976 162: "... (D)at zou tot de dwaze voorstelling leiden, dat het vermogen meester van zich zelf is."

129) Ibid; raadpleeg ook Van Zyl 1976 11.

die oordeel van die bestuur doelmatig sal wees.¹³⁰⁾ Dat so 'n algemene doelstelling van 'n vermoë 'n regsobjek kan maak, kom vreemd voor. Die praktiese toepassing van hierdie teorie lewer derhalwe ernstige probleme op. Die blote feit dat 'n vermoënsenheid, byvoorbeeld die gemeenskaplike boedel van eggenotes of die boedel van 'n oorledene, in die regsverkeer aanwesig is, maak hierdie vermoë nog nie 'n regs persoon nie.¹³¹⁾

Die ernstigste beswaar teen Brinz se teorie bly steeds die feit dat die teorie op 'n innerlike teenstrydigheid berus. Enersyds beweer hy dat net 'n individuele mens 'n regsobjek (*persona*) is, maar andersyds verhef hy ook 'n vermoë (regsobjek) tot 'n regsobjek.¹³²⁾

In die Suid-Afrikaanse reg skep die oprigting van 'n stigting (of "doelvermoë") ingevolge hierdie teorie ernstige praktiese probleme. Joubert¹³³⁾ voer aan dat die oprigting in die Romeins-Hollandse reg onder andere geskied het deur vermoënsafsondering deur die oprigter. Die oprigter doen afstand van sy eiendomsreg op die afsonderlike vermoë deur dit aan die liefdadigheidsinrigting wat tot stand kom, oor te dra. Die oprigtingshandeling bestaan dan uit die oprigter se oogpunt uit eiendomsoordrag en uit die liefdadigheidsinrigting se oogpunt uit eiendomsverkryging. Die regsobjek (stigting) aan wie die vermoë oorgedra moet word, is egter die vermoë self. Daar is dus geen regsobjek om die vermoënsafsondering te aanvaar nie, of, anders gestel, die vermoë word aan homself oorgedra.¹³⁴⁾

3.5 Die teorieë van die kollektiewe regte van die individuele lede

Hierdie teorieë word deur juriste op meer as een wyse vertolk, maar die toonaangewende voorstanders daarvan is Von Jhering in Duitsland en Molengraaff in Nederland. Hierin sal in hoofsaak op hul beskouings ingegaan word.

130) Van Oven 1929 587.

131) Grasshof 1926 (in geheel); Van Wyk 1976 40-44.

132) Tietze 1974 86 en 87. Vgl ook teks by verwysings 111 en 112 hierbo.

133) 1951 158.

134) Swanepoel 1961 13; Van der Merwe en Rowland 1977 365: "Die opvatting dat die substraat van die stigting, die vermoënskompleks self, die regs persoon is, beland ons dus in 'n onmoontlike posisie: die substraat is 'n vermoënskompleks, afkomstig uit die boedel van die oprigter, wat aan die stigtingsregspersoon oorgedra word wat egter weer uit die vermoënskompleks self bestaan."

3.5.1 Die genotsteorie van Von Jhering

3.5.1.1 Beskermede belange as uitgangspunt

Von Jhering¹³⁵⁾ wyk radikaal van die standpunte van Von Savigny en Brinz af. Hy is nie bereid om subjektiewe regte as die wilsmag van die mens aan te wys nie en daarom grondves hy ook nie regsobjektiwiteit in die vrye wil van die mens nie.¹³⁶⁾ Hy beskou subjektiewe regte eerder as beskermede belange van die mens, maar is tog ook nie bereid om van die individualistiese benadering van Von Savigny en Brinz af te wyk nie. Daarom verklaar hy dat net die individuele mens se belange beskermingswaardig is en dat regte slegs die individuele mens toekom.¹³⁷⁾

Hy ken regsobjektiwiteit op grond van sy siening van subjektiewe regte aan die natuurlike persoon toe, maar hy is nie bereid om, soos Von Savigny, regsobjektiwiteit deur middel van 'n fiksie aan die regspersoon toe te ken nie. Daarom ken hy regsobjektiwiteit in die geval van die korporasie en stigting aan individuele persone toe. By die korporasie word regsobjektiwiteit toegeken aan die persone wat geregtig is om die genotsregte uit te oefen, terwyl regsobjektiwiteit by die stigting verleen word aan die persone aan wie genotsregte toegeken word. Hierdie persone verkry regsobjektiwiteit in groepsverband omdat hulle as die *Destinatäre* (beskermwaardige beregtigdes of begunstigdes) optree. Dit bly egter steeds individuele regsobjektiwiteit wat net in groepsverband uitgeoefen word.¹³⁸⁾ In die geval van die stigting word die begunstigdes as die *Destinatäre* aangewys.

135) 1923 dI 3(1) 328-350; Dooyeweerd 1946 dI 2 88.

136) Houwing 1939 85; Henkel 1972 170.

137) Von Jhering 1923 dI 3 (1) 328-330: "... (V)on jedem Recht ist also der Mensch der Destinatär." Wolff 1933 bd 1 36 en 109.

138) Von Jhering 1923 dI 3(1) 356: "... (D)ie einzelnen Mitglieder es sind (die gegenwärtigen und zukünftigen) denen die Rechte, mit denen die juristische Person ausgestattet ist, zugute kommen, und dass diese Wirkung nicht eine zufällige (Reflex-wirkung) ist, sondern dass sie den Zweck des ganzen Verhältnisses bildet, dass also die einzelnen Mitglieder die wahren Destinatäre der juristischen Person sind." Sien ook Houwing 1939 86; Henkel 1972 166 ev.

Regspersoonlikheid is volgens Von Jhering dus gesetel in die individuele lede waaruit die regspersoon saamgestel is. Die regspersoon vorm net die verteenwoordigingsfiguur vir hierdie individuele lede, wat steeds 'n geslote kring van individue of 'n onbepaalde of onbenoemde veelheid bly.¹³⁹⁾

3.5.1.2 Regspersoonvorming as tegniek

Die lede of die begunstigdes is dus die eintlike draers van regte. Maar hierdie persone kan nie in hulle individuele hoedanigheid aanspreeklik gehou word vir verpligtinge nie, want dan val die sin van regspersoonlikheid weg. Dit sou verder, weens wisseling van lede by die korporasie, onbillik teenoor derdes wees, aangesien hulle nooit sekerheid sou hê wie om op 'n gegewe tydstip aanspreeklik te hou nie.

Daarom skep Von Jhering formalisties 'n regsfiguur om aan hierdie verpligtinge, wat nie deur die lede in hulle individuele hoedanigheid nagekom word nie, te voldoen.¹⁴⁰⁾ Die regspersoon is dus net 'n tegniese middel om die gesamentlike verpligtinge in regsverhoudings teenoor buitestaanders te beding. So noem Von Jhering die regspersoon 'n *juristischen Formalismus* om op hierdie wyse sin en doel aan die verbintenisse van die groep lede of begunstigdes te verleen. Die regspersoon is volgens hom egter onbevoeg om beskermde belange te verkry (*genussunfähig*) en deurdat dit geen belange of doelstellings kan hê nie, kan dit geen regte uitoefen nie.¹⁴¹⁾ Al hierdie kenmerke word aan natuurlike persone as die eintlike regssubjekte toegeken.

3.5.1.3 Regshandelinge deur middel van verteenwoordigers

Die regte en verpligtinge van die regspersoon word ook in hierdie geval deur verteenwoordigers uitgeoefen. Dit verskaf, soos hierbo uiteengesit, egter geensins 'n oplossing vir die vraag waarom die afsonderlike lede (wat volmaggee) dan nie individueel aanspreeklik gehou word om die verpligtinge na te kom nie.

139) Von Jhering 1923 dl 3(1) 356; Dooyeweerd 1946 dl 2 89.

140) Tietze 1974 21: "Jhering will deshalb die innere Seite des Verhältnisses ausscheiden und sich auf die Frage nach der Existenz eines Anspruchs zwischen der Gemeinschaft einerseits und den Dritten anderseits beschränken. Um die subjektive Seite technisch auszuscheiden, wird ein künstlicher Träger geschaffen, der nach aussen als subject des Verhältnissen figurirt."

141) Von Jhering 1923 dl 3(1).

Die teenstrydigheid in hierdie teorie is daarin geleë dat die lede in interne verhoudinge en by die uitoefening van regte nooit 'n eenheid vorm nie, maar in die geval van eksterne verpligtinge word daar op formalistiese wyse 'n *Gesamtperson* geskep.¹⁴²⁾ Hoewel die lede afsonderlik hulle regte uitoefen, word hulle nooit in hulle individuele hoedanigheid aanspreeklik gehou vir die nakoming van verpligtinge nie. Hierdie opvatting is egter teenstrydig met die beginsels van die verteenwoordigingsreg.

3.5.1.4 Wilsbevoegdheid

Voorts stel Von Jhering wilsbevoegdheid gelyk aan regsbevoegdheid, hoewel hy die wilsaspek by subjektiewe regte ontken. Omdat die regspersoon nie wilsbevoeg is nie, is dit dan ook nie regsbevoeg nie.¹⁴³⁾ Von Jhering hou egter nie rekening daarmee dat daar 'n hele aantal natuurlike persone bestaan wat nie wilsbevoeg is nie, en tog regsbevoeg is, byvoorbeeld die *in-fans* en die kranksinnige. Wilsbevoegdheid kan derhalwe nooit as vereiste vir regsbevoegdheid gestel word nie. Verder verklaar hy nie wat die besluite van 'n korporasie of stigting dan is nie. Von Gierke merk die besluite van 'n regspersoon as die wil van die regspersoon aan.

3.5.1.5 Kritiek

Von Jhering se teorie skep probleme in gevalle waar 'n stigting in die lewe geroep word en die hoofdoelstelling nie die begunstiging van mense is nie, maar die een of ander onpersoonlike doel nagestreef word, byvoorbeeld natuurbewaring of die voorkoming dat die Kaapse aasvoël uitsterf. Dit is hier baie moeilik om vas te stel wie nou eintlik die begunstigdes ten opsigte van die genotsregte, of te wel die *Destinatäre* (wat Von Jhering as die eint-

142) Henkel 1972 168 verklaar dat: "... im Innenverhältnis die einzelnen Mitglieder der juristischen Person die Berechtigten, die wahren Rechtssubjekte, sind, und dass zum anderen im Aussenverhältnis nicht die einzelnen Mitglieder als Rechtssubjekte auftreten, sondern 'die als Inbegriff aller berechtigten Personen gedachte Gesamtheit!'" Sien Tietze 1974 25, wat hierdie regspersoon ook maar weer as 'n fiksie bestempeel. Raadpleeg ook Dooyeweerd 1946 dl 2 89: "De theorie is dan ook juridisch ten eenemale waardeloos, daar zij het juridisch probleem van die eenheid in de veelheid binnen het rechtsverband (de rechtspersoon) opzettelijk negeert. Rechtsens zijn nu eenmaal niet de abstracte individuele leden subject, maar de rechtspersoon als zoodanig."

143) Tietze 1974 19 en 20.

like regssubjekte aanmerk) is. Tietze¹⁴⁴⁾ stel die vraag of die regssubjek by 'n stigting ter beskerming van kanaries die kanaries self is en of dit die persone is wat hulle in die sang van die kanaries verlustig. Om die begunstigdes of persone wat genotsregte ten opsigte van die stigtingsvermoë uitoefen as regssubjekte aan te merk, bied dus geensins 'n praktiese oplossing vir die probleem nie.

Wat Von Jhering ook uit die oog verloor, is dat die begunstigdes by 'n stigting dikwels geen *reg* op die begunstiging het nie. Dit is geen genotsreg wat die begunstigdes toeval nie, maar 'n gewone toewysing kragtens die stigtingsdoel. As die toewysing na 'n tyd weerhou word, het die begunstigdes geen reg om dit verder af te dwing nie. As die begunstigdes dan nie die uitoefenaars van genotsregte by die stigting is nie, is daar geen persone wat kragtens Von Jhering se teorie as die ware regssubjekte aangewys kan word nie.¹⁴⁵⁾

Hierdie regsfiguur van Von Jhering is (hoewel hy dit ten sterkste ontken) ook maar net 'n fiksie. Dit is nie 'n werklike regsfiguur wat in die regsverkeer ongeag die wisseling van lede optree nie. Dieselfde kritiek wat by Von Savigny teen die gebruikmaking van fiktiewe maatreëls om regs persoonlikheid te verklaar uitgespreek is, is eweneens op Von Jhering se teorie van toepassing.

3.5.2 Die kollektiewe eiendomsteorie van Molengraaff

3.5.2.1 Gesamentlike vermoë as uitgangspunt

Molengraaff¹⁴⁶⁾ onderskei tussen twee soorte verenigings. Soms word regte en verpligtinge van samewerkende persone onbeperk (gesamentlik en afsonderlik) aan die individue (persoonlik) toegereken, in welke geval geen regs persoon tot stand kom nie. Daarteenoor kry mens wel verenigings waar die individue nie persoonlik aanspreeklik gehou word nie, maar waar die *vermoë*

144) 1974 23, na aanleiding van 'n voorbeeld van Karlowa.

145) Tietze 1974 24-25; Hommes 1976 163.

146) 1940 82 ev; 1911 362 ev.

van die vereniging aangespreek kan word. Dit sien Molengraaff as beperkte aanspreeklikheid van die lede van die vereniging gesamentlik in die mate wat die lede regte in die gesamentlike vermoë het. Dit het tot gevolg dat daar nie op die afsonderlike vermoëns van individuele lede beslag gelê kan word nie, maar net op die vermoë van die vereniging. Die vermoë van die vereniging is egter die gesamentlike (kollektiewe) eiendom van die lede van die vereniging en daar kom geen aparte draer van regte en verpligtinge tot stand nie - die lede is gesamentlik draers van die regte en verpligtinge. Tog kan daar nie op die individuele vermoëns van die lede beslag gelê word vir skuld van die vereniging nie.¹⁴⁷⁾

Vir Molengraaff bestaan die eenheid uit die dele waaruit die eenheid saamgestel is. Die eenheid kan nie van die dele geskei word en 'n selfstandige bestaan voer nie. Hy verklaar:¹⁴⁸⁾

"Buiten en boven hen is een andere drager der rechten en verpligtingen, een andere persoonlikheid die een wil uit en handelt, niet aan te wijzen."

Die regte van die vereniging kom die lede gesamentlik toe, maar op so 'n wyse dat elke lid geregtig is op 'n deel van die regte. Die regte kan egter net gesamentlik uitgeoefen word. Die verpligtinge van die vereniging rus ook net gedeeltelik op elke lid en wel in so 'n mate dat die lid net verplig is om sy gedeeltelike verpligtinge in samewerking met die ander lede uit die verenigingsvermoë na te kom.¹⁴⁹⁾

Volgens Molengraaff is die eiendomsposisie van die regspersoon dus van so 'n aard dat daar nie 'n aparte vermoë waarvan die regspersoon die eienaar is, bestaan nie, maar dat die vermoë steeds die gesamentlike eiendom van

147) Molengraaff 1940 82; Dooyeweerd 1946 dl 2 90.

148) Molengraaff 1911 364 en 365.

149) Molengraaff 1911 366: "Het feit is er nu eenmaal, dat vereenigde personen rechten kunnen hebben in dier voege, dat deze rechten aan ieder van hen voor een deel toekomen, maar óók aldus, dat de rechten alléén toekomen aan hen gezamenlijk; dat zij verpligtingen kunnen hebben, zóó dat deze op ieder van hen rusten voor een deel, maar óók aldus dat zij alléén rusten op hen gezamenlijk." Vgl ook Dooyeweerd 1946 dl 2 90.

die lede van die regspersoon bly. By die uitoefening van regte en verpligtinge van die gesamentlike eiendom van die lede is die individuele lede nie met hulle eie vermoë aanspreeklik nie, maar word die lede in gesamentlike hoedanigheid aanspreeklik gehou, welke aanspreeklikheid tot die verenigingsvermoë beperk word.

Die feit dat daar van 'n regspersoon gepraat word, dui nie op 'n aparte entiteit nie. Dit is net beeldspraak en 'n verkorte spreekwyse. 'n Nuwe persoon, onafhanklik van die samestellende lede, kom nie tot stand nie.¹⁰⁵⁾ Molengraaff sien dus die regsubjektiwiteit in die gemeenskap van lede. Schönfeld¹⁵¹⁾ gaan nog verder: Hy beskou nie die gemeenskap van lede as gegrondves in die subjek nie, maar wel in die objek: die vermoë. Die vermoë is derhalwe 'n soort *über-Ich* sonder eie identiteit. Hierin sluit hy dus aan by die doelvermoëteorie van Brinz.

3.5.2.2 Kritiek

3.5.2.2.1 Ontkenning van die regspersoon as entiteit

Hoewel die klem wat Molengraaff op die lede as die samestellende dele van die verenigingsregspersoon lê, nie gekritiseer kan word nie, kan daar nie saamgestem word met sy siening dat die regspersoon gesamentlike regte en verpligtinge skep, maar nie as 'n afsonderlike entiteit gereken kan word nie. As 'n lid dan individueel vir 'n gedeelte van die verpligtinge van die regspersoon aanspreeklik is, is dit onduidelik waarom die lede se individuele vermoëns nie gedeeltelik uitgewin word indien die vereniging se vermoë uitgeput is nie. Dit verklaar ook nie die regsposisie van aandeelhouders van 'n maatskappy wat nie eienaars van die maatskappyvermoë is nie, maar bloot 'n vorderingsreg teen die maatskappy het ingevolge die regte van die aandeel of aandele wat gehou word.¹⁵²⁾ Die teorie verskaf voorts geen antwoord op die vraag waarom 'n lid se gedeelte van die gesamentlike

150) Molengraaff 1940 83: "Een rechtspersoon is niet anders dan de samenvatting van de gezamentlijke leden eener vereeniging tot een gedachten eenheid ter onderscheiding van de enkele leden."

151) 1929 206.

152) *Goldberg NO v PJ Joubert Ltd* 1960 1 SA 521 (T) op 524; *Dadoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530.

eiendom nie by afsterwe vererf of andersins in sy boedel val nie en dit verklaar nie hoe hierdie "kollektiewe eiendomsgedeelte" wat net gesamentlik met ander lede se eiendomsdele hanteer kan word, weer aan die ander lede oorgedra word nie.

Die grootste probleem is egter daarin geleë dat hierdie teorie geen verklaring vir die regs persoonlikheid van die stigting bied nie. By die stigting is daar juis nie lede wat gesamentlike eienaars van die stigtingsvermoë kan wees nie. Die oprigter kan nie meer eenaar wees van die stigtingsvermoë nie, want hy het juis by die oprigting van die stigting van die stigtingseiendom afstand gedoen. Dit is ook 'n erkende feit dat die bestuurder(s) van die stigting nie eenaar(s) van die stigtingsvermoë is nie, want dit val nooit hulle persoonlike boedels toe nie. Hierbo is daarop gewys dat die begunstigdes ook nie eienaars van die stigtingsvermoë kan wees nie - hulle het soms nie eens die reg om die begunstiging op te eis nie, maar ontvang dit bloot as 'n toewysing wat ooreenkomstig die stigtingsdoel deur die bestuur aan die begunstigdes gemaak word. Volgens Molengraaff se uiteensetting kan daar derhalwe nie in die geval van die stigting 'n eenaar van die stigtingsvermoë aangewys word nie, want daar bestaan tog geen ledegroep nie.

Molengraaff probeer hierdie probleem omseil deur aan te voer dat 'n mens by die stigting met heel ander feite te doen het as by die vereniging. By die stigting kom regte nie toe aan 'n individuele mens of 'n groep mense nie, maar aan 'n bestemming.¹⁵³⁾ Dit klink verdag baie na Brinz se doelvermoëteorie.¹⁵⁴⁾ Vir die verenigingsregspersoon gebruik Molengraaff dus die kollektiewe eiendomsteorie en vir die stigtingsregspersoon die doelvermoëteorie.

3.5.2.2.2 Die probleem by eiendomsdrag

Die praktiese probleme wat hierdie kollektiewe eiendomsteorie oplewer, is talryk. Daar ontstaan veral probleme waar vennote hulle vennootskap in 'n

153) Molengraaff 1911 367 omskryf die regte as: "... rechten die door menschen worden uitgeoefend noch ten eigen behoeve noch ten behoeve van een ander mensch, maar ten behoeve van een aangewezen doel."

154) Houwing 1939 103.

maatskappy wil omskep.¹⁵⁵⁾ Die reg vereis dat daar eiendomsoordrag van die vennootskap aan die maatskappy moet plaasvind, selfs al is die aandeelhouders in die maatskappy presies dieselfde persone as die voormalige vennote en selfs al bestaan die aandeelkapitaal uit niks meer en niks minder as die vennootskapsvermoë nie. Die rede vir hierdie eiendomsoordrag is dat die vennote mede-eienaars van die vennootskapsvermoë is, terwyl die aandeelhouders nie mede-eienaars of gesamentlike eienaars van die aandeelkapitaal is nie. Die maatskappy self is eenaar, terwyl die aandeelhouders slegs vorderingsregte teen die maatskappy het. Ingevolge die kollektiewe eiendomsteorie is hierdie eiendomsoordrag nie nodig nie, want dieselfde vennote is tog nou maar weer "kollektiewe eienaars" van die maatskappyvermoë. Maar dit is nie wat in die praktiese regsverkeer plaasvind nie. Dáár vorm die maatskappy beslis 'n afsonderlike entiteit met 'n afsonderlike vermoë. Verder is aandeelhouders van 'n maatskappy nie mede-eienaars van die verklaarde dividende nie ('n gevolgtrekking waartoe die kollektiewe eiendomsteorie beslis moet lei). Hulle is slegs skuldeisers ten opsigte van die dividende en daar vind wel eiendomsorgang plaas as die dividende aan die aandeelhouders uitbetaal word.

Wanneer die ledetal van 'n vereniging tydelik tot een daal, beteken dit nie noodwendig dat daardie lid nou aanspraak kan maak op die verenigingsvermoë nie, 'n gevolgtrekking waartoe die kollektiewe eiendomsteorie sou lei. Dit is gevolglik nie die "kollektiewe eienaars" wat die afskeiding van 'n vermoë en afsonderlike regte en verpligtinge verseker nie, maar wel die feit dat daar 'n regs persoon onafhanklik van die wisseling van lede bestaan.¹⁵⁶⁾

Die feit dat die lede in individuele hoedanigheid nie hulle regte in die "kollektiewe eiendom" kan uitoefen nie en nie aanspreeklik gehou kan word vir meer as daardie eiendom nie, maak dit onnodig om aan die lede gesamentlik eiendomsreg ten opsigte van die regs persoonvermoë toe te ken - dit is 'n tipe eiendomsreg wat geen funksie vervul nie.¹⁵⁷⁾ Molengraaff¹⁵⁸⁾ verwys

155) Meijers 1955 dl 3 203.

156) Suijling 1927 dl 2 143.

157) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 16.

158) Molengraaff 1978 287.

dan ook na die lede as gesamentlike *eienaar* (en nie eienaars, of mede-eienaars of kollektiewe eienaars nie), wat tog maar weer daarop dui dat die regspersoon as eenheid (groepsentiteit) eienaar van daardie vermoë is.

3.5.2.2.3 Brown se reële kollektiwiteitsbenadering

Brown plaas 'n ander aksent op Molengraaff se teorie. Hy beskou 'n regspersoon as 'n *collective person*, maar dan as 'n *persona* (regsubjek) wat draer van regte en verpligtinge afsonderlik van die van die samestellende lede is. Hier vorm die lede 'n reële groepsverband wat as entiteit optree.¹⁵⁹⁾

"... (T)he 'something more' which the law treats as a subject of rights and duties is not a creation of the juristic imagination, but a physical reality - a reality arising from unities of spirit, purpose, interests and organization."

Die regspersoon word dus deur Brown as 'n groepsentiteit wat uit lede bestaan, omskryf, welke entiteit afsonderlike regte en verpligtinge het. Die individuele lede vorm wel die entiteit, maar is nie "kollektiewe eienaars" van die verenigingsvermoë nie. Hierdie standpunt stem dus in breë trekke met dié van Von Gierke ooreen.

Hierteenoor is Molengraaff geensins bereid om die realiteit van die regspersoon te aanvaar nie:

"De onderzoek heeft steeds geleden onder de verkeerde gewoonte, aan dezen term realiteit toe te kennen, de daarin gelegen beeldspraak voor de werkelijkheid aan te zien."¹⁶⁰⁾

3.6 Die juridiese realiteitsteorie

Hierdie teorie word tans deur die meeste Nederlandse juriste asook 'n aantal Duitse juriste as die beste oplossing vir die regspersoonlikheidsvraagstuk aanvaar. Aangesien daar egter aansienlike klemverskille by voorstanders

159) Brown 1905 375.

160) Molengraaff 1911 363.

van die teorie voorkom, is dit nie moontlik om dit aan die hand van die benadering van 'n enkele juris te bespreek nie.

3.6.1 Suijling se teorie van die onstoflike regspersoon

Suijling¹⁶¹⁾ kan as een van die grondleggers van hierdie teorie aangemerkt word. In sy bestudering van die op daardie tydstip reeds bestaande teorieë, beklemtoon hy die onderskeid wat tussen die natuurlike en regspersoon bestaan. Dit is dan ook die belangrikste punt van kritiek wat hy teen Von Gierke se orgaan-teorie inbring, naamlik dat daardie teorie nie die onderskeid na behore beklemtoon nie. Hy verklaar dat die regte en verpligtinge van die regspersoon op 'n eiesoortige wyse in die regsverkeer uitgeoefen word, wat dikwels geheel en al van die van die natuurlike persoon verskil.¹⁶²⁾

Hy verwerp voorts die doelvermoëteorie asook die teorie van die kollektiewe eiendom en wys daarop dat hierdie teorieë geen oplossing bied wat met die positiewe reg ooreenstem nie. Suijling stem egter saam met Von Savigny dat die mens van nature die enigste regsobjek kan wees.¹⁶³⁾ Hy voer aan dat dit die rede is waarom die aanhangers van die fiksieteorie nie die reële bestaan van die regspersoon wou erken nie en die regspersoon as 'n fiksie gesien het. Hierteen het Suijling geen beswaar nie, solank die fiksie-aanhangers daarmee maar net bedoel dat die regspersoon 'n *abstrakte figuur* is:

"Als men met dit uitspraak slechts wil te kennen geven, dat de rechtspersoon niet menschen, maar abstracties zijn, dat zij een *stoffelijke onderlaag ontberen*, valt daartegen niets in te brengen."¹⁶⁴⁾

Die hele probleem moet volgens hom uit 'n positiefregtelike oogpunt benader word. Die regspersoon is dus 'n skepping van die wetgewer wat bepaal

161) 1927 dl 2 130-145.

162) Suijling 1927 dl 2 136: "Daar hij nu eenmaal niet tot de categorie der menschen behoort, kan hij geen rechten verwerven, geen verplichtingen aangaan, geen handelingen verrichten, die een bestaan als mensch veronderstellen Daarom kan een rechtspersoon ... niet alles doen wat een mensch kan doen."

163) Suijling 1927 dl 2 138: "De juridische persoonlikheid van den mensch is een eigenschap, door het recht aan een aardsch wezen toegekend. Zij is vastgekoppeld aan het leven van den mensch."

164) Ibid; Dooyeweerd 1946 dl 2 99.

dat verenigings of stigtinge as gedagtekonstruksies regsobjektiwiteit kan verkry.¹⁶⁵⁾ Die fout wat die fiksie-aanhangers maak, is dat hulle wilsbevoegdheid aan regsbevoegdheid gelykstel en, deurdat die regspersoon nie wilsbevoeg is nie, dit dan as 'n fiksie aanmerk. Tog is kranksinniges en *infantes*, wat ook nie wilsbevoeg is nie, wel regsobjekte. En daarom skep die wetgewer geen fiksie as hy regsbevoegdheid aan onstoflike abstraksies toeken nie, al dus Suijling.¹⁶⁶⁾

Die gedagtegang van Suijling hou dus in dat 'n regspersoon net reël is in die mate wat 'n gedagtekonstruksie reël kan wees.

3.6.2 Meijers se reële gedagtekonstruksiebenadering

Meijers¹⁶⁷⁾ beklemtoon die feit dat 'n regspersoonsteorie wat nie met die regspraktyk rekening hou nie, onaanvaarbaar is. Hy ontken nie die werklike bestaan van die regspersoon nie, want enige maatreël geskep deur die positiwiese reg, is juis daarom reël. Net soos Suijling, beskou hy egter die regspersoon as iets onstoflik:

"Al datgene, wat in de verschillende rechtsstelsels als rechtspersoon wordt aangemerkt, als verenigingen van personen, de staat en zijn onderdelen, de stichtingen, instellingen als de kerk, of zelfstandige onderdelen van overheidszorg gelijk een Rijkspostspaarbank, een Staatsverzekeringsbank enz. heeft ongetwijfeld in de zin een bestaan, dat hun realiteit evenmin betwijfeld kan worden als die van andere begrippen, die *niet aan één bepaalde stoffelijk substraat gebonden zijn*. Hun realiteit is geen andere dan die van de marktprijs van een artikel, de tachtigjarige oorlog, het verband der edelen, de Dordtse synode ... ja men kan daaraan toevoegen als die van een concreet subjektief recht of van een concrete rechtsplicht."¹⁶⁸⁾

Meijers voer aan dat 'n natuurlike persoon nie net een eienskap in die regsverkeer, naamlik om draer te wees van regte en verpligtinge, openbaar nie,

165) Suijling 1927 dl 2 143.

166) 1927 dl 2 144.

167) 1955 dl 3 191 ev.

168) Meijers 1948 dl 1 171. Sien ook De la Porte 1921 496-497.

maar dat ook ander eienskappe hiermee saamhang of selfs hieruit voortvloei: hy het 'n stoflike substraat, wat op 'n spesifieke plek (sy *domicilium*) tot uiting kom; hy het 'n nasionaliteit; hy het geestelike eienskappe; hy weet sekere dinge; hy het bepaalde oogmerke. Die verskil tussen die natuurlike persoon en regspersoon is daarin geleë dat hierdie kenmerke in 'n baie beperkte mate by die regspersoon voorkom. Suiwer psigiese eienskappe kan uiteraard nie aan die regspersoon toegeken word nie, verklaar Meijers. Daarom kom hy tot die gevolgtrekking dat daar tog iets fiktief in die toekening van regspersoonlikheid aan iets anders as die mens opgesluit is, hoewel die regspersoon 'n werklikheid is wat deur die positiewe reg erken word.¹⁶⁹⁾

In hierdie beskouing van Meijers is ook 'n teenstrydigheid opgesluit. Hy beweert dat die regspersoon 'n abstrakte realiteit sonder enige stoflike onderbou is, terwyl die regsverkeer, wat Meijers as die maatstaf van enige regspersoonsteorie bestempel, juis die regte en verpligtinge van die regspersoon in konkrete verband erken. Daar word naamlik van regsweë bevestig dat die regspersoon eienaar is van die afgeskeide vermoë, ten opsigte waarvan die individuele lede se regte en verpligtinge uitgesluit is. Die vraag ontstaan hoe 'n abstraksie eienaar van 'n vermoë kan wees en met daardie vermoë kan handel.

Voorts beklemtoon Meijers aanvanklik die onderskeid wat tussen die natuurlike en regspersoon gehandhaaf moet word, maar later bestempel hy die geestelike eienskappe van die mens as die fiktiewe element wat in die persoonlikheid van die regspersoon opgesluit lê. As die regspersoon van die natuurlike persoon onderskei kan word, is dit tog nie nodig om al die geestelike eienskappe van die natuurlike persoon aan die regspersoon toe te dig nie. Meijers ondersoek nie waarin die regssubjektiwiteit van die regspersoon geleë is nie, maar gebruik die natuurlike persoon in al sy fasette as model vir die regspersoon, wat vir hom dan niks anders as 'n fiksie is nie.

169) Meijers 1948 dl 1 172: "Begrijpt men in het persoonsbegrip de genoemde stoffelijke en geestelijke eigenschappen van de mens, dan ligt ontegenzeggelijk in de toekenning van persoonlikheid aan de genoemde *realiteiten* een *fictief element* besloten, maar evenzo is dit dan het geval, wanneer men aan de krankzinnige, die ieder inzicht mist, of aan zuigelingen rechtspersoonlijkheid toekent."

Homes¹⁷⁰⁾ wys op 'n verdere teenstrydigheid in Meijers se siening. Meijers dui naamlik aan dat doelmatige ordening van die regs persoon ten beste deur vrye begripsvorming geskied. Hierteenoor stel hy dat die geldende reg die maatstaf is waaraan enige regs persoonsteorie gemeet moet word. Wat Meijers hier uit die oog verloor het, is dat daar by vrye begripsvorming juis nie met positiefregtelike norme rekening gehou word nie.

3.6.3 Scholten se teorie van regs betrekkinge

Scholten bou voort op die realiteitsgedagte, hoewel sy teorie aanmerklik van die van Suijling verskil. Hy beklemtoon, soos Meijers, die besondere band wat daar tussen regsteorie en positiewe reg bestaan. Die positiewe reg maak uit *wie* regspersone is, maar net die regsteorie kan uitmaak *wat* 'n regs persoon is.¹⁷¹⁾ Daar bestaan 'n dialektiese verhouding tussen positiewe reg en regsteorie - die positiewe reg kan nie bestaan sonder bewuste of onbewuste onderwerping aan die regsteorie nie, maar die teorie bly steeds teorie van die positiewe reg. Daarom moet daar met betrekking tot die regs persoon 'n teoretiese oplossing gevind word wat voldoen aan die vereistes wat die positiewe reg stel.

Scholten beklemtoon die feit dat by die problematiek van die regs persoon vir die oogmerke van die reg met regsbegrippe gehandel word.¹⁷²⁾ Hy noem dit juridiese abstraksies.¹⁷³⁾ Wanneer 'n aantal persone hulle verenig, ontstaan daar regs betrekkinge tussen hulle. Regspersoonlikheid is dan geleë in die regserkende regs betrekkinge wat tussen hierdie persone

170) 1976 178.

171) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 4 en 5; Van der Grinten 1975 532 ev.

172) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 6.

173) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 11: "Recht is tegelijk een deel van het maatschappelijk leven van de mens en een op zich zelf gedachte abstractie ... Doch het recht kan als verschijnsel op zich self worden gesteld - als een zelfstandige grootheid worden behandeld. Dit is een abstrahering van het gegevene, als op haar beurt iedere wetenschap tot stand brengt."

bestaan.¹⁷⁴⁾ Die regsbetrekkings wat by 'n vereniging tussen die lede ontstaan, is volgens hom van dié aard:

"... dat de betrekkingen van hen gezamenlijk met derden als rechtsbetrekkingen niet van hen individueel, maar van de groep worden beschouwd en zelfs hun onderlinge verhouding als een verhouding van ieder niet tot de andere individuen, maar tot een geheel word gedacht."¹⁷⁵⁾

Wanneer hierdie betrekkinge deur die positiewe reg erken word en die groep deur die reg as 'n eenheid behandel word, het 'n regspersoon tot stand gekom.¹⁷⁶⁾

Ook by die stigting is die regspersoonlikheid in 'n eenheid van regsbetrekkinge geleë. Vir die oogmerke van die reg bestaan ook by die stigting 'n persoon. Scholten verklaar dat die eenheid van regsbetrekkinge (waarin die regspersoonlikheid tot uiting kom) by die stigting in die verwesenliking van bepaalde doelstellings geleë is. Deur aan die stigting regspersoonlikheid te verleen word op 'n eenvoudige wyse die moontlikheid geskep dat 'n eenheid van regsbetrekkinge deur die verwesenliking van die doelstellings ontstaan.¹⁷⁷⁾

Die reg bestaan vir Scholten nie net uit norme of bevele nie, maar dit sluit ook bevoegdhede, betrekkinge teenoor objekte en betrekkinge teenoor ander in. Die realiteit van die regspersoon is geleë in hierdie betrekkinge - die regspersoon is net so werklik soos die betrekkinge. Die betrekkinge word verder ook deur die positiewe reg erken, wat dit werklike regserkende regsbetrekkinge maak.

174) Scholten 1922 333-335; Van der Heijden 1931 103.

175) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 13.

176) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 15.

177) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 25.

3.6.4 Houtappel se teorie van die regspersoon as juridiese denkmodel

Vir Houtappel¹⁷⁸⁾ is hierdie standpunt van Scholten nie bevredigend nie. Hy vind dit onsin dat 'n *eenheid van regsbetrekkinge* mense in diens kan neem, kontrakte kan sluit en aan die regsverkeer kan deelneem.¹⁷⁹⁾

Hy wys daarop dat Scholten baie duidelik tussen die konkrete natuurlike persoon en abstrakte regspersoon onderskei,¹⁸⁰⁾ en dat Scholten se siening van die abstrakte regspersoon daarop neerkom dat dit 'n realiteit is wat uit daadwerklike, regsmerkende regsbetrekkinge tussen mense bestaan.¹⁸¹⁾

Scholten werk dus van die abstrakte na die konkrete. Houtappel draai hier= die argument nou om en werk van die konkrete na die abstrakte. Vir hom is die regspersoonlikheid van 'n regspersoon gesetel in die mense waaruit die regspersoon saamgestel is. Die reg reël alleen menslike gedrag. Ook in ge= valle waar daar van die regte en verpligtinge van die regspersoon sprake is, gaan dit in wese nog maar oor menslike gedrag en wel oor wat mense mag doen of nie mag doen nie.¹⁸²⁾ Die bewering dat 'n regspersoon bestaan, opperig is of ontbind word, of enige ander bewering insake die staat waar= in 'n regspersoon verkeer, is uiteraard ook 'n bewering oor die regte en verpligtinge van mense.¹⁸³⁾

Die groep wat regsmerkende regte en verpligtinge verkry, bly egter nie on= veranderd nie en daarom moet die reg die regte en verpligtinge van hierdie wisselende groep reël. Daarin is juis die abstrakte kenmerk van die regs=

178) 1974 794 ev.

179) Houtappel 1974 799 en 800: "Niet elke bewering over dezelfde rechtspersoon regelt dezelfde 'eenheid van rechtsverhoudingen'. Ik kan voor elke bewering alle 'rechtsverhoudingen' tesamen nemen die daardoor geregeld worden, maar voor een andere bewering waarin dezelfde rechtspersoon genoemd wordt, kan ik te maken hebben met andere rechtsverhoudingen, en dus met een andere eenheid van rechtsverhoudingen."

180) Sien Asser-Van der Grinten 1980 dI 2/II 11, 15 en 25.

181) Houtappel 1974 796.

182) Houtappel 1974 798.

183) Ibid: "Wanneer men dat wat over een rechtspersoon gezegd wordt ziet als een bewering over rechten en plichten van een 'groep' mensen is dat, met inachtneming van het bovenstaande, niet onjuist."

persoon geleë. Maar die feit dat regspersoonlikheid 'n abstrakte begrip is, moet nie (soos Scholten dit doen) teenoor natuurlike persoon as konkrete begrip gestel word nie. Die abstrakte begrip hou vir Houtappel nie in dat die regspersoon uit abstraksies of regsverhoudings bestaan nie, maar dit verklaar op 'n ander wyse iets oor die regspersoon as draer van daadwerklike regte en verpligtinge.¹⁸⁴⁾ Die regspersoon is dus nie 'n abstraksie wat deur regsbetrekkinge gevorm word nie, maar dit is net 'n ander (abstrakte) wyse waarop mense daadwerklike draers van regte en verpligtinge is.

Tot hier kan daar nie met Houtappel se redenasie fout gevind word nie.¹⁸⁵⁾ Ongelukkig beklemtoon hy voorts dat 'n regspersoon slegs 'n *beeld* van 'n ander wyse waarop mense draer van regte en verpligtinge kan wees, voor die gees roep:

"In deze gedachtengang zou ik kunnen zeggen dat alleen mensen subject van rechten kunnen zijn Het is onjuist om bij het begrip rechtspersoon de vraag te stellen wie er bedoeld wordt als degeen die iets moet of mag doen, omdat dit door dat begrip niet gezegd wordt Om echter een zin waarin een rechtspersoon wordt genoemd goed te begrijpen moet ik het beeld van een persoon gebruiken. Ik moet my een persoon voorstellen, echter niet omdat er een persoon *is*, maar omdat ik deze voorstelling nodig het als schakel in het begrijpen van de zin."¹⁸⁶⁾

Dit kom daarop neer dat 'n regspersoon bloot 'n term ('n wyse van spreke) is, wat as spreekwyse die taak van die juris vergemaklik, aangesien dit 'n tē omvattende omskrywing sou vereis om die spesifieke wyse waarop natuurlike persone in bepaalde omstandighede in die regsverkeer optree, te omskryf.¹⁸⁷⁾

184) Houtappel 1974 797.

185) Kyk 4.3.2 en 4.3.4 hieronder.

186) Houtappel 1974 800.

187) Daar bestaan 'n duidelike analogie met Scholten se siening soos in 3.6.3 uiteengesit. Sien ook vn 177.

Die regspersoon is vir Houtappel dus ook maar 'n gedagtekonstruksie, 'n denkmodel - nie 'n objektiewe werklikheid nie.¹⁸⁸⁾ By sowel Scholten as Houtappel, maar veral by laasgenoemde, is die regspersoon dus eintlik maar 'n fiksie. Vir Scholten is die realiteit van die regspersoon geleë in regs=erkende regsbetrekkinge, vir Houtappel daarin dat die regspersoon 'n beeld is van die wyse waarop natuurlike persone onder bepaalde omstandighede in die regsverkeer optree.¹⁸⁹⁾

3.6.5 Larenz se reële begripspersoonbenadering

In die Duitse regsliteratuur is dit veral Larenz wat die regspersoon as 'n juridiese konstruksie wat reëel, maar begripmatig bestaan, beskryf:

"Sie ist jedoch Person nicht im ursprünglichen - ethischen - Sinne des Wortes, sondern nur in dem formalisierten Sinne des juristischen Personbegriffs der nichts anderes als die Rechtsfähigkeit meint."¹⁹⁰⁾

Regsbevoegdheid, naamlik die vermoë om draer van regte en verpligtinge te wees, is vir hom die reële grondslag van die regserkende regspersoon. Hier= die regsfiguur is dus ook maar 'n regserkende gedagtekonstruksie sonder stoflike onderbou, wat in regsverhoudings na vore kom. Hy kritiseer wel die siening van Kelsen wat die natuurlike persoon asook die regspersoon as 'n hulpmiddel by die verklaring van regtens relevante feitesituasies beskryf, maar hyself beskou die regspersoon as die regserkende regte en verpligtinge wat in die *juristischen Personbegriff* gesetel is.¹⁹¹⁾

188) Pinckaers 1975/6 178.

189) Houtappel 1974 800: "Al zijn alle beelden die ik kan denken 'ontleend' aan de werkelijkheid, en zou ik het begrip rechtspersoon dus ook niet kunnen begrijpen als ik mij niet het aan de werkelijkheid ontleende beeld van een persoon kan denken, wil dat nog niet zeggen dat de beelden steeds gebruikt worden op de specifieke wijze die ik 'beschrijven van de werkelijkheid' noem. Soms gebruik ik de beelden om op een andere wijze iets oor de werkelijkheid te zeggen. Men zou dat indirect beschrijven kunnen noemen." Sien ook Stoop 1931 209.

190) Larenz 1980 117; sien ook Schmelzeisen 1973 26: "Sie ist ein gedankliches Gebilde, dem die Rechtsordnung die Rechtsfähigkeit beilegt."

191) Larenz 1979 82 en 83.

3.6.6 Kritiek

Die regspersoon is wel vir erkenning en optrede in die regsverkeer op die positiewe reg aangewys, maar die positiewe reg kan tog nie iets skep wat nie bestaan nie of gedagtekonstruksies as draers van regte en verpligtinge aan die regsverkeer laat deelneem nie.¹⁹²⁾ Daar is niks onstoflik aan die regspersoon nie, en die stoflike, fisiese onderbou waarop die regspersoon gebaseer is (naamlik die lede of organe), is ook nie 'n skepping van die positiewe reg nie. Die positiewe reg verleen slegs ooreenkomstig regsbegin= sels gevolg aan iets wat reeds bestaan. Ingevolge die eise wat die regsver= keer stel, bepaal die positiewe reg aan welke entiteite regspersoonlikheid verleen moet word en aan welke nie.¹⁹³⁾ Sodanige benadering word deur voor= standers van die juridiese realiteitsteorie verwerp.

Verskeie kritici van die juridiese realiteitsteorie verklaar dat dit ook maar weer op 'n fiksie neerkom. Hommes¹⁹⁴⁾ is van mening dat die realiteit waarop navolgers van hierdie teorie so sterk steun, bloot 'n realiteit vir die oogmerke van die reg is. Daar is nog steeds niks konkreet in die regs= persoonsfiguur wat in terme van hierdie siening omskryf word nie en daarom is dit niks anders as 'n regsfigsiesie nie.

Dooyeweerd¹⁹⁵⁾ noem dit die moderne fiksieteorie en meen dat daar 'n inhe= rente teenstrydigheid in die teorie opgesluit lê: of die regspersoon is 'n denkkonstruksie, wat op 'n fiksie dui, of die regspersoon is 'n reële ver= bandspersoon, wat nooit 'n onwerklike abstraksie kan wees nie. "Men kan echter niet eenerzijds de rechtspersoon een bloot - technischen denkform en tegelijk een 'juridische realiteit' noemen", aldus Dooyeweerd.¹⁹⁶⁾

192) Brecher 1959 255 beskryf die regspersoon as saamgestel: "... aus ma= terialen Elementen, die nur bedingt zur Verfügung des Gesetzgebers stehen." Vgl ook Dooyeweerd 1946 dl 2 99.

193) Kyk 4.2.4.5 hieronder.

194) 1976 176; sien ook Brauer 1962 13: "Die juristische Person ist auch nicht ... ein Stück Gedankenwelt." Ook Vorbaum 1976 7.

195) 1937 203 en 204; 1946 dl 2 99.

196) 1937 204.

'n Verdere praktiese probleem bestaan in die feit dat "regserkende regsverhoudinge" tog nie as regs subjek in die regsverkeer kan optree nie. Dit is moeilik om te aanvaar dat regsverhoudinge regte kan uitoefen of verpligtinge kan nakom.

3.7 Dooyeweerd se funksionele verbandsteorie¹⁹⁷⁾

In sy ontleding van menslike samelewingskringe onderskei Dooyeweerd tussen maatskappe, gemeenskappe en verbande. Maatskap slaan op 'n aantal persone wat teenoor mekaar te staan kom sonder dat daar 'n oorkoepelende gesagsverhouding bestaan, byvoorbeeld 'n vriendekring of persone wat in 'n kontraktuele verhouding teenoor mekaar te staan kom. 'n Gemeenskap, daarenteen, is 'n groep mense wat onderhewig aan 'n innerlike gesagstruktuur as 'n eenheid in die samelewing funksioneer. Gemeenskappe kan of bioties gefundeer wees, naamlik natuurlike gemeenskappe soos die gesin, huwelik of familie, of dit kan histories gefundeer wees, dit wil sê gebaseer op planmatige menslike vorming. Laasgenoemde gemeenskappe noem Dooyeweerd verbande.

3.7.1 Die realiteit van groepsverbande

As uitgangspunt neem Dooyeweerd die werklike bestaan van groepsverbande. Dit is 'n historiese feit wat uit die lewenswerklikheid aan ons geopenbaar word en nie bloot 'n skepping van wetenskaplike denke is nie.¹⁹⁸⁾ Die voortbestaan van die verbandseenheid van primitiewe volke en stamme, ongeag die wisseling van lede, kan nie ontken word nie. Die enigste verskil is dat die primitiewe mense dikwels, uit hoofde van hulle lewenswyse, geen afsonderlike vermoë van die veelheid van lede geabstraheer het nie.¹⁹⁹⁾ Hierdie gewens omskryf egter net die voorvraag in verband met groeppvorming en los nog nie die problematiek van regspersoonlikheid op nie.²⁰⁰⁾

197) Vir 'n samevatting van hierdie teorie, raadpleeg Van Zyl 1981 338-340; Van der Vyver en Van Zyl 1982 391-398; Fourie 1973 16-19.

198) Dooyeweerd 1937 199 en 200; Du Plessis 1943 83 en 88.

199) Ibid.

200) Dooyeweerd 1937 202.

Om bloot regspositivisties te werk te gaan, soos by die juridiese realiteits=teorie, bring nie groter helderheid nie - om dit te bereik, moet die band met regstegniese begripsvorming deurbreek en na die werklikheid gekyk word.²⁰¹⁾ Die ontleding van regsobjektiwiteit moet volgens Dooyeweerd geknoop word aan 'n wysgerige begrip van die strukture van die bo-tydelike werklikheid waarin met aspekte van die tydelike werklikheid, soos metafisiese idealisme (Von Gierke) en naturalistiese positivismes (Von Savigny) gebreek moet word. Die uitgangspunt moet nie in die teoretiese denke self geleë wees nie, maar veel eerder in die bo-tydelike religieuse uitgangspunt dat die totale kosmos die geskape werklikheid van God is, aldus Dooyeweerd.²⁰²⁾ Regsobjektiwiteit moet derhalwe aan die hand van die interne verbands- en eksterne maatskapsver=houdings ontleed word, aangesien dit ten nouste verband hou met die kosmos as bo-tydelike geskape werklikheid.²⁰³⁾

3.7.2 Maatskaps- en verbandsverhoudinge

Hoewel Dooyeweerd die werklike bestaan van tydelike samelewingsverbande erken, wys hy op prinsipiële gronde die gelykstelling van hierdie verbande met die individuele menslike persoonlikheid, wat as religieuse bestaanskern bo alle tydelike verbandstrukture gestel word, af.²⁰⁴⁾

Tog is regsobjektiwiteit as sodanig vir hom nie net in die natuurlike persoon as individu aanwesig nie, maar word dit ook in die interne verbands- en eksterne maatskapverhoudings van samelewingsverbande geopenbaar. Die keer= sy van die individueelregtelike maatskapsfunksie is dan die verbandsfunksie,

201) Dooyeweerd 1937 204; Dooyeweerd 1946 dl 2 100 en 102.

202) Dooyeweerd 1937 208: "Vanuit dit inderdaad transcendente standpunt bly=ken zoowel de naturalistiese als de metaphysisch idealistiese concep=ties van de werkelykheid niets anders dan theoretiese verabsoluteer=ingen van geabstraheerde aspecten der tydelijk werkelykheid." Dooye=weerd 1946 dl 2 102.

203) Dooyeweerd 1937 209. Met maatskapsverhoudings bedoel Dooyeweerd die wyse waarop mense teenoor mekaar te staan kom, terwyl hy met verbandsverhou=dings die wyse waarop mense as lede van 'n gemeenskap fungeer, bedoel.

204) Ibid; Dooyeweerd 1946 dl 2 101.

wat ook 'n vorm van natuurlike regssubjektiwiteit is.²⁰⁵⁾

Regspersoonlikheid word wel geknoop aan die natuurlike bestaan van 'n samelewingsverband, maar die omgekeerde is nie waar nie, naamlik dat elke gemeenskap as sodanig vanselfsprekend 'n regspersoon is. Die maatstaf vir regspersoonlikheid moet in beginsel gesoek word in die bestaan van 'n subjektief-juridiese eenheid in die veelheid van lede, wat nie alleen saamhang met die interne struktuur van die verband nie, maar wat gevind word in die onderlinge korrelasie van die samewerkingsverband se interne verbands- en eksterne maatskapsfunksies.²⁰⁶⁾

3.7.3 Die aard van regspersoonlikheid

Wanneer die samewerkingsverband as onderbou aanwesig is, word die vraag aangaande die aard van die regspersoonlikheid 'n juridiese vraag wat nie met behulp van metafisiese persoonlikheidsteorieë beantwoord kan word nie.²⁰⁷⁾ Regspositiviste, wat die bestaan van regssubjektiwiteit slegs as 'n skepping van die positiewe reg aanmerk, hou volgens Dooyeweerd nie rekening met die sin van die gehanteerde grondbegrippe nie.²⁰⁸⁾

"Het gevolg van deze anti-wijsgeerige houding was eenvoudig een anarchie in het gebruik van grondbegrippen, een anarchie, welke met name in de dogmatische, zgn constructieve regswetenschap volstrekt niet onschuldig bleek, omdat men er niet voor terugschrok, uit onjuridische begrippen bedenkelijke praktische constructies te trekken," aldus Dooyeweerd.²⁰⁹⁾

Die juridiese vraag aangaande regssubjektiwiteit moet egter met die ander

205) Dooyeweerd 1937 210: "Veeleer blijkt dan, hoe in de rechtssubjectiviteit als zoodanig zich die bovengenoemde onverbreekelijke correlatie van interne verbands- en eksterne maatschapsbetrekkingen openbaart, welke onverenigbaar is met de opvatting, dat het natuurlijke rechtssubject een individu, een in zich afgesloten enkeling, een zelfgenoegzaam wilscentrum zoude zijn." Raadpleeg ook Van der Vyver en Van Zyl 1982 391-392.

206) Dooyeweerd 1937 210; Du Plessis 1943 83.

207) Dooyeweerd 1937 210.

208) Dooyeweerd 1937 213; Dooyeweerd 1946 d1 2 99.

209) Dooyeweerd 1937 225.

aspekte van die werklikheid rekening hou en kan nie geïsoleerd fungeer nie. Daarom wys Dooyeweerd die oorbeklemtoning van die wilsfunksie van 'n regs-subjek deur die fiksieteoretici af. Hulle beklemtoon volgens hom maar een aspek van regssubjektiwiteit, sonder om aan die totale onderbou van hierdie juridiese begrip die nodige aandag te gee.²¹⁰⁾ Hoewel die juridiese wilsfunksie op die substraat van die psigiese en logiese funksies rus, gee die reg deur middel van die beginsel van soewereiniteit in eie kring 'n eie juridiese betekenis aan hierdie begrip.²¹¹⁾

3.7.4 Regsubjek as funksiebegrip

'n Regsubjek is dus nie in hierdie sisteem van Dooyeweerd 'n blote denkkonstruksie nie, maar 'n subjektiewe eenheid in die noodwendige korrelasie van gemeenskaps- (verbands-) en maatskapsfunksies in die regslewe.²¹²⁾ So vertoon selfs 'n natuurlike persoon hierdie maatskaps- en gemeenskapsfunksies: 'n kind val onder ouerlike gesag in 'n gesinsverband (dis 'n gemeenskapsfunksie - die kind is tesame met en onderworpe aan ander regssubjekte tot die eenheid van een gemeenskap verbonde), maar die kind tree ook teenoor ander persone op (dis 'n maatskapsfunksie - die kind se ouers of voog tree in hierdie verband *ex lege* namens die kind op). Die kind val nie net binne een gemeenskap (te wete die gesinsgemeenskap) nie, maar val ook binne 'n staatsgemeenskap, kan binne 'n kerkgemeenskap val (as dooplidmaat), ensovoorts. Die korrelasie tussen maatskaps- en gemeenskapsfunksies kom by al hierdie samelewingstrukture na vore, maar ook die natuurlike persoon se individuele (enkelvoudige) regssubjektiwiteit vind sy juridiese eenheid in die korrelasie tussen maatskaps- en gemeenskapsfunksies deurdat die natuurlike persoon in die regsverkeer albei hierdie funksies vertoon.²¹³⁾

'n Regspersoon, net soos 'n natuurlike persoon, is dus ook 'n eenheid in die korrelasie van maatskaps- en gemeenskapsverhoudings, maar op 'n heel ander wyse as die natuurlike persoon. Die gemeenskapsverhouding is geleë

210) Dooyeweerd 1937 227 ev; Dooyeweerd 1946 dl 2 88.

211) Dooyeweerd 1937 230.

212) Dooyeweerd 1937 384; Dooyeweerd 1946 dl 2 100-101.

213) Dooyeweerd 1937 386.

in die feit dat 'n aantal natuurlike persone binne die eenheid van 'n verband val; die maatskapsverhouding is daarin geleë dat die regs persoon ook in 'n verhouding teenoor buitestaanders te staan kom.²¹⁴⁾ Wat hierdie kwesie by die regs persoon nog ingewikkelder maak, is dat die gemeenskapsverhouding van die verband berus op die korrelasie van gemeenskaps- en maatskapsverhoudings van die individuele natuurlike persone waaruit die verband saamgestel word.²¹⁵⁾ Die lede van 'n regs persoon val dus binne die gemeenskap van die verband (gemeenskapsfunksie), maar kan ook teenoor die verband in 'n maatskapsverhouding te staan kom.

3.7.5 Eksterne erkenning

Die feit dat 'n gemeenskap (groep) van nature bestaan, dui nie daarop dat dit noodwendig 'n verband (regs persoon) is nie. Die interne gemeenskapsbetrekkings wat byvoorbeeld tussen die lede van 'n gesin bestaan, is nie voldoende om sonder meer regs subjektiwiteit in eksterne betrekkings aan die gesin te verleen nie. Hierdie interne gemeenskapsbetrekkings het wel 'n invloed op die individuele lede se optrede in die regsverkeer, byvoorbeeld 'n vader is op grond van die gemeenskapsverhouding vanselfsprekend bevoeg om namens sy kind in die regsverkeer op te tree. Maar die gesin stel nie weens die interne gesinsbande vanselfsprekend ook in eksterne verhoudings 'n verband daar nie. Ten einde as 'n verband (regs persoon) te kan optree, moet die gemeenskapsverhouding aan sekere vereistes voldoen, wat beoordeel moet word in die lig van die individualiteitstruktuur van die verband.²¹⁶⁾

Volgens Dooyeweerd is dit nooit die volle mens wat in hierdie gemeenskapsverhouding betrek word nie:

214) Dooyeweerd 1946 dl 2 101; Dooyeweerd 1937 384: "Iedere verbandsfunctie der rechtssubjectiviteit heeft een rechtsmaatschappelijke keerzijde en omgekeerd." Van der Vyver en Van Zyl 1982 391-392.

215) Dooyeweerd 1937 386 verklaar dat die lede van 'n verband: "... in een bijzondere gemeenschapsfunctie door dit verband tot een eenheid verbonden zijn, zoowel een juridische gemeenschapsfunctie in dit verband als externe maatschapsfunctie teenover dit verband bezitten." Van der Vyver en Van Zyl 1982 392 veral vn 31.

216) Dooyeweerd 1937 387; sien ook 3.7.6 en 3.7.7 hieronder, asook Van der Vyver en Van Zyl 1982 392 en 394.

"Het zijn altijd slechts bepaalde gemeenschapsfuncties der menselijke rechtssubjectiviteit, nimmer die volle menschen zelve, die in een gedifferentieerd rechtsverband tot een continue veel-eenheid verbonden zijn."²¹⁷⁾

Daarom kan die lede of bestuurders kragtens hulle maatskapsfunksie steeds as derdes teenoor die verband staan. In die interne struktuur van die verband is die gemeenskapsfunksie van die lede se regssubjektiwiteit egter nie selfstandig nie, maar 'n deelregssubjektiwiteit wat slegs in verbondenheid met die subjektiewe regseenheid van die verband (die reeds bestaande korrelasie tussen maatskaps- en gemeenskapsverhouding van die verband) 'n sinvolle bestaan verkry.

3.7.6 Interne verbandsreg

Die verband funksioneer op grond van interne verbandsreg. Die interne verbandsreg hang saam met die individualiteitstruktuur van elke verband.²¹⁸⁾ Deur die funderings- en bestemmingsfunksie van elke verband word die individualiteitstruktuur van die verband bepaal. Regspersone is volgens Dooyeweerd altyd in die historiese wetskring (planmatige menslike vorming) gefundeer, maar die bestemmingsfunksie verskil deurdat dit aan die hand van die doel van die regspersoon bepaal word.²¹⁹⁾ Daarom kan die huwelik en gesin nie regspersone wees nie, want hierdie gemeenskappe is in die bio-tiese wetskring gefundeer.²²⁰⁾ Die bestemmingsfunksie kwalifiseer op hierdie wyse die interne verbandsreg.

'n Samelewingsverband kan derhalwe volgens Dooyeweerd van 'n maatskapsverhouding onderskei word deurdat:

- daar by sowel vrye as gedwonge verbande gesags- en ondergeskiktheidsverhoudinge ('n interne gesagstruktuur) bestaan;

217) Ibid; Dooyeweerd 1946 d1 2 83 en 100.

218) Dooyeweerd 1937 394.

219) Dooyeweerd 1936 d1 3 207; Dooyeweerd 1946 d1 2 106.

220) Dooyeweerd 1936 d1 3 209; anders Van der Vyver en Van Zyl 1982 397; sien ook Ebel 1978 637 ev.

- daar 'n deurlopende, ondeelbare eenheid ongeag die wisseling van lede of organe bestaan.²²¹⁾

Die eenheid is geen denkkonstruksie nie, maar 'n ondeelbare verband wat onderworpe aan die interne verbandsreg is en wat deur die individualiteitstruktuur (veral die bestemmingsfunksie) gekwalifiseer word.

3.7.7 Vereistes vir regs persoonlikheid

Op grond van bogenoemde uiteensetting is regs persoonlikheid derhalwe vir Dooyeweerd daarin geleë dat:

1. 'n samelewingsverband as 'n eenheid in die korrelasie van interne verbands- en eksterne maatskapsverhoudings bestaan, wat draer van regte en verpligtinge is;
2. hierdie verband onafhanklik van die individuele lede of bestuurders waaruit dit saamgestel is, voortbestaan;
3. daar 'n gesag- en ondergeskiktheidsverhouding bestaan;
4. die verband histories gefundeer is en kragtens interne verbandsreg aan die regsverkeer deelneem.

Die feit dat daar 'n afgesonderde vermoë bestaan, waartoe die aanspreeklikheid van lede of bestuurders teenoor derdes beperk is, kan as 'n aanduiding van selfstandige interne en eksterne vermoënsregtelike regs subjektiwiteit dien. Tog is dit nie die enigste maatstaf wat vir die toewysing van regs subjektiwiteit gebruik word nie en kan dit soms selfs heeltemal ontbreek.²²²⁾

Uitdruklike wetserkenning is derhalwe nie die maatstaf vir die toekenning van regs persoonlikheid nie, maar dit bestaan by samelewingsverbande uit hoofde van die feit dat hulle bepaalde kenmerke vertoon. Hierdie kenmerke

221) Dooyeweerd 1937 396; Dooyeweerd 1946 dl 2 102; Van der Vyver en Van Zyl 1982 392.

222) Dooyeweerd 1937 396.

(*struktuurprinsipe*) veroorsaak dat daar by die verband 'n eenheid in die veelheid bestaan, wat deur die interne verbandsreg georden word. Eksterne erkenning in die vorm van prosesregtelike en ander kompetensies is maar net die gevolg van die interne eenheid, wat reeds bestaan en in die deurlopende korrelasie van interne verbands- en eksterne maatskapsfunksies geleë is.²²³⁾

3.7.8 Regshandelinge deur middel van organe

Kragtens interne verbandsreg handel die regspersoon deur middel van sy organe. Die organe word nie van die regspersoon geskei nie, maar vorm deel van die verbandseenheid.²²⁴⁾ Die organe verteenwoordig derhalwe nie die regspersoon nie, maar as die orgaan handel, is dit die regspersoon wat handel. In samehang met hierdie standpunt is daar dan vir Dooyeweerd nie 'n probleem om die regspersoon vir onregmatige dade of misdade aanspreeklik te hou nie, want dit is moontlik dat die regspersoon skuld kan vorm. Dooyeweerd verduidelik dat die skuldbeginsel wel op individuele toerekeningsvatbaarheid toegespits is, maar dat dit nie onmoontlik is om die skuldbegrip ook op die regspersoon van toepassing te maak nie. Hy stel dit so:²²⁵⁾

"Waar de zogenaamde 'motievenschuld' niet in aanmerking komt en alleen op een star schuldtype, onafhankelijk van de fijnere schuldgronden, wordt gelet, is geenzins zonder meer de mogelijkheid eener strafrechtelijke verantwoordelijkheid van een rechtspersoon af te snijden Gelijk ze ook thans voor het fiscale strafrecht kan worden aangenomen."

3.7.9 Die stigtingsregspersoon

Dooyeweerd grond ook sy siening van die stigting op hierdie reële verbandsteorie. Hy sien die stigting dienooreenkomstig nie net as 'n juridiese fi-

223) Dooyeweerd 1937 398; Dooyeweerd 1946 dl 2 101.

224) Dooyeweerd 1937 370: "... (Z)ij is selve niets anders dan de als rechts-subject fungerende, georganiseerde juridiese verbandseenheid."

225) Dooyeweerd 1937 399. In sowel die Suid-Afrikaanse as Nederlandse reg word tans erkenning verleen aan die feit dat regspersone aanspreeklik kan wees vir misdade en onregmatige dade, en dan nie net op grond van middellike aanspreeklikheid nie, maar ook op grond van toerekenbare skuld; sien 4.3.7 en 5.3.2.4 hieronder.

guur nie, maar as 'n reële verband met verskillende struktuurmoontlikhede.²²⁶⁾ Deurdad die stigting, anders as die vereniging of korporasie, geen lede het nie, ontstaan die vraag wie dan die subjek (eienaar) van die stigtingsvermoë is.²²⁷⁾

Hoewel die stigting geen lede het nie, is dit die stigting self wat as deurlopende verband as regs subjek optree en derhalwe as eienaar van die stigtingsvermoë aangewys kan word.²²⁸⁾ Hierdie subjek- en bestuursfunksies van die stigting word voortgesit deur 'n verband van bestuurders (organe) wat nie gelyktydig aanwesig hoef te wees nie, maar wat in opeenvolging 'n reële, deurlopende verband vorm. Die voortbestaan van die verband, onafhanklik van die individualiteit van die daaraan verbonde organe of bestuurders ('n vereiste vir regspersoonlikheid), word daardeur verseker. Selfs by stigtinge waar net een bestuurder op 'n keer aanwesig is, word die voortbestaan deur opeenvolgende bestuurders bevestig.²²⁹⁾

Ook die gesag- en ondergeskiktheidsverhouding ('n verdere vereiste vir regspersoonlikheid) is in die stigtingsverband teenwoordig deurdad die bestuurder voortdurend aan die wil van die oprigter, soos in die oprigtingsakte neergelê, onderwerp word.²³⁰⁾ In sy orgaanfunksie is die bestuurder draer van die gesag, maar as deelhebber aan die regs subjektiwiteit van die stigting is hy onderworpe aan hierdie gesag.

3.7.10 Kritiek

Die waarde van die teorie van Dooyeweerd is daarin geleë dat hy die regs persoon omskryf as 'n realiteit wat regsbevoeg, handelingsbevoeg, versky-

226) Dooyeweerd 1937 412.

227) Dooyeweerd vereis wel die bestaan van 'n nie-winsgerigte afgeskeide vermoë; anders Asser-Van der Grinten 1980 dI 2/II 329, wat aantoon dat 'n stigting selfs sonder 'n vermoë kan ontstaan.

228) Dooyeweerd 1937 414: "De stichting als reëel continu verband van subjects- en bestuursfuncties is het eenig mogelijk subject van de in het stichtingsvermogen vereenigde rechten en verplichtingen." Dooyeweerd 1946 dI 2 103.

229) Dooyeweerd 1937 415. Dooyeweerd noem as voorbeeld dat 'n geslag nie uitsterf solank daar nog een lid van die geslag aanwesig is nie.

230) Ibid.

ningsbevoeg en toerekeningsvatbaar is. Dit bied ook 'n bevredigende verklaring vir die regs persoonlikheid van die stigting.

Tog kom daar bepaalde vrae na vore wat verband hou met die wyse waarop Dooyeweerd sekere van sy gedagtes geformuleer het. Regsubjektiwiteit word deur hom omskryf as:

"... een tijdelijke, dus relatieve subjectsfunctie ... binnen een onherleibaar normatief aspect der tijdelijke werkelijkheid selve en dat deze rechtssubjectiviteit alz zoodanig zich slechts in een onverbreekelijke correlatie van interne verbands- en externe maatschappelijke verhoudingen openbaart."²³¹⁾

Regsubjektiwiteit is dus vir Dooyeweerd 'n funksie of 'n kenmerk van die regs subjek en daarmee kan geen fout gevind word nie.

'n Regs subjek word egter deur Dooyeweerd beskryf as: "... een subjectieve eenheid in de noodwendige correlatie van verbands- (gemeenschaps-) en maatschapsfunksies van het rechtseven."²³²⁾ Hy beweer verder dat dit: "... altijd slechts bepaalde gemeenschapsfuncties der menselijke rechtssubjectiviteit, *nimmer de volle menschen zelve*, die in een gedifferentieerd *rechtsverband* tot een continue veel-eenheid verbonden zijn."²³³⁾ Die *regspersoon* is dus nie saamgestel uit 'n groep mense wat as 'n eenheid aan die regsverkeer deelneem nie, maar is eerder die samevoeging van die *gemeenskapsfunksies* van 'n aantal natuurlike persone, soos dit in die regsverkeer na vore kom in die korrelasie van maatskaps- en gemeenskapsfunksies.²³⁴⁾ Hy kom dan tot die gevolgtrekking:²³⁵⁾

231) Dooyeweerd 1937 209.

232) Dooyeweerd 1937 384; sien ook aw 386, waar Dooyeweerd aantoon dat die *regsubjek* die juridiese eenheid is wat op die korrelasie van die gemeenskaps- en maatskapsfunksies hy sowel die natuurlike as die regspersoon gegrond is. Ook Dooyeweerd 1946 dl 2 106.

233) Dooyeweerd 1937 387; Dooyeweerd 1946 dl 2 100.

234) Dooyeweerd 1946 dl 2 100. Vgl ook Van der Vyver en Van Zyl 1982 391: "Die rede hiervoor is dat net 'n aspek van die mens se persoonlikheid - en nie die hele persoonlikheid nie - in die groter geheel opgeneem word."

235) Dooyeweerd 1946 dl 2 100.

"Daarom is de rechtspersoon zelve nimmer een reële ding-eenheid, maar slechts een rechtsfunctie binnen een reële ding-eenheid."

Dooyeweerd ontken nie die belang van lede by die vereniging of bestuurders by die stigting nie, maar die regs persoon bestaan nie uit hierdie lede/bestuurders in groepsverband nie. Vir hom bestaan die regs persoon uit die eenheid van regsverhoudinge (korrelasie van maatskap- en gemeenskapsverhoudinge). Die gemeenskapsfunksie van die regs subjektiwiteit van die lede/bestuurders ('n aspek van die lede se persoonlikheid) vorm die regs subjek.²³⁶⁾

Die regs persoon is dus nie volgens Dooyeweerd konkreet nie, maar dit is slegs 'n regsfunksie binne 'n reële gemeenskap (groep mense), welke regsfunksie uit regsverhoudinge of regsbetrekkinge bestaan. In sy kritiek op die juridiese realiteitsteorie redeneer hy dat die regs persoon òf 'n denk konstruksie moet wees, wat 'n fiksie is, òf dit moet 'n reële verbandspersoon wees.²³⁷⁾ Volgens sy teorie is die regs persoon egter nie 'n reële verbandspersoon nie, maar is dit slegs 'n funksiebegrip wat op bepaalde regsverhoudings dui.²³⁸⁾ In hierdie opsig is daar nie 'n groot verskil tussen Dooyeweerd se teorie en die juridiese realiteitsteorie van Scholten nie - laasgenoemde sien ook die regs persoon as 'n realiteit wat in die regsverhoudinge van mense na vore kom.

Hallis²³⁹⁾ beweer ook dat verhoudings wat tussen individue bestaan, 'n sosiale verband tot stand bring. Maar die blote feit dat daar 'n sosiale verband bestaan, dui tog nie noodwendig op regs persoonlikheid nie en dui

236) Dooyeweerd 1935 dl 2 132 en 200 dui die belang van die lede aan, maar Dooyeweerd sê nêrens dat hierdie lede in groepsverband die regs persoon vorm nie; op aw 203 beweer hy dat slegs 'n persoonlikheidsfunksie, nooit die volle persoonlikheid nie, deel kan wees van die regs persoon; in 1937 202 ev verklaar hy dat die juridiese eenheid van die veelheid van regs subjekte in die onderlinge regsverhoudings geleë is.

237) Dooyeweerd 1937 203 en 204.

238) Dooyeweerd 1946 dl 2 100; Van der Vyver en Van Zyl 1982 395. Boots 1959 70 ev sien 'n regs persoon as bestaande uit "relaties", maar anders as by Dooyeweerd, kan net die positiewe reg hierdie "relaties" in 'n regs persoon omskep.

239) 1930 125. Hy verklaar dat hy die gedagte aan ene Maciver ontleen.

nog minder daarop dat 'n regs persoon bestaan. Die vereistes vir die bestaan van 'n regs persoon kan derhalwe nie in verhoudings geleë wees nie.

Om die regs persoon as 'n reële, stoflike (of konkrete) groepsentiteit te sien, is daar geen ander uitweg as om die lede/bestuurders in groepsverband (en nie slegs 'n aspek van hulle persoonlikheid nie)²⁴⁰⁾ as die regs persoon aan te merk nie. Die entiteit by sowel die vereniging as die stigting is derhalwe altyd uit 'n aantal natuurlike persone in groepsverband saamgestel. Hierdie aspek kom nie duidelik na vore in Dooyeweerd se teorie nie.

Dooyeweerd maak voorts melding van die feit dat wetlike erkenning nie 'n voorvereiste vir die totstandkoming van 'n regs persoon is nie. Daarmee kan saamgestem word, want ook in die Suid-Afrikaanse reg geld dit nie as 'n vereiste nie.²⁴¹⁾ Dooyeweerd gee egter geen aanduiding of die positiewe reg, wat nie noodwendig in 'n wet vervat is nie, regs persoonlikheid verleen al dan nie. Volgens hom word die regs persoon erken as dit aan bepaalde vereistes voldoen.²⁴²⁾

Dat groeppvorming wat deur die lewenswerklikheid opgedring word, nie ontken kan word nie, staan vas. Dooyeweerd sê dan heeltemal tereg dat alle gemeenskappe (groepe) nie noodwendig regs persone is nie. Regs persoonlikheid kan egter nie slegs in die aanwesigheid van sekere kenmerke by samelewingsverbande gesoek word nie. Die positiewe reg moet immers hierdie kenmerke as vereistes vir die ontstaan van regs persoonlikheid erken.

Dooyeweerd maak geen melding van die rol van die positiewe reg nie. Dit is tog wel moontlik dat 'n gemeenskap aan al die vereistes voldoen vir die toekennung van regs persoonlikheid, maar dat die owerheid deur gepositiveerde

240) Van Haersolte 1971 151 ev wys daarop dat 'n mens in meer as een hoedanigheid kan optree, bv 'n koning is 'n mens en 'n simbool. Desondanks is dit in elke hoedanigheid die totale mens en nie slegs 'n aspek van sy persoonlikheid nie, wat optree.

241) *Morrison v Standard Building Society* 1932 AD 229; sien ook 4.2.4.5 hieronder.

242) Kyk 3.7.7 hierbo; vgl egter Van der Vyver en Van Zyl 1982 398 wat verklaar dat erkenning net deur die staatlke positiewe reg kan geskied.

regsreëls, in die uitoefening van sy samelewingsordende funksie, regsper-
soonlikheid daaraan weerhou. In so 'n geval kom daar geen regs persoon tot
stand nie. Hierdie funksie van die positiewe reg kom ook duidelik na vore
by die onderskeid wat tussen die vereniging met regs persoonlikheid en die
vereniging sonder regs persoonlikheid getref word.²⁴³⁾ 'n Bestaande regsper-
soon kan deur die owerheid met behulp van gepositiveerde regsreëls tot 'n
verbode organisasie verklaar word. Volgens Dooyeweerd se standpunt bly hier-
die regs persoon nou voortbestaan, want dit voldoen aan al die vereistes vir
regs persoonlikheid en die positiewe reg is geen bepalende faktor ten opsig-
te van die bestaan van regs persoonlikheid nie. Oor die houdbaarheid van so
'n benadering kan beslis twyfel uitgespreek word.

Dit is wel waar dat die positiewe reg nie 'n regs persoon kan skep waar die
basiese vereistes, soos 'n groepsverband, ontbreek nie, want dit sou dan
op 'n fiksie berus. Nietemin kan nie ontken word dat erkenning deur die po-
sitiewe reg 'n vereiste vir regs persoonlikheid is nie.

3.8 Gevolgtrekking

Dit blyk uit die ontleding van die teorieë onder bespreking dat die neiging
tans in Nederland en Duitsland bestaan dat juriste grotendeels aanhangers
van die een of ander verskyningsvorm van die juridiese realiteitsteorie is.
Daar is in 'n groot mate eenstemmigheid daaroor dat die regs persoon draer
van daadwerklike regte en verpligtinge is.

'n Leemte wat egter deurgaans ondervind word, is dat daar nie sinvol tot
die wese van regs subjektiwiteit (regs persoonlikheid) deurgedring word nie.
Myns insiens is 'n ontleding van regs subjektiwiteit wesenlik by enige on-
dersoek na die aard van die regs persoon. Hieroor word vervolgens in hoof-
stuk 4 besin.

Hoewel daar nie met alle aspekte van hulle teorieë saamgestem word nie,
is daar twee gevolgtrekkings wat uit die orgaansteorie van Von Gierke en
die funksionele verbandsteorie van Dooyeweerd gemaak kan word en wat ek
wil beklemtoon:

243) Fabricius 1963 1 10-20 en 44-47; Du Plessis 1943 83-84; Du Plessis
1941 80-82.

- albei juriste is dit eens dat die regspersoon nie op kontrak nie, maar op interne verbandsreg berus.²⁴⁴⁾ Myns insiens is dit die mees realistiese begroning vir die gemeenregtelike regspersoon, gesien in die lig dat daar geen gemeenregtelike gesag vir die standpunt dat 'n regspersoon op kontrak berus, bestaan nie.²⁴⁵⁾ Hierdie aspek word vollediger by 5.3.2.1 hieronder bespreek;
- die regspersoon handel deur middel van organe, wat deurentyd van verteenwoordigers kragtens volmag onderskei moet word. Wanneer die organe regshandelinge uitvoer, is dit regtens die regspersoon wat handel.²⁴⁶⁾ Op sodanige wyse is dit ook moontlik dat die regspersoon 'n eie wil kan vorm. Hieraan word verder aandag geskenk by 4.3.5 en 5.3.2.4 hieronder.

244) Vgl 3.3.3 en 3.3.7 hierbo vir die standpunt van Von Gierke en 3.7.6 hierbo vir die standpunt van Dooyeweerd.

245) Vgl 2.1.2.4 en 2.3.2.3 hierbo.

246) Sien 3.3.5 en 3.7.8 hierbo.

HOOFSTUK 4

REGSUBJEKTIVITEIT4.1 Regsubjektiviteit as vertrekpunt

Dit is opvallend dat die meeste juriste wat oor die regs persoon teoretiseer, die een of ander aspek (oor)beklemtoon en rondom sodanige aspek as uitgangspunt dan 'n hele teorie opbou. Die meeste uitgangspunte hou verband met die wyse waarop die regs persoon in die regsverkeer optree. So beklemtoon Von Savigny dit dat slegs die individuele mens as werklike regsubjek kan optree en dat die regs persoon derhalwe deur middel van 'n fiksie as regsubjek funksioneer; Von Gierke weer, voer aan dat die regs persoon uit organe saamgestel is en 'n merkwaardige ooreenkoms met die natuurlike persoon vertoon; Brinz beklemtoon die vermoë van die regs persoon en in die kollektiewe eiendomsteorie van Molengraaff word die optrede van die regs persoon met die lede in hulle persoonlike hoedanigheid in verband gebring.¹⁾

Daar is voorts verskillende indelingswyses van die reeds bespreekte teorieë, wat gewoonlik op die verskille in die opvattinge betreffende die aard van die regs persoon berus. Die bekendste indelingswyse onderskei tussen die teoretici wat ontken dat regsubjektiviteit werklik by iets anders as die individuele mens voorkom en dan noodwendig die toekenning van regsubjektiviteit aan die regs persoon as maatreël wat op 'n fiksie berus, beskou, teenoor die teoretici wat die regs persoon as daadwerklike draer van regte en verpligtinge aanmerk.²⁾ Daar moet egter teen 'n té starre indeling van teorieë gewaak word, aangesien daar soveel verskillende klemverskille voorkom dat sommige teorieë moeilik indeelbaar is. So is dit moontlik dat die juridiese realiteitsteorie, deurgevoer tot sy logiese eindpunt dat die regs persoon 'n gedagtekonstruksie sonder fisiese onderbou is, ook maar weer fiktiewe elemente bevat.³⁾

1) Sien 3 hierbo

2) Van der Vyver en Van Zyl 1982 388. Vir ander indelingswyses raadpleeg Dooyeweerd 1937 205 ev; Fourie 1973 7-8; John 1977 22-59. Dit val egter buite die omvang van hierdie proefskrif om die indelingswyses van regs persoonsteorieë volledig weer te gee.

3) Kyk 3.6.6 hierbo.

4.1.1 Die wisselwerking tussen teorie en praktyk

Dat dit wel belangrik is om met die optrede van die regspersoon in die regsverkeer rekening te hou, kan nie betwyfel word nie. Nietemin is dit nie moontlik om die regspersoonlikheidsvraagstuk op te los indien daar nie analities tot die wese van regssubjektiwiteit deurgedring word nie.⁴⁾ Veral die vroeëre teoretici het nie veel aandag aan regssubjektiwiteit geskenk nie, maar het merendeels die optrede van die regspersoon in die regsverkeer beklemtoon. Dit het dan dikwels daartoe gelei dat hulle nie deeglik tussen regsbevoegdheid en regssubjektiwiteit onderskei het nie.⁵⁾

Dit is veral Dooyeweerd⁶⁾ en Hommes wat die belang van die ontleding van die begrip regssubjektiwiteit by die begroning van die regspersoon beklemtoon het. Hierdie benadering word later volledig bespreek. Die eensydige beklemtoning van een of meer aspekte van die optrede van die regspersoon maak die meeste teorieë besonder vatbaar vir kritiek, deurdadig daardie teorieë nie met die regspersoon as geheelbegrip rekening hou nie. Dit is dus van die allergrootste belang om die regspersoon primêr aan die hand van regssubjektiwiteit te omskryf, welke uiteensetting steeds met die optrede van die regspersoon in die regspraktyk rekening sal moet hou.

Meijers⁷⁾ wys dan ook op die belang van die toepasbaarheid van regspersoonsteorieë in die praktyk. In 'n bespreking van die fiksieteorie, die orgaansteorie, die teorie van die kollektiewe eiendom en die juridiese realiteitsteorie, beklemtoon hy dat daar ten opsigte van al die genoemde teorieë in 'n mindere of meerdere mate praktiese toepassingsprobleme bestaan, wat hierdie teorieë onaanvaarbaar maak.⁸⁾ Die waarde van die praktiese toepassing van enige regspersoonsteorie kan nooit buite rekening ge-

4) Vgl die onderskeid wat Houwing 1939 6 en 14 tussen die vrye en interpretatiewe definisie tref.

5) Geldart 1924 7 waarsku tereg dat *capacity* nie met *personality* verwar moet word nie. Sien ook vne 33 en 62 hieronder.

6) Kyk 3.7.1 hierbo.

7) 1955 dl 3 191 ev.

8) Vgl 3 hierbo ten opsigte van kritiek op genoemde teorieë.

laat word nie.⁹⁾ Meijers ontken egter nie die waarde van teoretiese besinning oor die regsperseonsoosfiguur geheel en al nie, hoewel daar 'n hele aantal skrywers is wat wel die waarde van teoretisering totaal ontken.¹⁰⁾ Dat dit egter 'n totaal eensydige en onhoudbare benadering is om die regsteorie by enige vorm van regsvorming te ontken, word deur verskeie juriste beklemtoon.¹¹⁾

4.1.2 Metodologiese uitgangspunt

As 'n voorstander van die transcendentaal-empiriese metode, vergelyk Hommes¹²⁾ juis die bevrugtende wisselwerking tussen teoretiese begripsvorming en die regspraktyk en hy wys daarop dat die een nie sonder die ander kan bestaan nie. Hommes verklaar in hierdie verband dat:¹³⁾

-
- 9) Meijers 1955 dl 3 191: "Het is merkwaardig hoevele auteurs bij ons over de vraag der rechtspersoonlijkheid in het algemeen geschreven hebben, maar hoe weinig moeite de meeste dezer schrijvers zich getroost hebben aan de rechtspraak, die met het door het behandelde vraagstuk verband houdt, te verzamelen en kritisch te belichten."
- 10) Polak 1960 2: "Men erkent dat deze theorieën weinig of geen praktische betekenis hebben ..."; Pitlo-Löwenstein 1978 13; Van der Velden 1969 40; Paton en Derham 1972 393; Langemeijer 1946 171; anders Hart 1953 17-18.
- 11) Houwing 1939 43; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 4: "Het spreekt van zelf, dat alleen naar positief recht; dus telkens voor elke rechtsorde van enig land in enige tijd op zich zelf, uitgemaakt kan worden, wie rechtspersoon zijn Wij kunnen niet uitmaken, wie positiefrechtelijk rechtspersoon zijn zonder eerst te hebben vastgesteld wat rechtspersoon is. Het is een begrip van die rechtstheorie, die wel als theorie van het positieve recht de verschijnselen van het recht in de samenleving én in de menselijke geest tot object heeft, maar die niet het inhoud van het positieve recht beschrijft." Sien ook Van der Vyver en Van Zyl 1982 110-111; Kraft 1938 7; Van Haersolte 1971 18; Schönfeld 1929 dl 2 191 ev; Larenz 1979 215-221.
- 12) Raadpleeg veral *De elementaire grondbegrippen der rechtswetenschap* 1972 (a) 13-18; *De transcendentaal-empiriese metode: haar betekenis voor de juridiese vakwetenskappe* Ars Aequi jrg 28 Des 1979 719; *Rechtsbeginselen* 1980 (b) 35 ev (mede-outeurs GJ Scholten en DR Schelkens); *De verhouding van rechtsfilosofie en juridiese vakwetenskappe - de transcendentaal-empiriese metode* Tydskrif vir Suid-Afrikaanse reg 1980 (a) 3 213-232.
- 13) 1979 719.

"... ik uiteenzet wat naar mijn mening de betekenis van de rechtsfilosofie voor de juridische vakwetenschappen is. Tevens zal dan blijken, welke omgekeerd de betekenis van de juridische vakwetenschappen voor de rechtsfilosofie is. Want, dit wil ik met nadruk vooropstellen, er moet een wederzijdse bevruchting zijn, wil de rechtsfilosofie niet in ijdele luchtspiegelingen opgaan en de juridische vakwetenschappen veranderen in een geboneerd vakidiotisme."

My eie metodologiese uitgangspunt by die teoretiese begronding van die regs-persoonsfiguur is in ooreenstemming met hierdie standpunt. Enige regs-persoonsteorie moet wel deeglik met die regspraktyk rekening hou, maar die regspersoneer kan die teoretiese begronding daarvan nie negeer sonder om in *vakidiotisme* te verstar nie. In aansluiting by die bogenoemde metode is dit verder belangrik om te let op die verskillende aspekte wat in die reeds bespreekte teorieë beklemtoon is. Daar is hierbo gewys op die gevaar wat die eensydige beklemtoning van een of meer aspekte van die optrede van die regspersoon skep. Tog is dit moontlik om 'n aantal van hierdie standpunte met mekaar te versoen. Indien die onderskeie teorieë nie deur eensydige beklemtoning uit verband geruk word nie, bestaan daar sonder twyfel raakpunte tussen die verskillende teorieë. 'n Regspersoonsteorie wat die raakpunte benadruk, behoort tot veel groter hoogte die regspersoon as geheelbegrip te omskryf en behoort ook makliker te lei tot die vorming van 'n regspersoonsteorie wat praktiese toepassing in die regsverkeer kan vind.

By die toepassing van hierdie metode is dit nie voldoende om kursories op enkele kenmerke van die regspersoon te let nie, maar moet die kern van die regspersoon, naamlik regsobjektiwiteit of regspersoonlikheid, ontleed word.¹⁴⁾ Daar sal ook gewys word op die noodsaak om die begrippe *regspersoon* en *regspersoonlikheid* van mekaar te skei, aangesien nie bloot deur 'n bespreking van die optrede van die regspersoon noodwendig aangedui word wat regspersoonlikheid is nie.¹⁵⁾

14) Die begrippe regspersoonlikheid en regsobjektiwiteit is reeds in 1.2 hierbo voorlopig omskryf.

15) Kyk 4.2.2 hieronder.

Die regssubjektiwiteit van 'n regspersoon heet regspersoonlikheid.¹⁶⁾ Aan-gesien die begrip regssubjektiwiteit soos dit vir natuurlike persone en regs=persone geld, bespreek word, sal deurgaans na regssubjektiwiteit as algemene term verwys word, bedoelende in die geval van regspersone regspersoonlikheid. Regssubjektiwiteit word egter nie as 'n sinoniem vir regsbevoegdheid gebruik nie en 'n duidelike onderskeid tussen die twee begrippe sal hieronder gemaak word.¹⁷⁾

4.2 Regssubjektiwiteit as funksiebegrip

Daar bestaan tans uiteenlopende menings oor wat die begrip *regssubjektiwiteit* presies beteken. In die regspraak word regssubjektiwiteit as sodanig nie ver-klaar nie, maar word slegs die wyse waarop die natuurlike persoon en regs=persoon in die regsverkeer optree, omskryf. Hierdie kenmerke van die natuur=like persoon en regspersoon se optrede, soos deur die howe gestel, kan reeds as uitgangspunt in verband met regssubjektiwiteit dien, hoewel dit uiteraard nie die doel van die regspreker is om in sy beslegting van geskille noodwen=dig teoretiserend te werk te gaan nie. Ter bereiking van 'n sinvolle geïn=tegreerde siening van regssubjektiwiteit sal gevolglik ook regsteoreties be=sin moet word.

Die begrip *persona*¹⁸⁾ word in die huidige regspraak gebruik om 'n natuurlike persoon (mens) en 'n regspersoon aan te dui.¹⁹⁾ Die term het by sowel die na=tuurlike persoon as die regspersoon die tegniese betekenis dat dit op 'n per=soon met regssubjektiwiteit slaan.

16) Vgl 1.2 hierbo. Raadpleeg ook Van der Vyver en Van Zyl 1982 395; Fourie 1973 6.

17) Kyk 4.2.3 hieronder.

18) Vir die historiese ontwikkeling van die begrip *persona* vanaf masker van 'n toneelspeler, rol van 'n toneelspeler, rol van 'n mens in die lewe en daarna die regslewe, die mens self, die mens met regssubjektiwiteit en laastens enige entiteit met regssubjektiwiteit, raadpleeg Van der Vyver en Van Zyl 1982 374; Van Warmelo 1957 24 ev; Fourie 1973 6; Joubert 1951 18.

19) *Webb & Co Ltd v Northern Rifles* 1908 TS 462 op 464; *Dadoo Ltd v Krugers=dorp Municipal Council* 1920 AD 530 op 548. Kyk ook Joubert 1951 7-8; Fourie 1973 2 en 6; Van der Vyver en Van Zyl 1982 384; in die Duitse reg: Büttner 1967 29 en in die Nederlandse reg: Luijten 1970 1.

4.2.1 By die natuurlike persoon

By die natuurlike persoon word regssubjektiewiteit gewoonlik aan die hand van regsbevoegdheid omskryf, naamlik dat die natuurlike persoon draer van regte²⁰⁾ en verpligtinge²¹⁾ is en daarom as regs subjek aan die regsverkeer deelneem. Verskeie skrywers stel dan ook regssubjektiewiteit gelyk aan regsbevoegdheid en beweer verder dat 'n regs subjek se regssubjektiewiteit slegs geleë is in die feit dat hy regsbevoeg (draer van regte en verpligtinge) is.²²⁾ Die meeste skrywers meen hierdie standpunt te staaf deur daarop te wys dat 'n *infans*²³⁾ en 'n kranksinnige slegs regsbevoegdheid het en nie handelingsbevoeg²⁴⁾ of verskyningsbevoeg²⁵⁾ is nie en dat so 'n persoon gevolglik regs subjektiewiteit bloot op grond van sy regsbevoegdheid verkry.²⁶⁾

-
- 20) Joubert 1951 7 omskryf hierdie regte as subjektiewe regte. Van der Vyver en Joubert 1980 27 wys daarop dat CP Joubert, Dooyeweerd en Hommes kompetensies buite rekening laat deurdat hulle by die definiëring van regssubjektiewiteit net van subjektiewe regte melding maak. Vir die onderskeid tussen kompetensies, subjektiewe regte en bevoegdhede, sien Van der Vyver en Joubert 1980 3-20. Van der Vyver 1980 4 (vn 2) verskil egter nie met Van Zyl 1982 375-377, wat ook hierdie regte as subjektiewe regte sien nie. Sowel Van der Vyver as Van Zyl dui egter aan dat die *regte* wat by regssubjektiewiteit ter sprake is, meer inhou as subjektiewe regte (1980 29), maar tog kan subjektiewe regte nie uitgesluit word van die regte wat 'n persoon kragtens sy regssubjektiewiteit uitoefen nie, aangesien subjektiewe regte uit een van die kompetensies (naamlik regsbevoegdheid) van 'n persoon voortvloei. Sien ook Van der Vyver 1973 273.
- 21) Hosten, Edwards, Nathan en Bosman 1979 296; Boberg 1977 3-4; Joubert 1951 7; Olivier, Barnard en Cronje 1980 1; Fourie 1973 2.
- 22) Fourie 1973 2: "Regsbevoegdheid of regssubjektiewiteit is die vermoë of kompetensie om draer van regte te wees..."; Boberg 1977 5; Büttner 1967 29; anders Van Rensburg 1974 94 wat verklaar dat regssubjektiewiteit nie aan die hand van kompetensies omskryf behoort te word nie, maar dat dit die hoedanigheid is van onderworpe aan die reg te wees.
- 23) Kind onder sewe jaar.
- 24) Vir 'n omskrywing sien 1.2 hierbo.
- 25) Vir omskrywing sien 1.2 hierbo.
- 26) Boberg 1977 5, 130 en 534; Hosten 1979 304 en 309; anders Van der Vyver en Van Zyl 1982 375-381 en Van Rensburg 1974 94.

Van Zyl²⁷⁾ kritiseer hierdie standpunt en wys daarop dat selfs die *infans* en die kranksinnige handelingsbevoeg en verskyningsbevoeg is, deurdat regs-handelinge wat die *infans* se ouer of voog of die kranksinnige se kurator namens hom verrig, die *infans* of kranksinnige toegereken word.²⁸⁾ Die *infans* en die kranksinnige is volgens hierdie uiteensetting *selfhandelings-* en *selfverskyningsonbevoeg* deurdat hulle nie *self* kan handel en in die hof kan verskyn nie, maar hulle is wel beperk handelings- en verskyningsbevoeg deurdat die regshandeling en prosesdeelname wat namens hulle uitgevoer word, hulle toegereken word en hulle persoonlik bind. Van Zyl beklemtoon dit dat die regsobjektiwiteit van *alle* natuurlike persone aan die hand van regsbevoegdheid, handelingsbevoegdheid en verskyningsbevoegdheid omskryf moet word.

Van der Vyver²⁹⁾ ondersteun hierdie standpunt van Van Zyl dat regsobjektiwiteit nie sonder meer aan regsbevoegdheid gelykgestel kan word nie, en dat selfs die *infans* en kranksinnige beperk handelingsbevoeg en verskyningsbevoeg is, maar hy voer aan dat die regsobjektiwiteit van die natuurlike persoon ook ander kompetensies³⁰⁾ as die genoemde drie insluit, naamlik ook toerekeningsvatbaarheid³¹⁾ en publiekregtelike kompetensies. Aangesien regsobjektiwiteit egter 'n regsfilosofiese term is en die sinkern van die reg aan die hand van regte en verpligtinge omskryf word, verklaar hy dat die

27) Van der Vyver en Van Zyl 1982 375-381.

28) Indien die ouer/voog byvoorbeeld 'n kontrak namens die *infans* sluit, word die *infans* se boedel aanspreeklik gehou en nie die ouer/voog se boedel nie, en indien daar 'n hofgeding rakende die *infans* se belange gevoer word, word die *infans* gebind deur die hofuitspraak en nie die ouer/voog nie. Vgl egter die kritiek op hierdie standpunt deur Van Rensburg 1974 95-99.

29) 1973 266.

30) Van der Vyver 1973 273. Van der Vyver wys daarop dat die term *bevoegdheid* nie korrek gebruik word in die sin van regsbevoegdheid, handelingsbevoegdheid en verskyningsbevoegdheid nie en dat daar eerder gebruik gemaak moet word van die term *kompetensie*. Aangesien bevoegdheid egter so 'n ingeburgerde term is, wys hy slegs op die onderskeid en gebruik dan self die gekte terme regsbevoegdheid, handelingsbevoegdheid en verskyningsbevoegdheid; anders Boberg 1977 5. Sien ook die standpunt van Van Rensburg 1974 94 ev. Hierdie meningsverskil kan tersyde gelaat word.

31) Raadpleeg ook Henkel 1972 3.

regsubjektiviteit van natuurlike persone om doelmatigheidsredes aan die hand van hulle regsbevoegdheid omskryf kan word. Tans definieer Van der Vyver regsubjektiviteit as die vermoë om juridiese kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge te kan hê.³²⁾ Hy sonder dus bepaalde *regte* en *verpligtinge* naas kompetensies uit.

Hierteenoor meen Van Rensburg³³⁾ dat regsubjektiviteit nie aan die hand van enige kompetensie omskryf behoort te word nie, aangesien kompetensies nie die wese van regsubjektiviteit verklaar nie. Die feit dat 'n persoon een van die kompetensies het, beteken nie dat hy enige van of al die ander kompetensies ook moet hê nie. Volgens Van Rensburg is regsubjektiviteit die hoedanigheid van regsobjek te wees, dit wil sê die hoedanigheid van onderworpe aan die reg te wees. Indien hierby ingelees word (hoewel Van Rensburg dit nie vermeld nie) dat die verskil tussen regsobjekte en regsobjekte daarin geleë is dat eersgenoemde *onderworpe* aan die reg is en laasgenoemde *onderhewig* aan die reg gestel word, is dit wel moontlik om op hierdie wyse 'n hoedanigheid van regsobjekte te omskryf. Die probleem met hierdie standpunt is egter dat dit slegs regsubjektiviteit as hoedanigheid omskryf, maar nie volledig verklaar wat die wese of inhoud van regsubjektiviteit is nie.

Uit die uiteensetting hierbo blyk duidelik dat die omskrywing van regsubjektiviteit in die Suid-Afrikaanse reg 'n omstrede aangeleentheid is. Aangesien regsubjektiviteit gewoonlik aan die hand van een of meer bevoegdheid(hede)/kompetensie(s) omskryf word, ontstaan daar 'n hele aantal vrae in verband met regsubjektiviteit, waarop daar helaas nie vanuit die bogenoemde uiteensettings bevredigende antwoorde verskaf kan word nie. Die belangrikste twee kwelvrae is:

- Bestaan die regsubjektiviteit van natuurlike persone vanselfsprekend of word dit deur die positiewe reg verleen?
- Kan regsubjektiviteit net aan mense (natuurlike persone) toegestaan word of is daar ook ander entiteite of dinge wat met regsubjektiviteit beklee kan word?

32) Van der Vyver en Joubert 1980 33.

33) 1974 94 ev. Geldart 1924 7 waarsku ook dat *personality* nie met *capacity* gelykgestel moet word nie. Vgl die kritiek op Van Rensburg se standpunt soos in Van der Vyver en Joubert 1980 28 veral vn 15 uiteengesit is.

4.2.2 By die regs persoon

Die regs subjektiwiteit (regspersoonlikheid³⁴⁾) van regs persone word ook deur die Suid-Afrikaanse regspraak aan die hand van die optrede van die regs persoon in die regsverkeer omskryf. Ofskoon die howe nie uitdruklik regs subjektiwiteit ontleed nie, word die vereistes wat aan 'n entiteit gestel word om as regs subjek aan die regsverkeer deel te neem (dit wil sê die vereistes vir die toekenning van regs subjektiwiteit), duidelik uiteengesit. Die Suid-Afrikaanse regspraak onderskei derhalwe nie die regs persoonsfiguur van regs subjektiwiteit nie, maar gebruik die bestaansvereistes van 'n regs persoon as maatstaf van sy regs subjektiwiteit.

Die twee hoofvereistes vir die ontstaan en bestaan van die gemeenregtelike regs persoon,³⁵⁾ wat albei aan die Romeins-Hollandse reg ontleen is, word in *Webb & Co. Ltd. v Northern Rifles*³⁶⁾ soos volg uiteengesit:

"An universitas is distinguished from a mere association of individuals by the fact that it is an entity distinct from the individuals forming it, that its capacity to acquire rights and incur obligations is distinct from that of its members, which are acquired and incurred for the body as a whole, and not for the individual members."

"Among the most important rights appertaining to an universitas is the right to acquire and hold property. It continues to exist though the individual members comprising it change, so long as one member remains in whom the rights of the universitas can vest. It has what is sometimes called perpetual succession."

34) Sien 1.2 hierbo.

35) Regs persone kan ook statutêr in die lewe geroep word, byvoorbeeld ingevolge die Maatskappywet 61 van 1973; die Wet op Bouverenigings 24 van 1965; die Wet op Koöperatiewe Verenigings 29 van 1939; in welke gevalle registrasie bykomend vereis word. Geen registrasie word vereis vir regs persone soos EVKOM, WNNR, Universiteite, ens, wat ook statutêr in die lewe geroep word nie.

36) 1908 TS 462 op 464. Vgl ook *Cassim v Molise* 1908 TS 748; *Levin v Transvaal Miners Association* 1912 WLD 144; *Tilbrook v Higgins* 1932 WLD 147 op 153; *Malebjoe v Bantu Methodist Church of SA* 1957 4 SA 465 (W).

Alle vereistes wat ten opsigte van gemeenregtelike regspersone gestel word, geld nie noodwendig vir statutêre regspersone nie. Daar word vervolgens slegs aan die regsobjektiwiteit van gemeenregtelike regspersone aandag geskenk.

Die uitspraak in die *Webb*-saak is deur die Appêlhof bevestig in *Morrison v Standard Building Society*,³⁷⁾ in welke saak voorts beslis is dat 'n regspersoon nie uitdruklike owerheidstoestemming benodig om as eienaar of gedingvoerder in die regsverkeer te kan optree nie.³⁸⁾ Weens 'n ongelukkige bewoording van 'n samevatting van die vereistes deur regter Smith in die *Webb*-saak³⁹⁾ is die twee vereistes tot *property apart* en *perpetual succession* afgewater.

Uys⁴⁰⁾ kritiseer hierdie twee vereistes as sou dit nie onderskeidende kenmerke van 'n regspersoon wees nie, omdat dit ook in sekere gevalle by ander regsfigure, soos mede-eenaars en genote, aangetref word.⁴¹⁾ Hy fouteer egter wanneer hy die eerste vereiste, moontlik in navolging van die samevatting in die *Webb*-saak, na *property apart* herlei. Die hof het dit tog duidelik gestel dat dit kenmerkend van alle regspersone is dat hulle oor regte en verpligtinge (waaronder ook die kompetensie om eiendom te besit) *afsonderlik* van die regte en verpligtings van individuele lede beskik. Hierdie regte en verpligtinge kan tog nie sonder meer tot *property apart* vereenvoudig word nie. Hoewel dit vir mede-eenaars en genote soms moontlik is

37) 1932 AD 229; daarna telkens weer deur die hof bevestig.

38) Op 238. Vgl egter Van der Vyver en Van Zyl 1982 398: "In verband hiermee moet daarop gewys word dat 'n gemeenskap slegs dan 'n juridiese eenheid na buite het (naas juridiese eenheid na binne) as die staatslike positiewe reg aan hom hierdie kwaliteit verleen." Op hierdie probleem word in 4.2.4.5 hieronder vollediger ingegaan.

39) Op 468: "I therefore find that the Legislature has created a body having both perpetual succession and the capacity to acquire and hold property distinct from the property of its individual members, and in my opinion, therefore, it has created an universitas."

40) 1961 8 ev.

41) Uys 1961 11. 'n Genootskap is vir Uys 'n entiteit sonder regspersoonlikheid wat op kontrak berus.

om 'n bepaalde vermoë af te sonder,⁴²⁾ word hulle regte en verpligtinge ten opsigte van hierdie afgesonderde vermoë nooit heeltemal van hulle persoonlike regte en verpligtinge geskei nie, soos wat wel die geval by die regspersoon is.⁴³⁾ Mede-eienaars kan ook nooit aan die vereiste van *perpetual succession* voldoen nie, aangesien hulle nie ongeag die wisseling van lede kan voortbestaan nie. 'n Genootskap kan wel in die geval van 'n klub sonder regs persoonlikheid ongeag die wisseling van lede voortbestaan, maar dit maak nie noodwendig van so 'n klub 'n regspersoon nie. Die regsposisie van 'n klub is eiesoortig in die Suid-Afrikaanse reg, aangesien dit sonder inagneming van Romeins-Hollandse regsbeginsele uit die Engelse reg oorgeneem is, soos by 5.2 hieronder vollediger aangetoon sal word. Uys verwar hier die kompetensie om eienaar te wees ("the capacity to acquire and hold property") met subjektiewe regte (eiendomsreg). Die hof het nie na eiendomsreg verwys nie, maar na die kompetensie om eienaar te wees.

Van Zyl⁴⁴⁾ stel 'n verdere vereiste aan die hand van Dooyeweerd se funksionele verbandsteorie, naamlik dat daar 'n interne gesagstruktuur aanwesig moet wees. Hierdie mening sluit aan by die uitgangspunt van die moderne Nederlandse juriste wat in die organe van 'n regspersoon 'n bepaalde gesagstruktuur bespeur.⁴⁵⁾ Myns insiens is die interne gesagstruktuur nie 'n afsonderlike vereiste vir die bestaan van 'n regspersoon nie, maar dien dit slegs om die vereiste van die permanente voortbestaan van die regspersoon ongeag die wisseling van lede te tipeer. Daar word 'n interne gesagstruktuur by die opeenvolgende lede vereis ten einde die regspersoon in staat te stel om te funksioneer en as groepverband te kan voortbestaan. Die gesagstruktuur sal eers ontbreek wanneer daar nie meer lede is nie, in welke geval die regspersoon in elk geval ontbind.

42) Bamford 1982 27-30, 48-49; Van der Merwe 1979 259 en 263.

43) Skuldeisers van die mede-eienaars wat reeds die afgesonderde vermoë probeer uitwin het, sal steeds proporsioneel op 'n mede-eenaar se persoonlike vermoë beslag kan lê. Uys verklaar self (1961 99-100) dat 'n skuldeiser van 'n genoot op sy genootskapsaandeel beslag kan lê en dat genote 'n vorm van beperkte mede-eiendomsreg op die afgesonderde vermoë het. Hy weerspreek homself dus.

44) Van der Vyver en Van Zyl 1982 392 en 397.

45) Kyk 4.3.5 hieronder.

'n Verdere vereiste vir die ontstaan en bestaan van regspersone is in die doel van die regspersoon geleë. In *Morrison v Standard Building Society*⁴⁶⁾ is beslis:

"In order to determine whether an association of individuals is a corporate body which can sue in its own name, the Court has to consider the nature and object of the association as well as its constitution, and if these show that it possesses the characteristics of a corporation or universitas then it can sue in its own name."

Die hof het waarskynlik bedoel dat daar slegs na die aard en doel van 'n organisasie gekyk moet word met die oogmerk om vas te stel of die twee vereistes *property apart* en *perpetual succession* aanwesig is. In latere sake, wat gevolg het op die *Morrison*-gewysde, is derhalwe nooit aan die doelstelling van 'n organisasie as voorvereiste vir die toekenning van regsobjektiwiteit aandag gegee nie.

Dat die doel van 'n organisasie deurslaggewend is om vas te stel of 'n gemeenregtelike regspersoon bestaan, kan nie betwyfel word nie. Van Zyl⁴⁷⁾ wys daarop dat dit die wetgewer vry staan om sekere organisasies te verbied, in welke geval geen regspersoon tot stand kom (of verder kan funksioneer indien dit reeds bestaan) nie, weens die gebrek aan erkenning daarvan deur die staatlke positiewe reg. Die maatstaf vir die verbod is in al-

46) 1932 AD 229 op 238. Vgl *Committee of the Johannesburg Public Library v Spence* 1898 5 Off Rep 84; *Ex parte Johannesburg Congregation of the Apostolic Church* 1968 3 SA 377 (W). Fourie 1973 31 verklaar dat die hof eers na die konstitusie moet kyk om daaruit vas te stel wat die aard en doelstellings van 'n organisasie is. Hy hou egter nie rekening met die feit dat die konstitusie dikwels nie op skrif gestel is nie of dat daar (hoewel die organisasie wel 'n regspersoon is) dikwels geen uitdruklike verwysing na regs persoonlikheid in die konstitusie voorkom nie. In sodanige gevalle kan regs persoonlikheid net aan die hand van die organisasie se eksterne en interne optrede vasgestel word.

47) Van der Vyver en Van Zyl 1982 400-401; ook Van der Vyver en Joubert 1980 39-40.

te gevalle die feit dat die doel van die organisasie onwettig is.⁴⁸⁾ Dit is oënskynlik in teësprak met die benadering in die *Morrison*-saak dat geen uitdruklike owerheidstoestemming vir die bestaan van regs persone vereis word nie. Oor hierdie probleem word in 4.2.4.5 vollediger besin.

Organisasies met onwettige doelstellings kragtens die Suid-Afrikaanse reg is die volgende: die Kommunistiese Party van Suid-Afrika,⁴⁹⁾ en ingevolge die Wet op Onwettige Organisasies⁵⁰⁾ die African National Congress, African Resistance Movement, Dance Association, Defence and Aid Fund, National Committee for Liberation, Pan African Congress, Poqo, Socialist League en Spear of the Nation,⁵¹⁾ om maar enkeles te noem.

Indien die hoofdoel van 'n organisasie egter wettig is, sal regs subjektiwiteit nie weerhou word op grond van enkele onwettige bepalings in die konstitusie nie, hoewel die onwettige bepalings vanselfsprekend nie bindend sal wees nie.⁵²⁾

Die Nederlandse regsposisie in hierdie verband is dat 'n regspersoon verbied word indien die doelstellings of werksaamhede van die regspersoon in stryd met die openbare orde of goeie sedes is. Die term doel of doelstellings word in die ruimste sin moontlik verstaan. Dit omvat dus nie net die statutêre doel nie, maar ook die statutêre middele ter bereiking van die doel.⁵³⁾ Die strafmaatreël wat aldaar ten opsigte van verbode regspersone geld, is verlies van regs subjektiwiteit.

48) Kyk ook vn 38. Van Zyl huldig tereg die standpunt dat die erkenning van regs subjektiwiteit deur die staatlike positiewe reg geskied. Hy wys egter daarop dat die positiewe reg soms skynreg skep indien dit nie met die totale regswerklikheid rekening hou nie. Daar moet derhalwe onderskei word tussen *uitdruklike* owerheidstoestemming (wat volgens die *Morrison*-saak nie vereis word nie) en erkenning deur die positiewe reg.

49) Die Wet op Binnelandse Veiligheid 44 van 1950 (soos gewysig).

50) Wet 34 van 1960 (soos gewysig).

51) Bamford 1982 122 gee 'n volledige lys van verbode organisasies weer, met verwysings na die Staatskoerant waarin die organisasie ingevolge die Wet verbied is; raadpleeg ook Van der Vyver en Joubert 1980 39.

52) Bamford 1982 120.

53) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 116.

Artikel 30⁵⁴⁾ van die Wet op Maatskappye 61 van 1973 bevat voorts 'n bepaling betreffende die belang wat die doel van 'n organisasie vir die verkryging van regsobjektiwiteit inhou. Indien 'n organisasie se hoofdoel uitsluitlik winsbejag is, kan daar slegs regsobjektiwiteit verkry word indien die registrasievoorskrifte van die Maatskappyyewet nagekom is. Die gevolg hiervan is dat die doel van sekere organisasies, indien dit uitsluitlik 'n winsoogmerk inhou, verhoed dat sodanige organisasies gemeenregtelike regspersoonlikheid kan verkry.

Die doel van 'n regspersoon is verder deurslaggewend vir die voortbestaan van die regspersoon, aangesien verdeling van die doel tot ontbinding van die regspersoon lei.

Dit is opvallend dat nie een van die hofuitsprake wat die gemeenregtelike vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid uiteensit, daarvan melding maak dat 'n regspersoon op kontrak berus nie. Soos uit 2 hierbo blyk, was dit ook nie 'n gemeenregtelike voorskrif dat 'n regspersoon op kontrak berus nie. Oor die vraag of die gemeenregtelike regspersoon op kontrak berus al dan nie, word by 5.3.2.1 hieronder volledig besin.

Op grond van die bostaande uiteensetting kan die volgende regsvereistes vir die bestaan van gemeenregtelike regspersone gestel word:

4.2.2.1 Daar moet 'n entiteit bestaan wat draer is van regte en verpligtinge (waaronder die kompetensie om eiendom te besit) afsonderlik van die regte en verpligtinge van die individue waaruit die entiteit saamgestel is;

4.2.2.2 Die entiteit moet 'n bepaalde interne gesagstruktuur vertoon en as sodanig voortbestaan ongeag die wisseling van individue waaruit die entiteit saamgestel is;

54) A 30: "Geen vereniging van persone opgerig na 31 Desember 1939 met die doel om sake te doen wat die maak van wins deur die vereniging of individuele lede daarvan as oogmerk het, is 'n regspersoon nie, tensy dit as 'n maatskappy geregistreer word kragtens hierdie Wet, of opgerig word ingevolge 'n ander wet of voor 31 Mei 1962 opgerig is ingevolge 'n Patentbrief of Koninklike Oktrooi." Vgl ook *South African Flour Millers' Mutual Association v Rutowitz Flour Mills* 1938 CPD 199.

4.2.2.3 Die entiteit moet 'n voorafbepaalde hoofdoel(-stellings) nastreef, welke hoofdoel(-stellings) nie onwettig of *contra bonos mores* mag wees nie.

Hierdie samevatting dui egter nie aan wat regssubjektiwiteit is of waarin die regssubjektiwiteit van 'n regspersoon dan geleë is nie. Dit verskaf ook geen antwoord op die volgende probleme nie:

- Bestaan die regssubjektiwiteit van 'n regspersoon vanselfsprekend of word dit deur die staatlike positiewe reg verleen?
- In aansluiting hiermee ontstaan die vraag of 'n verbode organisasie steeds regssubjektiwiteit behou (hoewel in beperkte mate deurdat byvoorbeeld die verbode organisasie se handelingsbevoegdheid en verskyningsbevoegdheid hom ontnem kan word) dan wel of dit moontlik is dat die positiewe reg 'n verbode organisasie se regssubjektiwiteit geheel kan ontnem, welke vraagstuk ontstaan het deurdat die uitspraak in die *Morrison*-saak⁵⁵⁾ lui dat 'n regspersoon nie owerheids-toestemming benodig ten einde in die regsverkeer te kan optree nie.

Sou die argument aangevoer word dat 'n regspersoon sonder erkenning deur die positiewe reg kan ontstaan, maar dat die positiewe reg sodanige regspersoon kan ontbind indien die hoofdoel onwettig of *contra bonos mores* is, beteken dit dat 'n verbode organisasie met verbode doelstellings van meet af aan wel regssubjektiwiteit kan verkry, maar dat die positiewe reg dan by magte is om so 'n organisasie te ontbind.

Uys⁵⁶⁾ wys daarop dat die bestaansvereistes van die regspersoon gebruik word om as maatstawwe vir die verklaring van regssubjektiwiteit te dien, en hy kritiseer dan hierdie maatstawwe as vaag en verwarrend. Hy is verder van mening dat dit in die regsverkeer moeilik is om vas te stel wanneer 'n groep aan die gestelde vereistes voldoen, aangesien dit moontlik is dat 'n regspersoon tot stand kan kom sonder dat die oprigters dit uitdruk-

55) Sien teks by verwysing 37 hierbo.

56) 1961 7-13.

lik gestel het (of besef het) dat 'n regs persoon opgerig is. Veral derdes kan in onsekerheid verkeer daarvoor of 'n regs persoon tot stand gekom het, wat nie bevorderlik vir regsekerheid is nie.⁵⁷⁾ Na my mening fouteer Uys as hy die bestaansvereistes as vaag en verwarrend aanmerk. Wat wel verwarring kan skep, is die feit dat die lede van 'n regs persoon of buitestaanders nie altyd bewys mag wees in watter mate 'n entiteit aan hierdie vereistes voldoen al dan nie.

Ten grondslag van hierdie probleme lê die feit dat regs subjektiwiteit nêrens behoorlik ontleed en op regspersone toegepas word nie. In aansluiting by die transendentiaal-empiriese metode lê dit op die weg van regsteoretici om oplossings in hierdie verband te verskaf, aangesien dit nie noodwendig die regsprekers se doel is om teoretiserend te werk te gaan nie. Dit is belangrik om te poog om bogenoemde probleme aan die hand van 'n ontleding van die begrip regs subjektiwiteit op te los.

4.2.3 Regsubjektiwiteit teoreties besien

Van der Vyver⁵⁸⁾ omskryf regs subjektiwiteit as die vermoë van iets of iemand om as subjek (en nie as objek nie) aan die regsverkeer deel te neem. Hy vermeld verder: "... (A)s 'n mens van die standpunt uitgaan dat die reg in sy wesenlike kern met regte en verpligtinge te make het, kan jy regs subjektiwiteit in terme van regsbevoegdheid definieer sonder om dus in jou definisie melding te maak van al die ander funksies op regsgebied wat deur 'n regs subjek vervul word" ⁵⁹⁾

Die vraag ontstaan egter of dit afdoende is om regs subjektiwiteit aan die hand van 'n enkele kompetensie⁶⁰⁾ of meerdere kompetensies⁶¹⁾ te definieer

57) Uys 1961 12.

58) 1973 266.

59) Van der Vyver 1973 273. Hy vermeld dat hy nie bedoel om 'n volledige definisie van regs subjektiwiteit te verskaf nie, maar bloot 'n paar gedagtes wissel ten einde gedagtes te prikkel.

60) Olivier, Joubert, Boberg, Hosten. Sien ook vne 21 en 22 hierbo.

61) Van Zyl. Kyk teks by verwysing 27 hierbo.

en of die begrip regssubjektiwiteit nie 'n ingewikkelder samestelling het nie.⁶²⁾ Klotz⁶³⁾ verklaar dat die omskrywing van regssubjektiwiteit aan die hand van kompetensies inhoudloos is, aangesien dit nie tot die wese van regssubjektiwiteit deurdring nie. Daar is reeds verwys na die standpunt van Van Rensburg⁶⁴⁾ wat verklaar dat regssubjektiwiteit die hoedanigheid is van regssubjek te wees, dit wil sê die hoedanigheid van onderworpe aan die reg te wees. Dat Van Rensburg se uitgangspunt korrek is, kan nie betwyfel word nie, maar hierdie omskrywing verklaar nie volledig wat die wese en inhoud van regssubjektiwiteit is nie. Ten einde dit te verklaar, kan kompetensies myns insiens nie uit 'n omskrywing van regssubjektiwiteit weggelaat word nie.

Tans definieer Van der Vyver⁶⁵⁾ regssubjektiwiteit as die vermoë om juri-diese kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge te kan hê. Een van die kompetensies hier ter sake is regsbevoegdheid, wat omskryf word as die vermoë om draer van regte en verpligtinge te wees en sekere ampte in die regsverkeer te beklee. Van der Vyver moet gelyk gegee word dat die regte wat by regssubjektiwiteit ter sprake is, méér as slegs subjektiewe regte is, aangesien dit ook op kompetensies dui. Desondanks kan subjektiewe regte nie van 'n persoon se regssubjektiwiteit uitgesluit word nie, aangesien hy uit hoofde van een van sy kompetensies (naamlik regsbevoegdheid) draer van onder meer subjektiewe regte is. Dit skyn dus onnodig te wees om regssubjektiwiteit aan die hand van kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge te omskryf, aangesien subjektiewe regte en regsverpligtinge

-
- 62) Geldart 1924 7; asook Van Rensburg 1974 94, wat meedeel dat regssubjektiwiteit nie aan die hand van kompetensies omskryf behoort te word nie.
- 63) 1963 5: "Dies liegt zum Teil daran, dass die Inhaltlosigkeit der genannten Ausgangsdefinition zu weiteren Konkretisierungen zwingt, zum Teil versucht man damit auch den begrifflichen Dualismus zwischen rechtsfähigen und nichtrechtsfähigen Gebilden zu durchbrechen." Dit is 'n probleem waarop Uys 1961 12 reeds gewys het.
- 64) Van Rensburg 1974 94. Raadpleeg ook teks by verwysing 33 hieronder.
- 65) Van der Vyver en Joubert 1980 33. Raadpleeg ook vn 20 hierbo. Kyk egter Van der Vyver 1973 273: "Die vermoë om draer van regte en verpligtinge te wees, is reeds by regsbevoegdheid inbegryp en is daarom in bedoelde definisie tautologies."

immers reeds in een van die kompetensies, naamlik regsbevoegdheid, vervat is. Indien dit nodig sou wees om spesifiek op subjektiewe regte en regsverpligtinge klem te lê, sou dit na my mening beter gewees het om regssubjektiwiteit te omskryf as die vermoë om juridiese kompetensies, waaruit onder meer subjektiewe regte en regsverpligtinge voortvloei, te kan hê.

Volgens 'n vroeëre standpunt van Van Zyl⁶⁶⁾ is die regssubjektiwiteit van 'n entiteit daardie aspek van sy persoonlikheid *wat as subjek* in die juridiese wetskring optree. Hierop moet geantwoord word dat dit immers die totale regs-subjek is wat as subjek in die regsverkeer optree en nie slegs 'n *aspek van sy persoonlikheid* nie. Regssubjektiwiteit as sodanig kan nie as subjek in die regsverkeer optree nie, maar dui bloot op 'n *eienskap* van die regssubjek om as subjek aan die regsverkeer deel te neem. In die jongste tyd omskryf Van Zyl regssubjektiwiteit enigszins duideliker as: "... daardie *aspek* (faset, sy of funksie) van 'n *entiteit wat as subjek* in die juridiese wetskring fungeer."⁶⁷⁾

Hommes omskryf regssubjektiwiteit op naastenby dieselfde wyse as Van Zyl, maar wys daarop dat regssubjektiwiteit die eienskap van die regssubjek is om aan die regsverkeer deel te neem:⁶⁸⁾

"... (R)echtssubjectiviteit is drager *zijn* van feitelijke juridische aanspraken en rechtsplichten. De rechtssubjectiviteit is een door rechtsnormen geregelde juridische hoedanigheid hierin bestaande dat mensen en corporaties resp. doelvermogen⁶⁹⁾ als drager van subjectieve rechten (zakelijke en persoonlijke rechten, industriële en intellectuele eigendom), van subjectieve rechtsbelangen (persoonlijk-

66) Van der Vyver en Van Zyl 1972 154-155.

67) Van der Vyver en Van Zyl 1982 373. Op aw 372 voer hy egter steeds aan: "Daardie *aspek van Piet se persoonlikheid wat as subjek* in die juridiese wetskring optree, heet sy 'regssubjektiwiteit'." (kursivering myne). In hierdie uiteensetting vind Van Zyl aansluiting by Dooyeweerd - kyk 3.7.10 hierbo.

68) Hommes 1976 116. Op aw 115 sê Hommes dat regssubjektiwiteit 'n hoedanigheid is. Raadpleeg ook Büttner 1967 29 en Mummenhoff 1979 13, wat regssubjektiwiteit as 'n *Eigenschaft* omskryf; ook Haff 1915 1 vn 4; Klotz 1963 7-9.

69) Hommes beskou korporasies en doelvermoëns as deur mense georganiseerde gemeenskappe. Vir vollediger bespreking sien teks by verwysing 146 hieronder.

heidsrechten als eer, vrijheid, leven, e.a.) en van (feitelike) rechspligthen optreden en aan het rechsverkeer deelneen."

Hommes beskryf dus *wie* regssubjekte kan wees, naamlik *mense* en *deur mense georganiseerde gemeenskappe* (korporasies) en *deur mense georganiseerde doelvermoëns*.⁷⁰⁾ Verder dui hy aan dat die hoedanigheid regssubjektiwiteit deur regsnorme gereël word. Of regssubjektiwiteit deur die staatlike positiewe reg aan sowel natuurlike as regspersone toegeken word, sê hy nie uitdruklik nie. Die blote feit dat iets deur regsnorme gereël word, beteken nog nie noodwendig dat dit deur die staatlike positiewe reg verleen is nie. Tog kan 'n mens uit 'n geheeloorsig van Hommes se standpunt aflei dat hy die toekening van die natuurlike en die regspersoon se regssubjektiwiteit aan die staatlike positiewe reg toeskryf.

Nie een van hierdie omskrywings verskaf egter bevredigende antwoorde op die vrae soos in 4.2.1 en 4.2.2 hierbo gestel nie. Die *wese* van regssubjektiwiteit word myns insiens nie verklaar nie.

4.2.4 Die wese van regssubjektiwiteit

Alvorens tot die verklaring van die wese van regssubjektiwiteit deurgedring kan word, is dit noodsaaklik om vas te stel waarom die *mense* regssubjektiwiteit het. In hierdie verband verklaar Van Nispen tot Sevenaer:⁷¹⁾

"Want hierover bestaat geen verschil van meening: de mensch is rechtssubject, het rechtssubject, zoowel voor de voorstanders der doelgedachte, als voor de fictieleer. Daarnaast zich hebben af te vragen, welk geheel van feiten aan de rechtsfiguur, die van het positieve recht naast en gelijk de mensch als rechtssubject optreedt, ten grondslag ligt. Dit is noodzakelijk, omdat men het juridisch wonder der rechtspersoon o.i. nooit kan benaderen, laat staan oplossen, indien men niet vraagt naar de oorsakelijkheid

70) Hommes is nie 'n navolger van die subjeklose doelvermoëteorie van Brinz nie - sien Hommes 1976 161-162. Dit is ook in 'n persoonlike gesprek met Hommes bevestig.

71) 1934(a) 367.

voor 't ontstaan der rechtspersoon en van de rechtsbevoegdheid bij den mensch, bij de vereeniging en bij de stichting."

Verder beklemtoon Van Nispen tot Sevenaer dat dit nie afdoende is om regs-subjektiviteit net aan die hand van regte en verpligtinge te omskryf nie, aangesien dit nie aan die diepgaande verskil tussen die natuurlike persoon met regs-subjektiviteit en die regspersoon met regs-subjektiviteit reg laat geskied nie.⁷²⁾

4.2.4.1 By natuurlike persone

Daar bestaan haas geen regstelsel meer wat nie uitdruklik verklaar dat die individuele mens regs-subjek is nie. Alle natuurlike persone se regs-subjektiviteit was egter nie altyd deur die positiewe reg erken nie, en juis dit word gewoonlik aangevoer as ondersteuning vir die standpunt dat regs-subjektiviteit slegs deur die positiewe reg toegeken kan word. Dit is welbekend dat slawe deur die Romeine nie as regs-subjekte gereken is nie, aangesien die regte en verpligtinge van slawe in die regsverkeer nie as beskermingswaardig geag is nie.⁷³⁾ Presies dieselfde lot het ook die *vagabundus* of voëlvryverklaarde getref, deurdat so 'n persoon se regte en verpligtinge hom deur die owerheid ontnem is en hy dus geen beskermingswaardige regte gehad het nie. Hierdie mense het oënskynlik geen regs-subjektiviteit gehad nie en kon onder sekere omstandighede selfs regmatig deur enige persoon gedood word. Dit is egter nie so 'n uitgemaakte saak dat sodanige persone *geen* regte en verpligtinge gehad het nie. Dit is bekend dat slawe bepaalde

72) Ibid: "Men beskryf die moegelykheid om subjectiewe regte te besit, een moegelykheid gemeen aan mensch en vereeniging, en beziet van uit dit gezichtspunt deze naar hun wezen zoo geheel onderscheidene rechtssubjecten. Zoo komt men er toe, om dit mensch in dit opzicht niet anders te zien dan zijn zeepfabriek." Op die onderskeid tussen die regs-subjektiviteit van natuurlike en regspersone word in 4.2.4.8 hieronder vollediger getel.

73) Van der Vyver en Van Zyl 1982 400; Joubert 1951 7. Dit is opmerklik dat slawerny nie op skriftuurlike gronde afgekeur kan word nie; daar is egter uitvoerige voorskrifte in die Bybel wat die *regte* van slawe omskryf; vgl Ex 21:2-3. *Alle* slawe kan dus nie as regs-subjekte getipeer word nie.

familieregte kon uitoefen en selfs kon erf.⁷⁴⁾

Homes⁷⁵⁾ verklaar die toekenning van regsobjektiwiteit tot juridiese aan-geleentheid en sê dat daar derhalwe van regsweë besluit moet word of aan 'n persoon regsobjektiwiteit verleen moet word al dan nie. In vroeëre reg-stelsels is daar dan heel dikwels ontken dat bepaalde persone vir regsobjektiwiteit in aanmerking kon kom weens die feit dat hulle van regsweë geen regsbeskerming geniet het nie.⁷⁶⁾ Vandag bestaan daar in alle reg-stelsels eenstemmigheid daaroor dat alle mense wel regsobjektiwiteit het. Vanuit hierdie uitgangspunt word die afleiding dan gemaak dat die regsobjektiwiteit van natuurlike persone deur die positiewe reg verleen word.⁷⁷⁾

Van der Vyver⁷⁸⁾ wys daarop dat die positiewe reg altyd aan die hand van alle werklikheidsbeginsels waarop dit berus (die sogenaamde substraatkringe) gepositiveer moet word, anders is die resultaat skynreg. So sou dit byvoorbeeld skynreg wees as die positiewe reg sou bepaal dat puberteitsouderdom

-
- 74) Van Zyl 1977 211: "Instelling van 'n slaaf as erfgenaam het dan ook nie sonder meer vrylating meegebring nie." Ook Van der Vyver en Joubert 1980 35 betwyfel dit dat die Romeinse slaaf net 'n regsobjek was. Raadpleeg ook Van Nispen tot Sevenaer 1936 45: "Ook de slaaf is 'aliquid secundum se subsistens et ab aliis distinctum'. Dat de ongebore vrucht, het kind, de krankzinnige zelf zijn recht niet vermag uit te oefenen, neemt niet weg, dat ook deze menselijke wezens aanspraak hebben op hun eigen bestemming, nl. de voor hen geldende ordening na te leven, dat niemand hun die mag beletten, dat zij dus rechten hebben."
- 75) 1976 116: "Het gaat bij de rechtssubjectiviteit om het juridische aspect van mensen en sociale organisaties ..."; Büttner 1967 29: "(Das) ist ein rein juristischen Begriff" Kyk ook Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 6 en Dewey 1926 655 en 658; anders Van Haersolte 1971 18.
- 76) Paton en Derham 1972 393; Van der Vyver en Van Zyl 1982 398-399.
- 77) Wolf en Naujoks 1955 59; Husserl 1964 5.
- 78) Van der Vyver en Van Zyl 1982 107-108; ook Van Haersolte 1971 71: "Zo maakt het positieve recht uit, in hoeverre een dier, een foetus, een misgeboorte, een infans, een vijand, een diens knecht enz, in rechte als 'subject' of 'persoon' moeten worden aangemerkt. Maar ook hij kan niet alles doen wat hij wil: de gedachte der slavernij blijkt nauwelijks consequent door te voeren." Anders meen Dewey 1926 658, wat die waarde van eksterne beginsels ontken.

op tienjarige leeftyd vasgestel moet word, want dit hou nie met die bio-tiese werklikheid rekening nie. Die vraag ontstaan nou of dit skynreg sal wees indien die positiewe reg bepaal dat vir regssoogmerke *die regte van sekere persone nie beskermingswaardig is nie*. Sou dit wel skynreg wees, dan kan regsobjektiwiteit nie deur die positiewe reg verleen word nie, maar bestaan dit vanselfsprekend.

Die vraag ontstaan of dit skynreg is indien die Romeine bepaal dat daar in hulle samelewing geen behoefte bestaan om regte (ook die reg op lewe) van bepaalde mense te beskerm nie. Myns insiens sou dit nie skynreg wees indien daar *werklik* in die Romeinse samelewing geen behoefte bestaan het om hierdie persone se regte beskermingswaardig te ag nie en indien die maatreël samelewingsordenend⁷⁹⁾ was. Die Romeine het slawe nie as behorende tot hulle samelewing geag nie (slawe is as regsobjekte gereken) en het in die gemeenskapslewe geen regte aan slawe toegeken nie.

Tans is die gevoel dat dit nie goeie reg is nie en teen die gevoel van naasteliefde indruis, maar dit is nie daarom skynreg nie, met dien verstande dat die Romeine met al hulle samelewingsbeginsels rekening moes gehou het. Stoker noem sodanige reg egter *onware* reg, omdat dit nie in ooreenstemming met Christelike beginsels gepositiever is nie.⁸⁰⁾ Sou die positiewe reg byvoorbeeld bepaal dat sekere mense se regsobjektiwiteit totaal ontken word (in so 'n mate dat hierdie mense argumentshalwe nie 'n reg op lewe het nie), mag dit vir 'n Christen in stryd met die gebod tot naasteliefde wees (en daarom *onware* reg). Wanneer dit egter kragtens regsbeginnsels geskied en samelewingsordenend is, is dit nie skynreg nie, al kan dit nie as Christelike reg aangemerkt word nie. As daar in 'n heidense samelewing mense aan afgode geoffer word omdat hulle glo dat die afgode dit beveel het, hou hierdie mense wel rekening met hulle geloofsoortuiging by die positivering van reg.

79) 'n Mens kan wel die moontlikheid voorsien dat dit samelewingsordenend is om bepaalde persone hulle reg op lewe te ontsê, byvoorbeeld by die voltrekking van die doodstraf.

80) Stoker 1970 9. Oorweeg ook die onderskeid tussen skynreg en *onware* reg wat Van der Vyver en Van Zyl 1982 400 aan die hand van die standpunt van Stoker maak: "So is afgodediens *egte* godsdiens (dit is nie ekonomie of kuns nie; dit is iets wat tot die geloofswetskring tuishoort), maar dit is *onware* godsdiens (omdat die ware God nie aanbid word nie)."

Dit is egter nie so 'n uitgemaakte saak dat die Romeinse slawe *geen* regte gehad het nie. Hierdie probleem is des te meer van belang in die lig van die feit dat alle mense tans draers van regssubjektiwiteit is. Vir my lyk dit waarskynliker dat die Romeine by die ontkenning van die regssubjektiwiteit van slawe nie met alle werklikheidsbeginsels rekening gehou het nie. Hulle het byvoorbeeld nie vasgestel of die slawe 'n behoefte aan beskermingswaardige regte gehad het nie. Die slawe het (hoewel die Romeine dit ontken het) tog deel van hulle gemeenskap gevorm. Hoewel alle lede van 'n gemeenskap nie met bestaande regsreëls hoef saam te stem nie, moet die regsreëls tot ordening van die *hele* samelewing dien. Die ontkenning van die regssubjektiwiteit van slawe kon beslis nie vir die slawe samelewingsordenend en regsbeskermend wees nie. Na my mening was die ontkenning van die regssubjektiwiteit van slawe deur die Romeine wel op skynreg gegrond.

4.2.4.2 By regspersone

Die bogenoemde beginsel kan ook op die regssubjektiwiteit van regspersone toegepas word. Indien die positiewe reg sou ontken dat *groepvorming* tussen mense moontlik is, sou dit skynreg wees, want die positiewe reg hou dan nie rekening met die sosiale werklikheid nie. As die positiewe reg egter aan bepaalde entiteite regssubjektiwiteit verleen of weens bepaalde redes weier om regssubjektiwiteit aan ander entiteite te verleen, dan is dit geen skynreg nie, mits die regsvormer in so 'n geval in ooreenstemming met regsbeginsels, met die oog daarop om die samelewing te orden,⁸¹⁾ optree.⁸²⁾

81) Ten opsigte van die ordenende funksie van die regsvormer, merk De Vries 1980 14 op: "De wetgewer is scherpstlijper terwille van de rechtszekerheid." Kyk verder Van Haersolte 1971 71 ev en Van der Vyver en Van Zyl 1982 103-107 en 384.

82) Daar word nie hier ingegaan op die probleem waar die staat se regssubjektiwiteit vandaan kom nie. Die staat se regssubjektiwiteit kan klaarblyklik nie aan die positiewe reg ontleen word nie. In hierdie verband kan die volgende bronne geraadpleeg word: CMO van Nispen tot Sevenaar *Over het wezen der maatschappij in Thomistischen zin Algemeen Nederlandsch Tijdschrift voor Wijsbegeerte en Psychologie* 28e jrg 1934(b); Van Haersolte 1971 25 ev; G Jellinek *Systemen der subjektiven öffentlichen Rechte* 1905 12-14; G Nass *Person, Persönlichkeit und juristische Person* 1964 54 ev; E Denninger *Rechtsperson und Solidarität* 1967 269 ev; I Mommsen *Juristische Schriften* bd 3 1907 54-62; K Haff *Grundlagen eigen Körperschaftslehre* 1915 87-108; HJ Wolff *Organschaft und juristische Person* bd 1 1933 232-345.

4.2.4.3 Regsubjektiwiteit skriftuurlik benader

Hoewel regsobjektiwiteit 'n juridiese begrip is wat vir die oogmerke van die reg aangewend moet word, kan 'n mens se siening hiervan nooit van sy geloofsoortuiging losgemaak word nie. Die reg fungeer nou eenmaal nie afsonderlik nie, maar moet steeds met ander werklikheidsbeginsels rekening hou. Dooyeweerd⁸³⁾ beklemtoon hoofsaaklik die belang van die sogenaamde substraatkringe (wetskringe, wat as onderbou vir die juridiese wetskring dien) by die vorming van 'n regsbegrip, terwyl die sogenaamde superstraatkringe (die etiese en pistiese wetskringe) net van belang is by die regs-idee (dit wil sê vir die meer volmaakte, ideële reg). Van der Vyver beaam dat dit nie noodsaaklik is om by regsvorming met die superstraatkringe rekening te hou nie. Aangesien die juridiese superstraatkringe egter beslag gee aan die regs-idee, lei dit tot 'n prysenswaardiger regstelsel in dien etiese en pistiese norme wel by regsvorming 'n rol speel.⁸⁴⁾ Die invloed van die betrokke mens se geloofsoortuiging kan ook na my mening nooit buite rekening gelaat word waar dit op begripsvorming oor regsobjektiwiteit aankom nie. Die Christen-juris het in hierdie verband dan ook die roeping en verpligting om regsbegrippe (en die gepositiveerde reg) by die vorming van enige regsteoretiese siening vanuit 'n Christelike vertrekpunt te beoordeel.⁸⁵⁾

Wanneer die regsobjektiwiteit van die natuurlike persoon ontleed word, kom die vraag eerstens na vore *waarom* die natuurlike persoon as regsobjek optree. Vir 'n Christen kan daar maar een antwoord hierop wees: vanweë die feit dat die mens die kroon van die skepping is,⁸⁶⁾ na die ewebeeld van God geskape is⁸⁷⁾ en, hoewel self 'n skepseel, deur God oor die hele skep-

83) 1937 219. Sien ook De Groot 1977 (a) 291 ev, wat veral op die invloed van psigologiese aspekte by regsvorming wys.

84) Van der Vyver en Van Zyl 1982 109 en 142-144; Hommes 1976 113 en 114; Stoker 1970 13 en 16.

85) Dooyeweerd 1937 205 wys op 'n mens se "wysgeerigen kijk", wat primêr deur 'n mens se religieuse uitgangspunt beïnvloed word. Vgl ook Stoker 1970 9-10.

86) Gen 1:26-28; Bavinck 1908 dl II 566-570.

87) Gen 1:26-27.

ping gestel is om dit te bewerk en te bewaak,⁸⁸⁾ tree die mens as subjek in die totale geskape werklikheid op. Die feit dat die mens beelddraer van God is, bepaal volgens Stoker sy status:

"Dit alles veronderstel en getuig daarvan dat hy (die mens) 'n stand, 'n status in die kosmos beklee wat by stof, plant en dier ontbreek, en wel 'n status met bepaalde funksies, 'n status vir bepaalde doeleindes. Sy mens-wees, sy persoon-wees veronderstel sy stand in die kosmos en vice versa."⁸⁹⁾

Die mens is deur God as subjek in die skepping geplaas en daarom is die mens ook in die regsverkeer, wat nie van die totale geskape werklikheid losgemaak kan word nie, in terme van die skeppingsopdrag (wat ook 'n opdrag tot ordening is) draer van regte en verpligtinge. Die regte en verpligtinge spruit voort uit die feit dat God die mens met 'n besondere amp en opdrag in die skepping geplaas het, naamlik dat die mens as koningskind sekere regte het, maar as dienskneg van God sekere verpligtinge het.⁹⁰⁾ Enige regstelsel wat nie hierdie Godgegewe regssubjektiwiteit van die mens erken nie, ontken 'n skeppingsgegewene. Vir 'n Christen kan die regssubjektiwiteit van die mens derhalwe nie 'n hoedanigheid wees wat deur die positiewe reg verleen word nie, want die positiewe reg erken daarmee slegs 'n skeppingsgegewene. Sou 'n regstelsel hierdie Godgegewe regssubjektiwiteit van die mens ontken, is dit egter nie noodwendig skynreg nie (dit kan onder bepaalde omstandighede wel skynreg wees), maar vir 'n Christen is dit onware reg.⁹¹⁾

88) Gen 1:28; Gen 2:15; Stoker 1970 13-17: "Hy (die mens) onderwerp die aarde en hêers oor al wat lewe - ook oor homself; hy is hêër van die kosmos. Met sy natuurbeheersing skep hy kultuur, bring hy iets tot stand wat die natuur uit homself nie kon doen nie. Sorgend behartig hy die mens (homself en sy naaste; as enkeling en in samelewingsverband)."

89) Stoker 1970 14-15.

90) Stoker 1970 15; Du Plessis 1979 339: "Voorts is elke mens deur God geskape as koningskind - is hy of sy 'n gesagsdraer of volmaghouer in eie reg wat aan sy of haar Skepper en Verlosser verantwoording verskuldig is oor hoedat hy/sy sy/haar toerusting as kroon van die skepping gebruik." Sien ook Van Nispen tot Sevenaer 1936 43.

91) Kyk vn 80.

Uit hoofde van die Godgegewe status van die mens het hy die vermoë om as subjek in die regsverkeer op te tree - hieraan ontleen hy dus sy kompetensies. Alle mense is draers van kompetensies, maar nie in dieselfde mate nie. Ek wil met Van Zyl saamstem dat alle mense ten minste regsbevoeg, handelingsbevoeg en verskyningsbevoeg is, maar dat hierdie kompetensies by sommige mense (soos byvoorbeeld kranksinniges en *infantes*) in 'n mindere of 'n meerdere mate beperk word. Daar bestaan ook wel veel meer as slegs genoemde drie kompetensies en die blote feit dat 'n mens draer van kompetensies is, hou nie in dat hy draer van *al* die kompetensies hoef te wees nie. Dit staan egter vas dat alle mense draers van kompetensies is weens die status wat die mens (en die mens alleen) in die geskape werklikheid beklee.

Die feit dat God die swaardmag aan die owerheid gegee het, hou verband hiermee.⁹²⁾ Die owerheid kan dienooreenkomstig wel 'n persoon se regssubjektiwiteit hom ontnem (deur byvoorbeeld die doodstraf te voltrek), maar grondliggend is dit nie die owerheid of die positiewe reg wat regssubjektiwiteit aan 'n natuurlike persoon verleen nie.⁹³⁾

4.2.4.4 Die mens vanselfsprekend regssubjek

Hoewel Kant⁹⁴⁾ nie die bogemelde Christelike standpunt navolg nie, huldig hy die mening dat die mens vanselfsprekend (van nature) regssubjek is, omdat die mens 'n sedelike wese is. Hierdie eienskap word nie deur die positiewe reg aan die mens verleen nie, maar die positiewe reg erken daarmee net 'n natuurlike gegewene. Die siening van Kant vorm die grondslag van Von Savigny se fiksieteorie, wat daarvan uitgaan dat die mens as sedelike wese

92) Gen 9:6; Ex 21:12-15.

93) Die geskiedenis van Kaïn (Gen 4:14-16) is in hierdie opsig interessant. God verleen aan hom 'n teken sodat hy nie deur enige persoon gedood mag word nie - hy behou derhalwe sy reg op lewe. Sien ook Van Nispen tot Sevenaer 1936 45: "Ook voor de zuiver positieve recht kan er van nature geen ander rechtsdrager bestaan dan de mensch."

94) 1797 10 ev. Let ook in hierdie verband op Coing 1962 59; Wieacker 1967 375 ev; Denninger 1967 3-17; Kraft 1938 8; Van Nispen tot Sevenaer 1936 44; Van Haersolte 1960 508 ev; Larenz 1979 436 en 437.

alleen in individuele hoedanigheid op regssubjektiwiteit aanspraak kan maak. Die regssubjektiwiteit van die regspersoon berus dan noodwendig op 'n juri= diese fiksie. Dat die mens as sedelike wese aanspraak kan maak op regs= subjektiwiteit, word nie betwis nie, maar Von Savigny se afleiding dat net die individuele mens werklik bestaan en draer van regssubjektiwiteit kan wees, kan nie onderskryf word nie.⁹⁵⁾

Verskeie ander juriste is ook die mening toegedaan dat regssubjektiwiteit vanselfsprekend aan die natuurlike persoon toekom, hoewel hierdie juriste nie noodwendig hulle siening op 'n Christelike uitgangspunt begrond nie.⁹⁶⁾

4.2.4.5 Die regspersoon nie vanselfsprekend regs subjek nie

In teenstelling met die posisie by individuele mense kan nie sonder meer gesê word dat groepe mense vanselfsprekend regssubjektiwiteit verkry nie. Groepvorming bestaan wel vanselfsprekend en sou die positiewe reg dit ontken, word skynreg gepositiveer. Alle groepe het egter nie regssubjektiwiteit (regspersoonlikheid) nie, omdat alle groepe nie noodwendig as regssubjekte in die regsverkeer optree nie. Tog bestaan daar in elke groep die moontlikheid om as regspersoon (regs subjek) op te tree, mits die groep aan bepaalde vereistes voldoen. Die moontlikheid bestaan dus dat 'n groep onder bepaalde omstandighede 'n regs subjek kan wees. Om 'n regs subjek te *kan* wees, beteken egter nie dat 'n groep regssubjektiwiteit het nie, want regs subjek= tiwiteit is die hoedanigheid van regs subjek te *wees*. Gevolglik stel die staat= like positiewe reg die vereistes vas waaraan 'n groep moet voldoen om reg= subjek te wees.

Daar is reeds gewys op die feit dat regte nie altyd beskermingswaardig is nie.⁹⁷⁾ Die owerheid het te alle tye 'n samelewingsordenende funksie en indien die "regte" van 'n groep persone nie tot die orde in die samelewing

95) Kyk 3.2.1 hierbo. Daar word ook nie met die oordrewe humanistiese vry= heidsideaal van hierdie juriste saamgestem nie.

96) Raadpleeg die bronne aangehaal in vn 94, asook Büttner 1967 29: "Während die Rechtspersönlichkeit dem Einzelmensch nach unserer Auffassung allein auf Grund seiner natürlichen Existenz zukommt, dient sie den juristischen Personen stets zur Verfolgung ganz bestimmter Zwecke" Sien ook Larenz 1980 29, 37 en 115; Larenz 1935 227; Wolf 1976 136; Bischoff 1918 3.

97) Van der Vyver en Van Zyl 1982 398-399. Vgl ook teks by verwysing 73 hierbo.

bydra nie, kan hierdie "regte" deur die owerheid ontken word sonder dat die owerheid noodwendig daarmee skynreg positiever.⁹⁸⁾ Sou die doelstel- lings van 'n groep persone nie in belang van die samelewing wees nie, of *in fraudem Legis* (met bedrieglike oogmerke) skyn te wees, is dit die taak van die owerheid om regsobjektiwiteit aan sodanige groep te weerhou ten einde die belange van ander mense te beskerm.⁹⁹⁾ Daar bestaan wye steun vir die standpunt dat die staatlike positiewe reg of owerheid regsobjek- tiwiteit aan regspersone verleen.¹⁰⁰⁾

Oënskylik bots hierdie standpunt met die uitspraak in die *Morrison-* saak,¹⁰¹⁾ naamlik dat die regspersoon nie owerheidstoestemming benodig alvorens dit in die regsverkeer kan optree nie. Daar moet duidelik on- derskei word tussen uitdruklike owerheidstoestemming vir die totstand- koming van 'n regspersoon en die verlening van regsobjektiwiteit deur die positiewe reg. Die eerste begrip omvat die tweede, maar die tweede begrip

-
- 98) Kyk Van der Vyver en Van Zyl 1972 42 en 43: "God het dus in beginsel daarvoor voorsiening gemaak dat die samelewing van mense deur vergel- ding georden kan word. Hy het die beginsel van ordening vir *alle* norme en die beginsel van vergelding vir spesifiek *regsnorme* voor- sien. Hy het die wêreld so geskape dat die moontlikheid van samele- wingsordening deur middel van (onder meer) vergelding daarin bestaan en toe het Hy aan die mens opdrag gegee om hierdie beginsel te posi- tiveer, hierdie moontlikheid te verwerklik, deur positiewe reg near te lê vir die ordelike naasbestaan van mense in 'n samelewing." Die regte van 'n rowersbende as groep kan tog nie beskermingswaardig wees nie en indien die owerheid dit ontken, tree die owerheid juis same- lewingsordenend op. Vgl ook Van der Vyver en Van Zyl 1982 103-107 en 384, sowel as vn 81 hierbo en Bischoff 1918 7.
- 99) *Dadoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530 op 547-550; en let op die standpunte van Wormser en Drobnig ten opsigte van *piercing the corporate veil* in 3.3.8.2 hierbo.
- 100) Brauer 1962 13; Munnenhof 1979 1-13; Larenz 1980 115; Bischoff 1918 3 en 9; Westermann 1957 12; Klotz 1963 6-12; Denninger 1967 15; Büttner 1967 30; Van Nispen tot Sevenaer 1936 375, wat sê: "Want daar- in verschild de vereeniging, de naamloze vennootschap, de coöperatieve vereniging, de stichting met den mensch, dat de rechtsbevoegdheid den mensch van nature toekomt, doch dat zij aan den eersten slechts kan toekomen. Kan toekomen en dan toekomt indien de staatsmacht als uit- deeler van positief-rechtelijke bevoegdheid die verleent, althans er- kent." Hiermee stem Vorbaum 1976 4 en Fabricius 1963 44 saam, anders egter Van Haersolte 1971 29 ev, wat aandui dat regsfigure van nature bestaan, maar dat die regsvormer net hierdie figure omlin en vorm daaraan verleen.
- 101) Vgl teks by verwysing 37 hierbo.

sluit nie noodwendig die eerste in nie. Eersgenoemde, wat ook as die konsessiebegrip aangemerkt word, hou in dat 'n regspersoon slegs tot stand kan kom indien daar die een of ander uitdruklike formele voorvereiste nagekom word. In die Engelse reg bring hierdie konsessiesisteen mee dat 'n regspersoon slegs geskep kan word deur *koninklike oktrooi* of deur wetgewing en, indien dit ontbreek, kan regsobjektiwiteit nie verleen word nie.¹⁰²⁾ Die meeste Europese regstelsels, en veral die Nederlandse en Duitse reg, reël weens die feit dat dit gekodifiseerde regstelsels is, alle aangeleenthede betreffende regspersone deur wetgewing ingevolge waarvan registrasie van 'n regspersoon vereis word. Volledige regsobjektiwiteit kan dan nie verleen word alvorens die registrasiehandeling afgehandel is nie.¹⁰³⁾ Dit is tipiese voorbeelde van die werking van die konsessiesisteen.

In die Suid-Afrikaanse reg kom sowel gemeenregtelike as statutêre regspersone voor.¹⁰⁴⁾ In die meeste gevalle moet statutêre regspersone, soos byvoorbeeld maatskappye, aan die een of ander registrasievereiste voldoen. Hier is die konsessiesisteen dus wel van toepassing. By gemeenregtelike regspersone is daar geen formele registrasievereistes nie en derhalwe bepaal die *Morrison*-saak (wat oor gemeenregtelike regspersone handel) dat daar geen *uitdruklike* owerheidstoestemming vereis word ten einde aan gemeenregtelike regspersone regsobjektiwiteit te verleen nie. Dit beteken egter nie dat die positiewe reg nie vereistes waaraan entiteite in die Suid-Afrikaanse reg moet voldoen alvorens hulle op regsobjektiwiteit aanspraak kan maak, stel nie.¹⁰⁵⁾ Hierdie vereistes, soos deur die houe aan die hand van Romeins-Hollandse regsbeginsele gestel, is reeds hierbo bespreek.¹⁰⁶⁾ Daar is ook gewys op die belang wat die doel of doelstellings van 'n regspersoon vir die verlening van regsobjektiwiteit inhou. So sal die houe die

102) Anderson 1931 8; Holland 1924 98; Hallis 1930 17 en 23.

103) Larenz 1980 133-137 en die bronne daarin aangehaal; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 190-192. In die Nederlandse reg word beperkte regspersoonlikheid wel sonder registrasie aan groepe verleen wat aan bepaalde vereistes voldoen. Volledige regspersoonlikheid word egter slegs verleen indien die registrasiehandeling plaasgevind het.

104) Kyk vn 35 hierbo.

105) Die staat is 'n uitsondering in hierdie verband - sien vn 82 hierbo.

106) Kyk 4.2.2 hierbo.

regsubjektiwiteit van 'n entiteit met doelstellings wat onwettig of *contra bonos mores* is, ontken. Ook in die Suid-Afrikaanse reg ontstaan 'n regspersoon dus nie vanselfsprekend nie, maar slegs aan die hand van beginsels soos deur die positiewe reg neergelê.

4.2.4.6 Verbode regspersone

Die verlening van regsubjektiwiteit deur die positiewe reg hou ten nouste verband met verbode organisasies in Suid-Afrika.¹⁰⁷⁾ Die vraag ontstaan of hierdie organisasies, wat deur wetgewing verbied is, nie steeds regsubjektiwiteit het deurdat daar nog steeds interne regsbetrekkings tussen die lede van die organisasie bestaan nie. Wat word byvoorbeeld van so 'n organisasie se boedel of vermoë wanneer dit verbied word? Dit kan tog gebeur dat so 'n organisasie as entiteit 'n kontrak sluit en optree met die bedoeling om regte en verpligtinge afsonderlik van die samestellende lede se regte en verpligtinge te kry. Wat word egter van hierdie regte en verpligtinge wanneer die organisasie verbied word?

'n Moontlike oplossing is dat die owerheid 'n groep persone se handelingsbevoegdheid of verskyningsbevoegdheid kan ontnem, maar nooit sodanige groep se regsbevoegdheid hom heeltemal kan ontnem nie. Volgens hierdie argument sal verbode organisasies steeds regsubjekte wees, welke regsubjekte dan net beperk is in die uitoefening van kompetensies deurdat seker kompetensies deur die owerheid aan bande gelê is. Om by hierdie slotsom te kom, moet mens natuurlik argumenteer dat die regspersoon se regsubjektiwiteit vanselfsprekend bestaan, aangesien dit nie in die geheel deur die owerheid ontnem kan word nie.

So 'n argument hou egter nie rekening met die feit dat die owerheid 'n samelewingsordenende funksie het nie, welke funksie aan die owerheid die bevoegdheid verleen om aan groepe, wat nie in belang van die samelewing optree nie, regsubjektiwiteit te ontsê. Die enigste verdere vereiste is dat

107) Vgl teks by verwysings 49 en 50 hierbo. Ten opsigte van die Nederlandse reg, raadpleeg Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 116 ev; Molenaar 1979 361 ev; Dijk en Wachter 1972 30.

die owerheid sy funksie moet uitoefen aan die hand van regsbeginnels wat met alle ander beginnels van die werklikheid rekening moet hou.¹⁰⁸⁾ Interne regsbetrekkinge en groeppvorming is derhalwe nie voldoende gronde vir 'n entiteit om op regsobjektiwiteit aanspraak te maak nie, maar die entiteit se vermoë om in eksterne regsbetrekkinge as 'n regsobjek op te tree, is 'n eienskap wat slegs deur die positiewe reg verleen of erken kan word.¹⁰⁹⁾ 'n Organisasie met onwettige doelstellings kan dus van meet af aan nie regsobjektiwiteit verkry nie.

Die probleem raak egter ingewikkelder indien 'n groep se doelstellings nie onwettig of *contra bonos mores* is nie, maar die owerheid desondanks aan sodanige groep regsobjektiwiteit ontsê, byvoorbeeld die owerheid ontsê regsobjektiwiteit aan 'n groep vroue wat 'n organisasie met 'n liefdadigheidsdoelmerk op die been wil bring. Hou die owerheid nou in hierdie geval nie met alle beginnels wat met hulle samelewingsordenende funksie saamhang, rekening nie? Dit is 'n vraag wat net aan die hand van die spesifieke omstandighede van elke geval beantwoord kan word. Dit is byvoorbeeld moontlik dat daar reeds talle soortgelyke liefdadigheidsorganisasies bestaan en dat dit gevolglik nie in die belang van die samelewing is dat nog 'n soortgelyke organisasie in die lewe geroep word nie. Die owerheid wat so iets doen, skep tog nie sonder meer deur sodanige optrede skynreg nie. Dit is heel moontlik nie goeie reg nie,¹¹⁰⁾ maar dit kan nog steeds kragtens regsbeginnels en met 'n samelewingsordenende funksie geskied. Aan die feit dat regsobjektiwiteit deur die positiewe reg aan regspersone verleen word, kan dus nie ontkom word nie.

In *Clarkson v Gelb*¹¹¹⁾ is ten opsigte van 'n bestorwe boedel besluit dat die gesamentlike uitoefening van regte en verpligtinge (in hierdie geval die van die boedel) nie sonder meer 'n entiteit met regsobjektiwiteit daarstel nie. Die regsobjektiwiteit van 'n regspersoon ontstaan derhalwe nie

108) Kyk vne 78 en 80 hierbo.

109) *Honnes* 1976 116; Van der Vyver en Van Zyl 1982 395: "In die samehang tussen die eenheid na binne en die eenheid na buite kom die regsobjektiwiteit van die regspersoon tot openbaring"; so ook 398 en 399; Fourie 1973 26; *South African Defence and Aid Fund v Minister of Justice* 1967 I SA 263 (A).

110) Vgl teks by verwysing 80 hierbo.

111) 1981 1 SA 288 (W) op 293.

vanselfsprekend nie, en blote groepsgevoel¹¹²⁾ of gesamentlike uitoefening van regte en verpligtinge is nie voldoende om regssubjektiwiteit aan 'n groep te verleen nie. Die groep moet draer wees van regte en verpligtinge afsonderlik van die regte en verpligtinge van die samestellende lede daarvan. Hiermee gepaardgaande moet die groep na buite deur die regsorde aan die hand van vasgelegde regsbeginsele erken word. Indien die regsorde die groep nie erken nie, ontstaan regssubjektiwiteit nie vanselfsprekend nie. 'n Onwettige of verbode organisasie val dus binne dieselfde kader as 'n vereniging sonder regs persoonlikheid - daar kan moontlik onderlinge regs- betrekkinge tussen die lede bestaan, maar geen regs betrekkinge na buite word deur die regsorde erken nie. Gevolglik het so 'n groep as entiteit geen kompetensies nie.¹¹³⁾

4.2.4.7 Regs subjektiwiteit as uitsluitlike kenmerk van die mens

Daar is reeds hierbo verwys na die teorie van Brinz, wat inhou dat aan 'n doelvermoë regs subjektiwiteit verleen word.¹¹⁴⁾ In die Ooste is regs subjektiwiteit al aan plante toegeken, en volgens Hindoereg word afgode met regs subjektiwiteit beklee. Joubert¹¹⁵⁾ is van mening dat regs subjektiwiteit wel aan iets anders as die mens toegeken kan word en dat daar in sodanige toekenning geen fiktiewe element opgesluit lê nie. In die Germaanse reg het 'n oorledene as subjek gefungeer en hieruit het verskeie juriste die afleiding gemaak dat die regsvormer oënskynlik aan enige entiteit regs subjektiwiteit kan verleen. Van Zyl¹¹⁶⁾ vermeld egter tereg dat die regsvormer

112) Fabricius 1963 10-20 en 44-47 wys op die belang van die verlening van regs subjektiwiteit deur die positiewe reg wat veral by die onderskeid tussen verenigings *met* regs persoonlikheid en verenigings *sonder* regs persoonlikheid na vore kom.

113) Anders Brecher 1959 255, wat aandui dat regs subjektiwiteit net deur die owerheid toegeken kan word omdat dit reeds van nature aan sekere groep verbande toekom. Ook Kraft 1938 5 verklaar dat regs subjektiwiteit van groepe van nature bestaan, maar hy fouteer deur regs subjektiwiteit aan groepvorming gelyk te stel. Nie een van hierdie skrywers dui aan *waarom* die regs subjektiwiteit van groepe van nature sou bestaan nie.

114) Vgl 3.4.2 hierbo. Kyk ook Joubert 1951 194, wat aan 'n vermoëns kompleks met 'n spesifieke doel regs subjektiwiteit toeken, 'n standpunt wat ook gehuldig word deur Larenz 1980 164 en literatuur daarby aangehaal; Polak 1956 44 ev en Duynstee 1978 1.

115) 1951 7-8 en 13.

116) Van der Vyver en Van Zyl 1982 398-399.

slegs regsobjektiwiteit kan verleen aan entiteite wat daarvoor vatbaar is, dit wil sê entiteite wie se regte beskermingswaardig is.

In hierdie verband kan weer verwys word na die standpunt dat regsobjektiwiteit 'n regsbegrip is wat vir regsogmerke in verband met bepaalde entiteite gebruik word.¹¹⁷⁾ Indien die gemeenskap derhalwe behoefte daaraan het om afgode, lyke of plante as regsobjekte te erken, vervul die reg steeds 'n ordenende funksie indien aan hierdie behoeftes voldoen word deur vir regsogmerke regsobjektiwiteit aan hierdie entiteite te verleen.¹¹⁸⁾

Die regsformer *kan* dus aan ander entiteite as die mens regsobjektiwiteit verleen sonder dat dit noodwendig skynreg is, maar dan hou die regsformer nie met die skeppingsgegewene rekening nie.¹¹⁹⁾ Hierbo is aangevoer dat subjektiwiteit (en regsobjektiwiteit) kragtens skriftuurlike beginsels aan alle mense toekom. Kragtens dieselfde skriftuurlike beginsels *kan* ook niks anders as die mens met subjektiwiteit beklee word nie.¹²⁰⁾ Die skeppingsopdrag, wat 'n opdrag tot ordening is, het aan die mens die taak om die skepping te bewerk en te bewaak opgelê. Derhalwe is die skepping (stof, plant en dier) kragtens die ordeningsopdrag aan die mens onderworpe gestel. Ook die regswerklikheid maak deel van die geskape werklikheid uit. Om enige ander entiteit as die mens tot regsobjek te verhef, is om afbreuk aan die mens as beelddraer van God te doen asook om die skeppingsopdrag te negeer.¹²¹⁾

117) Hommes 1976 116; Paton & Derham 1972 393; Dewey 1926 655.

118) Van der Vyver en Van Zyl 1982 399-400; Van der Vyver & Joubert 1980 41; Paton & Derham 1972 393. Kyk ook Dewey 1926 658, wat die waarde van eksterne faktore by regsbegrippe ontken.

119) Sien vn 80. Die feit dat die regsformer nie rekening hou met Christelike beginsels nie, maak dit nie skynreg nie, maar maak dit vir 'n Christen onware reg.

120) Kyk vne 86-88 hierbo.

121) Van Nispen tot Sevenaer 1934(a) 374: "De rechtsverplichting is derhalve een verplichting, die alléén op den mensch rust. Hem toch alleen geldt de verplichting de hem gestelde orde te onderhouden. Hem toch kan alleen het goddelijk gebod gelden, voor en aan hem alleen geeft de wetgever zijn voorschriften De verplichting is tevens zijn recht, immers houdt vanzelf de sedelijke bevoegdheid in daarnaar te leven, volgens de ordening te handelen, dienoooreenkomstig iets te doen of iets te eischen. Dit alles kom vanzelfsprekend den mensch, *maar dan ook alleen den mensch*, toe. Zij veronderstelt immers als logisch postulaat een willend en denkend wezen, dat een eigen persoonlijk einddoel heeft. Van nature is dus alleen de mensch rechtsdrager" Sien ook teks by verwysing 89 hierbo.

Die mens tree egter nie net in individuele hoedanigheid as regssubjek in die regsverkeer op nie, maar ook in groepverband. Regsubjektiwiteit kom derhalwe alleen die mens (individueel of in groepverband) toe en dit is nie met 'n Christelike standpunt versoenbaar om regsubjektiwiteit aan 'n ander entiteit as die mens (individueel of in groepverband) te verleen nie. In ooreenstemming met die samelewingsordenende taak van die owerheid skryf die staatlke positiewe reg egter voor watter vereistes nagekom moet word alvorens 'n groep met regsubjektiwiteit beklee word.

Van Haersolte¹²²⁾ stel dit treffend:

"Wat daarbij in het bijzonder de figuur der juridische persoonlikheid betreft ..., dat deze zich toch wel met een zekere voorkeur lijk te hechten aan (allereerst) individuele mensen en (in tweede plaats) mensengroepen ... (Voor) de jurist ... blijft zich op de achtergrond toch steeds bewust, dat deze toeschrijvingspunten toch altijd op een bepaalde wijze in verband staan met mensen."

'n Gemeenskap van mense wat in groepverband met regsubjektiwiteit beklee is, is egter méér as die optelsom van sy lede. Dit kan voortbestaan ongeag die wisseling van lede, dit het regte en verpligtinge afsonderlik van die van die lede en het kenmerke wat nie in alle opsigte met die van 'n individuele mens ooreenstem nie.¹²³⁾

122) 1971 19; raadpleeg ook Van Haersolte 1971 21, 22 en 35; Van der Vyver 1973 266; Van der Vyver & Joubert 1980 32 en 41; Hommes 1976 116; Van Nispen tot Sevenaer 1936 46: "Het is na die vraag of ook niet naast het individu aan de menschen in vereeniging dezelfde rechtsbevoegdheid kan toekomen. Kan toekomen, wij zeggen niet, van nature toekomt ... Kan toekomen en toekomt, indien bijv de staatsmacht als uitdeeler van positiefrechtelijke bevoegdheid die verleent, althans erkent." Van Nispen tot Sevenaer 1934(a) 375 ev; Buchda 1936 226: "Alle Gemeinschaften zur gesammter Hand und alle Körperschaften (d.h. rechtsfähigen Verbände) sind Verbindungen von Menschen." Husserl 1964 1; Brauer 1962 13; Ostheim 1967 91; De Vries 1980 5 ev; Van Schilfgaarde 1972 6; Houtappel 1974 794-801, veral 798 en 800 (daar word egter nie met alle aspekte van Houtappel se teorie saamgestem nie, sien 3.6.4 hier bo).

123) Van der Vyver en Joubert 1980 31-32; Fourie 1973 5. Kyk ook teks by verwysing 126.

4.2.4.8 'n Eie definisie van regsobjektiwiteit

Regsobjektiwiteit kan dus omskryf word as die kenmerk van die mens om alleen (as natuurlike persoon) of in groepverband (as regspersoon) op 'n eiesoortige wyse as 'n reële, konkreet-organiese¹²⁴⁾ regsobjek aan die regsverkeer deel te neem deur draer van kompetensies (waaruit onder meer subjektiewe regte en regsverpligtinge voortvloei) te wees, welke kompetensies by die regspersoon as entiteit afsonderlik van die kompetensies van die individue waaruit die regspersoon saamgestel is, bestaan. Hierdie kenmerk is by die natuurlike persoon vanselfsprekend as 'n skeppingsgegewene aanwesig, terwyl dit by die regspersoon deur die positiewe reg in ooreenstemming met die owerheid se samelewingsordenende funksie en aan die hand van regsbeginselfs verleen word.

Daar moet egter gewaak word teen die versoeking om regsobjektiwiteit van die regspersoon sonder meer met die regsobjektiwiteit van die natuurlike persoon gelyk te stel. Die wyse waarop die regsobjektiwiteit van die natuurlike persoon in die regsverkeer uitgeoefen word, verskil aanmerklik van dié van die regspersoon. Die feit dat Von Gierke nie die eiesoortigheid van die kenmerke van die twee regsfigure aandui nie, is reeds hierbo as die vernaamste kritiek teen sy teorie ingebring.¹²⁵⁾

Die toerekening van menslike eienskappe aan groepverbande is egter so oud soos die mensdom self.¹²⁶⁾ Hoewel 'n regspersoon omskryf word as 'n entiteit (bestaande uit mense) waaraan regsobjektiwiteit verleen is, kan die natuurlike persoon en die regspersoon se optrede in die regsverkeer nie aan mekaar gelykgestel word bloot omdat albei 'n gemeenskaplike kenmerk,

124) Kyk 4.3.5 hieronder; die organe slaan by regspersone altyd op mense. Raadpleeg ook Hommes 1972(a) 116; Van Haersolte 1971 120.

125) Vgl 3.3.8.3 hierbo; Kyk ook Van der Vyver en Joubert 1980 30.

126) Pollock en Maitland 1895 dl 1 471: "...(W)e mean the anthropomorphic picture of an aggregate of men. The comparison of an organized group of men to a man is very old. To say nothing of the classical literature of Greece and Rome, it was in the middle ages familiar to all who read the epistles of St Paul (1 Kor 12:12). Many men may form one body, they are the members of that body." Sien ook De Groot 1977(a) 291 ev; Van Haersolte 1971 18-25, maar let op Van Haersolte se standpunt in vn 128. Solank die antropomorfisering in 'n figuurlike sin geskied, lewer dit geen probleme op nie.

naamlik regsobjektiwiteit, vertoon nie. Hommes ¹²⁷⁾ beklemtoon die feit dat die onderskeid tussen die twee regsfigure in die regsverkeer steeds gehandhaaf moet word. Weens hierdie onderskeid is dit moontlik om die regsobjektiwiteit van die regspersoon as 'n werklikheid te erken, en nie (soos Von Savigny) slegs die regsobjektiwiteit van die natuurlike persoon as 'n werklikheid te aanvaar nie. Die regspersoon is wel saamgestel uit lede, maar die regsobjektiwiteit van die groepverband is nie kollektief saamgestel uit die som van die afsonderlike regsobjektiwiteite van die lede nie. Dit is dus regsobjektiwiteit wat die groepverband as 'n entiteit in eie reg toekom. Daarom moet daar by die funksionering van die regspersoon in die praktyk steeds met die eie aard van die regspersoon en die feit dat die regsobjektiwiteit van die regspersoon op 'n eiessoortige wyse tot uitdrukking kom (wat nie noodwendig ooreenstem met die wyse waarop die regsobjektiwiteit van die natuurlike persoon tot uitdrukking kom nie), rekening gehou word.

Von Gierke het die gelykskakelingsproses tussen die mens en die regspersoon te ver gevoer. Hy beskou die regspersoon as 'n superorganisme met menslike kenmerke, 'n standpunt wat reeds by 3.3.8.5 hierbo volledig gekritiseer is. Desnieteenstaande is dit wel moontlik dat bepaalde kenmerke wat by mense voorkom, ook by 'n regspersoon kan voorkom. ¹²⁸⁾ Alle menslike kenmerke kom egter nie by regspersone voor nie en die kenmerke wat wel by albei aangetref word, stem gewoonlik ook nie in alle opsigte ooreen nie.

127) 1972(a) 116; ook Van Nispen tot Sevenaer 1936 46: "Wie mensch en rechtspersoon buiten de mensch gelijk wil behandeld zien, begaat dáárom een fout, omdat zij in weze nooit gelijk zijn ... Mensch en rechtspersoon zijn niet gelijkelijk eenheid en niet gelijkelijk doel-eenheid." Van Haersolte 1971 120: "Zo kunnen wij dit systeem beschrijven als een dat wel op een organisme, doch niet op een mens lijkt; ... waarin het beeld van het deelsysteem 'mens' een heel speciale rol vervult. Dat wij dit mensbeeld soms met de gestalte van de groep verwarren, is in bepaald opzichten even gek als wanneer wij de telegraafdienst voor een morseteken aanzien." En op 56: "Uit het feit dat het super-organisme uit mensen bestaat, volg dus niet zonder meer dat het ook op psychische vlak mensvorming is." Sien ook Jellinek 1905 257; Denninger 1967 264 en 265; Brauer 1962 12; De Vries 1980 6 en 7 en Rhode 1932 15. Meyer-Cording 1957 1-19 wys op die konflik tussen die regte van die individu as sedelike wese en die vereniging as regspersoon; so ook Van Haersolte 1960 508.

128) Van Haersolte 1960 522 ev wys daarop dat daar ook bepaalde ooreenkomste tussen die natuurlike en regspersoon is wat nie genegeer kan word nie. Kyk ook Brown 1905 374; anders Boots 1959 35 ev.

So is dit moontlik dat regsbegrippe soos wilsooreenstemming, wilsvorming, skuld en handeling by die regspersoon gebruik kan word, maar dan nie noodwendig in dieselfde sin as die wilsvorming, skuld of handeling van die natuurlike persoon nie - elk is 'n eiesoortige entiteit wat op 'n eie, kenmerkende wyse aan die regsverkeer deelneem.¹²⁹⁾ Om aan die regspersoon 'n eie wil¹³⁰⁾ toe te ken, skep nie 'n groot probleem nie. Ook kan 'n regspersoon skuld hê, maar nie skuld in dieselfde mate en aan die hand van dieselfde maatstawwe as die natuurlike persoon nie.¹³¹⁾

4.3 Die regspersoon as draer van regsobjektiwiteit

Met die bogenoemde siening van regsobjektiwiteit ontstaan die vraag hoe die regspersoon as draer van regsobjektiwiteit dan daar sal uitsien.

4.3.1 'n Reële, eiesoortige persoonsverband

Hoewel Von Savigny se uitgangspunt dat die mens as sedelike wese op regsobjektiwiteit geregtig is, nie verwerp word nie, kan sy gevolgtrekking dat die individuele mens daarom alleen op regsobjektiwiteit geregtig is en dat die toekenning van regsobjektiwiteit aan mensegroepe deur die positiese reg op 'n fiksie berus, nie aanvaar word nie.¹³²⁾

Daar is niks fiktief aan die regsobjektiwiteit wat aan persoonsgroepe toegeken word nie, want hierdie groepe is *werklik* draers van regte en verpligtinge in groepverband. Daar is ook niks fiktief aan die persoonsgroep self

129) Kyk 4.3.5 hieronder asook teks by verwysings 156 en 157. Vgl ook Dooyeweerd 1937 230, wat verduidelik dat die reg weens die beginsel van soewereiniteit in eie kring 'n eie kenmerkende betekenis aan die wilsfunksie toeken.

130) Hommes 1976 115. In verband met wilsvorming by die regspersoon, asook die gebruikmaking van juridiese toerekening, raadpleeg 4.3.6 en 4.3.7 hieronder.

131) Van Haersolte 1971 56 wys op die psigiese onderskeid tussen die individuele mens en die mens in groepverband.

132) Kyk kritiek by 3.2.6 hierbo.

nie, want wat is nou meer reëel as EVKOM, Sanlam of die PU vir CHO? Dit is soos volg in *Dadoo Ltd. v Krugersdorp Municipal Council*¹³³⁾ verwoord: "This conception of the existence of a company as a separate entity distinct from its shareholders is no merely artificial and technical thing. It is a matter of substance" Hierdie beskouing dat die mens indiwiel of in groepverband die enigste draer van regsobjektiwiteit is, moet duidelik onderskei word van die standpunt van Von Savigny, want hy was immers nie bereid om die werklike bestaan van groepverbande te erken nie.

Daar is reeds gewys op die gevaar om hierdie reële persoonsverband in alle opsigte met die natuurlike persoon te probeer gelykstel¹³⁴⁾ en as 'n soort superorganisme te sien. In hierdie verband verklaar Wolff¹³⁵⁾:

"But what is an organism? It is dangerous to borrow biological conceptions. It has been said that organisms are entities which retain their identity when all their component parts have changed. I do not think that is correct. Inorganic things, too, can remain identical, even though their original component parts have all been replaced by others."

Die waarde van Von Gierke se siening dat die regs persoon 'n persoonsverband is wat werklik bestaan, kan egter nie oor die hoof gesien word nie. Tot sy uiterste gevoer, kan die teorie wel gekritiseer word, maar daar word dikwels 'n tē letterlike betekenis aan Von Gierke se uitsprake gegee, welke letterlike betekenis veral deur sy navolgers oorbeklemtoon is. Die vraag ontstaan of Von Gierke nie maar hierdie vergelyking in 'n figuurlike sin bedoel het nie. Die formulering van sy teorie is egter sodanig dat dit ruimte vir 'n verkeerde vertolking laat.¹³⁶⁾ Tog lê die waarde van Von Gierke se teorie daarin dat hy bereid was om die realiteit van persoonsverbande, wat op interne verbandsreg berus, te erken.

133) 1920 AD 530 op 550; raadpleeg ook Brown 1905 374: "... I have objected to the description of the corporation as a fictitious person, because the 'something more' which the law treats as a subject of rights and duties is not a creation of the juristic imagination, but a physical reality - a reality arising from unities of spirit, purpose, interests and organization. On the other hand, I have insisted upon the importance of the distinction between corporate persons and actual or physical persons."

134) Vgl vne 125 en 126 hierbo.

135) 1938 494 op 499.

136) Kyk ook in hierdie verband Hommes 1972(a) 227 ev.

4.3.2 'n Konkrete regsfiguur

Vir die aanhangers van die juridiese realiteitsteorie is die werklike bestaan van die regspersoon 'n feitelike gegewene wat hulle nie in twyfel trek nie. Hulle beskou egter 'n regspersoon as onstoflik en in sommige gevalle as 'n blote juridiese denkkonstruksie.¹³⁷⁾ As hierdie juriste die regssubjektiwiteit van die regspersoon as onstoflik aangemerkt het, sou dit nog verstaanbaar gewees het, aangesien regssubjektiwiteit as kenmerk van die regsobjek wel onstoflik is (hoewel dit altyd werklik is). Om die regspersoon self egter as onstoflik te beskryf, strook nie met die siening dat die regspersoon 'n entiteit is wat saamgestel is uit mense wat in persoonsverband optree nie. Ten gronslag van hierdie juriste se probleem is die feit dat hulle 'n kenmerk (regssubjektiwiteit) aan 'n entiteit (regspersoon) gelykstel.¹³⁸⁾ Daar is niks onstoflik aan persoonsverbande soos Yskor, Sanlam, die PU vir CHO ensovoorts, nie en die werklike, konkrete plek wat hierdie regsfigure in die regsverkeer inneem, kan nooit as onstoflik omskryf word nie.¹³⁹⁾ Tog is hierdie reële persoonsverbande nie superorganismes wat net soos die natuurlike persoon in die regsverkeer handel nie. Dit tree op 'n eiesoortige wyse in die regsverkeer op.

Hommel sluit aan by Meijers deur die regspersoon as 'n reële regsfiguur te beskou, maar hy beklemtoon die konkrete bestaan daarvan deur die regspersoon te beskryf as 'n juridiese eenheid met 'n sosiale onderbou. Regsubjekte is dus volgens Hommel:¹⁴⁰⁾

137) Raadpleeg 3.6 hierbo, en veral Meijers 1948 dl 1 171: "Datgene heeft ongetwijfeld in die zin een bestaan, dat hun realiteit evenmin betwijfeld kan worden als die van andere begrippen, die *niet* aan één bepaald stoffelijk substraat gebonden zijn."

138) Larenz 1960 363; raadpleeg ook Larenz 1979 437.

139) Van Haersolte 1971 21: "Wij zeggen dat een bepaalde voetbalclub gespeeld en gewonnen of verloren heeft; wij zeggen dat een bepaald volk of een bepaald staat vriendschappelijke of aggressieve bedoelingen heeft; en eventueel ... dat deze staat zich van bepaalde acties dient te onthouden, dat hij van bepaalde feiten de schuld draagt, of dat andere dingen hem tot eer strekken." Sien ook Laski 1916 404 ev.

140) 1972(a) 116 ev; Brecher 1959 255: "Die Rechtsperson baut sich auf aus materialen Elementen, die nur bedingt zur Verfügung des Gesetzgebers stehen."

"... concrete enkelingen of (concrete)¹⁴¹⁾ sociale collecti-
teiten (staat, kerk, bedryfsverband, vereniging, etc), die
naar hun juridisch aspect aan die feitelyke zijde van het
rechsleven als juridiese eenheden optreden in een veelheid
van spesifieke rechsbevoegdheden en rechsplichten."

Die belangrikheid van sy standpunt is daarin geleë dat Hommes 'n konkrete, reële persoon, hetsy natuurlike of regspersoon, as draer van kompetensies vereis. Anders as Von Gierke stel Hommes egter nie die regspersoon aan die natuurlike persoon gelyk omdat albei regsubjektiwiteit het nie, maar sien hy regsubjektiwiteit as 'n juridiese funksie van *sociale collectiviteiten* en *doelvermoëns*. Daar is egter niks onstoflik aan die sogenaamde sosiale kollektiwiteite van Hommes nie, en hoewel dit vir regsdoeleindes fungeer,¹⁴²⁾ kan dit nie as 'n blote gedagtekonstruksie of slegs as 'n bundel regsverhoudinge aangemerkt word nie. Ook Dooyeweerd¹⁴³⁾ sien die regspersoon as 'n realiteit, welke realiteit egter vir hom in die korrelasie van maatskaps- en gemeenskapsfunksies (dit wil sê in onstoflike regsverhoudinge) geleë is. Regsubjektiwiteit kan wel in regsverhoudinge geleë wees, maar die regspersoon bestaan myns insiens nie net uit regsverhoudinge nie.

4.3.3 Die stigting as konkrete persoonsverband

Daar is reeds verwys na die probleem wat ten opsigte van die regspersoonlikheid van stigtinge bestaan, deurdat stigtinge geen lede het nie. Die algemene oplossing van hierdie probleem kom daarop neer dat regspersoonlikheid aan 'n afgesonderde doelvermoë toegeken word.¹⁴⁴⁾ Dit is dan ook die weg wat tans in die Nederlandse en Duitse reg gevolg word.¹⁴⁵⁾ Dit hou in

141) Die invoeging tussen die hakies is myne na bevestiging deur prof Hommes.

142) Sien vn 75 hierbo; dit is 'n regsbegrip vir regssoogmerke, naamlik om aan te dui dat die persoonsverband in die regsverkeer draer van kompetensies is.

143) Kyk 3.7.4 hierbo.

144) Vgl die bespreking van die teorieë van die doelvermoë van Brinz en die vermoënskompleks van Joubert, 3.4 hierbo. Verder kan Tietze 1974 102 geraadpleeg word.

145) Duynstee 1978 1; Polak 1956 44 ev; Larenz 1980 116 en 164 ev; Coing 1973 17-19.

dat regsobjektiwiteit aan iets anders as die mens (individueel of in groepverband), naamlik aan 'n doelvermoë, toegeken kan word.

Teenoor die pasgemelde benadering kan dié gestel word ingevolge waarvan die stigting as 'n reële, konkrete persoonsverband gesien word. Hommes onderskei tussen regspersone as korporasies (deur mense georganiseerde gemeenskappe) en stigtings (deur mense georganiseerde doelvermoëns). Laasgenoemde omskryf hy as konkrete, sosiale organisasies (groepverbande) wat 'n vermoë op 'n voorgeskrewe wyse in die regsverkeer bestuur en aanwend en daarom met regsobjektiwiteit beklee word.¹⁴⁶⁾ Die begrip *doelvermoë* slaan nie op die doelvermoëteorie van Brinz nie, want by Hommes setel die regsobjektiwiteit in 'n persoonsverband (die bestuurders van die stigting).

Dooyeweerd,¹⁴⁷⁾ en in aansluiting by hom Van Zyl,¹⁴⁸⁾ sien die stigting ook as 'n verband van opeenvolgende bestuurders en die regspersoon kan weer nie van die groepsverband of persoonsverband losgemaak word nie. Laasgenoemde stel dit so:¹⁴⁹⁾

"'n Verband veronderstel 'n veelheid lede, maar hulle hoef nie *gelyktydig aanwesig te wees nie: die veelheid lede kan in die opeenvolging van samestellende dele bestaan ... (D)ie stigting is nie 'n 'vermoënskompleks' wat as regsobjek fungeer, of 'n 'subjeklose doelvermoë' nie, maar 'n verband van opeenvolgende bestuurders.*"

Hoewel die stigting geen lede het nie, word die persoonsverband by die stigting gevorm deur die bestuurder (of bestuurders) wat as orgaan (of organe) van die stigting in die regsverkeer optree. Regsobjektiwiteit word

146) 1976 116: "Het gaat ... om het juridische aspect van mensen en sociale organisaties (corporaties en doelvermogens)."

147) 1937 412 ev. Vir Dooyeweerd bestaan die regspersoon egter uit die regsverhoudinge tussen die opeenvolgende bestuurders.

148) Van der Vyver en Van Zyl 1982 392-393. Vir die toepassing van hierdie standpunt op die amptelike trust, sien Van Zyl 1976 1 ev. Ten opsigte van 'n bestorwe boedel word hierdie konstruksie ook gebruik - vgl Van Zyl 1981 338-344.

149) Van der Vyver en Van Zyl 1982 393-394.

by die stigting nie aan 'n vermoë of 'n vermoënskompleks toegeken nie, maar aan die entiteit wat saamgestel is uit mense wat in groepverband op=tree. Indien 'n stigting dus uit een bestuurder bestaan wat opgevolg word deur 'n reeks enkele bestuurders, ontbind die stigting nie by die wisseling van bestuurders nie, solank die moontlikheid steeds bestaan dat daar 'n opvolging van bestuurders kan wees.¹⁵⁰⁾ Van Zyl¹⁵¹⁾ gaan so ver om by die wisseling van bestuurders van 'n bestuursverband die Hoog=gereshof of die Meester van die Hooggereshof as orgaan van die bestuurs=verband aan te wys. Dit kom ietwat kunsmatig voor, aangesien die Hof of Meester tog net in hulle regsprekende hoedanighede optree. Ek is van me=ning dat die persoonsverband kan voortbestaan ongeag 'n *tydelike* onder=breking van bestuurders, omdat die moontlikheid dat 'n ander bestuurder aangewys kan word, in die oprigtersdoel (aangevul deur die Hof se bevoegd=hede) bestaan. 'n Tydelike onderbreking van die bestuursverband is dus nie noodwendig 'n verbreking van die bestuursverband nie. Dat die stigting by hoogste uitsondering in moderne regstelsels uit 'n opeenvolging van enke=le bestuurders bestaan, blyk duidelik uit die groot aantal moderne stig=tings wat uit 'n groot bestuur en talle werknemers saamgestel is en wat as groepverbande aan die regsverkeer deelneem.¹⁵²⁾ Dit is derhalwe on=moontlik om die persoonsverband van 'n stigting te ontken.¹⁵³⁾

150) Van der Vyver en Van Zyl 1982 394 (veral vn 35) onderskei in hierdie opsig die onderbreking van die bestuursverband van die verbreking van die bestuursverband. Bestuurderswisseling is net 'n onderbreking, maar nie 'n verbreking van die persoonsverband nie. Sien ook in hierdie ver=band die bepaling in die Romeinse reg dat slegs een persoon 'n bestaan=de regspersoon se voortbestaan kan verseker in 2.1.2.3 hierbo. Die ei=endomsreg van stigtingsgoedere setel nie in die bestuurder nie, maar in die persoonsverband. By die wisseling van bestuurders setel die eien=domsreg steeds in die verband, want daar is net 'n *tydelike* onderbreking van bestuurders.

151) 1976 11; 1981 341. Dieselfde argument kan ook in die geval van 'n stig=ting gebruik word.

152) Vergelyk in hierdie verband die Gereformeerde Stigting, die Suider=kruisfonds, die Suid-Afrikaanse Natuurstigting, die Ford Foundation. Let veral ook op Duynstee 1978 60 ev, wat wys op die feit dat die be=grip familiestigting al meer op die agtergrond verdwyn en deur stig=tings met ander doelstellings vervang word.

153) Raadpleeg Büttner 1967 30; anders Brecher 1959 242 en Rhode 1932 4-10, wat die oprigter van 'n stigting as regsobjek sien.

4.3.4 Afsonderlike entiteit

Die persoonsverband by 'n regs persoon moet egter nie gesien word as 'n groep persone wat gesamentlik die regte en verpligtinge van die entiteit dra nie.¹⁵⁴ Die feit dat 'n regs persoon uit mense saamgestel is, beteken nie dat hierdie entiteit nie regte en verpligtinge kan verkry wat afsonderlik van die regte en verpligtinge van die individuele lede kan bestaan nie. Dit is juis een van die kenmerke van die regs persoon dat die individuele lede waaruit die regs persoon saamgestel is, nie vir die verpligtinge van die regs persoon aanspreeklik gehou kan word nie en ook nie individueel op die regte van die regs persoon aanspraak kan maak nie. Brauer¹⁵⁵ som dit raak op:

"...(D)er Verband tritt aber nicht in seiner Vielheit der Mitglieder, sondern als selbständige Einheit in Erscheinung. Die Möglichkeit dazu wird ihm durch die Rechtsordnung gegeben, die die Einheit als selbständigen Rechtsträger anerkennt. Dadurch wird es dem Verband ermöglicht, im Rechtsverkehr wirksam aufzutreten."

4.3.5 Die regs persoonsfiguur en sy organe

Die gemeenregtelike regs persoon (vereniging en stigting) is derhalwe 'n reële, konkreet-organiese persoonsverband, wat sy regs subjektiwiteit (regs persoonlikheid) aan die hand van regs beginsels en ooreenkomstig die samelewingsordenende funksie aan die positiewe reg ontleen. Uit hoofde hiervan neem dit as entiteit en regs subjek aan die regs verkeer deel deur op 'n eiesoortige wyse draer te wees van kompetensies afsonderlik van die kompetensies van die lede of organe waaruit dit saamgestel is.

Deurdad die regs persoon werklik bestaan en draer van kompetensies is, is dit ook tot die uitvoering van regshandeling in staat. Die regshande-

154) Sien die kritiek op die sogenaamde kollektiewe eiendomsteorie in 3.5.2.2 hierbo. Kyk ook Peletier 1920 81.

155) 1962 13.

linge¹⁵⁶⁾ en wilsvorming¹⁵⁷⁾ word deur organe van die regspersoon uitgevoer. Die organe verrig 'n eiesoortige funksie en die regspersoon kan nooit van die organe losgemaak word nie - tesame vorm dit een entiteit.¹⁵⁸⁾ Die organe is ook meer as gewone verteenwoordigers kragtens volmag. As die orgaan handel, is dit regtens die regspersoon wat gehandel het.

By alle verenigingsregspersone word ten minste twee sodanige organe aangeset, naamlik die ledevergadering (wat as wilsvormer optree en die bestuur kontroleer) en die bestuur (wat gewoonlik die regshandeling van die regspersoon uitvoer). Hierdie funksie van die bestuur moet van verteenwoordigingshandeling kragtens volmag onderskei word. Wanneer die bestuur in ooreenstemming met die doelstellings van die regspersoon en aan die hand van die statute of reëls van die regspersoon optree, is dit die regspersoon wat handel. Hoewel dit vir derdes moeilik is om vas te stel wanneer daar in ooreenstemming met die doelstellings en reëls gehandel word, is dit die enigste wyse waarop 'n regspersoon kontraktueel gebind kan word. Regshandeling van organe wat nie in ooreenstemming met die doel of reëls uitgevoer word nie, bind nie die regspersoon nie. Op die probleem wat dit ten opsigte van regsekerheid skep, word in 5.3.4 hieronder volledig ingegaan.

Die bestuur tree meestal sonder volmag op,¹⁵⁹⁾ hoewel daar soms 'n bykomende volmag voorgeskryf mag word deur die reëls of statute, welke volmag dan by wyse van 'n eensydige regshandeling deur die regspersoon verleen kan word. Neurdad die bestuur as orgaan onderskeibaar maar onafskeidbaar tot die regspersoonsentiteit behoort, is dit die regspersoon wat regshandeling uitvoer.¹⁶⁰⁾ Hiervan word die handeling van eksterne verteen-

156) Kyk ook John 1977 72-80.

157) Wolff 1933 bd 1 137-138; Dooyeweerd 1937 230; Sieger 1979 55-58.

158) Vir Dooyeweerd se uiteensetting kyk 3.7.8 hierbo; Larenz 1980 116 en 138-146; Asser-Van der Grinten 1980 bd 2/II 33 en 200-206; Van der Velden 1969 79-86; Brauer 1962 12 ev; Van der Vyver en Van Zyl 1982 396.

159) Die reëls of statute kan nie as 'n volmag omskryf word nie, soos in 3.2.5 hierbo aangetoon is. Vgl ook *SA Sentrale Koöperatiewe Graanmaatskappy Beperk v Thanasaris* 1953 25 A 314 (W).

160) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 56-64; Larenz 1980 140-143; Van der Velden 1969 80-81; Joubert 1979 99; Cilliers, Benade en De Villiers 1977 192-194 en 226; Van Rensburg 1974 98.

woordigers, wat die regs persoon slegs bind indien die handelinge binne die volmag van die regs persoon (soos verleen deur 'n orgaan) tuisgebring kan word, onderskei.¹⁶¹⁾

Daar kan ook meer as twee organe bestaan, byvoorbeeld waar daar naas die bestuur bepaalde komitees met vasgestelde take in die lewe geroep word.¹⁶²⁾ Hierteenoor bestaan daar by die stigting net een orgaan, naamlik die bestuur, deurdat lede by die stigting ontbreek. Die kontrolefunksie word in so geval deur die hof kragtens die hof se regsprekende bevoegdheid uitgeoefen.¹⁶³⁾

Die regs persoon handel deur middel van organe, wat aan die hand van die statute of konstitusie van die regs persoon orgaanshandelinge uitvoer. In navolging van die standpunte van Von Gierke en Dooyeweerd (soos by 3.3.7 en 3.7.6 hierbo uiteengesit) is ek van mening dat die statute of konstitusie die interne verbandsreg van die regs persoon vorm en nie kontraktueel van aard is nie - dit is die objektiewe reg wat die voorskrifte vir die regs persoon se optrede in die regsverkeer stel. Die objektiefregtelike aard van die konstitusie word in 5.3.2.1 hieronder volledig bespreek.

4.3.6 Wilsvorming

Die wilsvorming van die regs persoon geskied gewoonlik deur die ledevergadering, maar dit kan ook deur die bestuur geskied, soos byvoorbeeld by stigtinge of in gevalle waar die bestuur of 'n bestuurder die bevoegdheid het om as wilsvormer op te tree. Hierdie wilsvorming moet nie as die gesamentlike wil van die afsonderlike lede bestempel word nie, want sodra die lede 'n besluit geneem het, word hierdie besluit die wil van die regs=

161) Ibid. Sien ook 3.2.5 hierbo, asook Van der Velden 1969 81: "Niet iedere vertegenwoordiger van de rechtspersoon wordt als orgaan aangeduid. Personen die allereerst in dienstverhouding tot de vereniging staan, zoals bij voorbeeld een procuratiehouder of een directeur-niet-bezuiderslid, en wier vertegenwoordigingsbevoegdheid een gevolg is van hun diensbetrekking, worden geen orgaan genoemd."

162) Van der Velden 1969 91-92.

163) Anders Van Zyl 1976 12 en 1981 341. Vgl ook teks by verwysing 150.

persoon.¹⁶⁴⁾ Die wil van die afsonderlike lede is derhalwe nie 'n bestand=deel van die wil van die regspersoon nie - die *besluit* is die wil van die regspersoon. Die wil van die afsonderlike lede dra by tot die besluitvor=ming, maar sodra die besluitvormingsproses afgehandel is, bestaan die regs=persoon se wil afgesonderd van die wil van die afsonderlike lede. Lede wat byvoorbeeld nie eenstemmig was met 'n besluit wat deur die ledevergadering geneem is nie, is aan hierdie besluit gebonde. Dit is die wil van die regs=persoon, al is so 'n besluit nie in ooreenstemming met die wil van die min=derheid nie.¹⁶⁵⁾

4.3.7 Verwytbaarheid

Ten opsigte van die probleem of 'n regspersoon skuld kan hê, bestaan daar uiteenlopende menings. Aanhangers van Von Savigny se fiksieteorie, of men=se wat die regspersoon as 'n blote juridiese denkkonstruksie aanmerk, het ernstige probleme wanneer hulle skuld by die regspersoon wil tuisbring. Die argument bestaan gevolglik dat skuld en die vereistes vir die aanwe=sigheid van skuld so nou aan die mens verbind is dat dit nie op die regs=persoon van toepassing gemaak kan word nie. Die enigste wyse waarop skuld dan by die regspersoon tuisgebring kan word, is deur middel van juridiese toerekening, wat na die mening van 'n aantal juriste maar weer op 'n regs=fiksie berus.¹⁶⁶⁾

Die feit dat skuld deur juridiese toerekening aan die regspersoon toege=skryf kan word, behoort nie ernstige probleme te skep nie. Ook by die na=tuurlike persoon word die skuldverwyf deur juridiese toerekening slegs teen bepaalde persone ingebring, deurdat net 'n *toerekeningsvatbare* per=soon skuld kan hê. 'n *Ontoerekeningsvatbare* persoon kan nooit met die skuldverwyf getref word nie - en skuld by natuurlike persone berus tog allermins op 'n regsfiksie. Die feit dat skuld in die geval van regs=

164) Brauer 1962 13: "Der von den Organen des Verbandes zum Ausdruck ge=brachte Wille ist nicht der zusammengesetzte Wille aus den einzel=nen Willen der Verbandsmitglieder. Der Wille des einzelnen Verbands=mitgliedern geht gleichsam in dem einheitlichen Verbandswillen auf. Hier liegt ein wesentlicher Unterschied zur Genossenschaft, wo der Einzelwille des Genossen selbständig erhalten bleibt." Hommes 1976 115; Sieger 1979 51-58.

165) Asser-Van der Grinten 1980 bd 2/II 95-116; Larenz 1980 138-140; Hus=serl 1964 65 ev.

166) Vgl Schut 1963 29; Scott 1979 10, 23.

persone deur juridiese toerekening by die regspersoon tuisgebring word, is dienooreenkomstig ook nie 'n regsifiksie nie.

Sommige juriste verklaar dat regspersone *net* op grond van die risiko- of skuldlose aanspreeklikheidsbeginsel vir misdade en onregmatige dae aanspreeklik gehou behoort te word.¹⁶⁷⁾ Dit is wel so dat 'n regspersoon in bepaalde omstandighede middellik aanspreeklik gehou kan word.¹⁶⁸⁾ Vir die doeleindes van die middellike aanspreeklikheid geld daar egter eiesoortige vereistes wat nie by alle handeling van regspersone voorkom nie. So kan regspersone statutêr of deur die optrede van werknemers of verteenwoordigers middellik aanspreeklik gehou word, maar daar is ook handeling van regspersone wat nie aan die vereistes vir middellike aanspreeklikheid voldoen nie. So 'n handeling is byvoorbeeld wanneer 'n *orgaan* van 'n regspersoon 'n *orgaanshandeling* uitvoer. Dan is dit regtens die regspersoon wat handel. 'n Regspersoon kan 'n eie wil vorm (uiteraard deur sy organe) en dienooreenkomstig 'n skuldige gesindheid openbaar. Die blote feit dat 'n regspersoon middellik aanspreeklik gehou kan word, sluit dus nie die moontlikheid uit dat 'n regspersoon op 'n onregmatige en skuldige wyse kan handel nie en daarom vir die pleeg van 'n misdaad of onregmatige daad aanspreeklik gehou kan word nie.

Dit is ook moontlik dat 'n regspersoon op grond van die risikobeginsel skuldloos aanspreeklik gestel kan word. Maar daar word vir risiko-aanspreeklikheid bepaalde bekende vereistes gestel wat nie noodwendig in alle omstandighede by regspersone sal voorkom nie. Dit is vir my gekunsteld om aan te voer dat die risikobeginsel die enigste toepaslike aanspreeklikheidsbeginsel is waar 'n regspersoon aan die regsverkeer deelneem. Ten spyte van die feit dat 'n regspersoon in bepaalde omstandighede ingevolge die risikobeginsel skuldloos aanspreeklik gehou sal kan word (welke omstandighede in die Suid-Afrikaanse reg nog nie duidelik genoeg omlyn is nie en wat nie in hierdie proefskrif verder ondersoek word nie), bestaan daar geen rede waarom die regspersoon in 'n gepaste geval nie ook met 'n skuldverwyf getref kan word nie.

167) Burchell & Hunt 1970 336; Scott 1979 23 ev stel 'n tipe oordragtelike aanspreeklikheid van regspersone, wat nie risiko- of middellike aanspreeklikheid is nie, voor.

168) Scott 1976 732-762; Joubert 1979 73 en 181; De Wet 1976 dl 1 82; Van der Merwe en Olivier 1980 522-525

Dit is van groot belang om, wanneer met die skuldbegrip by die regsper-
soon gewerk word, in gedagte te hou dat dit 'n eiesoortige regsfiguur is
wat nie noodwendig skuld op dieselfde wyse as 'n natuurlike persoon vorm
nie. Die maatstawwe wat gebruik word om skuld by die natuurlike persoon
tuis te bring, sal nie noodwendig onveranderd op die regs persoon toegepas
kan word nie.

Die onderskeid tussen die skuld van 'n natuurlike persoon en 'n regsper-
soon word wel deeglik deur die Suid-Afrikaanse regspraak beklemtoon. In
*Barkett v SA National Trust and Assurance Co. Ltd.*¹⁶⁹⁾ word dit soos volg
gestel:

"A company acts through its directors and the company, qua
company, may be guilty of negligence through an act of omis-
sion or commission. If, for instance, a company allows a bus
with defective brakes to be used and as a result of the defec-
tive brakes the bus cannot be pulled up and injures a third
party, that would be negligence on the part of the company
If, on the other hand, the company through its directors or
managers instructs its servants to drive at a dangerous speed
and as a result a third party is injured, the negligence or
unlawful act is that of the company."

Die Appêlhof beslis dan ook uitdruklik dat 'n regs persoon nie slegs op
grond van middellike aanspreeklikheid gebonde gehou kan word nie, maar dat
dit vir 'n regs persoon moontlik is om 'n skuldige gesindheid te openbaar.¹⁷⁰⁾
Net soos by wilsvorming is hierdie skuld nie die gesamentlike skuld
van die afsonderlike lede nie, maar is dit die skuld van die regs persoon
as entiteit deurdat die regs persoon sy wil op die bewerkstelling van 'n
bepaalde onregmatige gevolg gerig het wel wetende dat dit onregmatig is,
of met onaanvaarbare onagsaamheid opgetree het. Die feit dat die regsper-
soon tot wilsvorming in staat is, maak dit dus moontlik dat hierdie wil

169) 1951 2 SA 353 (A) op 362; en *Levy v Central Mining and Investment
Corporation* 1955 1 SA 141 (A) op 149.

170) Die argument dat alle skuldige handeling *ultra vires* is, hou nie
steek nie aangesien dit wel moontlik is dat 'n *intra vires*-handeling
op 'n skuldige wyse nadeel aan ander kan veroorsaak; sien hieroor
veral Gower 1969 96-98; asook 5.3.2.4 (veral vn 217) hieronder.

op 'n opsetlike of nalatige wyse tot die nadeel van ander persone ten uitvoer gebring kan word.

4.3.8 Gevolgtrekking

Ek is van mening dat hierdie reële, konkreet-organiese verbandspersoon op geen wyse in teenspraak met die gemeenregtelike regs persoon, soos dit deur die regspraak in Suid-Afrika omskryf word, staan nie.¹⁷¹⁾ Die aanname dat net die individuele mens en die mens in groepverband as regs subjek kan optree, kan dus as grondslag vir die optrede van die regs subjek in die regs verkeer aanvaar word.

Vervolgens sal die regsposisie van verenigings in die Suid-Afrikaanse reg ontleed word. Veral die verskille wat tussen die regsposisie van die vereniging met regspersoonlikheid en die vereniging sonder regspersoonlikheid bestaan, sal onder die loep geneem word. Voorts sal gepoog word om die beginsels van die gemeenregtelike regs persoon (soos in hierdie hoofstuk uiteengesit) op die verenigingsregspersoon toe te pas.

Die Suid-Afrikaanse regspraak stel twee vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid aan 'n gemeenregtelike regs persoon, naamlik:

- dat dit as entiteit in staat moet wees om ongeag die wisseling van lede voort te bestaan;
- dat dit as entiteit draer van regte en verpligtinge afsonderlik van dié van die individuele lede moet wees.

Die aard van die gemeenregtelike regs persoon, wat nie in die *Morrison*-saak as kontrakteel aangemerkt is nie, word by 5.3.2.1 hieronder volledig onder oë geneem.

171) Kyk 4.2.2.1-4.2.2.3 hierbo.

HOOFSTUK 5

DIE VERENIGINGSREGSPERSOON

5.1 Oorname van gemeenregtelike kenmerke in die Suid-Afrikaanse reg

Die verenigingsregspersoon in die Suid-Afrikaanse reg berus tans op beginsels van die Romeins-Hollandse reg asook die Engelse reg. Die omskrywing van die vereniging deur die howe dui op 'n vermenging van die kenmerke van die Romeins-Hollandse regspersoon en die Engelsregtelike klub.¹⁾ Hieronder sal aangetoon word dat hierdie kenmerkende elemente uit die verskillende regs families nie altyd so maklik en nie sonder kuns grepe en onpraktiese benaderings met mekaar versoenbaar is nie.

Daar word verder nie altyd genoegsaam rekening gehou met die feit dat die regsposisies van verskillende soorte verenigings merkbaar van mekaar verskil nie, en dit skyn asof die regsposisie van klubs, liefdadigheidsverenigings, kerke, politieke partye, bouverenigings, vakbonde en onderlinge hulpverenigings sonder meer in ons regspraak in 'n groot en toenemende mate aan mekaar gelykgestel word.²⁾ Al hierdie groepe word aangemerkt as verenigings (met of sonder regspersoonlikheid) wat op kontrak berus. Die kenmerke van die Engelsregtelike klub word op die meeste verenigings toegepas, maar die Suid-Afrikaanse howe gee nie altyd uitsluitel oor die vraag wanneer sodanige verenigings regspersone is al dan nie.³⁾ Dit lei tot die anomalie dat die Engelsregtelike klub, wat in die Engelse reg nooit as 'n regspersoon geklassifiseer is nie, soms deur die Suid-Afrikaanse howe as 'n regspersoon beskou word. Dat 'n regspersoon op kontrak

- 1) Kyk byvoorbeeld *The Committee of the Johannesburg Public Library v Spence* 1898 5 Off Rep 84 op 85; *Webb & Co Ltd Northern Rifles* 1908 TS 462 op 468; *Wilken v Brebner* 1935 AD 175 op 180-181; *Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1 (A) op 25; *Van Vuuren v Kerkraad Morelig-Gemeente, NG Kerk* 1979 4 SA 548(0) op 557; LAWSA 1976 dl 1 287 para 498 vn 1; Lloyd 1938 10-14.
- 2) *Wilken v Brebner* 1935 AD 175 op 180-181 en 186-187; *Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1 (A) op 25; *Crisp v South African Council of the Amalgamated Engineering Union* 1930 AD 225 op 236. Raadpleeg ook Bamford 1982 117-119 en 126-131; Uys 1961 1; Advocate (pseud) 1976 vol 6 65.
- 3) *Heid v South African Party Club* 1922 TPD 36 op 41; *Cape Indian Congress v Transvaal Indian Congress* 1948 2 SA 595 (A) op 598; *Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1(A) op 25.

gegrond kan wees, is weer vreemd aan die Romeins-Hollandse reg.

Die vermenging van Romeins-Hollandse en Engelse regsbeginsele blyk duidelik uit 'n ontleding van die Suid-Afrikaanse regspraak sedert die negentiende eeu.

5.1.1 Romeins-Hollandse invloed

In die vroeëre regspraak is daar dikwels met die ontleding van die regsposisie van verenigings by die Romeins-Hollandse reg aansluiting gesoek. Die duidelikste voorbeeld hiervan is die uitspraak in die saak *Venter en anderen v Den Kerkeraal der Gereformeerde Kerk te Bethulie*,⁴⁾ waar daar op uitsprake van Voet gesteun word om tussen 'n *universitas hominum* (korporasie of verenigingsregspersoon) en 'n *societas* (vennootskap of genootskap wat op kontrak berus) te onderskei. Een van die vernaamste verskille wat deur Voet beklemtoon word, is dat 'n *societas* op kontrak berus, terwyl 'n korporasie gegrond is op die interne verenigingsband wat daar tussen 'n groep mense bestaan en wat in die voortbestaan van die korporasie ongeag die wisseling van lede na vore kom.⁵⁾

4) 1879 OVS 4 op 6: "Er zijn tusschen eene corporatie en eene maatschappij belangrijke verschillen, wat aangaat hunne doeleinden, hunne machten, hun bestuur, en hunne beperking of uitgang. In eene maatschappij is het maatschappelijk doel ondergeschikt aan de belangen der vennoten - belangen die gewoonlijk van eenen geldelijk aard zijn. In eene corporatie, integendeel neemt het maatschappelijk doel den voorrang, dat gewoonlijk ook een zedelijk doel is van voorblijvenden aard, en onafhankelijk van het bestaan dergenen die ten eenigen tijde leden er van mogen zijn" Met *maatschappij* word hier 'n *societas* bedoel na aanleiding van die begrip *maatschappij* van die Nederlandse reg.

5) Venter-saak 6; sien ook 2.3.2.3 hierbo vir 'n volledige bespreking van hierdie onderskeid in die Romeins-Hollandse reg. Die *societas*-begrip was gemeenregtelik nie net op kontraktuele verhoudings met winsoogmerke (vennootskappe) van toepassing nie, maar ook op verenigings met ideële doelstellings wat op kontrak berus het. Vgl Kaser 1979 181; Roeleveld 1980 5-6; Uys 1961 25; Van Wyk 1976 39: "In classical times this institution was replaced by the consensual *societas omnium bonorum* which retained this element of *fraternitas* in spite of its use as a commercial partnership; it can better be described as a fraternal association with a common goal, than as a commercial enterprise." Die Romeinse *societas* kon egter nie voortbestaan ongeag die wisseling van lede nie. Laasgenoemde kenmerk is 'n tipiese Engelse klubregsbeginsel - sien 5.2.3 hieronder. Uys 1961 1,2 en 11 noem 'n vereniging sonder regspersoonlikheid met ideële oogmerke wat op kontrak berus, 'n genootskap; vgl ook *Theron v King van Wellington NG Sendingkerk in Suid-Afrika* 1976 2 SA 1(A) op 13 en 25. Anders Roeleveld 1980 9. Op hierdie meningsverskil word in vn 88 hieronder volledig ingegaan.

'n Soortgelyke verwysing na die Romeins-Hollandse reg (en veral na Voet en Noodt) kom in die saak *Webb & Co. Ltd. v Northern Rifles*⁶⁾ voor, waar regter Smith 'n *universitas* soos volg omskryf:

"An *universitas personarum* in Roman-Dutch law is a legal fiction, an aggregation of individuals forming a *persona* or entity, having the capacity of acquiring rights and incurring obligations to a great extent as a human being. An *universitas* is distinguished from a mere association of individuals by the fact that it is an entity distinct from the individuals forming it, that its capacity to acquire rights or incur obligations is distinct from that of its members, which are acquired or incurred for the body as a whole, and not for the individual members. Among the most important rights appertaining to an *universitas* is the right to acquire and hold property. It continues to exist though the individual members comprising it change, so long as one member remains in whom the rights of the *universitas* can vest. (See Voet 1.8.28; 3.4.1; Noodt Com. ad Dig. bk. 3, tit. 4.)"

Dit is opvallend dat daar nêrens in die uitspraak enige melding daarvan gemaak word dat die *universitas personarum* op kontrak berus nie. Die korporasie word eenvoudig van 'n *societas* ("... a mere association of individuals ...") onderskei op grond van die feit dat dit as entiteit voortbestaan ongeag die wisseling van lede en dat regte en verpligtinge vir die entiteit in die geheel en nie slegs vir die individuele lede nie (soos by 'n *societas*), verkry word. Die invloed van die Engelse klubreg skemer egter reeds deur, soos blyk uit die verweerders se beroep op klubreg⁷⁾ en daaruit dat daar in die hof se uitspraak pertinent na bepaalde Engelsregtelike konsessiebeginsels (soos dit neergelê is in die Engelse saak *Taff Vale Railway Co v Amalgamated Society of Railway Servants*⁸⁾) verwys is.

In *Morrison v Standard Building Society*⁹⁾ word daar ook na Romeins-Hollandse regsbeginself verwys in 'n poging om die regsposisie van 'n bou-

6) 1908 TS 462 op 465. Kyk ook *Cassim v Molife* 1908 TH 748; *Levin v Transvaal Miners' Association* 1912 WLD 144; *Tilbrook v Higgens* 1932 WLD 147 op 153; *Malebjoë v Rantu Methodist Church in SA* 1957 4 SA 465 (W).

7) Op 464. Die verweer dat lede individueel aanspreeklik is, is egter nie deur die hof aanvaar nie.

8) 83 LT 474; die *Webb*-saak 468.

9) 1932 AD 229 op 233-237.

vereniging te bepaal. Die Romeins-Hollandse vereistes vir die bestaan van 'n regs persoon (soos blyk uit die *Webb*-uitspraak) word net so in hierdie uitspraak bevestig. 'n Belangrike regs beginsel wat hier ter sprake kom, is dat 'n gemeenregtelike regs persoon nie uitdruklike owerheidstoestemming benodig om as regs persoon erken te word nie.¹⁰⁾ Die Engelsregtelike konsessie-sisteem is dus nie deur die Appêlhof op regs persone in Suid-Afrika van toepassing gemaak nie. Hierdie regs beginsel is sonder uitsondering in uitspraak wat op die *Morrison*-saak gevolg het, gehandhaaf. Daar word na die aard van die vereniging, die konstitusie daarvan en die doel en optrede van die vereniging gekyk om vas te stel of dit 'n gemeenregtelike regs persoon is of nie.¹¹⁾ Voorts is beslis dat 'n bouvereniging nie 'n vennootskap wat op kontraksluiting berus, is nie, maar dat dit 'n vereniging *sui generis* is. 'n Bouvereniging is volgens die hof 'n gemeenregtelike regs persoon deurdat dit voldoen aan die vereistes wat deur die gemene reg vir die toekenning van regs persoonlikheid gestel word.¹²⁾

Uit die bogenelde uitspraak kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- dat die konsessiesisteem¹³⁾ nie (meer) in die Suid-Afrikaanse reg geld nie;
- dat daar duidelik tussen die gemeenregtelike regs persoon en die *societas* in Romeins-Hollandse reg onderskei is; en
- dat die *societas* op kontrak berus, terwyl die gemeenregtelike regs persoon ander basiese kenmerke vertoon.¹⁴⁾

10) Op 236. Vgl ook *The Committee of the Johannesburg Public Library v Spence* 1898 5 Off Rep 84; *Ex parte Johannesburg Congregation of the Apostolic Church* 1968 3 SA 377 (W); *Malebjoë v Bantu Methodist Church in SA* 1957 4 SA 465 (W); *Moloi v St John Apostolic Faith Mission* 1954 3 SA 940 (T) op 942.

11) *Morrison*-saak 239; vgl ook gesag aangehaal in vn 10.

12) Op 237-238. Die feit dat die regsposisie van bouverenigings tans deur wetgewing gereël word, doen nie afbreuk aan hierdie gemeenregtelike kenmerke wat deur bouverenigings vertoon word nie.

13) Vir 'n omskrywing van die konsessiebegrip kyk 2.2.2 en 4.2.4.5 (veral teks by verwysing 102) hierbo.

14) Vgl 2.3.2.3 en 4.3 hierbo

5.1.2 Engelsregtelike invloed

Ten einde die huidige regspraak in verband met verenigings in die Suid-Afrikaanse reg te begryp, is dit noodsaaklik om ook die Engelse regsbe-ginsels te ondersoek. Die konsessiesisteen word in die Engelse reg as uitgangspunt by die verlening van regspersoonlikheid gebruik. Dit hou in dat regspersoonlikheid slegs deur die owerheid op grond van *uitdruklike* magtiging verleen kan word.¹⁵⁾

In die Engelse reg word daar tussen die sogenaamde *incorporated associations* en *unincorporated associations* onderskei. Eersgenoemde geniet regspersoon-likheid omdat dit deur koninklike oktrooi of wetgewing aan sodanige ver-enigings verleen is. Hierdie regspersone ontstaan nie deur kontraksluiting nie en hulle funksioneer gevolglik ook nie ingevolge kontrakteregtelike be-ginsels nie.¹⁶⁾ So is die Universiteite van Oxford en Cambridge voorbeelde van regspersone wat op grond van koninklike oktrooi ontstaan het.¹⁷⁾ Regs-persone wat deur wetgewing ontstaan, kan of regstreeks deur 'n wet in die lewe geroep word (byvoorbeeld die *British South Africa Company* met 'n eie magtigende wet),¹⁸⁾ of dit kan onregstreeks op grond van 'n algemene mag-tigende wet erken word. In die laasgenoemde geval word 'n regspersoon eers tot stand gebring na 'n registrasiehandeling wat voldoen aan die voorskri-fte wat in die magtigende wet vervat is (byvoorbeeld die *Companies Consoli-dation Act* van 1908).¹⁹⁾

Hierteenoor berus *unincorporated associations* gewoonlik op kontrak.²⁰⁾ So-danige verenigings ontstaan deur kontraksluiting; aansluiting van nuwe lede

15) Smith 1914 7-10; Hallis 1978 liii; Ford 1959 XIX-XX.

16) Hallis 1978 liii: "Strictly, the Fiction Theory cannot admit any kind of association in between the *universitas* and the *societas*, in between the corporation created by the act of the state and the partnership which remains a purely contractual relationship between distinct individuals."

17) Smith 1914 15.

18) Smith 1914 16; Green 1980 626.

19) Smith 1914 17; Green 1980 616.

20) Smith 1914 18 en 27; Hallis 1978 liv; Lloyd 1938 98-99; Green 1980 627.

word kontraktueel gereël en die konstitusie word as die kontrak waarop die vereniging berus, beskou.²¹⁾ Die eiendomsposisie van hierdie *unincorporated associations* is egter nie so eenvoudig nie. Aangesien daar geen regs persoon tot stand kom nie, word die lede as mede-eienaars van die verenigingsvermoë omskryf. Hulle is egter nie gewone mede-eienaars van die verenigingsvermoë nie, maar die lede word as *equitable joint owners* aangemerkt.²²⁾ Hierdie verskyningsvorm van gebonde mede-eiendom hou onder meer in dat 'n lid nie sy mede-eiendomsaandeel in die afgesonderde verenigingsvermoë mag vervreem of beswaar nie en dat by uittrede van 'n lid, sy mede-eiendomsaandeel die ander lede in gelyke dele toeval. Omdat dit dikwels in die praktyk probleme skep indien die eiendomsposisie net op hierdie mede-eiendomsvorm gegrond word, word daar in die Engelse reg meestal ook van die trustfiguur gebruik gemaak om die eiendomsposisie te vereenvoudig.²³⁾ Die gesamentlike eiendom word in eiendomsreg aan 'n trustee oorgedra, wat dan as die sogenaamde *legal owner* alle regshandelinge met betrekking tot die gesamentlike eiendom namens die lede uitvoer. Die lede bly steeds *equitable joint owners*, maar alle regshandelinge word deur die trustee(s) uitgevoer. Hierdie sakeregtelike onderskeid tussen *legal owner* en *equitable owner* is egter vreemd aan die Suid-Afrikaanse reg.

Unincorporated associations word in die Engelse reg nooit as regspersone erken nie, aangesien hulle nie op grond van koninklike oktrooi of wetgewing tot stand kom nie. Die bekendste verskyningsvorm van 'n *unincorporated association* in die Engelse reg is 'n klub, wat deur kontraksluiting ontstaan en nie met 'n winsoogmerk opgerig word nie.²⁴⁾ Die kontraktuele aard van klubs skep egter ook in die Engelse reg probleme. Die feit dat die trustfiguur vry algemeen by klubs gebruik word om 'n eienaar van die klubvermoë daar te stel, is reeds gemeld as 'n aanduiding daarvan dat probleme in hierdie verband met 'n kontraktuele mede-eiendomsverhouding tussen lede ervaar word. Sommige Engelse skrywers wys voorts daarop dat dit tot hoogs gekunstelde verklarings lei indien die toetrede van lede tot die klub op

21) Smith 1914 18.

22) Green 1980 628; Smith 1914 85 verwys na die Engelse saak *Graff v Evans* 8 QBD 373, waar die eiendomsposisie van die lede beskryf is as die van *equitable joint owners*, 'n verskyningsvorm van gebonde mede-eienaars.

23) Smith 1914 14, 19 en 90; Green 1980 641; Hallis 1978 liv; Ford 1959 1.

24) Smith 1914 49.

kontraksluiting gegrond word. Volgens so 'n benadering word die toetredingshandeling van 'n lid omskryf as 'n reeks kontrakte, wat deur 'n toetredende lid met alle bestaande lede (sommige van wie heeltemal onbekend aan die toetredende lid mag wees) gesluit word.²⁵⁾ Dit dui volgens hulle maar net op 'n reeks fiktiewe kontrakte wat gesluit word.

Weens die bogenoemde redes was dit nie in die Engelse reg moontlik om streng met die onderskeid tussen *incorporated* en *unincorporated associations* (soos deur die konsessiesisteen voorgeskryf) te volstaan nie. Daar bestaan naamlik in die Engelse reg 'n groep verenigings wat as *quasi-corporations* omskryf word weens die feit dat hulle 'n meer korporatiewe aard as die gewone *unincorporated association* vertoon.²⁶⁾ Hierdie *quasi-corporations* ontstaan nie op grond van koninklike oktrooi of 'n magtigende wet nie en kan dus nie as regs persone erken word nie. Hulle ontstaan wel deur kontraksluiting,²⁷⁾ maar die funksionering van sodanige verenigings word òf deur middel van die trustfiguur òf deur algemene wetgewing gereguleer, soos die geval by vakbonde en onderlinge hulpverenigings is. Veral in die gevalle waar 'n trustee gebruik is om as *legal owner* van die gesamentlike eiendom van die lede op te tree, het die gedagte algaande posgevat dat in sodanige gevalle 'n afgesonderde vermoë bestaan wat ongeag die wisseling van lede ter uitvoering van die verenigingsdoel aangewend word. Die toepassing van die konsessiesisteen het die verlening van regs persoonlikheid aan sodanige verenigings egter gekortwiek. Hallis kritiseer die kontrakidee by hierdie verenigings soos volg:²⁸⁾

25) Hallis 1978 liv; vgl ook Smith 1914 19: "The man who accepts election to a club usually regards it as incorporation into a definite body enjoying a continuous existence and formed for the promotion of certain ends. He does not realise that in the eye of the law he is making perhaps a thousand separate contracts with a thousand separate individuals of most of whom he has never even heard. In its anxiety to avoid a fictitious person the law has been driven to imagine myriads of fictitious contracts."

26) Smith 1914 49; Hallis 1978 liv.

27) Ibid.

28) 1978 liv.

"All other such associations are treated by law as species of contractual relationships into which the idea of corporate personality does not enter. In so far as these bodies do require treatment as more than a collection of independent individuals and rather as presenting a certain corporate character, English lawyers claim to have found the necessary means of doing so in the doctrine of the trust. Now, from the legal point of view, any unincorporated association originates in contracts between each and all its members, the terms of which are contained in its rules of association. Usually this view offers adequate machinery for the life and legal treatment of an unincorporated association when it does not possess property. But when it does possess property, and this property is meant to be used for the purpose of the association, the idea of contract is insufficient to give it a satisfactory legal form."

Hoewel die *unincorporated association* en die Romeins-Hollandse *societas* albei op kontrak berus, bestaan daar die belangrike onderskeid dat die *unincorporated association* ongeag die wisseling van lede kan voortbestaan, terwyl die *societas* by die wisseling van lede ontbind.

In die Suid-Afrikaanse reg is die regsposisie van klubs in 'n groot mate analoog aan dié van die Engelse klubs.²⁹⁾ Die aanwending van die trustfiguur om as eienaar van die verenigingsvermoë op te tree, skep egter in die Suid-Afrikaanse reg eiesoortige probleme. In die Engelse reg kan die trustee weens die onderskeid tussen *legal ownership* en *equitable ownership* maklik genoeg as eienaar van die verenigingsvermoë aangemerkt word,³⁰⁾ terwyl die lede steeds as *equitable joint owners* beskou word. Daar kan dus kragtens Engelse regsbeginsels twee verskillende soorte eiendomsreg deur ver-

29) *Bruyns v Rand Sporting Club* 1919 WLD 51 op 55; *Cape Indian Congress v Transvaal Indian Congress* 1948 2 SA 595 (A) op 597. Vgl ook die groot ooreenkoms wat tussen die uiteensetting van Halsbury 1974 vol 6 56-60, Bamford 1982 117-119 en 126-131 (veral 130 vn 47) en LAWSA 1976 dl 1 286-287 bestaan. Kyk ook vn 95 hieronder.

30) Coertze 1948 42-46 verklaar dat die onderskeid tussen die sogenaamde *legal ownership* en *equitable ownership* die gebruik van die trustfiguur in die Engelse reg moontlik maak, terwyl daar in die Suid-Afrikaanse reg geen vergelykbare eiendoms onderskeid bestaan nie.

skillende persone op een saak of vermoë uitgeoefen word. In die Suid-Afrikaanse reg bestaan daar egter nie so 'n onderskeid nie. Dit beteken dat die trustee/s in sy/hulle persoonlike hoedanigheid eienaar/s van die verenigingsvermoë moet wees, met al die nadele wat sodanige eiendomsposisie meebring.³¹⁾

In die Suid-Afrikaanse reg word voorts tussen klubs met regspersoonlikheid en klubs sonder regspersoonlikheid onderskei,³²⁾ terwyl 'n klub altyd in die Engelse reg 'n vereniging sonder regspersoonlikheid is. Dit wil dus voorkom asof daar tog bepaalde Romeins-Hollandse kenmerke in die Suid-Afrikaanse klubreg toegepas word. As oorblyfsel van die Engelse konsessiesistiem word alle verenigings (regspersone en nie-regspersone) hier te lande egter as kontraktuele verhoudings aangemerkt, aangesien die Engelse reg daarvan uitgaan dat alle verenigings wat nie op grond van koninklike oktrooi of wetgewing ontstaan nie, op kontrak berus. Langs hierdie weg word die kontrakgedagte ook op die gemeenregtelike regspersoonsfiguur van toepassing gemaak, hoewel daar geen Romeins-Hollandse begroning daarvoor bestaan nie.

Anders as in die Engelse reg, word daar in die Suid-Afrikaanse reg ook nie tussen die sogenaamde *unincorporated associations* en *quasi-corporations* onderskei nie. Dit het daartoe gelei dat die Suid-Afrikaanse howe in die verlede al entiteite soos kerke,³³⁾ politieke partye,³⁴⁾

-
- 31) De Villiers, Henning en Gardiner 1980 37 verskaf 'n uiteensetting van die verskillende menings betreffende die voordele of nadele van die trustee as eienaar van die gesamentlike vermoë. Dit val buite die bestek van hierdie proefskrif om volledig op hierdie meningsverskil in te gaan.
- 32) Wille 1970 156; Bamford 1982 126; anders: Advocate (pseud) 1977 vol 7 83 vn 1 en Maasdorp 1968 dl 1 236 en 239. In *Silverman v Silver Slipper Club* 1932 TPD 355 is 'n klub vir doeleindes van die Insolvensiewet as 'n regspersoon erken op grond van voldoening aan die vereiste van "property apart". Sien egter teks by verwysing 90. Die beslissing in *Bruyns v Rand Sporting Club* 1919 WLD 51 op 54 en *Reid v South African Party Club* is 'n aanduiding van die regsposisie van verenigings sonder regspersoonlikheid.
- 33) Oor die regsposisie van kerke in die algemeen en die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika in die besonder, word by 6 hieronder volledig besin.
- 34) *Wilken v Brebner* 1935 AD 175 op 180-181 en 186-187.

bouverenigings³⁵⁾ en koöperatiewe verenigings³⁶⁾ oor dieselfde kam as Engelse *unincorporated associations* geskeer het. Hierdie entiteite word in die Engelse reg juis nie as *unincorporated associations* geklassifiseer nie, maar as *quasi-corporations*, aangesien sodanige verenigings 'n meer korporatiewe aard as *unincorporated associations* (klubs) vertoon. Hulle voldoen ook nie aan die vereistes van *incorporated associations* nie, aangesien hulle nie deur wetgewing of koninklike oktroi in die lewe geroep word nie. Hierbo is reeds gewys op die kritiek teen die gedagte dat die sogenaamde *quasi-corporations* op kontrak berus.³⁷⁾

Die vermenging van Romeins-Hollandse en Engelse regsbegrippe het in die Suid-Afrikaanse reg plaasgevind weens die feit dat dieselfde regsbeginsele aanvanklik nie in die vier provinsies gegeld het nie. Dit kom dan ook duidelik by 'n ontleding van die regspraak van die vier provinsies na vore.

5.1.3 Regspraak in die vier provinsies

5.1.3.1 Kaapse regspraak

Voor 1806 was die reg aan die Kaap hoofsaaklik op Romeins-Hollandse regsbeginsele gegrond.³⁸⁾ Ná die Britse oornam van die Kaap in 1806 is die konsessiesisteen onmiddellik op die Suid-Afrikaanse regspersoneer van toepassing gemaak. Hoe streng die konsessiesisteen deur die Kaapse houe toegepas is, blyk uit *The Standard Bank v Russouw*.³⁹⁾ Die Standard Bank was in Engeland as regspersoon ingelyf en is gevolglik daar as 'n *incorporated association* erken. Aangesien die bank egter nie in die Kaap ingelyf was nie, is dit daar nie as 'n regspersoon (*incorporated association*)

35) *In re Cape of Good Hope Permanent Building Society* 1898 15 SC 323 op 336.

36) *Lewis & Co (Pty) Ltd v Pietersburg Koöperatiewe Boere Vereeniging* 1936 AD 344 op 353.

37) Hallis 1978 liv. Kyk ook teks by verwysing 28 hierbo.

38) Van Zyl 1979 423-442; Van der Vyver en Van Zyl 1982 205-211.

39) 1866 1 Roscoe 424.

erken nie en moes die bestuurder van die bank in sy persoonlike hoedanigheid as gedingsparty optree.⁴⁰⁾

Hieruit kan afgelei word dat (ingevolge die konsessiesistees) verenigings wat nie op grond van koninklike oktrooi of wetgewing in die Kaapkolonie erken is nie, daar as verenigings sonder regspersoonlikheid (*unincorporated associations*) bestempel is. Dit het egter nie veel probleme in die regspraak betreffende klubs geskep nie. In *Standard Bank v D'Este*⁴¹⁾ is beslis dat die trustees van 'n klub in hulle persoonlike hoedanigheid vir klubskulde aanspreeklik gehou kan word indien hulle by die uitvoer van regshandelinge nie uitdruklik vermeld het dat hulle in hul hoedanigheid van trustees van die klub opgetree het nie. Indien hulle natuurlik wel uitdruklik vermeld dat hulle kragtens volmag in hulle hoedanigheid van trustees optree, word diegene wat die volmag verleen het, persoonlik aanspreeklik gehou vir regsgevolge wat uit die regshandelinge van die trustees voortvloei. Uit hierdie saak blyk dit dus dat daar wel van trustees gebruik gemaak is om as eienaars van die gesamentlike vermoë op te tree, maar dat of die trustee(s) of die lede vir klubskulde aanspreeklik gehou is. Daar het dus geen afsonderlike *persona* ontstaan wat aanspreeklik gehou kon word nie. Daar is voorts in *Re Cape Town Club*⁴²⁾ beslis dat 'n klub wat vir sosiale oogmerke opgerig is, nie 'n regspersoon is nie. In daardie geval is al die lede dan ook gesamentlik en afsonderlik vir die klub se skulde aanspreeklik gehou.

Uit hoofde van die toepassing van die konsessiesistees is alle entiteite wat nie op grond van koninklike oktrooi of wetgewing ontstaan het nie, gevolglik as sogenaamde *unincorporated associations* aangemerkt. In die Engelse

40) Op 425: "The Court took the objection that the Bank was an English and not a Colonial corporation, and ultimately only granted the application on the name of G.M. More, manager of the Bank, being substituted in the summons for that of the Bank itself." Dat die konsessiesistees nie in die ZAR (Transvaal) toegepas is nie, blyk uit 'n lynreg teenoorgestelde beslissing wat in *Bank of Africa v Roth* 1889 High Court SAR 52 geneem is. Vir verdere voorbeelde van die toepassing van die konsessiesistees, raadpleeg ook *Long v Bishop of Cape Town* 1863 IV Searle's Rep 162 asook die gesag aangehaal in vn 53 hieronder.

41) Junie 1884 (ongerapporteur); vgl Webb 1907 76.

42) 1902 19 SC 420; kyk ook *Re Pamure Club* 1890 5 EDC 420.

reg is sommige verenigings as *quasi-corporations* bestempel weens die feit dat hulle 'n meer korporatiewe aard as klubs vertoon het, maar 'n soortgelyke onderskeid is nie in die Kaapse regspraak gemaak nie.⁴³⁾ So verklaar regter Buchanan in *Independent Companions Society v Stemmet*⁴⁴⁾ ten opsigte van onderlinge hulpverenigings:

"I look upon the members of Friendly Societies as being in the same position as parties to a contract. They are bound by the rules of the society which they have joined."

Die regsposisie van veral onderlinge hulpverenigings en bouverenigings, soos deur die Kaapse howe vasgestel is, word tans verkeerdlik dikwels as bewys daarvan aangevoer dat alle verenigings (ook dié met regs persoonlikheid) kontraktueel van aard is.⁴⁵⁾ Dat dit nie op alle verenigings toegepas kan word nie, blyk onder meer daaruit dat die regsposisie van 'n onderlinge hulpvereniging geheel en al van dié van ander verenigings verskil, soos hieronder vollediger aangetoon sal word.⁴⁶⁾

By twee groepe persoonsverbande, naamlik bouverenigings en kerke, het die toepassing van die konsessiesisteen besondere probleme geskep. Hoewel bouverenigings reeds deur Wet 3 van 1864 (Kaa) ingestel is, is hierdie verenigings egter as verenigings sonder regs persoonlikheid bestempel. Die funksionering van bouverenigings is deur wetgewing beheers, maar bouverenigings is nie as regs persone erken nie. Daarom is daar in *In re Cape of Good*

43) Kyk teks by verwysings 27 en 28 hierbo.

44) 1894 11 SC 230 op 234; raadpleeg ook Webb 1907 68.

45) Bamford 1982 117 en 118 steun veral op Engelse uitsprake insake onderlinge hulpverenigings, en die beslissing in *In re Cape of Good Hope Permanent Building Society* 1898 15 SC 323 op 336 insake bouverenigings, vir so 'n aanname. Lg beslissing is egter nie deur die Appêlhof in die *Morrison*-saak nagevolg nie, waar op Romeins-Hollandse regsbeginsels gesteun is. Vgl LAWSA 1976 dl 1 287 para 498 vn 1, asook teks by verwysings 84-88 hieronder.

46) .Sien teks by verwysings 92-94 hieronder. Ook in die Nederlandse reg word die regsposisie van verskillende soorte verenigings van mekaar onderskei. Vir 'n onderskeid tussen die regsposisies van verenigings, onderlinge waarborgmaatskappye en koöperatiewe verenigings, raadpleeg Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 146-152 en 271-316.

*Hope Permanent Building Society*⁴⁷⁾ beslis dat 'n bouvereniging 'n kontrak *sui generis* is en dat die lede van 'n bouvereniging persoonlik vir die skulde van die vereniging aanspreeklik gehou kan word.⁴⁸⁾ Op grond hiervan verklaar verskeie Suid-Afrikaanse juriste⁴⁹⁾ dat alle vrywillige verenigings (skynbaar ook vrywillige verenigings met regs persoonlikheid) op kontrak berus. Hierdie afleiding uit die *Cape of Good Hope*-saak kan egter nie vandag meer stand hou nie, want 'n bouvereniging word tans in die Suid-Afrikaanse reg as 'n gemeenregtelike regspersoon erken sonder enige verwysing daarna dat dit op kontrak sou berus.⁵⁰⁾

Ook by kerke is die konsessiesisteen streng toegepas. In *Long v Bishop of Cape Town*⁵¹⁾ is beslis dat slegs die *Church of England* in Groot-Brittanje as die sogenaamde *Established Church*⁵²⁾ (en dus as regspersoon deur koninklike oktrooi) erken word. Daarenteen het die *Church of England* in Suid-Afrika asook alle ander kerke aan die Kaap nie deel van die sogenaamde *Established Church* gevorm nie. Hulle is dienooreenkomstig beskryf as vrywillige verenigings (en daarom *unincorporated associations*) wat kontraktueel van aard is en hierdie gedagte is deur Ordonnansie 7 van 1843 (Kaap) bevestig.⁵³⁾ In hierdie ordonnansie is die kontraktuele fundering van ker-

47) 1898 15 SC 323.

48) Op 336: "The decisions proceed upon the ground that the contract itself is not of such a nature as to establish a partnership. It is a contract *sui generis* which does not fall within any of the well-defined classes of contracts known to our law." Op 337 lui dit: "For the transaction of the necessary business of such an association, some expenses must be incurred by the directors, and for the payment of such expenses all the members are personally liable." Dit is duidelik dat hierdie saak nie as gesag daarvoor gebruik kan word dat alle verenigings (ook regspersone) op kontrak gebaseer is nie, aangesien die regsposisie van bouverenigings na die *Morrison*-saak geheel en al anders daar uitsien.

49) LAWSA 1967 dl 1 287 para 498 vn 1; Bamford 1982 117 vn 1.

50) *Morrison v Standard Building Society* 1932 AD 229 op 238.

51) 1863 IV Searle's Rep 162.

52) Op 176.

53) Vgl ook *Loedolff en Smuts v Robertson and other* 1863 IV Searle's Rep 128 op 132-133 en *Burgers v Murray and others* 1865 I Roscoe 252 op 255-257. Kerke word in terme van Ord 7 van 1843 (Kaap) as *voluntary associations* wat kontraktueel van aard is, bestempel. In terme van die konsessiesisteen is dit dus *unincorporated associations*. Kyk Maas-dorp dl 1 1968 239-241.

ke in die kerkwette of kerkorde tot uitgangspunt geneem. Die verwarring waartoe die toepassing van hierdie Engelse regsbegrippe in die geval van kerke aanleiding gegee het, word hieronder volledig bespreek.⁵⁴⁾

Die Kaapse howe het dus alle verenigings wat nie deur middel van koninklike oktrooi of wetgewing tot stand gekom het nie, as nie-regspersone (*unincorporated associations*) geklassifiseer. Die regsposisie van al hierdie verenigings is in 'n groot mate met dié van klubs gelyk gestel. In die proses is die Romeins-Hollandse begroning van entiteite soos kerke en bouverenigings heeltemal genegeer. Daar is voorts nie rekening gehou met die feit dat kerke weens prinsipiële ooreenstemmings moeilik as kontraktuele verhoudings getipeer kan word nie. Dit word by 6 hieronder in besonderhede ondersoek.

5.1.3.2 Transvaalse regspraak

In die vroeë Transvaalse hofuitsprake is die kessiesistiem nie toegepas nie. In teenstelling met die regsposisie in die Kaap, is in *Bank of Africa v Roth*⁵⁵⁾ beslis dat 'n bank wat in Engeland as regspersoon ingelyf is, ook in die Zuid-Afrikaansche Republiek as 'n regspersoon erken sal word, ten spyte van die feit dat dit nie in die Zuid-Afrikaansche Republiek ingelyf was nie.⁵⁶⁾

Die onderskeid tussen regspersone of korporasies (gemeenregtelik of kragtens wetgewing) en *societates* is egter deurgaans gehandhaaf. In die geval van maatskappye het daar 'n afsonderlike entiteit (*persona*) tot stand gekom, wat as draer van regte en verpligtinge (waaronder eiendomsreg) aangemerkt is. So beslis regter Innes in *Coetzee'stroom Co v Registrar of Deeds*⁵⁷⁾ dat 'n maatskappy wat gelikwedeer word as *persona* ophou om te bestaan. As daar 'n nuwe maatskappy met ander aandeelkapitaal ontstaan,

54) Kyk 5.1.4 en 6 hieronder.

55) 1889 High Court SAR 52.

56) Op 53: "It does not appear that the Statutes or Laws of this country prevent a company incorporated in a foreign State suing in this State as a corporation."

57) 1902 TS 216. Kyk ook *Meintjes v Directors of the Transvaal Board of Executors and Trust Co Ltd* 1892 High Court SAR 183 en *Registrar of Deeds v Selati Gold Mining Co* 1896 3 Off Rep 91.

kom daar 'n nuwe *persona* tot stand, ongeag die feit dat die naam en aandeelhouders dieselfde bly as by die vorige maatskappy. Vennootskappe se regsposisie is deurgaans hiervan onderskei, deurdat vennote mede-eienaars van die afgesonderde vermoë was en die vennootskap op kontrak berus het.⁵⁸⁾

In die Transvaalse howe is die bestaan van die gemeenregtelike regs persoon in verskeie sake erken. Die beginsel dat 'n gemeenregtelike regs persoon sonder uitdruklike owerheidstoestemming tot stand kan kom, is in *The Committee of the Johannesburg Public Library v Spence*⁵⁹⁾ neergelê. Die Romeins-Hollandse vereistes vir die bestaan van 'n regs persoon, naamlik langdurige voortbestaan ongeag die wisseling van lede en uitoefening van regte en verpligtinge afsonderlik van die van die individuele lede, is in *Webb & Co. Ltd. v Northern Rifles*⁶⁰⁾ uiteengesit. In nie een van hierdie uitsprake is verklaar dat gemeenregtelike regspersone op kontrak berus nie.⁶¹⁾ Bloot vanweë die feit dat hierdie entiteite aan die Romeins-Hollandse vereistes vir die toekenning van regs persoonlikheid voldoen het, is hulle as regspersone erken.

Die regsposisie van kerke is eweneens aan die hand van Romeins-Hollandse regs beginsels bepaal. Met verwysing na *Digesta 3.4.7.2* en *Voet 3.4.1* is in *De Nederduitse Hervormde Gemeente van Standerton v De Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Gemeente van Standerton*⁶²⁾ beslis dat die eiser 'n regs persoon is en as sodanig eienaar van kerkeïendom kan wees. Sonder dat hierdie kerk deur wetgewing of owerheidstoestemming as regs persoon verklaar is (die *Established Church*-gedagte van die Engelse reg) is dit as 'n gemeenregtelike regs persoon erken.

58) *Ruston v Bacon* 1903 TS 251 en *Solomon and Bradley v Millhouse* 1903 TS 607.

59) 1898 5 Off Rep 84.

60) 1908 TS 462.

61) In albei hierdie sake word egter die moontlikheid geskep dat die eiendomsreg van die bates in trustees vestig. Dit berus op Engelsregtelike invloed, wat vreemd aan die Romeins-Hollandse regs beginsels is.

62) 1897 Hertzog 84 op 98.

Daarteenoor is die regsposisie van klubs skerp van dié van gemeenregtelike regspersone onderskei. Daar word in *Ehrlich v Johannesburg Turf Club*⁶³⁾ melding gemaak van 'n sogenaamde *proprietary member*, dit wil sê 'n lid wat op eiendom van die klub kan aanspraak maak. Dat 'n lid van 'n gemeenregtelike regspersoon nie eiendomsreg ten opsigte van die afgesonderde vermoë verkry nie, spreek vanself. Die regspersoon is immers eienaar van hierdie vermoë. In ooreenstemming met Engelse regsbeginsele is die wese van klubs in 'n onderliggende kontraktuele verhouding gesoek en is die stel reëls van die klub as die kontrak tussen die lede aangewys. In die Romeins-Hollandse reg bestaan daar egter geen aanduiding dat 'n gemeenregtelike regspersoon kontraktueel van aard was nie, soos by 2.3.6 hierbo reeds volledig bespreek is. Die kontraktuele begroning van verenigings is in Transvaal aanvanklik net op klubs van toepassing gemaak, terwyl die regsposisie van gemeenregtelike regspersone sover moontlik van dié van klubs onderskei is.⁶⁴⁾

5.1.3.3 Vrystaatse regspraak

Die konsessiesisteen het in die Vrystaatse regspraak eweneens nie toepassing gevind nie. In navolging van die Romeins-Hollandse reg is daar streng tussen die regsposisie van 'n korporasie (vereniging met regspersoonlikheid) en die van 'n *societas* onderskei.⁶⁵⁾

Handelsmaatskappye is uiteraard as regspersone erken ongeag die feit of hulle in die Oranje-Vrystaat of in 'n ander staat ingelyf is. Hulle is dikwels as sogenaamde *compagnies* omskryf.⁶⁶⁾ Hierdie regspersone het aan die regsverkeer deelgeneem deur kontrakte te sluit, eiendom te besit en

-
- 63) 1903 TS 677: "Plaintiff was at the time a proprietary member, and as such entitled to share equally with the other proprietary members in all the assets of the club."
- 64) Kyk egter *Webb & Co Ltd v Northern Rifles* 1908 TS 462 en *The Committee of the Johannesburg Public Library v Spence* 1898 5 Off Rep 584, waar daar enkele Engelsregtelike beginsele op die gemeenregtelike regspersoon van toepassing gemaak is.
- 65) *Venter en anderen v Den Kerkeraad der Gereformeerde Kerk te Bethulie* 1879 OVS 4 en die teks by verwysing 4. Dit is opmerklik dat daar veral op Voet gesteun word.
- 66) *Huyll en Debell v Jones en Lockhardt* 1886 OVS 120; *Curatoren van de London en Oranje Vrijstaat Exploratie Compagnie (Beperkt) v Den Staats President NO* 1886 OVS 137; *Visser v London en Jagersfontein Diamant Delvering Maatschappij* 1883 OVS 8 op 10.

in regsgedinge op te tree. Daar is ook aan gemeenregtelike regspersone erkenning verleen bloot op grond van die feit dat dit aan bepaalde gemeenregtelike vereistes voldoen het. Die uitspraak in *Venter en anderen v Den Kerkeraad der Gereformeerde Kerk te Bethulie*⁶⁷⁾ (wat by 5.1.1 hierbo reeds bespreek is) is 'n sprekende voorbeeld van Romeins-Hollandse regsbeginsels wat op verenigings met regspersoonlikheid toegepas is.

Verenigings sonder regspersoonlikheid (klubs) is ook deur die regspraak erken, maar hulle regsposisie is op 'n heel ander wyse as dié van gemeenregtelike regspersone benader. In *Curatoren van 'Pioneer Lodge no 1' v Champion en anderen*⁶⁸⁾ is beslis dat die verweerders lede was van 'n vereniging wat op kontrak berus. Dit blyk egter duidelik uit die regspraak dat die regsposisie van verenigings sonder regspersoonlikheid (klubs) op 'n vermenging van die Romeinse *societas*-begrip en die Engelse klubreg berus het. Die verhouding tussen die lede het op kontrak berus, maar anders as by die *societas* het die vereniging ongeag die wisseling van lede voortbestaan. Die regsposisie van sodanige klubs is deurgaans van die regsposisie wat ten opsigte van gemeenregtelike regspersone gegeld het, onderskei.

5.1.3.4 Natalse regspraak

Engelse regsbeginsels, met die daarmee gepaardgaande konsessiesisteen, is in Natal op die verenigingsreg van toepassing gemaak. Dit blyk daaruit dat die regsposisie van klubs deur die Natalse howe in ooreenstemming met die Engelse *unincorporated association* gebring is.⁶⁹⁾ Kerke is nie as regspersone aangemerkt nie, weens die feit dat hulle nie deel van die sogenaamde *Established Church of England* gevorm het nie. Kerkeiendom is derhalwe

67) 1879 OVS 4 op 8.

68) 1879 OVS 52 op 51 (bladsye in die hofverslag is verkeerd genommer):
 "... als wanneer zij overeengekomen waren om de charter waaronder zij werkten als Steadfast Lodge no 2, op te geven en zich te vereenigen onder eene nieuwe charter"

69) *The Corporation of Durban v The Durban Club* 1893 16 MLR 167 veral op 172.

deur trustees (as eienaars daarvan) geadministreer.⁷⁰⁾ Verenigings wat kragtens wetgewing in die lewe geroep is, is egter as regsperseone erken.⁷¹⁾

Maar ook in Natal het daar 'n vermenging van Engelse en Romeins-Hollandse regsbegrippe plaasgevind. In *Woolridge & Co. v Colonial Government*⁷²⁾ is 'n *joint stock company* met verwysing na Voet 3.4.1 as 'n regsperseoon beskryf, maar daarna verwar die regter na aanleiding van die *Stamp Act* 43 van 1898 (Natal) die begrip regsperseoon met *societas*:

"It is a peculiar kind of partnership in respect that the liability of the members is limited, and otherwise. But it is also clearly an association."

5.1.4 Huidige regsposisie van verenigings

Die oorwegende gebruik van die konsessiesisteen deur die Kaapse en Natalse howe het daartoe gelei dat Engelse klubreg vroeër op alle vrywillige verenigings in die Kaap en Natal toegepas is. Deurdadig daar in die Transvaalse en Vrystaatse howe oorwegend op Romeins-Hollandse regsbeginsele gesteun is, het daar mettertyd (veral ná 1910) vermenging van hierdie regsbegrippe uit die Engelse en Romeins-Hollandse reg plaasgevind.

Hierdie verskynsel het veral by die regsposisie van kerke na vore gekom. Kerke in die Oranje-Vrystaat en Transvaal is as gemeenregtelike regsperseone omskryf, terwyl die regsposisie van kerke in die Kaap dié van vrywillige verenigings sonder regsperseoonlikheid was.⁷³⁾ In *De Waal and others*

70) *In re the Bishop of Natal* 1884 5 NLR 299; *Johnson v The Churchwardens of St. Paul's Church Durban* 1890 5 NLR 4 op 6-8; *In re Church of England Properties* 1894 15 NLR 260; *Board of Curators of the Church of England v Durban Corporation* 1900 21 NLR 22.

71) *Re Durban Building Investment and Loan Society* 1879 1 NLR 137; *Carlett v Royal Natal Unity Lodge, Manchester Union of Oddfellows* 1885 6 NLR 186.

72) 1905 26 NLR 73 op 78.

73) Sien teks by verwysings 62 en 67. Hierteenoor het die toepassing van Ord 7 van 1843 van die kerk in die Kaap 'n *unincorporated association* gemaak, soos blyk uit die teks by verwysing 53.

*v Van der Horst and others*⁷⁴⁾ vind daar 'n vermenging van Romeins-Hollandse en Engelse regsbegrippe plaas, wat 'n goeie voorbeeld is van die verwarring wat tans op die gebied van die verenigingsreg bestaan. Die kerk word eensyds as 'n regs persoon omskryf⁷⁵⁾, maar andersyds word daar met verwysing na die saak *Long v Bishop of Cape Town*⁷⁶⁾ beslis dat daar geen sogenaamde *Established Church* in Suid-Afrika bestaan nie en dat kerke derhalwe vrywillige verenigings is wat op kontrak berus.⁷⁷⁾ Dit impliseer dat kerke ook verenigings sonder regs persoonlikheid is. Daar is voorts beslis dat lidmate ooreenkom om 'n kerk te stig en dat die kerk se konstitusie dienoreenkomstig op kontraksluiting berus.⁷⁸⁾ Verder word verklaar dat elke lidmaat 'n aandeel in die kerkeiendom het:

"As the property vests in the congregation, each member as long as he remains a member must be taken to have a share in it He has a patrimonial interest in the property and funds while he remains a member."⁷⁹⁾

Dit is tipiese Engelse klubreg wat hier op 'n kerk toegepas word - en dit nadat die kerk as 'n gemeenregtelike regs persoon omskryf is.⁸⁰⁾ Die probleme wat hierdie vermenging van regs begrippe op kerklike terrein skep, gepaardgaande met die prinsipiële beswaar daarteen dat 'n kerk op 'n kontraktuele verhouding sou berus, word by 6 hieronder in besonderhede ondersoek.

74) 1918 TPD 277 op 280 ev.

75) Op 280: "... (E)ach congregation is the owner of its property and funds, and is represented by a Kerkeraad which is entrusted with the government (bestuur) and guidance of such congregation, and with the administration of its property and funds." Hierdie kenmerk van die gemeente as eienaar kom net 'n gemeenregtelike regs persoon toe, aangesien die lede van 'n vereniging sonder regs persoonlikheid mede-eienaars van die vermoë is.

77) Op 281. Raadpleeg ook Maasdorp dl 1 1968 240-241.

78) Op 281-282.

79) Op 284.

80) Hierdie vermenging van regs begrippe word in 'n reeks beslissings wat steun op die *Van der Horst-saak*, gevind en uiteindelik in die Appèlhofbeslissing in *Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1 (A) op 13 bevestig. Sien 6 hieronder.

'n Verdere voorbeeld van hierdie verwarring blyk uit *Wilken v Brebner and others*.⁸¹⁾ Hoewel regter Beyers in sy minderheidsuitspraak beslis dat 'n politieke party in die geval aan al die vereistes vir die toekenning van gemeenregtelike regs persoonlikheid voldoen, word klubreg toegepas. Hy verklaar:⁸²⁾ "Ongetwyfeld druk die beginsels en konstitusie van die Nasionale Party die voorwaarde uit waarop die lede hulle met mekaar verenig, dis die kontrak." Die ander regters beslis dat dit geen verskil maak of 'n politieke party 'n *universitas* (gemeenregtelike regspersoon) of 'n vrywillige vereniging (by implikasie: 'n vereniging sonder regspersoonlikheid) is nie. Dat daar wel sekere ooreenkomste tussen verenigings met en sonder regspersoonlikheid bestaan, is 'n voldonge feit, maar ondanks die ooreenkomste, kan die verskille tussen hierdie twee regsfigure tog nie genegeer word nie. Die beslissing in *Crisp v South African Council of the Amalgamated Engineering Union*⁸³⁾ is 'n goeie voorbeeld van die gelykstelling van twee ongelyksoortige entiteite:

"The decided cases clearly establish that it is always open to the courts of law in the first instance to refer a complainant who is the member of a society or corporation governed by fixed rules to the domestic tribunals of the society or corporation established by these rules for determining disputes amongst members ... Especially is this the case where the rules which constitute the contract between the members clearly exclude courts of law."

Om die verskille tussen 'n gemeenregtelike regspersoon en 'n vereniging sonder regspersoonlikheid te negeer, is om die verwarring van Romeins-Hollandse regs begrippe met Engelse regs begrippe te vererger.

81) 1935 AD 175.

82) Op 193. Vgl ook die standpunt van regter Wessels op 181.

83) 1930 AD 225 op 236 (kursivering myne). Daar is aangetoon dat korporasies nie kragtens die Romeins-Hollandse reg kontraktueel van aard was nie en dat hulle ook nie in die Suid-Afrikaanse reg op kontrak behoort te berus nie. Kyk ook 5.3.2.1 hieronder.

Hierdie verwarring heers ook in die geval van bouverenigings. Die Kaapse hof het in die saak *In re Cape of Good Hope Permanent Building Society*⁸⁴⁾ na aanleiding van Engelse regsbeginsels beslis dat 'n bouvereniging 'n kontrak *sui generis* is en dat die lede gevolglik persoonlik vir die verpligtinge van die bouvereniging aanspreeklik gehou kan word. Hierdie uitspraak is egter in *Morrison v Standard Building Society*⁸⁵⁾ verwerp toe die Appèlhof beslis het dat 'n bouvereniging 'n gemeenregtelike regspersoon is, sonder dat daar hoegenaamd melding van 'n kontraktuele onderbou gemaak is. Maar die *Cape of Good Hope*-beslissing word steeds deur sommige juriste in Suid-Afrika voorgedhou as bewys daarvan dat alle vrywillige verenigings (ook die met regspersoonlikheid) kontraktueel van aard is.⁸⁶⁾ Bamford se definisie van 'n vrywillige vereniging, (wat volgens hom verenigings met en sonder regspersoonlikheid insluit), lui:

"A voluntary association is a legal relationship which arises from an agreement among three or more persons to achieve a common object, primarily other than the making and division of profits."⁸⁷⁾

Wat die kontraktuele onderbou van alle vrywillige verenigings betref, steun Bamford verkeerdlik veral op die *Cape of Good Hope*-beslissing.

Die gelykstelling van 'n vereniging met regspersoonlikheid en 'n vereniging sonder regspersoonlikheid kan nie nagevolg word nie. Dat 'n vereniging

84) 1898 15 SC 323 op 336.

85) 1932 AD 229 op 234-238. Vgl ook Lloyd 1938 10-14.

86) LAMSA 1976 d1 1 287 para 498 vn 1; Bamford 1982 117 vn 1.

87) Bamford 1982 117. Vir die begroning van die kontraktuele aard van vrywillige verenigings steun hy op die regsposisie mbt bouverenigings (sonder om na die *Morrison*-saak te verwys) en onderlinge hulpverenigings. By lg steun hy veral op Engelse beslissings, sonder om die eie aard en die statutêre begroning van onderlinge hulpverenigings in die Suid-Afrikaanse reg in gedagte te hou - vgl teks by verwysing 175 hieronder.

sonder regs persoonlikheid (*societas* of genootskap)⁸⁸⁾ wel op kontrak berus, is 'n duidelike en korrekte toepassing van sowel Engelse as Romeins-Hollandse regsbeginnels. Om egter op grond van die *Cape of Good Hope*-saak (welke uitspraak nie deur die Appêlhof nagevolg is nie), te verklaar dat ook verenigings met regs persoonlikheid kontraktuele verhoudings is, is myns insiens nie navolgenswaardig nie. Uys⁸⁹⁾ verklaar tereg dat genootskappe (vrywillige verenigings sonder regs persoonlikheid) op kontrak berus en nie met regspersone verwar moet word nie. Volgens Uys omskryf Bamford in sy definisie van 'n vrywillige vereniging slegs 'n vereniging sonder regs persoonlikheid. Dit is nie moontlik om ook verenigings met regs persoonlikheid onder sy definisie tuis te bring nie, aangesien 'n omvattende definisie vir twee sulke uiteenlopende regsfigure volgans Uys nie moontlik is nie.

Ongelukkig bring Uys twee kenmerke van die gemeenregtelike regs persoon, wat deur die howe verkort is tot die sogenaamde *property apart* en *perpetual succession*, weens sy verkeerde vertolking van hierdie begrippe ook by genootskappe of verenigings sonder regs persoonlikheid tuis. 'n Genootskap kan wel 'n afgesonderde vermoë hê, maar onder die vereiste *property apart* moet veel meer as 'n afgesonderde vermoë verstaan word. *Property apart* is 'n verkorte uitdrukking om aan te dui dat 'n regs persoon draer

88) Roeleveld 1980 5-6 en 8 verklaar tereg dat die begrip *societas* ook op groepe sonder regs persoonlikheid wat 'n ideële doel nastreef, van toepassing is. Hy noem sodanige ideële verenigings sonder regs persoonlikheid egter verkeerdlik vennootskappe. 'n Genootskap is vir Roeleveld altyd 'n regs persoon (aw 8). Hiermee kan nie saamgestem word nie. Vir die omskrywing van 'n vennootskap, vgl Bamford 1982 1; Uys 1961 13 en O'leck 1980 97. Uys 1961 1,2 en 11 omskryf 'n genootskap as 'n vereniging met ideële doelstellings wat op kontrak berus en nie regs persoonlikheid het nie. In *Theron v Ring van Wellington NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1 (A) op 13 en 25 word die term genootskap gebruik om 'n vereniging met ideële doelstellings wat op kontrak berus, te omskryf - daar word egter nie uitsluitel gegee oor die regs persoonlikheid van so 'n vereniging nie. By 5.3.2.1 hieronder word aangedui dat 'n verenigingsregs persoon nie op kontrak berus nie. Om so 'n genootskap egter as 'n regs persoon te tipeer, kan nie nagevolg word nie. Die verenigingsregs persoon moet deurgaans van 'n genootskap ('n vereniging met ideële doelstellings wat op kontrak berus) onderskei word. Kyk ook vn 5 hierbo, asook teks by verwysing 103 hieronder.

89) 1961 1, 2 en 4.

van regte en verpligtinge onafhanklik van die van die individuele lede is, welke vereiste nooit op 'n genootskap van toepassing kan wees nie.⁹⁰⁾ Weens hierdie foutiewe vertolking van die kenmerke van die gemeenregtelike regspersoon, verwater ook Uys die onderskeid tussen die gemeenregtelike regspersoon en die *societas*.⁹¹⁾

Daar is sonder twyfel bepaalde ooreenkomste tussen 'n vereniging met regs= persoonlikheid en 'n vereniging sonder regspersoonlikheid,⁹²⁾ maar dit doen nie afbreuk aan die verskille wat tussen hierdie entiteite bestaan nie. Die Appèlhof het reeds by meer as een geleentheid hierdie verskille oor die hoof gesien,⁹³⁾ en dit het tot die verwarring wat tans op die gebied van die verenigingsreg bestaan, aanleiding gegee. Hierdie gelykshakeling van die regsposisie van verskillende tipes verenigings, wat nog 'n oorblyfsel van die konsessiesisteen is, hou nie met die Romeins-Hollandse beginsels waarop die gemeenregtelike regspersoon gegrond is, rekening nie.

Dit is eweneens nie aanvaarbaar om kenmerke van die gemeenregtelike regs= persoon by verenigings sonder regspersoonlikheid tuis te bring nie, aangesien laasgenoemde verenigings se regsposisie aan die hand van eiesoortige klubregsbeginnels vasgestel behoort te word.⁹⁴⁾ Ek wil aan die hand doen dat in die geval van verenigings sonder regspersoonlikheid suiwer klubreg toegepas word, terwyl ander persoonsgroepe soos kerke, vakbonde, politieke partye, liefdadigheidsorganisasies, ensovoorts, indien hulle aan die vereistes daarvoor voldoen, as gemeenregtelike regspersone in ooreenstemming met die Romeins-Hollandse regsbeginnels erken word. Die regsposisie van bouverenigings en koöperatiewe verenigings word tans statutêr gereël en val dus verder buite die ondersoekveld van hierdie proefskrif.

90) Uys 1961 11; kyk ook na teks by 4.2.2, veral by verwysing 40. Daarom verklaar Uys dat party, kerk, biblioteek, bond, ens genootskappe is, terwyl hierdie entiteite meestal gemeenregtelike regspersone is.

91) Uys 1961 1 en 11. Kyk ook vn 88 hierbo.

92) LAWSA 1976 d1 1 286 para 495 vn 2.

93) Byvoorbeeld in *Wilken v Brebner* 1935 AD 175; *Theron v Ring van Wel= Lington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1 (A).

94) Bamford 1982 130. Wanneer 'n groep persone ingevolge art 21 van die Maatskappyyewet 61 van 1973 geïnkorporeer word en op so 'n wyse regs= persoonlikheid verkry, is dit nie meer 'n klub nie, maar 'n statutêre regspersoon.

Daar is veral drie belangrike verskille tussen verenigings met regspersoonlikheid en verenigings sonder regspersoonlikheid, wat hierna aandag sal geniet:

- By die verenigingsregspersoon bestaan daar 'n afsonderlike *persona*, wat nooit by 'n vereniging sonder regspersoonlikheid bestaan nie.
- 'n Vereniging sonder regspersoonlikheid is kontraktueel van aard, terwyl dit nie die geval met die verenigingsregspersoon is nie.
- Die eiendomsposisie by 'n verenigingsregspersoon verskil van dié by 'n vereniging sonder regspersoonlikheid.

5.2 Die vereniging sonder regspersoonlikheid (klub)

Die regsreëls van toepassing op verenigings sonder regspersoonlikheid het in die Suid-Afrikaanse reg reeds taamlik duidelik uitgekristalliseer. 'n Vrywillige vereniging sonder regspersoonlikheid is 'n kontraktuele verhouding wat tussen 'n aantal persone bestaan, met die reëls van die vereniging as die kontraksvorskrifte waaraan alle lede gebonde is.⁹⁵⁾ Aangesien dit ook die regsposisie van die *unincorporated association* in die Engelse reg en die *societas* in die Romeins-Hollandse reg was, is dit 'n suiwer toepassing van die gemenereg en kan daar nie beswaar teen so 'n benadering ingebring word nie.

95) *Ex parte United Party Club* 1930 WLD 277 op 280; *Marlin v Durban Turf Club and the Jockey Club of South Africa* 1942 AD 112 op 127: "In the present case the tribunal's jurisdiction really depends on a contract between the appellant and the Jockey Club. The appellant applied for and accepted a licence stated to be subject to the rules and the regulations of the Jockey Club, and he is bound by the rules relating to inquiries." Die regter haal verder aan uit die Engelse saak *MacLean v Workers' Union* 98 L J Ch 239: "In the case I have before me - and I may add in such a case as a power of expulsion in a members' club - it seems to me reasonably clear that the matter can only depend on contract express or implied." Die vraag wat hier ontstaan, is of genoemde klubs wel verenigings sonder regspersoonlikheid is en of hulle nie moontlik aan die vereistes wat ten opsigte van gemeeneregtelike regspersone geld, voldoen nie. Die howe gaan nie op hierdie kwessie in nie, maar pas tipiese Engelse klubreg toe. Kyk ook Oleck 1980 96.

Daar kom in die Suid-Afrikaanse reg klubs voor wat voldoen aan die be-
staansvereistes wat vir gemeenregtelike regspersone geld, asook klubs
wat as verenigings sonder regspersoonlikheid aangemerkt kan word. Aange-
sien die Engelsregtelike begrip klub egter voorheen (weens die gebruik
van die konsessiesisteen) net op verenigings sonder regspersoonlikheid
geslaan het, word die term klub in hierdie gedeelte as sinoniem vir 'n
vereniging sonder regspersoonlikheid gebruik. Dit sluit egter nie die
moontlikheid uit dat bepaalde klubs onder sekere omstandighede as ge-
meenregtelike regspersone getipeer kan word nie. So 'n klub sal dan ui-
terdaard nie meer as 'n vereniging sonder regspersoonlikheid aangemerkt
kan word nie.

5.2.1 Regsverhouding tussen lede

Die Appèlhof het reeds in talle uitsprake die aard van die regsverhouding
tussen lede van 'n klub as kontraktueel bestempel, sonder om daarop te
let of sodanige klub 'n vereniging met of sonder regspersoonlikheid is.
So is daar in *Jockey Club of South Africa and others v Feldman*⁹⁶⁾ beslis:

"... (I)t was pointed out that vis-à-vis the Turf Club, at
whose races he rides, and the Jockey Club, the relations be-
tween the parties are contractual and the rights such rela-
tions give rise to are contractual and depend on the rules
of the Jockey Club (which the jockey, the Turf Club and the
Jockey Club have agreed to be bound by) and on the principles
of the common law."

Dat sommige begrippe egter nie altyd so suiwer deur ons howe gehanteer is

96) 1942 AD 340 op 347; *Constantinides v Jockey Club of South Africa*
1954 3 SA 35 (K) op 44; *Jockey Club of SA v Transvaal Racing Club*
1959 (1) SA 441 (A) op 450; *Turner v Jockey Club of SA* 1974 3 SA
633 (A) op 645: "It is common cause that the relationship between
a jockey licensed under the respondent's rules - such as the appel-
lant - and the respondent, is contractual, and that the relationship
is governed by the respondent's rules and regulations, which consti-
tute the terms of the contract between the parties, and the appli-
cable principles of the common law."

nie, blyk uit die uitspraak in *Rowles v Jockey Club of South Africa and others*,⁹⁷⁾ waar beslis is:

The Club's rules are the domestic statutes of a voluntary association. In order to achieve its objects its rules also refer to the conduct of non-members. But since the rules have no statutory authority they cannot, save in so far as a non-member has bound himself by agreement to observe them, be legally binding upon non-members. Similarly, the Club cannot, apart from contract, impose its will upon non-members by legal process."

Hierdie formulering kan die indruk skep dat die reëls die interne verbandsreg (*domestic statutes*) vorm wat nie-kontraktueel van aard is, terwyl nie-lede net kontraktueel gebonde gehou kan word. Daar moet by die suiwer toepassing van klubreg liewer glad nie gesteun word op begrippe soos *domestic statutes* of die *wil* van die klub nie, aangesien dit begrippe is wat by regs= persone tuishoort.

5.2.2 Oprigting

Die oprigtingshandeling van 'n klub is 'n kontrak wat tussen die oprigters gesluit word. Die reëls wat opgestel word, vorm die inhoud van hierdie kontrak. Nuwe lede wat aansluit, kontrakteer met alle bestaande lede (daar bestaan geen afsonderlike *persona* by 'n klub nie) en die inhoud van hierdie kontrakte is eweneens in die reëls van die klub vervat.⁹⁸⁾

Die onhoudbaarheid van die regsbeginself dat die toetredingshandeling van 'n lid op 'n aantal (fiktiewe) kontrakte neerkom wat gesluit word tussen die nuwe lid en al die ander bestaande lede (die bestaan van sommige van wie die toetreder moontlik nie eens bewus is nie) is reeds hierbo beklemtoon. Dit is ook 'n ope vraag of 'n kontrak tussen persone wie se identi=

97) 1954 1 SA 363 (A) op 364.

98) LAWSA 1976 d1 1 287-289 para 498-501; Bamford 1982 117-118; Uys 1961 1 en 11; Oleck 1980 100.

teit nie aan mekaar geopenbaar is nie, geldig en afdwingbaar is.⁹⁹⁾ Dit is wel moontlik dat 'n aanbod aan 'n klas persone waarvan die identiteit nie aan die aanbieder bekend is nie, gemaak kan word. Die probleem in hierdie geval is egter dat sommige van die bestaande lede dikwels vir 'n lang tyd nie van die aanbod tot toetrede van 'n nuwe lid bewus is nie. Kom die verskillende kontrakte met daardie lede nou eers tot stand wanneer hulle van die aanbod tot toetrede van die nuwe lid (indien ooit) bewus word? Dat dit praktiese probleme in die geval van klubs met baie lede skep, kan nie betwyfel word nie. Ten spyte van hierdie gebreke wat weens die kontraktuele onderbou van klubs voorkom, is die regsposisie van klubs in die Suid-Afrikaanse reg so algemeen aanvaar dat dit moeilik (en waarskynlik sinne-loos) sal wees om 'n alternatief daarvoor aan die hand te doen.

5.2.3 Langdurige voortbestaan

'n Klub bestaan voort ongeag die wisseling van lede. Hoewel dit ook 'n kenmerk van die gemeenregtelike regspersoon is, maak dit nog nie van 'n klub 'n regspersoon nie, deurdat die klub nie draer van regte en verpligtinge afsonderlik van dié van die individuele lede is nie.¹⁰⁰⁾ Daar kom dus geen *persona* tot stand nie en die klub is steeds die som van die kontrakpartye op 'n gegewe oomblik, sonder afsonderlike regte en verpligtinge. Die klub bestaan egter net so lank as wat die kontrak waarop dit gefundeer is, in stand gehou word. Indien die kontrak weens verdeling van doelstellings of gebrek aan kontrakpartye ontbind, kom die klub tot 'n einde.

By die wisseling van lede, dit wil sê by die toelating van 'n nuwe lid of die uittrede van 'n bestaande lid, is die regsposisie sodanig dat die lid se kontrak met al die medeledes gesluit of gekanselleer word. Solank as wat daar dus lede is om mee te kontrakteer, kan die klub voortbestaan ongeag die wisseling van lede. Aangesien die klub nie ontbind by die toe- of uittrede van lede nie, ontstaan die vraag of die uittredende lid se regte en verpligtinge (voortspruitende uit die kontrak) deur middel van sessie en delegasie aan die oorblywende lede oorgedra word. Sou dit die geval wees,

99) Kyk vn 25. Raadpleeg ook Smith 1914 19: "In its anxiety to avoid a fictitious person the law has been driven to imagine myriads of fictitious contracts." Vgl ook Green 1980 629.

100) Wille 1970 154: "... (T)he enjoyment of perpetual succession by a society, without the right to own property apart from its members, is not sufficient to make it a *universitas*." Kyk ook Oleck 1980 100.

behoort 'n toetredende lid eweneens sy regte en verpligtinge deur middel van sessie en delegasie van die bestaande lede te verkry. Oor hierdie probleem kon ek geen uitsluitel in die geraadpleegde bronne en hofverslae kry nie.

Weens die feit dat 'n klub kontraktueel van aard is, kan dit slegs op grond van wilsooreenstemming ontbind word.¹⁰¹⁾ Indien daar dus nie in die reëls vir ontbinding van die klub voorsiening gemaak is nie, kan die klub slegs deur middel van 'n eenparige besluit van die lede ontbind. Die enigste uitsondering is die ontbinding weens verydeling van die doel van die klub, welke ontbinding die gevolg is van die onuitvoerbaarheid van die doelstellings waarop die lede ooreengekom het.¹⁰²⁾ Indien die lede nie eenparig besluit om so 'n klub te ontbind nie, kan die ontbinding deur 'n hofbevel geskied.

Weens die kenmerk dat die klub kan voortbestaan ongeag die wisseling van lede, verskil die regsposisie van die klub van dié van gewone mede-eienaars en vennote, waar wisseling van lede ontbinding van die regsverhouding tussen die partye meebring. In hierdie opsig verskil die klub ook van die Romeinse *societas*, waar die regsband altyd tussen bepaalde persone tot stand gekom het. Wisseling van die persone het tot ontbinding van die *societas* gelei.¹⁰³⁾ Die feit dat 'n klub nie 'n regspersoon is nie, maar voortbestaan ongeag die wisseling van lede, is 'n eiesoortige Engelse klub=regsbeginsel.

5.2.4 Eiendomsposisie van lede

Die vernaamste verskil tussen die gemeenregtelike regspersoon en 'n klub sonder regspersoonlikheid is in die eiesoortige eiendomsverhouding van hierdie entiteite geleë. In *Bruyns v Rand Sporting Club*¹⁰⁴⁾ is beslis dat in

101) Bamford 1982 219.

102) Bamford 1982 134-138; LAWSA 1976 d1 1 289.

103) Die eiesoortige regsposisie van klubs word ook in *Bruyns v Rand Sporting Club* 1919 WLD 51 op 54 en 55 uiteengesit. In die Duitse reg bestaan 'n soortgelyke onderskeid - kyk 5.3.2 hieronder.

104) 1919 WLD 51 op 54.

die geval van 'n sogenaamde *members club* (dit wil sê 'n klub waar ('n) trustee(s) nie eienaar(s) van die klubvermoë is nie) die lede van die klub op 'n gegewe tydstip die eienaars van die klubvermoë is. Hierdie eiendomsreg van die lede op die klubeiendom is in *Ehrlich v Johannesburg Turf Club*¹⁰⁵⁾ verder omskryf as 'n reg wat elke lid op 'n eweredige gedeelte van die klubvermoë het. Elke lid se eweredige aandeel word aan die hand van die aantal lede vasgestel.

In die Engelse reg word sonder teësprak aanvaar dat die eiendom van die klub die lede toeval.¹⁰⁶⁾ Omdat dit dikwels tot praktiese probleme aanleiding gee, word meestal van 'n trustee gebruik gemaak om as eienaar (die sogenaamde *legal owner*) van die klubvermoë op te tree. Die lede van die klub is dan die begunstigdes (die sogenaamde *equitable joint owners*) ingevolge die trustakte.¹⁰⁷⁾ Aangesien die onderskeid tussen *legal owner* en *equitable owner* nie in die Suid-Afrikaanse reg bekend is nie, is lede van 'n klub waar die eiendom van die klubvermoë in 'n trustee setel, gewone begunstigdes ingevolge die trustakte.

Die aard van die lede se eiendomsreg word as 'n besondere vorm van beperkte mede-eiendomsreg aangemerkt.¹⁰⁸⁾ Daar bestaan die volgende ooreengekome beperkings op elke lid se mede-eiendomsreg:

- 'n lid mag nie skeiding en deling van die klubvermoë eis nie;
- 'n lid mag nie sy mede-eiendomsaandeel vervreem of beswaar solank as wat die klub bestaan nie;
- 'n lid se mede-eiendomsaandeel verval by uitrede van die lid en val die oorblywende lede in gelyke dele toe.

105) 1903 TPD 677. Ook in *Leschin v Kovno Sick Benefit and Benevolent Society* 1936 WLD 9 op 12 is beslis: "... (M)embers are jointly entitled to all the property and funds of the club."

106) Green 1980 627; Halsbury 1974 vol 6 58; Oleck 1980 107-109.

107) Green 1980 627; Hallis 1978 liv; Halsbury 1974 vol 6 58.

108) Green 1980 628: "... (T)he better view is that the members of a non-profit association are ordinary beneficial co-owners (i.e. either joint tenants or tenants in common) of their society's common property, and that any superficial distinction between their apparent rights and those of other co-owners is best explained in the light of a set of mutual contractual restrictions" Raadpleeg ook Bamford 1982 185-186.

'n Lid is dus slegs geregtig op besitneming van sy aandeel in die mede-eiendom, indien hy tydens ontbinding van die klub 'n lid is. Dit is soos volg verwoord in *Leschin v Kovno Sick Benefit and Benevolent Society*¹⁰⁹⁾:

"... (M)embers for the time being are jointly entitled to all property and funds of the club ... , and only on dissolution do the individual interests of the members in the property become capable of realisation A club has no power to alienate any of the property which belongs to the members for the time being jointly in equal shares without the consent of every member."

Ook Bamford¹¹⁰⁾ verklaar dat 'n lid 'n beperkte mede-eienaar van die klubvermoë is, deurdat hy nie sy aandeel kan vervreem of beswaar nie. 'n Lid kan dus nie skeiding of deling van die klubvermoë eis nie, maar het slegs 'n gebruiksreg op klubgoedere, 'n belang by die finansiële bestuur van die klubgelde en 'n reg op sy mede-eiendomsaandeel van die klubvermoë by ontbinding. Dit kan as inhoudsbevoegdhede voortvloeiende uit die mede-eiendomsreg van 'n lid op die gesamentlike vermoë aangemerkt word. Uys¹¹¹⁾ stem in dat daar 'n besondere vorm van mede-eiendomsreg deur die lede op die klubvermoë uitgeoefen word, maar hy verklaar dat 'n lid wel sy aandeel in die klubvermoë kan vervreem of beswaar (volgens Uys kan skuldeisers van die lid selfs op die aandeel beslag lê), solank daar net nie skeiding of deling plaasvind nie.¹¹²⁾ Bamford se argument lyk vir my suiwerder, want die lid se mede-eiendomsaandeel hou ten nouste met die persoon van die lid verband. Hy het persoonlik gekontrakteer om lid te word en is op grond van sy persoon as lid aanvaar. Indien 'n lid bevoeg sou wees om sonder meer sy aandeel in die klubvermoë te vervreem, sou dit daarop neerkom dat die verkryger van die aandeel as lid van die klub aanvaar moet word sonder dat die ander lede kon besluit of so 'n persoon vir hulle aanvaarbaar is al

109) 1936 WLD 9 op 12.

110) Bamford 1982 185-186; Advocate 1977 vol 7 13 verklaar dat lede drie saaklike regte (*proprietary rights*) het, naamlik gebruik van klubeiendom, inspraak in finansiële bestuur en 'n reg op 'n deel van die bates by ontbinding van die klub. Vir my lyk dit eerder na inhoudsbevoegdhede voortvloeiende uit die mede-eiendomsreg van die lede op die gesamentlike vermoë.

111) 1961 11, 68 en 96 ev.

112) Uys 1961 100.

dan nie. Dit sou voorts beteken dat die lede gedwing word om met die verkryger van die aandeel te kontrakteer, wat kontrakteervryheid en vrye wilsooreenstemming as die grondslag van kontraktuele gebondenheid in die wiede sal ry.

Die feit dat die klubvermoë aan die lede as mede-eienaars behoort, het tot gevolg dat geen lid 'n gedeelte van die klubeiendom kan koop nie. 'n Lid kan tog nie iets koop waarvan hy reeds mede-eienaar is nie. In die Engelse reg, wat deur 'n aantal uitsprake in die Suid-Afrikaanse howe nagevolg is, is beslis dat 'n lid nie 'n kooptransaksie met 'n klub aangaan wanneer hy geld betaal om 'n gedeelte van die klubvermoë te verkry nie, maar dat daar 'n herverdeling van die gemeenskaplike bates van die klub plaasvind.¹¹³⁾

Daar kan dus wel 'n bepaalde klubvermoë afgesonderd word, maar alle lede is mede-eienaars van hierdie afgesonderde vermoë. Dit moet skerp van die eiendomsposisie by 'n regspersoon onderskei word. By 'n regspersoon is die regspersoon eienaar van die vermoë en die lede het geen saaklike regte op die regspersoonsvermoë nie, maar slegs vorderingsregte. Die regspersoon is dus draer van regte en verpligtinge (ook eiendomsreg) onafhanklik van die regte en verpligtinge van die individuele lede.¹¹⁴⁾

5.2.5 Aanspreeklikheid

Streng gesproke behoort elke lid van 'n klub vir die verpligtinge van die klub aanspreeklik gehou te kan word, aangesien daar by 'n klub geen afsonderlike *persona* tot stand kom nie.¹¹⁵⁾ Dit is egter 'n algemeen aanvaarde reël van die klubreg dat geen lid die bedoeling gehad het dat die bestuur verpligtinge tot 'n hoër bedrag as die ledegeld van die lede sal

113) Die Engelse saak waarna gewoonlik verwys word, is *Graff v Evans* 1881 8 QBD 373; kyk ook *Smith* 1914 85-87. In die Suid-Afrikaanse reg is hierdie beginsel in die volgende sake toegepas: *R v Taubermann* 1922 1PD 495 op 497; *Valkin and another v Daggafontein Mines Ltd and another* 1960 2 SA 507 (W) op 511.

114) Sien 5.3.2 hieronder asook *Van der Ploeg* 1960 505-508 en 515-518; anders *Uys* 1961 11.

115) *Bruyns v Rand Sporting Club* 1919 WLD 51 op 54 en 55.

aangaan nie. Lede kan derhalwe nie bo die bedrag van hulle ledegeld vir klubskulde aanspreeklik gehou word nie.¹¹⁶⁾ Indien 'n lid kragtens die reëls van die klub verbind is tot die betaling van klubskulde, geld hierdie algemene reël egter vanselfsprekend nie.¹¹⁷⁾ Lede wat namens die klub regshandeling aangegaan het, sal gewoonlik ten opsigte van hierdie regs-handelinge persoonlike aanspreeklikheid oploop. Hierdie reël word so streng toegepas dat die Suid-Afrikaanse howe nie bereid sal wees om aan 'n lid wat persoonlik aanspreeklik gehou is, 'n verhaalsreg teen die ander lede bo en behalwe hulle ledegeld te verleen nie.¹¹⁸⁾ Die enigste uitweg om alle lede bo en behalwe die bedrag van hulle ledegeld aanspreeklik te kan hou, is om 'n vergadering te belê waar alle lede tot die aangaan van 'n spesifieke verpligting toestem en gesamentlike aanspreeklikheid vir die uitgawes aanvaar.

Dieselfde beginsels as by kontraktuele aanspreeklikheid geld by deliktuele of kriminele aanspreeklikheid. Lede van 'n klub sal dus afsonderlik krimineel of deliktueel aanspreeklik gehou word indien hulle enige onregmatige handeling uitgevoer het.¹¹⁹⁾

5.2.6 Samevatting

Dit is dus duidelik dat die eiendomsposisie en die aanspreeklikheid van die lede van 'n klub sonder regspersoonlikheid ingrypend van dié van 'n gemeenregtelike regspersoon verskil, aangesien daar by eersgenoemde geen *persona* tot stand kom nie.¹²⁰⁾ Weens die feit dat 'n klub geen regspersoonlikheid het nie, het dit ook nie persoonlikheidsregte waarop derdes inbreuk kan maak nie. Die persoonlikheidsregte van lede afsonderlik of in 'n groep kan wel aangetas word, maar dit beteken nie dat 'n klub as sodanig enige persoonlikheidsregte het nie.

116) Ibid. Kyk ook LAWSA 1976 d1 1 306 para 533 en die gesag daar aangehaal.

117) *Re Cape Town Club* 1902 19 SC 420.

118) Advocate (pseud) 1977 vol 7 83; Bamford 1982 196.

119) Bamford 1982 204 en 214.

120) *Rainsford v Trustees of the Salisbury Club* 1914 AD 499 op 501; *Moloi v St John Apostolic Faith Mission* 1954 3 SA 940 (T) op 943; *Bruyns v Rand Sporting Club* 1919 WLD 51 op 55; Advocate (pseud) 1977 vol 7 83 vn 1.

'n Informele klub met 'n beperkte ledetal, 'n klein vermoë en eenvoudige doelstellings behoort sonder veel probleme aan die hand van die beginsels hierbo uiteengesit in die regsverkeer te kan optree. Dit is egter 'n ope vraag of dieselfde eiendomsposisie en kontraktuele onderbou op 'n klub met duisende lede en ingewikkelde doelstellings (soos byvoorbeeld die Jokiëklub van Suid-Afrika) van toepassing kan wees. Dat dit beslis nie sonder praktiese probleme op kerke, vakbonde, rugbybonde, liefdadigheidsverenigings of politieke partye van toepassing kan wees nie, spreek vanself. Deurdadig dat die konsessiesisteen nie (meer) in Suid-Afrika geld nie, is dit ongewens om die regsposisie van entiteite wat voldoen aan die vereistes vir die toekenning van gemeenregtelike regspersoonlikheid aan dié van klubs sonder regspersoonlikheid gelyk te stel.

5.3 Die vereniging met regspersoonlikheid

Uit die voorafgaande uiteensetting blyk dit dat die regsposisie van klubs sonder regspersoonlikheid eiesoortig is. Om hierdie regsposisie net so op alle ander vrywillige verenigings van toepassing te maak, skep ongetwyfeld ongewenste resultate. Ingevolge die meeste ander regstelsels word verskillende tipes verenigings op grond van eiesoortige kenmerke van mekaar onderskei.

5.3.1 Die regsposisie in enkele ander regstelsels

Ten einde die regsposisie van die vereniging met regspersoonlikheid duideliker te omlin, is dit noodsaaklik om op enkele aspekte van die verenigingsreg in ander regstelsels te let.

5.3.1.1 Die Nederlandse reg

Dit sou 'n omvangryke taak wees om 'n volledige weergawe van die Nederlandse verenigingsreg te verskaf. Net daardie aspekte wat vir die Suid-Afrikaanse verenigingsreg van belang is, word dus beklemtoon.

Die onderskeid tussen verenigings met regspersoonlikheid en verenigings

sonder regspersoonlikheid (*maatschappen*),¹²¹⁾ word deurgaans in die Nederlandse reg gehandhaaf.¹²²⁾ Daar word veral klem gelê op die feit dat alle samewerkingsvorme nie in dieselfde kategorie geplaas kan word nie en onderlinge verskille word dienooreenkomstig deurentyd erken.

5.3.1.1.1 Aard van die verenigingsregspersoon

Die meeste Nederlandse juriste verklaar dat 'n regspersoon nie kontraktueel van aard is nie. Dit hou vir hulle die volgende in:

- Die oprigting van 'n verenigingsregspersoon berus nie op 'n kontrak wat tussen die lede gesluit word nie, maar dit is 'n meersydige regs=handeling met 'n eie, nie-kontraktuele aard.¹²³⁾ Die bedoeling van die oprigters is om 'n gesamentlike handeling uit te voer waardeur 'n regspersoon, wat met 'n vasgestelde doel en reëls as 'n samewerkingsentiteit moet funksioneer, tot stand kom. By 'n ooreenkoms gaan dit primêr om die totstandkoming, oordrag of ontbinding van 'n verbintenis tussen die partye, terwyl dit by die oprigting van 'n regspersoon om die oprigting van 'n samelewingsverband met 'n doel (wat voorrang bo die lede se belange geniet) gaan. Die oprigtings=handeling by 'n regspersoon het tot gevolg dat veel meer as 'n blote verbintenis tot stand kom. Wat inderdaad hier gebeur, is dat 'n entiteit wat draer van afsonderlike regte en verpligtinge is, in die lewe geroep word.¹²⁴⁾

121) *Maatschappen* is in die Nederlandse reg kontraktuele verhoudings wat op die *societas*-gedagte gegrond is - kyk Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 13 en 146-160. Van der Velden 1969 12 kritiseer die Nederlandse wetgewer, wat 'n *maatschap* as vereniging sonder regspersoonlikheid aanmerk. Vir hom is alle verenigings regspersone, wat skerp van *maatschappen* onderskei moet word.

122) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 160; Van der Velden 1969 3 en 12.

123) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 184; Van der Velden 1969 113; Ronse 1969 206; Polak 1960 34-35; Van Hengstum en Van Steenderen 1979 34-38.

124) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 185-186: "De kwalifikasie van de oprichtingshandeling als verbintenisscheppende overeenkomst is een voorbeeld van het wringen van verenigingsrechtelijke verhoudingen in een van ouds bekende rechtsfiguur Bij de verbintenisscheppende overeenkomst heeft de wetgever zich een andere figuur voor ogen gesteld dan de oprichting van een vereniging. De oprichtingshandeling wijkt in haar inhoud in sterkte mate af van het normaal type van de overeenkomst."

- Die toetrede van 'n lid tot 'n verenigingsregspersoon behels ten ene male nie 'n reeks kontrakte wat hy met al die bestaande lede sluit nie. Dit behels trouens nie meer nie as dat die lede hulle aan die statute (objektiewe reg) van die regspersoon onderwerp ten einde ordelike samewerking waardeur die regspersoon funksioneer, te bewerkstellig. Dit is dus 'n nie-kontraktuele regsverhouding, wat weens 'n regshandeling van nie-kontraktuele aard tot stand kom. Dit word nie deur die reëls van die kontraktereg nie, maar wel deur die eiesoortige reëls van die verenigingsreg gereël.¹²⁵⁾
- Die regsverhouding wat na sy toetrede tussen 'n lid en die verenigingsregspersoon bestaan, berus nie op wilsooreenstemming nie. Dit word bepaal deur verbandsreg wat intern (deur statute of besluite) en ekstern (deur gemene-reg, gewoontereg en wetgewing) gevorm word.¹²⁶⁾ Selfs al sou die toetredingshandeling kontraktueel wees (wat deur die meeste Nederlandse juriste ontken word), of kontraktuele kenmerke bevat, is die lidmaatskapsverhouding nie kontraktueel van aard nie. Dit is 'n eiesoortige verhouding wat op goeie trou gegrond is en nie hoofsaaklik die belange van die lede nie (soos by partye tot 'n kontrak) maar wel die bevordering van die belange van die regspersoon op die oog het. Hierdie belange, waaraan die van die lede ondergeskik is, word in die doelstellings van die regspersoon vergestalt en die lede onderwerp hulle daaraan.¹²⁷⁾ Nie-nakoming van die reëls of statute is dus nie kontraktbreuk wat tot kontraksaksies aanleiding kan gee nie, maar behels 'n skending van die onderlinge verhouding van goeie trou tussen lede waarop elke lid geregtig is en

125) Van der Velden 1969 88 en 113; Asser-Van der Grinten 1980 dI 2/II 187 en 207-208; anders Pitlo-Löwensteyn 1978 121 en Boots 1959 86.

126) Van der Velden 1969 83, 102 en 116; Asser-Van der Grinten 1980 dI 2/II 187; Polano 1910 135-136.

127) Van der Velden 1969 88: "De kern van de eigen aard van de verenigingsbetrekking is dat degene die orgaan is, zich onderwerpt aan de regels die de rechtsverhoudingen in de vereniging regeren. Zo is de rechtshandeling die iemand tot orgaan maakt en de verenigingsbetrekking schiept, een onderwerping aan deze regels, zoals zij op dat moment en in de toekoms luiden, niet een uitwisseling van toezeggingen van bepaalde prestaties gelijk bij een overeenkomst."

wat van elke lid vereis word. Indien die regs persoon op 'n lid se regte inbreuk maak, kan die lid die regs persoon deliktueel aanspreeklik hou. Lede wat statute of reëls nie nakom nie, kan eweneens in bepaalde omstandighede deur die regs persoon deliktueel aanspreeklik gehou word.

- Die statute of konstitusie is nie 'n kontrak wat tussen die lede bestaan nie. Veel eerder is dit die objektiewe reg of interne verbandsreg waaraan die lede hulle onderwerp en wat die funksioneringswyse van die regs persoon voorskryf.¹²⁸⁾ Die besluite van die lede dui nie noodwendig op wilsooreenstemming tussen die lede nie (daar is dikwels juis nie wilsooreenstemming nie). Dit is 'n regshandeling met 'n eie aard, waardeur die wil van die regs persoon aan die hand van die voorskrifte van die interne verbandsreg (soos vervat in die statute of konstitusie) gevorm word.¹²⁹⁾

5.3.1.1.2 Soorte verenigings

In die Nederlandse reg word daar 'n streng onderskeid tussen die verskillende soorte verenigings gehandhaaf. Daar is reeds gewys op die onderskeid wat tussen die verenigingsregspersoon en die sogenaamde *maatschap* bestaan. Verder word onderskei tussen die verenigingsregspersoon, koöperatiewe vereniging en onderlinge waarborgmaatskappy (of onderlinge hulpvereniging). Laasgenoemde twee regsfigure is wel regs persone, maar weens hulle eie aard word hierdie verenigings in aparte kategorieë geplaas.¹³⁰⁾ Dit is dus duidelik dat die regsposisie van verskillende soorte verenigings in die Nederlandse reg van mekaar verskil.

128) Van der Velden 1969 63-66; Van der Ploeg 1978 95; Polak 1960 44; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 33, 200-203; Van Schilfgaarde 1979 38; anders Pitlo-Löwensteyn 1978 114.

129) Van der Velden 1969 69-74; Van Hengstum en Van Steenderen 1979 80; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 95-98; Van Schilfgaarde 1979 154; anders Pitlo-Löwensteyn 1978 71.

130) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 271-298 en 299-316; Van der Velden 1969 13-14; Van Hengstum en Van Steenderen 1979 32-34.

5.3.1.1.3 Registrasie van verenigingsregspersone

Ten einde regsekerheid te bewerkstellig, skryf die Nederlandse Burgerlijke Wetboek voor dat verenigings geregistreer moet word alvorens volledige regspersoonlikheid verkry kan word. Verenigings wat nie geregistreer is nie, is wel regspersone (uitgesonderd *maatschappen*, wat nie vir registrasie vatbaar is nie en nooit regspersoonlikheid kan verkry nie). Hulle geeniet egter beperkte regspersoonlikheid in die sin dat daar beperkinge op hulle regshandelinge gelê word en lede in bepaalde omstandighede persoonlik aanspreeklik gehou word vir regshandelinge wat hulle namens die vereniging uitgevoer het.¹³¹⁾ Verenigings wat volledige en onbeperkte regspersoonlikheid verlang, se statute moet in 'n notariële akte vervat en geregistreer word. 'n Verenigingsregspersoon wat aan al die registrasievereistes voldoen het, kan deur derdes sowel deliktueel¹³²⁾ as strafregtelik¹³³⁾ aanspreeklik gehou word vir onregmatige dade of misdade wat deur organe van die regspersoon gepleeg word.

5.3.1.1.4 Persoonlikheidsregte

Die verenigingsregspersoon is voorts die draer van persoonlikheidsregte en kan in die Nederlandse reg genoegdoening eis indien op hierdie persoonlikheidsregte inbreuk gemaak word.¹³⁴⁾ Alleen persoonlikheidsregte wat in die *persoon-vees* van die regspersoon opgesluit lê, in teenstelling met regte wat in die *mens-vees* van die lede opgesluit lê, is egter vir erkenning vatbaar. 'n Regspersoon het dus nie 'n reg op lewe of liggaamlike integriteit of bewegingsvryheid wat aangetas kan word nie, maar wel 'n eer (beeld na buite) of 'n goeie naam, wat beskermingswaardig is. Wanneer hierdie persoonlikheidsregte van die regspersoon aangetas word, kan daar in gepaste gevalle genoegdoening geëis word.

131) Maeijer 1976 662 ev; Van Hengstum en Van Steenderen 1979 7 en 12-20; Den Tonkelaar 1979 112-118 en 134-138; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 179 en 190-197.

132) Torringa 1980 567 ev; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 82-90; Van der Ploeg 1979 684-686; Pitlo-Löwensteyn 1978 62-65.

133) Fokkens 1980 393-404; De Groot 1977 (b) 328-337.

134) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 56-57; Langemeijer 1946 180-182; Wiarda 1958 174-178.

5.3.1.2 Die Duitse reg

Net soos by die Nederlandse reg, word daar by die bespreking van die Duitse verenigingsreg net op enkele aspekte wat vir die Suid-Afrikaanse verenigingsreg van belang is, gelet.

5.3.1.2.1 Soorte verenigings

'n Streng onderskeid word in die Duitse reg tussen die *Gesellschaft des bürgerlichen Rechts*, die *nichtrechtsfähige Verein* en die *rechtsfähige Verein* gemaak.¹³⁵⁾ Eersgenoemde is 'n baie informele vereniging, sonder regs-persoonlikheid, wat op kontrak berus, nie winsbejag beoog nie en nie onafhanklik van die wisseling van lede kan voortbestaan nie. Dit stem in 'n groot mate met die regsposisie van gewone mede-eienaars in die Suid-Afrikaanse reg ooreen.

Die regsposisie van die *nichtrechtsfähige Verein* in die Duitse reg is grotendeels vergelykbaar met die van 'n klub sonder regs persoonlikheid in die Suid-Afrikaanse reg. Dit is nie 'n regspersoon nie, berus op kontrak en kan ongeag die wisseling van lede voortbestaan. Daar word geen registrasie-handeling by die *nichtrechtsfähige Verein* vereis nie. Voorts is dit so dat die lede van so 'n vereniging in bepaalde omstandighede aldaar persoonlik vir regshandeling wat namens die vereniging uitgevoer is, aanspreeklik gehou kan word.¹³⁶⁾

Die *rechtsfähige Verein* is 'n regspersoon. 'n Kenmerk van hierdie regsfiguur is dat lede daarvan nie persoonlik vir regshandeling wat namens die vereniging uitgevoer is, aanspreeklik gehou kan word nie.

5.3.1.2.2 Aard van die verenigingsregspersoon

Dit is 'n omstrede vraag of die *rechtsfähige Verein* op kontrak berus al

135) Larenz 1980 120-125; Reichert, Dannecker en Kühr 1977 4-11; Erman 1975 51.

136) Larenz 1980 160-161; Hardenberg 1969 16-22; Stoll 1929 49-81; Von Gierke 1902 15-16.

dan nie. Von Gierke het 'n verenigingsregspersoon se ontstaan aan 'n *Gesamtakt* (wat onderling tussen die lede uitgevoer word) gekoppel. Hierdie *Gesamtakt* is egter volgens Von Gierke nie 'n kontrakhandeling nie, maar 'n regshandeling met 'n eie aard.¹³⁷⁾

Hierdie standpunt van Von Gierke is deur verskeie Duitse juriste nagevolg.¹³⁸⁾ Heelparty Duitse juriste neem tans egter nie standpunt in oor die vraag of 'n regspersoon kontraktueel van aard is nie,¹³⁹⁾ terwyl 'n aantal juriste volhou dat die regsverhouding tussen lede wel kontraktueel van aard is.¹⁴⁰⁾ Diegene wat die regsverhouding tussen 'n verenigingsregspersoon en sy lede as kontraktueel aanmerk, gee egter tog toe dat dit 'n kontrak *sui generis* is. Die konstitusie is normatief van aard en kan slegs toegepas word op grond van die feit dat die lede hulle vrywillig daaraan onderwerp.¹⁴¹⁾ Hoewel die toetredingshandeling wel deur 'n groep Duitse juriste as 'n kontraktuele handeling beskou word, skyn dit asof die interne regsverhoudings nie op kontrak nie, maar op die statute as objektiewe reg gegrond is. Die statute vorm die interne verbandsreg, wat die onderlinge regsverhoudinge tussen die lede reël.

5.3.1.2.3 Registrasie van verenigingsregspersone

'n Vereniging verkry net regspersoonlikheid indien die statute in 'n nota-riële akte vervat en geregistreer is.¹⁴²⁾ Indien die registrasie nie plaasvind nie, word lede of organe wat regshandelinge namens die vereniging in

137) Sien 3.3.3 hierbo. Raadpleeg ook Von Gierke 1887 132 ev.

138) Brauer 1962 13; Hornung 1972 34-35; Erman 1975 57 en 60.

139) Büttner 1967 41; Sauter 1974 4; Meyer-Cording 1957 33-35.

140) Larenz 1980 130 verklaar dat die regspersoon op 'n kontrak *sui generis* gegrond is: "... doch nicht um einen Schuldvertrag, sondern um einen auf die Schaffung eines die Zugehörigkeit gerade dieser Mitglieder überdauernden Verbandes gerichteten personen- oder sozialrechtlichen Vertrag." Reickert, Dannecker en Kühr 1977 17 en Flume 1977 dl 1 95 huldig dieselfde mening.

141) Larenz 1980 132: "Sie hat den Charakter einer normartigen rechtlichen Regelung, deren Geltung auf diejenigen beschränkt ist, die sich ihr durch ihren Beitritt zum Verein freiwillig unterstellt haben." Soergel bd I 1978 213.

142) Larenz 1980 133-138; Erman 1975 54-56.

ooreenstemming met die statute uitvoer, persoonlik aanspreeklik gehou.¹⁴³⁾
 Ná registrasie word die verenigingsregspersoon gebind deur regshandelinge namens 'hom uitgevoer en kan die regspersoon in bepaalde omstandighede vir onregmatige daade en misdade aanspreeklik gehou word.¹⁴⁴⁾

5.3.1.2.4 Persoonlikheidsregte

Die verenigingsregspersoon is wel kragtens Duitse reg met persoonlikheidsregte bekleed. Hierdie persoonlikheidsregte van die regspersoon moet nie met die van 'n natuurlike persoon verwar word nie, maar hang saam met die eie aard van die verenigingsregspersoon. So word daar onder andere vermeld dat 'n regspersoon se reg op sy naam, eer (in die sin van sosiale aansien), identiteit en privaatheid (in 'n meer beperkte mate as by 'n natuurlike persoon) beskermingswaardige persoonlikheidsregte is.¹⁴⁵⁾

5.3.1.3 Die Engelse reg

Die Engelse konsessiesisteen is reeds hierbo volledig bespreek.¹⁴⁶⁾ Daaruit blyk dat *incorporated associations* (regspersone) nie op kontrak berus nie, maar deur koninklike oktrooi of wetgewing tot stand kom en beheer word.¹⁴⁷⁾ Die *unincorporated association* is wel op kontrak gegrond. Tog beklemtoon 'n aantal Engelse juriste die feit dat die kontraktereg soms kunsmatig verwring word ten einde 'n verklaring vir die regsverhouding tussen die lede te bied.¹⁴⁸⁾

In die geval van 'n *incorporated association* wat onregstreeks ingevolge 'n algemene wet tot stand kom, word vereis dat 'n registrasiehandeling uitgevoer word alvorens die groep as 'n regspersoon erken word. Geen registrasiehandeling word by *unincorporated associations* vereis nie, soos blyk uit 5.1.2 hierbo.

143) Larenz 1980 133-137.

144) Larenz 1980 144-146; Erman 1975 66-68.

145) Brauer 1962 38 ev; Wronka 1972 124 ev; Hubman 1953 244-245; Feiler 1963 72 ev; Erman 1975 52 ev; Engländer 1914 57 en 98-99.

146) Kyk 5.1.2 hierbo.

147) Sien teks by verwysing 16 hierbo.

148) Smith 1914 19; Hallis 1978 liv en lv. Raadpleeg teks by verwysing 28 hierbo.

Ek kon geen aanduiding in die geraadpleegde literatuur vind wat daarop dui dat persoonlikheidsregte in die geval van regsperone in die Engelse reg erken word nie.

5.3.2 Die verenigingsregspersoon in die Suid-Afrikaanse reg

5.3.2.1 Aard van die verenigingsregspersoon

Dit is 'n ope vraag of die Suid-Afrikaanse verenigingsregspersoon kontraktueel van aard is. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die verenigingsregspersoon van Romeins-Hollandse oorsprong is. By die ontleding van die Romeins-Hollandse verenigingsregsbeginsels kon egter geen aanduiding gevind word dat die verenigingsregspersoon kontraktueel van aard is nie. In die Suid-Afrikaanse reg word die posisie enigszins deur die toepassing van 'n aantal Engelse regsbeginsels (wat verwarring skep) vertroebel. Soos blyk uit 5.1.4 hierbo, waar die regsposisie van verenigings in die Suid-Afrikaanse reg bespreek is, het die hofe al meermale beslis dat regsfigure wat inherent gemeenregtelike regsperone is, op kontrak berus. So is byvoorbeeld beslis dat 'n politieke party en 'n kerk op kontrak berus, terwyl die twee entiteite in die besondere gevalle albei aan die vereistes vir die verlening van gemeenregtelike regs persoonlikheid voldoen het.¹⁴⁹⁾

Dat kontraksluiting die wese van die *societas* of vereniging sonder regs persoonlikheid vorm, behoef geen verdere betoog nie. Daar kom wel sekere kontraktuele kenmerke by die verenigingsregspersoon voor. So kan die oprigtingshandeling moontlik as 'n ooreenkoms bestempel word,¹⁵⁰⁾ maar dit verklaar nog nie die aard van die regspersoon nie. Tog kom daar 'n aantal kenmerke by 'n verenigingsregspersoon voor wat moeilik met die beginsels van die kontraktereg te rym is (soos wat hieronder vollediger bespreek sal word). Daarom is dit van die grootste belang om die regsposisie van die

149) Byvoorbeeld *Wilken v Brebner* 1935 AD 175; *Theron v Ring van Wellington*, *NG Sendingkerk in Suid-Afrika* 1976 2 SA 1 (A).

150) *Uys* 1961 16; *Fourie* 1973 107. Albei hierdie skrywers is dit egter eens dat sodra die oprigtingshandeling afgehandel is, die doel van die ooreenkoms bereik is en die ooreenkoms verval. Nie een van hulle is bereid om die aard van die verenigingsregspersoon as kontraktueel te bestempel nie.

vereniging met regs persoonlikheid van die van die vereniging sonder regs persoonlikheid te onderskei.¹⁵¹⁾

In aansluiting by die standpunte van veral 'n aantal Nederlandse regsgeleerdes, is dit weens die volgende redes ongewens om 'n verenigingsregspersoon op kontrak te begrond:

- Daar bestaan geen gemeenregtelike gronde in die Romeins-Hollandse of Engelse reg vir 'n standpunt dat 'n regs persoon kontraktueel van aard is nie. Volgens die Engelse reg berus 'n regs persoon op koninklike oktrooi of wetgewing en volgens die Romeins-Hollandse reg berus dit op interne verbandsreg.
- Indien die wese van 'n regs persoon in die een of ander kontraktuele verhouding gesoek word, beteken dit dat 'n regs persoon uit regsverhoudinge bestaan. Regsverhoudinge is wel van belang by die bepaling van die regs persoonlikheid en funksionering van 'n regs persoon, maar 'n regs persoon is veel meer as bloot 'n bundel regsverhoudinge - dit is naamlik 'n samelewingsverband (*persona*) met eie regte en verpligtinge. Dit is dus nie houdbaar om die aard van die regs persoon as kontraktueel aan te merk nie.¹⁵²⁾ Die vraag ontstaan in elk geval of kontraksluiting ooit 'n entiteit met afsonderlike regte en verpligtinge anders as op 'n fiktiewe wyse in die lewe kan roep. 'n Toetredende lid kan tog nie 'n kontrak met 'n regsverhouding sluit nie.
- Die oprigting van 'n verenigingsregspersoon berus op wilsooreenstemming tussen die oprigters. Die wilsooreenstemming is egter nie in die eerste plek daarop gerig om elke party se belange teenoor ander partye te handhaaf nie. Daar is trouens nie eens sprake van kontrakspartye wat teenoor mekaar te staan kom nie. Die bedoeling is om ge-

151) Maasdorp 1968 dl 1 238-239 wys op die belang van hierdie onderskeid. Op grond van die historiese ontwikkeling van die aard van kerke en die meegaande Engelsregtelike beïnvloeding klassifiseer hy egter kerke as verenigings sonder regs persoonlikheid. Daarmee kan nie saamgestem word nie. Vgl 6 hieronder, asook Fourie 1973 106-108.

152) Kyk kritiek op juridiese realiteitsteorie by 3.6.3 en 3.6.6 hierbo; anders Bamford 1982 117: "A voluntary association is a *legal relationship* which arises from an agreement" Onder hierdie *legal relationship* sluit Bamford sowel regspersone as nie-regspersone in.

samentlik 'n groepverband (*persona*) met bepaalde doelstellings tot stand te bring en lede se persoonlike belange is aan hierdie doelstellings ondergeskik.¹⁵³⁾ Hoewel lede se belange ondergeskik is aan dié van die groepverband, word hulle belange tog in ag geneem as uitvloeisel van die verhouding wat tussen die lid en die groepverband bestaan, welke verhouding deur goeie trou en billikheid gekenmerk word. Die oprigtingshandeling is dus beslis 'n meersydige regshandeling met 'n eie aard.¹⁵⁴⁾

- Die samewerkingsverband wat op hierdie wyse tot stand kom, hou regsgevolge in vir oprigters, lede en derdes.¹⁵⁵⁾ Dit is meer as 'n kontraktuele verhouding tussen die oprigters, aangesien ook derdes (buitestaanders) deur die inhoud van die konstitusie of statute geraak word. Derdes kan byvoorbeeld nie lede van 'n regs persoon (wat as oorgane regshandeling namens die regs persoon uitgevoer het) persoonlik aanspreeklik hou nie, ongeag die feit dat die derdes nie noodwendig kontraktueel daartoe ingestem het dat die persoonlike aanspreeklikheid van die lede (wat die regshandeling(e) aangegaan het) uitgesluit word nie. Dit dui daarop dat die oprigtingshandeling (wat regsgevolge aanbetref) verder strek as 'n kontrak tussen die oprigters.¹⁵⁶⁾ Die verskynsel dat persone kontraktueel saamwerk ter bereiking van 'n spesifieke doel, dui nie noodwendig daarop dat hulle 'n regs persoon oprig nie. Oprigters van 'n vereniging sonder regs persoonlikheid tree wel in 'n kontraktuele verhouding met mekaar, maar dit onderskei juis 'n vereniging sonder regs persoonlikheid van 'n verenigings regs persoon. Die selfstandigheid van 'n regs persoon wat draer van afson-

153) Raadpleeg *Venter en anderen v Den Kerkeraad der Gereformeerde Kerk te Bethulie* 1879 OVS 4 op 6 en veral die aanhaling in vn 4 hierbo. Kyk ook Fourie 1973 107 en Maasdorp 1968 dl 1 236 en 239.

154) Sien die uiteensetting van Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 184; Van der Velden 1969 88; Fourie 1973 107.

155) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 187.

156) Lloyd 1938 18-19 verklaar dat dit die verskil tussen die aanspreeklikheid van 'n regs persoon en van die lede van 'n vereniging sonder regs persoonlikheid is. By eg is derdes gebonde aan die feit dat lede van 'n regs persoon nie persoonlik aanspreeklik gehou kan word nie, ten spyte van die feit dat derdes geen deel aan die oprigtingshandeling of besluite van die regs persoon gehad het nie. By lg is die handelende lid aanspreeklik, omdat die uitsluiting van aanspreeklikheid tussen klublede nie derdes bind nie. Sien ook *Webb & Co Ltd v Northern Rifles* 1908 TS 462.

derlike regte en verpligtinge is en wat as 'n selfstandige *persona* in die regsverkeer optree, dui op 'n ingewikkelder regsverhouding as 'n kontraktuele verhouding tussen die oprigters.

- Die regsverhouding by die toetrede van lede kan ook moeilik aan die hand van kontraksbeginsels verklaar word. Indien die regspersoon 'n kontraktuele verhouding sou wees, sou dit inhou dat die toetredende lid òf met die kontraktuele verhouding òf met die afsonderlike lede moet kontrakteer, wat belaglike gevolge sal hê en in elk geval nie met die huidige regsposisie ooreenstem nie. Hierbo is reeds daarop gewys dat indien die toetredingshandeling kontraktueel van aard sou wees, dit daarop sou neerkom dat 'n reeks (fiktiewe) kontrakte met alle ander lede gesluit moet word.¹⁵⁷⁾ Dit kom gekunsteld voor daar hierdie kontrakte gesluit sal moet word met lede van wie die identiteit in die meeste gevalle nie eens aan die toetreder bekend is nie. By die verenigingsregspersoon, waar die belange van die lede in dié van die samewerkingsverband (*persona*) opgaan, is hierdie verklaring soveel te meer onvanpas.

Die Nederlandse reg bied 'n veel suiwerder oplossing. By toetrede onderwerp 'n lid hom aan die objektiewe reg soos vervat in die doelstellings, statute of konstitusie van die regspersoon. Dit is dus nie 'n kontraktuele verhouding wat tussen gelyke kontrakspartye op grond van wilsooreenstemming ontstaan nie, maar 'n onderwerping aan die objektiewe reg wat die onderlinge regsverhoudinge tussen lede en regsverhoudinge tussen die regspersoon en buitestaanders reël.¹⁵⁸⁾

Die nuwe lid se belange word ondergeskik gestel aan die belange van die samewerkingsverband soos dit in die doel, statute of konstitusie uiteengesit is. Die lede se belange, hoewel ondergeskik aan dié van die regspersoon, word egter steeds deur die goeie trou en billikheid wat tussen die regspersoon en sy lede moet bestaan, beheers en beskerm.

157) Kyk vn 25 hierbo.

158) Polano 1910 136; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 187; Van der Velden 1969 83 en 88.

- Dit is moeilik om uit die funksionering van 'n regs persoon 'n kontraktuele verhouding tussen die lede af te lei. Besluite word nie geneem op grond van wilsooreenstemming nie, want daar bestaan dikwels juis nie wilsooreenstemming tussen die meerderheid en die minderheid van die lede op 'n vergadering nie.¹⁵⁹⁾ Sommige besluite, al is dit met die instemming van al die lede geneem, kan desondanks nie bindend wees nie aangesien dit nie in ooreenstemming met die doel of konstitusie van die regs persoon, of die algemene voorskrifte rakende besluitneming op vergaderings is nie.¹⁶⁰⁾ Daar kan byvoorbeeld nie (selfs met die goedkeuring van alle lede) wysigings aan die hoofdoelstellings aangebring word of eiendom vervreem word nie indien die statute of konstitusie nie vir sodanige optrede voorsiening maak nie.¹⁶¹⁾ Besluitneming, wat as die wilsvorming van 'n regs persoon dien, vertoon ongetwyfeld 'n meer objektiefregtelike as kontraktuele karakter.¹⁶²⁾
- Die statute of konstitusie vorm die objektiewe reg wat alle lidmaatskapsbetrekkings asook verhoudings teenoor derdes reël.¹⁶³⁾ Die verhouding tussen die lede onderling en die lede en die verenigingsregspersoon is nie-kontraktueel van aard. Dit word deur die objektiewe reg (soos uiteengesit in die doelstellings, konstitusie en statute en soos aangevul deur die vereistes van goeie trou en billikheid) ge-

159) Van der Velden 1969 84; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 187.

160) Advocate (pseud) 1977 vol 6 163. In *Shifren v SA Sentrale Ko-op Graanmaatskappy Bpk* 1964 2 SA 343 (O) op 347 is beslis dat dit nie moontlik is dat kontrakspartye kan ooreenkom dat hulle selfs met wilsooreenstemming nie 'n kontrak mag sluit nie. Die feit dat lede sekere besluite nie eens met wilsooreenstemming van al die lede kan neem nie, is strydig met die beginsel van kontrakteervryheid.

161) Bamford 1982 134-138, 188.

162) Van der Velden 1969 84 en 85 verklaar dat by 'n kontraktuele verhouding die regte en verpligtinge van die lede geïndividualiseer en gekonkretiseer moet kan word. Dit is juis nie die geval by die verenigingsregspersoon nie, aangesien die individuele belange aan die oorkoepelende doel en funksie van die samewerkingsverband ondergeskik gestel word.

163) Van der Velden 1969 63-68; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 201-203; De Wet en Van Wyk 1978 542 (veral gesag in vn 94 aangehaal); anders Naudé 1970 53-64.

reël.¹⁶⁴⁾ Die statute het ook bindingskrag teenoor derdes wat regs=handelinge met die vereniging aangaan, wat nie die geval sou gewees het indien die statute slegs 'n kontrak tussen die lede onderling of lede en die regspersoon was nie.¹⁶⁵⁾

Die statute van 'n maatskappy word in die Suid-Afrikaanse reg as die kontrak tussen die maatskappy en die lede aangemerkt.¹⁶⁶⁾ Hieruit moet egter nie te ligtelik afleidings gemaak word nie. Dit moet naamlik in gedagte gehou word dat die Suid-Afrikaanse maatskappyereg uit die Engelse maatskappyereg ontwikkel het. Die historiese ontwikkeling van die Engelse maatskappy dien juis as 'n bevestiging daarvan dat nie (wat die aard van die statute en die regsverhouding tussen lede van 'n verenigingsregspersoon aanbetref) op die maatskappyereg gesteun kan word nie. Die Engelse maatskappy stam, wat sy aard betref, uit die Engelse vennootskap wat beslis op kontrak berus. Dit verklaar waarom die Engelse maatskappy (en daarom ook sy Suid-Afrikaanse eweknie) nie as voorbeeld van die aard van die verenigingsregspersoon met sy Romeins-Hollandse oorsprong kan dien nie.¹⁶⁷⁾

-
- 164) Cilliers, Benade en De Villiers 1977 35 verklaar ten opsigte van maatskappye dat die regsverhoudinge tussen lede onderling en tussen lede en die maatskappy kontraktueel van aard is. Naudé 1970 47-51 is van mening dat die verhouding tussen lede onderling en tussen lede en die maatskappy kontraktueel van aard is, maar dat die verhouding tussen ledevergadering en maatskappy en die tussen direkteure en maatskappy nie op kontrak berus nie. Die eiesoortige regsposisie van maatskappye, wat tradisioneel uit vennootskappe ontwikkel het, moet egter in hierdie verband in ag geneem word (aw 54-57). Dit kan dus nie in die algemeen op die gemeenregtelike regspersoon van toepassing gemaak word nie.
- 165) Van der Velden 1969 66-68; Lloyd 1938 18-19.
- 166) Cilliers, Benade en De Villiers 1977 35; *Gohlke en Schneider v Westies Minerale* 1970 2 SA 685 (A).
- 167) Naudé 1970 54-56; De Wet en Van Wyk 1978 530; Cilliers, Benade en De Villiers 1977 12 en 34; Formoy 1923 40-41: "The deed of settlement was in effect a deed of partnership. It consisted in a mutual covenant between a few of the shareholders acting as trustees for that purpose, and the other shareholders whose names appeared in the schedule, to carry out the provisions contained in the deed. These provisions contained the regulations of the partnership in the same way as the regulations of a company are now contained in its articles and memorandum of association. Upon points not contained in it the general law of partnerships prevailed, and, as regards third parties, the shareholders stood on the same footing as an ordinary partnership"

- Sommige gemeenregtelike regspersone (soos kerke) kan nie binne die kader van 'n kontraktuele verhouding tuisgebring word nie, soos hieronder volledig aangetoon sal word.¹⁶⁸⁾

 - Daar bestaan geen duidelike gesag vir die stelling dat 'n gemeenregtelike regspersoon 'n kontraktuele verhouding is nie. In *Morrison v Standard Building Society*¹⁶⁹⁾ word by die uiteensetting van die aard van die gemeenregtelike regspersoon nêrens na 'n kontraktuele verhouding verwys nie. Die hof verklaar in *Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA*¹⁷⁰⁾ (met verwysing na die invloed van Ordonnansie 7 van 1843 (Kaap)) dat die kerk op 'n kontraktuele verhouding berus, maar die hof gee nie uitspraak oor die kwessie van regspersoonlikheid van die kerk al dan nie. Die voorskrifte van Ordonnansie 7 van 1843 (Kaap) is een van die vernaamste oorsake dat kerke op grond van Engelse regsbeginnels as vrywillige verenigings, wat op kontrak gegrond is, aangemerkt word (soos volledig by 6 hieronder bespreek sal word). Hierdie uitspraak kan juis nie as gesag gebruik word vir die stelling dat gemeenregtelike regspersone op kontraksluiting berus nie, want die hof pas hier (na my mening verkeerdelik) nie Romeins-Hollandse regsbeginnels toe nie.
 Bamford¹⁷¹⁾ (soos hierbo vermeld) tipeer verenigingsregspersone as ook verenigings sonder regspersoonlikheid as kontraktuele verhoudings (*legal relationships*), maar die gesag wat hy daarvoor aanvoer, is nie deur die Appèlhof nagevolg nie¹⁷²⁾ en staaf in elk geval nie sy argument nie. Hy steun veral op 'n aantal Engelse uitsprake wat op onderlinge hulpverenigings van toepassing is, asook op die uitspraak in *Lewis & Co (Pty) Ltd. v Pietersburg Ko-operatiewe Boere Vereeniging and others.*¹⁷³⁾
- 168) Sien 6 hieronder en kyk ook Fourie 1973 58-59.
- 169) 1932 AD 229.
- 170) 1976 2 SA 1 (A) op 13. In *Wilken v Brebner* 1935 AD 175 kom dieselfde vaagheid voor.
- 171) 1982 118 en 126. Op 117: "A voluntary association is a legal relationship which arises from an agreement among three or more persons to achieve a common object, primarily other than the making and division of profits."
- 172) Raadpleeg teks by verwysing 86.
- 173) 1936 AD 344 en 353.

Sowel onderlinge hulpverenigings as koöperatiewe verenigings is egter statutêre regspersone¹⁷⁴⁾ met 'n eie aard. Ook in ander regstelsels word die regsposisie van hierdie verenigings van dié van die gemeenregtelike verenigingsregspersoon onderskei.¹⁷⁵⁾ In die *Pietersburg*-saak word daar voorts nie (soos Bamford aanvoer)¹⁷⁶⁾ na 'n *university* in die algemeen verwys nie, maar net na 'n sogenaamde *society*, bedoelende 'n koöperatiewe vereniging. Die blote feit dat die regsposisie van koöperatiewe verenigings deur die hof as kontrakteel van aard getipeer is, maak nog nie van die gemeenregtelike regspersoon 'n kontraktuele verhouding nie. Uys wys tereg daarop dat Bamford in sy omskrywing van 'n vrywillige vereniging slegs 'n vereniging sonder regspersoonlikheid definieer,¹⁷⁷⁾ hoewel Bamford aanvoer dat hy verenigings met en sonder regspersoonlikheid by hierdie omskrywing insluit.¹⁷⁸⁾

Uys verklaar dat 'n regspersoon om twee redes nie 'n regsverhouding (*legal relationship*) genoem kan word nie:

- As met die begrip *legal relationship* die ooreenkoms waardeur 'n regspersoon tot stand kom, bedoel word, vervel die regsverhouding sodra die regspersoon opgerig is, want die doel met die ooreenkoms is bereik.
- Die toetrede van 'n lid kan nie die begroning van die regsverhouding wees nie, aangesien die lid toetree tot iets wat reeds be-

174) Die Wet op Koöperatiewe Verenigings 28 van 1922 het die bestaande wetgewing, wat in al vier die provinsies gegeld het, herroep. Tans is die Wet op Koöperatiewe Verenigings 29 van 1939 (soos gewysig) en die Koöperasiewet 91 van 1981 van krag. Vgl ook Wet op Onderlinge Hulpverenigings 25 van 1956 (soos gewysig).

175) Sien teks by verwysing 130.

176) 1982 126.

177) Uys 1961 16-17: "Dit word aan die hand gegee dat die skrywer slegs die ooreenkoms wat hy *unincorporated association* noem, gedefinieer het. Sy definisie dek dus nie sy stof nie, aangesien hy in werklikheid die reg met betrekking tot sekere regspersone in sy boek behandel en slegs hier en daar terloopse aandag skenk aan die ooreenkoms genoem *unincorporated association*. 'n Definisie wat sowel 'n regspersoon as 'n ooreenkoms dek, is in enige geval moeilik denkbaar."

178) Bamford 1982 126.

staan. 'n Kontrak kan voorts nie met 'n regsverhouding gesluit word nie.

Daarom onderskei Uys tussen regspersone met 'n ideële doel en die ooreenkoms tussen persone om 'n ideële doel na te streef. Laasgenoemde is verenigings sonder regspersoonlikheid of genootskappe en hulle kan nooit dieselfde regsposisie as 'n regspersoon beklee nie.¹⁷⁹⁾ In hooftrekke kan met hierdie standpunt van Uys saamgestem word.

- Om 'n regspersoon op kontraksluiting te grond, skep ook probleme by die stigting. In die geval van 'n stigting wat eensydig by wyse van 'n testament opgerig word, kan daar tog geen kontrak tussen die oprigter en die bestuurder(s) of begunstigdes bestaan nie. By oprigting van die stigting is die oprigter reeds oorlede en is 'n kontraktuele verhouding tussen oprigter, bestuurder(s) en begunstigdes onmoontlik.

Die verenigingsregspersoon word dus deur 'n meersydige regshandeling met 'n eie, nie-kontraktuele aard, deur 'n aantal persone met die oog op die bereiking van 'n wettige doel of doelstellings opgerig. Die regsverhouding tussen die vereniging en die individuele lede berus nie op kontrak nie, maar word deur objektiewe regsreëls soos in die doelstellings, statute of konstitusie uiteengesit, beheers. Die grondliggende doel is om die samelewingsverband se belange, waaraan die belange van die individuele lede ondergeskik is, te dien. Die verhouding tussen verband en lede berus op goeie trou en billikheid, wat die omvang van lede se regte bepaal. Uit hoofde van hierdie verhouding tussen die lede en die regspersoon ontstaan daar vorderingsregte tussen die lede en die regspersoon onderskeidelik. Die aard en inhoud van die vorderingsregte word by 5.3.2.2 onder die loep geneem. Die statute of konstitusie moet aan die hand van die beginsel van goeie trou en billikheid so toegepas word dat daar nie op lede se vorderingsregte inbreuk gemaak word nie. Daar rus gevolglik 'n wedersydse

179) Uys 1961 16-17; sien egter teks by verwysing 90 vir kritiek op enkele aspekte van Uys se standpunt. Raadpleeg ook Maasdorp 1968 dl 1 236-239.

regspelig op die lede en regs persoon onderskeidelik om nie op mekaar se vorderingsregte inbreuk te maak nie. Nie-nakoming van hierdie regspelig kan in sekere omstandighede onregmatig wees, aangesien onregmatigheid privaatregtelik in die skending van 'n subjektiewe reg (in hierdie geval die wedersydse vorderingsregte tussen regs persoon en lede) geleë is.¹⁸⁰⁾

Wanneer die voorskrifte van die statute of konstitusie verbreek word, dui dit nie op kontrakbreuk tussen kontrakspartye nie, maar op 'n skending van die vorderingsregte wat uit hoofde van die interne verbandsreg en die verhouding van goeie trou en billikheid tussen die lede en die verband bestaan. Die skending van 'n vorderingsreg is dus 'n onregmatige handeling, wat in gepaste omstandighede aan die benadeelde wel 'n deliktuele regsmiddel verskaf. Wanneer daar dus op 'n onregmatige en skuldige wyse op die regte van of 'n individuele lid of die verenigingsregspersoon inbreuk gemaak word, kan die benadeelde party sy regte met 'n deliksaksie, interdik of verklarende bevel beskerm. Tugstappe wat op 'n onregmatige wyse, dit wil sê strydig met die voorskrifte van die konstitusie of statute of strydig met die voorskrifte van billikheid en goeie trou teen 'n lid toegepas word, kan dus die grond vir 'n deliksaksie deur so 'n lid teen die regs persoon wees.¹⁸¹⁾

5.3.2.2 Onderlinge regsverhoudinge

Dit is geykte reg dat die verenigingsregspersoon eienaar van die afgeson-

180) *Regal v African Superstrate (Pty) Ltd* 1963 1 SA 102 (A) op 111; *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A) op 597; *UE v Tommie Meyer Films* 1977 4 SA 376 (T) op 382. Raadpleeg ook Joubert 1958 112.

181) Fourie 1973 149. Die huidige regspraak in Suid-Afrika dui egter (myns insiens verkeerdelik) daarop dat die konstitusie 'n kontrak tussen die lede is. Verbrekking van die konstitusie word dus deur die houe as kontrakbreuk aangemerkt - vgl by *Wilken v Brebner* 1935 AD 175 op 181 en 187-188; *Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1(A) op 25; *Crisp v South African Council of Amalgamated Engineering Union* 1930 AD 225 op 238; *Marlin v Durban Turf Club* 1942 AD 112 op 127.

derde verenigingsvermoë is.¹⁸²⁾ Die vraag ontstaan wat die lede se regte (indien enige) met betrekking tot die verenigingsvermoë is. Die lede het beslis geen eiendomsreg op die vereniging se vermoë nie.¹⁸³⁾ Die reg van 'n lid is nie 'n saaklike reg nie, maar 'n vorderingsreg wat berus op die verhouding waarin die lid tot die verenigingsregspersoon staan. 'n Subjektiewe reg (waaronder 'n vorderingsreg) word omskryf as: "... die eenheid verhoudinge ... waarin die regsobjek teenoor 'n regsobjek en teenoor ander persone staan."¹⁸⁴⁾ Uit hoofde van die verhouding waarin die lede en die regspersoon ingevolge die interne verbandsreg teenoor mekaar staan, ontstaan daar myns insiens wedersydse vorderingsregte tussen die lede en die regspersoon. Aangesien 'n regspersoon nie op kontrak nie, maar op interne verbandsreg berus, ontstaan die vorderingsregte *ex variis causarum juris figuris*.^{184a)} Die objek(te) in hierdie geval is die wedersydse prestasie(s) wat die lede en die regspersoon uit hoofde van die interne verbandsreg en die verhouding van goeie trou en billikheid (wat as grondslag vir alle

-
- 182) *Morrison v Standard Building Society* 1932 AD 229 op 237-238. Raadpleeg ook *Dadoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530 op 550: "A registered company is a legal persona distinct from the members who comprise it ... This conception of the existence of a company as a separate entity distinct from its shareholders is no merely artificial and technical thing. It is a matter of substance; property vested in the company is not, and cannot be regarded as vested in all or any of its members." Uys 1961 62 en 71.
- 183) *Moloi v St John Apostolie Faith Mission* 1954 3 SA 940 (T) op 942; *Dadoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530 op 550; *Maleh-joe v Bantu Methodist Church of South Africa* 1957 4 SA 465 (W) op 466: "... (T)hese individual members are not possessed of any rights of ownership in that property, their only claim being as members of a corporate body."
- 184) Van der Vyver en Van Zyl 1982 415; Van der Merwe 1959 138-139; Joubert 1958 114: "Omiskienbaar is die feit dat van subjektiewe reg alleen sprake is l.v.m. regsverhoudinge tussen subjekte onderling, die verhouding subjek - subjek is so vanselfsprekend van die subjektiewe reg as die bestaan van die reg as samelewingsordening." Kyk ook *Maleh-joe v Bantu Methodist Church of South Africa* 1957 4 SA 465 (W) op 466 en die gesag aangehaal in *UP v Tommie Meyer Films* 1977 4 SA 376 (T) op 382.
- 184(a) *Obligaciones ex variis causarum juris figuris* was nie 'n geslote groep verbintenisse nie. Raadpleeg veral Van Oven 1948 365-366; asook Kaser 1979 157. Reeds in die Romeinse reg is verbintenisse voortspruitend uit familieregtelike en erfregtelike verhoudings erken, welke verhoudings nie op kontrak, kwasi-kontrak, delik of kwasi-delik berus het nie.

regsverhoudinge tussen die lede en die regspersoon dien) onderskeidelik aan mekaar verskuldig is.¹⁸⁵⁾ Die inhoud van die prestasie(s) wat weder= syds tussen die lede en die regspersoon aan mekaar verskuldig is, kan 'n *dare*, 'n *facere* of 'n *non facere* wees.

Die vorderingsreg van 'n lid teenoor die regspersoon hou onder andere die volgende inhoudsbevoegdthede in: die reg van inspraak ten opsigte van die aanwending van die vermoë deur middel van spreekbeurte en stemreg op die algemene ledevergaderings; die reg om daarop aan te dring dat die vermoë in ooreenstemming met die doelstellings en konstitusie aangewend word; die reg dat die vermoë nie strydig met die konstitusie of sonder instem= ming van al die lede vervreem mag word nie en die reg om die hof te nader indien die vermoë nie in ooreenstemming met die konstitusie aangewend word nie. Die lede het dus nooit enige saaklike regte op die verenigingsvermoë nie en het beslis nooit mede-eiendomsaandele in die verenigingsvermoë, soos by die vereniging sonder regspersoonlikheid, nie.

5.3.2.3 Persoonlikheidsregte

'n Verenigingsregspersoon is 'n *persona* en die vraag ontstaan of 'n regs= persoon persoonlikheidsregte het. In die Suid-Afrikaanse reg is dit 'n om= strede vraag.

Soos hierbo vermeld, erken die Nederlandse¹⁸⁶⁾ en Duitse reg¹⁸⁷⁾ die per= soonlikheidsregte van regspersone en word dit in daardie regstelsels be=

185) Joubert 1958 113; Van der Merwe 1959 140-141; Van der Vyver en Joubert 1980 15. Let egter op die kritiek van Van der Vyver en Van Zyl 1982 410 teen die wyd aanvaarde stelling dat die regsobjek 'n *prestasie* is: "Dit blyk dus dat nie die 'prestasie' nie, maar 'n bepaalde aspek van die skuldenaar se persoonlikheid die skuldeiser se regsobjek is." Kyk ook aw 424-426. Verskeie Nederlandse juriste beskou die regte van lede van 'n regspersoon as vorderingsregte voortspruitende uit die verhouding wat ingevolge die interne verbandsreg tussen die lede en die regspersoon bestaan, maar swyg oor die objekte daarvan, by Asser-Van der Grinten 1980 dI 2/II 209; Van der Velden 1969 84-85. Vir my argument dat die betrokke vorderingsregte nie uit kontrak voortspruit nie, is die aard van die objek nie deurslaggewend nie. Gevolglik word goedskiks by die algemene sienswyse gehou.

186) Raadpleeg 5.3.1.1.4 hierbo.

187) Kyk 5.3.1.2.4 hierbo.

skerm. Neethling¹⁸⁸⁾ is van mening dat regs persone geen persoonlikheidsregte het nie, aangesien die liggaamlike of geestelike lyding wat deur 'n krenking van die *corpus*, *fama* of *dignitas* teweeggebring word, nie deur regs persone ondervind kan word nie.¹⁸⁹⁾ Volgens hom kan handeldrywende regs persone in bepaalde omstandighede skadevergoeding met die *actio Legis Aquiliae* eis, vir sover daar deur die aantasting van die *fama* inbreuk op die werfkrag van so 'n regspersoon gemaak is of 'n ander geldelike verlies deur die inmenging van derdes gely is. Dit is in so 'n geval egter 'n vermoënsreg (en nie 'n persoonlikheidsreg nie) wat aangetas word. Volgens hierdie standpunt het 'n regspersoon nie 'n beskermingswaardige *corpus* of *dignitas* nie. McQuoid-Mason¹⁹⁰⁾ verklaar dat 'n regspersoon nie 'n reg op privaatheid het nie.

By die oorweging daarvan of 'n universiteit persoonlikheidsregte het in *Universiteit van Pretoria v Tommie Meyer Films*,¹⁹¹⁾ verklaar appèlregter Rabie dat 'n nie-handeldrywende regspersoon nie 'n *corpus* of 'n *dignitas* in die sin van eergevoel het nie. Vir die oogmerke van die appèl aanvaar die hof egter (sonder om daarvoor te beslis) dat 'n regspersoon 'n reg op privaatheid, 'n *dignitas* in die sin van aansien of agting en 'n *fama* het waarop derdes inbreuk kan maak en ten opsigte waarvan met die *actio iniuriarum* genoegdoening geëis kan word.¹⁹²⁾ Vroeër het die Appèlhof die vraag

188) 1979 79 en 80; Davidtsh 1976 532. In dieselfde trant verklaar Joubert 1953 123: "Op grond van die oorwegings in die voorafgaande bladsye genoem, kan dit as vanselfsprekend beskou word dat die persoonlikheidsreg slegs betrekking het op die mens in sy fisies-sedelike bestaan ..."

189) *Universiteit van Pretoria v Tommie Meyer Films* 1977 4 SA 376 (T).

190) 1978 190-192: "Therefore it can be argued that the reputation of an artificial person is like 'an asset or species of property', unlike privacy which concerns an aspect of human dignity."

191) 1979 1 SA 441 (A) op 453-4.

192) 454-458. Op 454 verklaar die regter: "Hierdie mening aangaande die betekenis van die begrip *dignitas*, soos deur die appellante gebruik, word ook bevestig deur die stelling, hierbo genoem, dat die rolprente die *status* van die universiteit aantast. Dit kom my dus voor dat wanneer aangevoer word dat die rolprente die, eer waardigheid en status van die universiteit aantast, die betoog inhoud dat die rolprente die uiterlike waardigheid, agting of aansien van die universiteit skaad. Dit is 'n erkende betekenis van *dignitas*. Van Wageningen *Latynsch Woordenboek* (4de druk) gee onder meer die volgende betekenis van die woorde aan: 'uiterlike eer, achting, waardigheid, aanzien, rang'." Raadpleeg ook Van der Vyver en Van Zyl 1982 408 vn 11. In die besondere geval kon die appellante egter nie bewys dat daar inbreuk op sy regte gemaak is nie.

of 'n nie-handeldrywende regspersoon vergoeding van vermoënskade kan eis op grond van die aantasting van sy *fama* (weens belasting) oopgelaat en het daar beslis geen moontlikheid bestaan dat 'n regspersoon genoegdoening uit hoofde van die aantasting van 'n persoonlikheidsreg kon eis nie.¹⁹³⁾ Aangesien die *Universiteit van Pretoria*-uitspraak die laasgenoemde kwes= sie oopgelaat het, bestaan daar myns insiens die moontlikheid dat die hof aan 'n nie-handeldrywende regspersoon in die toekoms 'n beskermingswaar= dige *fama, dignitas* in die vorm van aansien of agting en 'n reg op pri= vaatheid kan verleen.

Neethling¹⁹⁴⁾ hou egter voet by stuk dat 'n regspersoon slegs die *actio legis Aquiliae* kan instel wanneer vermoënsregte van die regspersoon aange= tas is en dat 'n regspersoon derhalwe nie persoonlikheidsregte (wat na aan= tasing tot 'n genoegdoeningseis aanleiding kan gee) het nie. Hierteenoor is Pauw¹⁹⁵⁾ van mening dat enige persoon wat 'n *iniuria* met *animus inu= rianti* gepleeg het, met die *actio iniuriarum* aangespreek kan word. *Iniu= riae* is in die Romeins-Hollandse reg nie net teen natuurlike persone ge= pleeg nie, maar die voorbeeld van 'n *iniuria* wat teen 'n dooie gepleeg is kom in gemeenregtelike bronne voor. Daarom kom hy tot die gevolgtrek= king dat dit nie met die aard van die *actio iniuriarum* strook om die be= skikbaarheid daarvan net tot natuurlike persone te beperk nie. Indien die naam van 'n regspersoon belaster of sy reputasie aangetas word, is die ge= volg nie noodwendig dat vermoënskade regstreeks gely word nie. Dit kan selfs gebeur dat geen vermoënskade gely word nie, maar dat die aansien van die regspersoon in die oë van die gemeenskap daal.¹⁹⁶⁾ Pauw noem die voor= beeld van 'n koerantberig waarin die akademiese standaard van 'n universi= teit as laag bestempel word. Dit sal nie noodwendig meebring dat die uni= versiteit vermoënskade ly nie (die studentegetalle kan moontlik as gevolg van die koerantberig styg), maar die aansien van die universiteit word be= slis daardeur aangetas. Indien die maatstaf vir die instel van 'n aksie

193) *Die Spoorbond v SAR* 1946 AD 999 op 1011.

194) 1978 80 vn 19.

195) 1978 156-158. Vgl ook die standpunt van Van der Merwe en Olivier 1980 406-407 en McKerron 1971 181-182.

196) Pauw 1978 158.

deur regspersone die ly van vermoenskade is, sal regspersone in gevalle waar die aansien van 'n regspersoon aangetas word maar geen vermoenskade gely word nie, geen regsmiddel, sy dit die *actio legis Aquiliae* of 'n interdik, hê nie. Pauw is daarom van mening dat 'n regspersoon wel persoonlikheidsregte het en dat 'n regspersoon by aantasting van hierdie persoonlikheidsregte met die *actio iniuriarum* kan ageer.

Daar moet altyd in gedagte gehou word dat 'n regspersoon nie in alle opsigte met 'n natuurlike persoon ooreenstem nie. Dit is myns insiens moontlik dat 'n regspersoon wel persoonlikheidsregte kan hê, maar dan persoonlikheidsregte wat met die eiesoortigheid van die regspersoon as *persona* in verband gebring word. So kan 'n regspersoon 'n beskermingswaardige *dig-nitas* in die sin van aansien of agting hê, asook 'n beskermingswaardige *fama*, wat nie net aangetas word as die regspersoon vermoenskade ly nie, maar in gepaste omstandighede aan die regspersoon 'n genoegdoeningseis in gevolg die *actio iniuriarum* verskaf. 197)

5.3.2.4 Aanspreeklikheid

In die Suid-Afrikaanse reg bestaan daar min twyfel oor die feit dat regspersone deliktueel aanspreeklik gehou kan word.¹⁹⁸⁾ Wat die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone (wat statutêr gereël word) aanbetref, bestaan daar die besware dat:¹⁹⁹⁾

- dit nie in die Romeinse reg, Romeins-Hollandse reg en Vastelandse regstelsels erken word dat 'n regspersoon strafregtelik aanspreeklik gehou kan word nie;
- 'n regspersoon nie 'n denkende, willende wese is nie en daarom nie kan handel of 'n skuldige gesindheid kan openbaar nie;

197) Van der Vyver en Van Zyl 1982 408-409 (vn 11) verklaar tereg: "Hoe-wel die regspersoon dusver nie as draer van die bogemelde persoonlikheidsregte erken is nie, bestaan daar geen prinsipiële beswaar teen sodanige erkenning nie."

198) Van der Merwe en Olivier 1980 27 vn 2; McKerron 1971 106-107; Bamford 1982 204.

199) De Wet en Swanepoel 1975 53-57; Burchell en Hunt dl 1 1970 336 ev; Scott 1979 10.

- 'n regspersoon nie sy verhoor kan bywoon nie;
- sommige misdade slegs met liggaamlike straf (lyfstraf, gevangenisstraf of doodstraf) strafbaar is en 'n regspersoon derhalwe nie hierdie strawwe opgelê kan word nie;
- sommige misdade slegs deur mense gepleeg kan word (byvoorbeeld bigamie of verkragting) en daarom kan 'n regspersoon nie sodanige misdade pleeg nie;
- natuurlike persone aanspreeklikheid kan ontduik deur agter 'n regspersoon te skuil.

Teen hierdie besware kan die volgende argumente geopper word:

- In die Romeinse reg het daar geen duidelike teorie betreffende die aard en funksionering van regspersone bestaan nie.²⁰⁰⁾ Ook in die Romeins-Hollandse reg was die teoretiese besinning in verband met regspersone vaag en onontwikkeld.²⁰¹⁾ Die Romeins-Hollandse skrywers was verdeeld oor die vraag of 'n regspersoon strafregtelik aanspreeklik gehou kan word en dit het dus nie veel waarde om op Romeins-Hollandse gesag in dié verband te steun nie.²⁰²⁾ Daar is eers vanaf die negentiende eeu sinvol oor die teoretiese onderbou van regspersone nagedink.

Die Nederlandse reg erken tans sowel die deliktuele²⁰³⁾ as die strafregtelike aanspreeklikheid²⁰⁴⁾ van regspersone. Artikel 51 van die *Wetboek van Strafrecht* bepaal: "Strafbare feiten kunnen worden begaan door natuurlijke personen en rechtspersonen." In die Nederlandse reg

200) Sien 2.1 hierbo. Raadpleeg ook Beekhuis 1934 1. Skygbaar was die Kanoniste die eerste juriste wat oor die aanspreeklikheid van regspersone besin het - kyk 2.2.1.6.3 hierbo.

201) Sien 2.3 hierbo.

202) De Wet en Swanepoel 1975 54 wys op hierdie verdeeldheid.

203) Fokkens 1980 393-404; Asser-Van der Grinten 1980 dI 2/II 82-90; Torringa 1980 567 ev; Hofmann-Van Opstall 1976 74; Löwensteyn 1973 277-288.

204) Fokkens 1980 393-404; Hulsman en Kist 1966 1 ev; Van Eck 1952 49-74; De Groot 1977 (b) 328-337.

word aanspreeklikheid nie aan die hand van 'n fiksie aan regsper=
sone toegereken nie, maar kan regsperone aanspreeklik gehou word
op grond van die feit dat hulle op 'n skuldige wyse 'n onregmatige
handeling kan uitvoer.²⁰⁵⁾

Die Duitse reg verleen eweneens erkenning aan die deliktuele en
strafregtelike aanspreeklikheid²⁰⁶⁾ van regsperone. Die verklaring
hiervoor is dat die regs persoon wilsbevoeg is en daarom kan handel
en 'n skuldige gesindheid kan openbaar.²⁰⁷⁾

- Die argument dat 'n regs persoon nie 'n eie wil kan vorm nie en daar=
om nie 'n skuldige gesindheid kan openbaar nie,²⁰⁸⁾ staan regstreeks
in die teken van Von Savigny se fiksieteorie.²⁰⁹⁾ Die regs persoon
word as 'n fiksie beskou wat (net soos 'n kranksinnige of 'n *infans*)
alleen deur middel van verteenwoordigers kan handel.²¹⁰⁾ Hierbo²¹¹⁾
is gestel dat 'n verteenwoordiger van 'n regs persoon nie *ex lege* op=
tree soos die kurator van 'n kranksinnige of die voog van 'n *infans*
nie en dat volmag dus deur die regs persoon aan so 'n verteenwoordiger
verleen moet word. Volmagverlening is 'n eensydige regshandeling wat
deur die regs persoon (en nie die oprigters of verteenwoordigers daarvan
nie) uitgevoer word en daarom is dit duidelik dat 'n regs persoon wel kan

205) Fokkens 1980 399-401.

206) Martinek 1979 32 ev; Märkle 1978 66-70 op 67: "Weil der Verein
selbst nur durch seine Organe handeln kann und deshalb der Wille
seiner Organe als Wille des Vereins selbst gilt, haftet er nach
para 31 BGB nicht für fremdes, sondern für eigenes Verschulden, al=
so für seine eigenen Handlungen." Raadpleeg ook Larenz 1980 144=
146; John 1977 72-92 en Sieger 1979 55-56.

207) Sieger 1979 55-56: "Die Organe 'machen' die juristische Person wis=
sensfähig."

208) De Wet en Swanepoel 1975 56; Scott 1979 10.

209) Kyk 3.2.2 hierbo.

210) De Wet 1976 d11 74 en 79; De Wet en Swanepoel 1975 56; Scott 1979
5. Lg is nie 'n aanhanger van die fiksieteorie nie, maar hy is nie
bereid om 'n eie wil aan die regs persoon toe te ken nie.

211) Kyk 3.2.5 hierbo.

handel. Wanneer organe van die regspersoon handel, word weliswaar geen volmag vereis nie, maar deur die handelinge van die organe is dit die regspersoon wat handel omdat die regspersoon uit hierdie organe saamgestel is.²¹²⁾ Die kern van die probleem van die juriste wat beweer dat 'n regspersoon nie kan wil en handel nie, is dat hulle nie tussen die handelinge van organe (wat regtens die handelinge van die regspersoon is) en handelinge van verteenwoordigers kragtens volmag onderskei nie. Ook organe word deur hulle as verteenwoordigers kragtens volmag beskou. Dit is 'n standpunt wat nie meer in die Suid-Afrikaanse, Nederlandse of Duitse reg nagevolg word nie.

Dit moet verder altyd in gedagte gehou word dat die besluite van 'n regspersoon die *wil* van die regspersoon is.²¹³⁾ Hierdie wil word op 'n eiesoortige wyse in ooreenstemming met die eie aard van die regspersoon gevorm. Deurdat 'n regspersoon op eiesoortige wyse in die regsverkeer optree, is dit moontlik dat dit op eiesoortige wyse 'n wil kan vorm en 'n skuldige gesindheid kan openbaar. Regter Centlivres huldig 'n soortgelyke mening in *Barkett v SA National Trust and Assurance Co. Ltd.*²¹⁴⁾ "A company acts through its directors and the company, qua company, may be guilty of negligence through an act of omission or commission... (T)he negligence or unlawful act is that of the company." Dit word ook nagevolg in *Levy v Central Mining and Investment Corporation Ltd.*²¹⁵⁾ waar beslis is dat daar in die geval van die aanspreeklikheid van 'n regspersoon vasgestel moet word wie die wilsvormers of besluitnemers van die regspersoon is. Hulle wil is dan die wil van die regspersoon.

212) Van der Merwe en Olivier 1980 27 vn 2; McKerron 1971 107; Cilliers, Benade en De Villiers 1977 192-194 en 225-229. In *SA Sentrale Koöperatiewe Graanmaatskappy Beperk v Thanasaris* 1953 2 SA 314 (W) is beslis dat 'n persoon wat kragtens 'n statuut gemagtig is, of 'n orgaan van 'n regspersoon is, nie 'n skriftelike volmag benodig ten einde 'n skriftelike koopkontrak ten opsigte van onroerende goed namens 'n regspersoon te onderteken nie. Raadpleeg ook Van der Vyver en Van Zyl 1982 396 en Van Rensburg 1974 98.

213) Kyk 4.3.6 hierbo, asook Sieger 1979 55-56.

214) 1951 2 SA 353 (A) op 362.

215) 1955 1 SA 141 (A) op 149 en 150; *Lennards Carrying Co Ltd v Asiatic Petroleum Co Ltd* 1915 AC 705 op 713: "... (I)ts active and directing will must consequently be sought in the person of somebody ... who is really the directing mind and will of the corporation, the very ego and centre of the personality of the corporation."

Die regs persoon kan dus wil en handel. Indien die toerekening van strafregtelike aanspreeklikheid van 'n regs persoon op grond van die onregmatige, skuldige handeling van die regs persoon dus deur sommige juriste as 'n fiksie beskou word, moet hulle, indien hulle logies wil redeneer, ook die toerekening van strafregtelike aanspreeklikheid aan 'n natuurlike persoon op grond van die onregmatige, skuldige handeling van so 'n persoon as 'n fiksie aanmerk.

Burchell en Hunt²¹⁶⁾ is van mening dat enige onregmatige handeling van 'n regs persoon *ultra vires* is. 'n Onregmatige handeling is volgens hulle in stryd met die doelstellings, wat net regmatig en in ooreenstemming met die goeie sedes mag wees. Dit is egter wel moontlik dat, ter nakoming van 'n regmatige doelstelling, 'n onregmatige handeling gepleeg word. Die *ultra vires*-leerstuk slaan nie op alle onregmatige handelinge nie, maar wel op handelinge ter uitvoering van onregmatige doelstellings. 'n Handeling ter nakoming van 'n onregmatige doelstelling is dus nietig, maar 'n onregmatige handeling ter bereiking van 'n regmatige doelstelling bind juis die regs persoon.²¹⁷⁾ Afgesien van die bogemelde toepassing daarvan, is die *ultra vires*-leerstuk nie meer van diepgaande betekenis vir die Suid-Afrikaanse reg nie. Kragtens artikel 36 van die Maatskappywet²¹⁸⁾ is die toepassing van die leerstuk op maatskappye in 'n groot mate afgewater.

- Die argument dat 'n regs persoon nie strafregtelik aanspreeklik gehou kan word nie omdat dit nie sy eie verhoor kan bywoon nie, hou nie

216) 1970 dl 1 337; ook Scott 1979 6.

217) Gower 1969 96-98 verklaar dat dit onprakties is om die standpunt in te neem dat die *ultra vires*-leerstuk op alle handelinge van toepassing is, want dan kan 'n regs persoon ook nie kontrakbreuk pleeg nie. Hy is voorts van mening dat die *ultra vires*-leerstuk nie net op eiendomsverkryging en kontraksluiting van toepassing is nie, want dit maak die leerstuk kragteloos. Gower is 'n voorstander van die standpunt dat 'n regs persoon in die uitoefening van *intra vires*-doelstellings onregmatig kan handel en dus aanspreeklik gehou kan word. Hy verklaar op 98: "A company may be liable for torts or crimes committed in pursuance of its stated objects, but should not be liable for acts entirely outside its objects." Kyk ook Van der Merwe en Olivier 1980 27 vn 2.

218) Wet 61 van 1973; Henochsberg 1975 69-73; Cilliers. Benade en De Villiers 1977 54; Van der Merwe en Olivier 1980 27 vn 2.

steek nie. In die geval van deliksaksies is die regs persoon wel aanspreeklik. Die orgaan/e wat die verhoor bywoon, handel daar namens die regs persoon. Dit is nie 'n verteenwoordigingshandeling kragtens volmag nie, maar sodanige persoon/e se handeling is die handeling van die regs persoon. Dieselfde argument kan ook ten opsigte van strafregtelike aanspreeklikheid aangevoer word. Dit is wel so dat 'n regs persoon nie 'n *corpus* het nie. 'n Regs persoon is egter uit organe (ledevergadering en bestuur) saamgestel en wanneer die organe handel, is dit die regs persoon wat handel. Die feit dat ('n) orgaan/e van die regs persoon die strafverhoor kan bywoon, is myns insiens voldoende om die regs persoon te kan verhoor en strafregtelik aanspreeklik te stel.

Die voorskrif van art. 332(2) van die Strafproseswet,²¹⁹⁾ wat bepaal dat die regs persoon gevonnissen kan word indien 'n werknemer van die regs persoon in die hof verskyn, is myns insiens gekunsteld. Die werknemer van 'n regs persoon is immers gewoonlik nie 'n orgaan van die regs persoon nie. Die regs persoon is middellik aanspreeklik vir die onregmatige handeling van werknemers, maar die werknemer qua werknemer kan nooit as orgaan die regs persoon bind nie (behalwe as die werknemer ook as lid of bestuurslid optree). Derhalwe behoort 'n werknemer nie namens die regs persoon in die hof op te tree nie. Die feit dat die Strafproseswet bepaal dat 'n regs persoon skuldig bevind kan word indien 'n werknemer van die regs persoon die verhoor bywoon, getuig dus nie vir my van 'n suiwer benadering tot die aanspreeklikheidsbeginsels van toepassing op regs persone nie. Indien 'n orgaan egter die verhoor bywoon, is dit regtens die regs persoon wat handel of pleit. In so 'n geval sal dus nie beweer kan word dat die regs persoon onverdedig deur die hof verhoor en/of gevonnissen is nie.

219) Art 332 (2) Strafproseswet 51 van 1977: "By 'n vervolging teen 'n regs persoon word 'n direkteur of dienaar van daardie regs persoon, in die hoedanigheid van verteenwoordiger van daardie regs persoon, as die oortreder gedaag, en met die aldus gedaagde persoon kan dan, as so 'n verteenwoordiger, gehandel word asof hy die persoon is wat beskuldig word dat hy die betrokke misdryf gepleeg het"

Die voorskrif dat die persoon wat in die hof verskyn, nie 'n pleit van skuldig sonder 'n uitdruklike besluit in die verband mag laat aanteken nie,²²⁰) is 'n aanduiding daarvan dat die persoon wat in die hof verskyn se handeling aan die regspersoon toegereken word. Ook hier moet die eiesoortige wyse waarop die regspersoon in die regsverkeer optree, in gedagte gehou word en kan dus nie beweer word dat die regspersoon se handeling nie deur die hof getoets kan word nie.

- Sommige misdade is wel net met liggaamlike strawwe (lyfstraf, gevangingstraf of doodstraf) strafbaar, maar dit hou nie in dat 'n regspersoon glad nie gestraf kan word nie. Die blote feit dat die regspersoon sekere misdade nie kan pleeg nie en sekere strawwe nie opgelê kan word nie, kan tog nie aanduidend daarvan wees dat 'n regspersoon geen misdade kan pleeg nie. Misdade wat eie aan 'n natuurlike persoon is (soos bigamie of verkragting), kan 'n regspersoon uiteraard nie pleeg nie, maar die regspersoon en die natuurlike persoon is tog nie gelyksoortige entiteite net omdat albei draers van regssubjektiwiteit is nie. Daarbenewens is daar in elk geval talle misdade wat net deur 'n klas van natuurlike persone (en nie alle natuurlike persone nie) gepleeg kan word, byvoorbeeld oortreding van toestromingsbeheermaatreëls ingevolge die Swart (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 25 van 1945. Dit is dus nie vreemd aan ons reg dat sekere regsobjekte van die pleeg van bepaalde misdade uitgesluit is nie.
- Natuurlike persone kan nie strafregtelike aanspreeklikheid ontduik deur by die pleeg van misdade van 'n regspersoon gebruik te maak nie. Die Strafproseswet²²¹) bepaal uitdruklik dat bestuurders of verteenwoordigers ook individueel aanspreeklik gehou kan word vir misdade wat deur die betrokke regspersone gepleeg is.²²²) Dit is dus nie 'n

220) Art 332 (2) (a): "... indien bedoelde persoon skuldig pleit, behalwe deur skuld ingevolge artikel 57 te erken, die pleit nie geldig is nie tensy die regspersoon hom gemagtig het om skuldig te pleit, ..." Kyk ook *S v Lark Clothing (Pty) Ltd* 1973 1 SA 239 (K).

221) Art 332 (2) (d) en 332 (5) Wet 51 van 1977.

222) Raadpleeg ook Drobnig 1959 5 en 21 ev vir 'n uiteensetting van die Duitse reg in die verband.

houdbare stelling dat natuurlike persone aanspreeklikheid kan ontduik deur agter 'n regspersoon te skuil nie. Die teendeel is juis waar, naamlik indien slegs die bestuurders of verteenwoordigers individueel aanspreeklik gehou kan word, daar sekere statutêre misdade (byvoorbeeld misdade gepleeg deur 'n eienaar, lisensiehouer of werknemer) straffeloos gelaat sou moet word. Dit is tog nie moontlik om die bestuurder of verteenwoordiger te straf vir misdrywe wat statutêr slegs deur 'n eienaar, werkgewer of lisensiehouer gepleeg kan word nie.²²³⁾

- Die enigszins begryplike beswaar word geopper dat die strafregtelike aanspreeklikheid van regspersone skuldige en onskuldige persone tref.²²⁴⁾ Nietemin moet in hierdie verband in gedagte gehou word dat ook in die geval van middellike of risiko-aanspreeklikheid skuldige en onskuldige persone aanspreeklik gehou mag word. Omdat dit egter daar nie op die skuld of onskuld aankom nie, kan dit nie as 'n beswaar teen sodanige aanspreeklikheid geopper word nie. Om 'n regspersoon dus uitsluitlik op grond van die risikobeginsel aanspreeklik te wil hou, los hierdie probleem nie op nie.

Langs dieselfde weg kan gestel word dat dit by die strafregtelike aanspreeklikheid van 'n regspersoon moontlik is dat lede of organe wat nie deel aan 'n skuldige en onregmatige handeling gehad het nie, onregstreeks benadeel kan word. Die bogenoemde nadelige posisie word egter enigszins daardeur getemper dat 'n lid van 'n verenigingsregspersoon weet (of behoort te weet) watter beheermaatreëls daar in die konstitusie ten opsigte van die uitvoering van handeling deur organe of verteenwoordigers geskep is. 'n Lid het verder inspraak in die wilsvorming van die regspersoon. Indien die nodige beheermaatreëls derhalwe nie in die konstitusie ingebou is nie of 'n lid nie van sy reg op inspraak gebruik maak nie, kan hy hom tog nie by nabaat daarvoor bekla nie. Indien 'n besluit geneem word wat 'n onregmatige handeling tot gevolg het en 'n lid het as deel van 'n minderheidsgroep teen so 'n besluit gestem, is so 'n lid se regsmiddel dat hy sy lid-

223) De Wet en Swanepoel 1975 56.

224) Ibid.

maatskap kan beëindig. Indien hy nie sy lidmaatskap beëindig nie, moet hy maar genoeg neem met die onregstreekse nadeel wat strafregtelike aanspreeklikheid van die regs persoon vir hom kan meebring. Neem 'n lid nie deur besluitneming of deur ander orgaanshandelinge aan die uitvoering van 'n onregmatige handeling van 'n verenigingsregspersoon deel nie, kan hy in elk geval nooit persoonlik aanspreeklik gehou word nie.

Dat 'n verenigingsregspersoon deliktueel of strafregtelik op grond van onregmatige dade of misdade aanspreeklik gehou kan word, volg daaruit dat 'n regs persoon 'n eie wil kan vorm, kan handel en deur besluitneming 'n skuldige gesindheid kan openbaar. Die aanspreeklikheid van 'n regs persoon is myns insiens gewone deliktuele of strafregtelike aanspreeklikheid, wat op 'n analoë wyse (maar nie op presies dieselfde wyse nie) as dié van 'n natuurlike persoon deur die reg gehanteer moet word. By die toerekening van aanspreeklikheid of by straftoemeting moet egter altyd met die eie aard van en die eiesoortige wyse waarop die regs persoon aan die regsverkeer deelneem, rekening gehou word.

Dit deug ook nie om die aanspreeklikheid van 'n verenigingsregspersoon net oor die boeg van middellike²²⁵⁾ of risiko-aanspreeklikheid²²⁶⁾ te wil gooi nie. Verskeie Vastelandse regsgeleerdes, selfs dié wat 'n regs persoon as 'n kontraktuele verhouding tipeer, is nie bereid om die aanspreeklikheid van verenigingsregspersone net op middellike of risiko-aanspreeklikheid te grond nie.²²⁷⁾ Volgens hierdie juriste bestaan daar geen rede waarom 'n regs persoon nie regstreeks vir onregmatige orgaanshandelinge aanspreeklik gehou kan word nie, aangesien dit die regs persoon is wat regtens gehandel het.²²⁸⁾

225) Burchell en Hunt bd 1 1970 336.

226) Scott 1979 6 verklaar dat 'n regs persoon privaatregtelik op grond van die risiko-beginsel aanspreeklik gehou moet word. Om 'n regs persoon strafregtelik aanspreeklik te hou, moet volgens hom met 'n tipe oordragtelike aanspreeklikheid gewerk word (aw 23 ev).

227) Martinek 1979 23-25; De Groot 1977(b) 328 en 337; Drion 1958 7-20; Schut 1963 232-298 en 1979 84-122. Lg laat die regs persoon heeltemal weg by sy bespreking van risiko-aanspreeklikheid.

228) Sien 4.3.7 hierbo.

Die reg stel eiesoortige vereistes vir middellike aanspreeklikheid en die optrede van 'n regspersoon kan ten ene male nie altyd aan 'n verteenwoordigings-²²⁹⁾ of diensverhouding toegeskryf word nie. In die geval van nie-statutêre middellike aanspreeklikheid word primêr 'n kontraktuele verhouding tussen die dader en die persoon wat aanspreeklik gehou word, vereis, wat in die verhouding tussen 'n gemeenregtelike regspersoon en sy organe juis ontbreek. 'n Regspersoon kan wel middellik aanspreeklik gehou word as 'n werknemer in die loop van sy diens aan die regspersoon onregmatig handel, selfs al val die handeling buite die voorskrifte van die doelstellings of konstitusie van die regspersoon, byvoorbeeld waar die werknemer in die loop van sy diens aan die regspersoon in 'n motorbotsing betrokke is. Indien die werknemer nalatig was, word die regspersoon middellik aanspreeklik gehou. Daar bestaan egter nie 'n diensverhouding of 'n verteenwoordigingsverhouding kragtens volmag tussen 'n orgaan en die regspersoon nie. Wanneer die orgaan as orgaan ooreenkomstig die doelstellings en konstitusie handel, maar in die proses onregmatig optree, is dit nie 'n geval van middellike aanspreeklikheid nie, maar is dit die regspersoon self wat onregmatig handel en daarom aanspreeklik gehou word, soos by 4.3.7 hierbo volledig uiteengesit is.

Daar kan moontlik geargumenteer word dat die optrede van handeldrywende regspersone of regspersone wat byvoorbeeld fabrieke, spoorweë en konstruksiewerke bedryf, 'n risiko skep waarvoor hulle aanspreeklik gehou moet word.²³⁰⁾ Die risiko bestaan daarin dat die optrede van sodanige regspersone 'n bedreiging of gevaar vir die staat of gemeenskap inhou. Dienooreenkomstig bestaan daar gevalle waar vereni-

229) Scott 1976 732-762; Joubert 1979 73. De Wet 1976 dl 1 82; Van der Merwe & Olivier 1980 522-523. Dat 'n regspersoon nie net kan handel deur verteenwoordigers kragtens volmag nie, is reeds by 3.2.5 hierbo volledig uiteengesit. Die aanhangers van die fiksieteorie, wat verklaar dat 'n regspersoon in dieselfde mate as 'n *infans* of 'n krank-sinnige net deur verteenwoordigers (kragtens volmag) kan handel, is ook die grootste teenstanders van die gedagte dat 'n regspersoon strafregtelik aanspreeklik gehou kan word.

230) Scott 1979 7: "Dit is myns insiens nie minder as billik dat 'n regspersoon teenoor die gemeenskap verantwoordelik is vir sekere optrede van sy organe, verteenwoordigers of werknemers wat as risiko's van sy bedrywighede beskou kan word nie" en op 24, waar melding gemaak word van die gevaar wat regspersone skep.

gingsregspersone op grond van die risikobeginsel skuldloos aanspreeklik gehou behoort te word weens die gevaar of bedreiging wat dit in die regsverkeer skep.²³¹⁾ Om egter verenigingsregspersone (soos byvoorbeeld kerke en liefdadigheidsorganisasies) *per se* as gevaarlik of 'n bedreiging te bestempel, kom myns insiens kunsmatig voor. Die skuldvraag kan na my mening nie in alle omstandighede buite rekening gelaat word net omdat dit 'n regspersoon is wat onregmatig gehandel het nie.

Dat 'n verenigingsregspersoon (net soos 'n natuurlike persoon) wel onder bepaalde (bekende) omstandighede kragtens die risikobeginsel skuldloos aanspreeklik gehou sal kan word, word nie betwyfel nie. Om egter die verenigingsregspersoon *net* op grond van die risikobeginsel aanspreeklik te wil stel, is myns insiens gekunsteld. Daar bestaan geen rede waarom die verenigingsregspersoon nie regstreeks aanspreeklik gehou kan word nie in gevalle waar dit sy wil op die bewerkstelling van 'n onregmatige gevolg gerig het wel wetende dat dit onregmatig is, of met onaanvaarbare onagsaamheid opgetree het. Die omstandighede waaronder 'n verenigingsregspersoon op grond van die risikobeginsel skuldloos aanspreeklik gehou behoort te word, sal myns insiens duideliker in die Suid-Afrikaanse reg omlin moet word. Die feit dat die skuldvraag nie in alle omstandighede in die geval van onregmatige handeling van regspersone buite rekening gelaat kan word nie, sal egter steeds in gedagte gehou moet word.

'n Regspersoon is kontraktueel aanspreeklik indien 'n orgaan kragtens die statute en in ooreenstemming met die doelstellings daarvan gehandel het. Dit is dan die regspersoon wat gehandel het en wat kontraktueel gebonde is.²³²⁾ Indien 'n verteenwoordiger namens die regspersoon optree, is die regspersoon net aanspreeklik as die volmag wat aan die verteenwoordiger verleen is, in ooreenstemming met die

231) Van der Walt 1974 (b) 430 knoop risiko-aanspreeklikheid oa aan gevaarskepping. Hy verklaar: "In die geval van risiko-aanspreeklikheid is die juridies-riskante vervat in 'n (nie-skuldige) aktiwiteit wat, normatief beoordeel, 'n buitengewoon en tipiese risiko van benadeling skep." Die vraag kan egter gestel word of 'n gewone sosiale vereniging 'n buitengewone en tipiese risiko van benadeling skep.

232) Cilliers, Benade en De Villiers 1977 192; Van der Merwe en Olivier 1980 27.

doelstellings en statute daarvan is. Dit is dikwels vir derdes moeilik om vas te stel of 'n handeling deur 'n orgaan uitgevoer is en of dit in ooreenstemming met die doelstellings en konstitusie geskied. Aan hierdie probleem word by 5.3.4 hieronder aandag geskenk.

5.3.2.5 Samevatting

Ek is van mening dat die beginsels onderliggend aan die gemeenregtelike regsersoonsfiguur die geskikste grondslae bied waarop die regsposisie van samelewingsgroepe soos kerke, politieke partye, liefdadigheidsverenigings, vakbonde en sosiale verenigings van korporatiewe aard gebou kan word. So doende word die interne regsverhoudinge tussen lede en die eksterne regsverhoudinge teenoor derdes op die aanvaarbaarste wyse verklaar. Aspekte soos die eiendomsposisie van lede en aanspreeklikheid word op 'n bevredigende wyse met behulp van hierdie regsbeginsele gereël. Hoewel dit moontlik is om kerke se regsposisie te beoordeel aan die hand van die beginsels wat op die gemeenregtelike regsersoon van toepassing is, moet dit altyd in gedagte gehou word dat kerke 'n enigins eiesoortige aard het. Daarom kan kerke nie sonder meer as gewone verenigingsregspersone getipeer word nie. Die regsposisie van kerke, en in die besonder die aard van Gereformeerde kerke in Suid-Afrika, word by 6 hieronder ontleed.

5.3.3 Die stigtingsregspersoon in die Suid-Afrikaanse reg

Die mening dat die regsersoonlikheid van 'n stigting nie geleë is in 'n vermoë wat vir 'n spesifieke doel geormerk word nie, is hierbo gestel.²³³⁾ By 'n stigting bestaan daar 'n verband van opeenvolgende bestuurders, wat 'n vermoë vir 'n spesifieke doel in die regsverkeer moet aanwend. Hierdie bestuursverband vorm die regspersoon.

Hoewel daar in die Suid-Afrikaanse regspraak voorbeelde aangetref word van enkelbestuurder- of familiestigtinge²³⁴⁾ of stigtinge wat uit 'n opeenvol-

233) Vgl 4.3.3 hierbo.

234) Daar word na sulke stigtinge in *Wilken v Brebner* 1935 AD 175 op 184 verwys. Kyk ook *Marks v Estate Gluckman* 1946 AD 289; *Das Koeniglich Preussisch-Brandenburgische Hausfideikommiss v The Administration of South-West Africa and the Registrar of Deeds* 1928 SWA 82. Daar kan nie met Joubert 1951 195 se bewering dat in die saak *The Committee of the Johannesburg Public Library v Spence* 1898 5 Off Rep 84 met 'n stigting gehandel is, saamgestem word nie. 'n Vereniging met lede is in dié geval op die been gebring en dit kan nooit aan die vereistes vir 'n stigting voldoen nie.

ging van enkele bestuurders bestaan, lyk dit asof die aanwending van die trustfiguur²³⁵⁾ dikwels in die regspraktyk verkies word.²³⁶⁾ 'n Moontlike rede hiervoor is dat die trustfiguur heeltemal doeltreffend gebruik kan word vir gevalle waar 'n testamentêre bemaking ten behoeve van 'n beperkte aantal begunstigdes vir 'n beperkte tydskuur geadministreer moet word. Die trustee is gewoonlik 'n bekende en vertroude persoon en normaalweg ontstaan daar nie veel praktiese probleme in so 'n geval nie. Of die trustfiguur (wat nie 'n regspersoon is nie) egter geskik is om 'n vermoë vir ideële oogmerke ten behoeve van 'n groot aantal begunstigdes oor 'n lang tydperk te beheer, is 'n ope vraag.

In die Duitse,²³⁷⁾ Nederlandse²³⁸⁾ en Amerikaanse²³⁹⁾ regstelsels het die stigtingsbegrip gedurende die afgelope aantal dekades 'n ingrypende klemverskuiwing ondergaan. Familie- en enkelbestuurderstigtinge kom tans in hierdie regstelsels in 'n baie beperkte mate voor. Stigtinge is teenswoordig meestal groot organisasies wat met verskeie bestuurders en talle werknemers aan die regsverkeer deelneem. Hoewel die stigtingsfiguur hoofsaaklik vir die nastreef van ideële doelstellings gebruik word,²⁴⁰⁾ kom daar tog ook doelstellings van 'n meer kommersiële aard (hoewel nie noodwendig op winsbejag toegespits nie) by sommige buitelandse stigtinge voor.²⁴¹⁾

-
- 235) Van Zyl 1976 1-3 onderskei tussen 'n persoonlike en 'n amptelike trust. Lg is volgens hom 'n verband van opeenvolgende administrateurs met regspersoonlikheid (aw 10). Die Suid-Afrikaanse regspraak erken egter nie 'n trust as 'n regspersoon nie, soos bevestig in *CIR v MacNeil-Lie's Estate* 1961 3 SA 833 (A).
- 236) Vir 'n vergelyking tussen die stigting en trust, kyk Joubert 1951 203-209.
- 237) Büttner 1967 36-40; Conviser 1964 17-25; Raiser 1969 51-53 en 85-87; Strickrodt 1952 8-15 en 1977 163 ev; Löffler en Faut 1974 329-334.
- 238) Duynstee 1978 60 ev; Polak 1956 11 ev; Polak 1963 60; Feenstra 1971 123; Versteeg 1954 125 ev.
- 239) Conviser 1964 17-25; Neuhooff 1975 (in geheel); Heimann 1974 (in geheel); Friedman 1951 138 ev; Oeck 1980 105-106 en 898-912.
- 240) Polak 1963 60 het vasgestel dat daar in Nederland in 1962 uit 'n totaal van 566 stigtinge net 19 familiestigtinge was, terwyl doelstellings soos onderwysbevordering, jeugontwikkeling, maatskaplike sorg, mediese sorg, volkshuisvesting, kulturele ontwikkeling, ontspanning, politiek, wetenskap en fondswerwing by die res van die stigtinge aangetref is.
- 241) Duynstee 1978 90 ev; Raiser 1969 51-53 en 85-87.

Die belangrikste kenmerk van 'n stigting is dat daar geen lede mag wees nie.²⁴²⁾ 'n Stigting bestaan uit 'n bestuursverband, wat deur middel van die bestuurders en werknemers aan die regsverkeer ter bereiking van 'n spesifieke doel of doelstellings deelneem. Veral in die VSA word ter uitvoering van ideële doelstellings op groot skaal van stigtinge gebruik gemaak. Voorbeelde hiervan is liefdadigheidsinstellings soos die Ford Foundation en die Kellogg Foundation, wat as reuse organisasies aan die regsverkeer deelneem.

Die rede waarom die stigting by die nastreef van ideële doelstellings bo die verenigingsregspersoon verkies word, is dat lede dikwels nie 'n persoonlike belang by die bereiking van die ideële doelstellings het nie. Dit lei meestal tot 'n gebrek aan belangstelling en swak bywoning van vergaderings, wat weer besluitneming bemoeilik.²⁴³⁾ By die stigting word spesifiek vereis dat die bestuurder(s) vasgestelde opdragte ter bevordering van die gestelde doel moet uitvoer. Probleme wat met die deelname van lede aan die aktiwiteite van die vereniging ondervind word, word dus eintlik nie by 'n stigting (met sy meer "outokratiese" bestuurswyse) ondervind nie.²⁴⁴⁾

Die familiestigting word al minder in Suid-Afrika aangetref en dit lyk asof die stigtingsregspersoon hier te lande ook merendeels in die vorm van groot bestuursorganisasies (sonder lede) deur middel van bestuurders en werknemers ter bereiking van 'n ideële doel aan die regsverkeer deelneem. Voorbeelde van sodanige stigtingsregspersone is die Suid-Afrikaanse Natuurstigting, die Gereformeerde Stigting en die Stigting Simon van der Stel. Al hierdie organisasies word daardeur gekenmerk dat hulle geen lede het nie; dat daar vasgestelde (ideële) doelstellings bestaan; dat daar ter nakoming van die doelstellings 'n vermoë ingesamel en aangewend word en dat daar 'n persoonsverband in die vorm van bestuurders bestaan.

Die oprigting van 'n stigting kan eensydig (deur middel van 'n testament) of meersydig (deur middel van 'n gesamentlike, nie-kontraktuele regshande-

242) Kraan-Brinker 1962 229-239; Bogaerts 1973 32-35; Polak 1956 44-56; Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 339.

243) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 323; Dijk 1978 181-182.

244) Polak 1956 48-49.

ling) geskied. Die doelstellings en funksioneringswyse van die stigting moet tydens die oprigtingshandeling vasgestel word. Daar hoef nie noodwendig 'n vermoënsafsondering by die oprigting van 'n stigting te wees nie, maar die insamel van 'n vermoë vir ideële oogmerke kan ook as doelstelling gestel word.²⁴⁵⁾

Van groot belang is dat stigtinge wat beoog om geld vir die een of ander ideële doel in te samel, aan die voorskrifte van die Wet op Fondsinsembling²⁴⁶⁾ moet voldoen. Hierdie wet skryf onder meer voor dat geen organisasie geld mag insamel alvorens nie deur die Direkteur van Fondswerwing skriftelik toestemming daartoe verleen is nie.²⁴⁷⁾ Daar word ook voorskrifte vir die wyse van aansoek, optrede van insamelaars en die aanwending van geld gestel.

Die stigtingsregspersoon funksioneer kragtens die doel en reëls van die stigting, soos deur die oprigter(s) bepaal. Die bestuurder(s) is ('n) orgaan(e) van die stigting. Omdat die stigting uit organe saamgestel is, is regshandelinge van die orgaan/e, wat in ooreenstemming met die doel en reëls uitgevoer is, die regshandelinge van die stigting.²⁴⁸⁾ Besluite van 'n stigting word deur die bestuurder/s ooreenkomstig die doel en reëls geneem.²⁴⁹⁾

Die moontlikheid bestaan dat die stigtingsregspersoon as bestuursorganisasie (in navolging van ander regstelsels) in die toekoms in 'n veel groter mate in Suid-Afrika gebruik sou kan word. Vanweë die feit dat die trust nie huidige in Suid-Afrikaanse reg as 'n regspersoon erken word nie, bestaan daar heelwat kwelvrae ten opsigte van die trustfiguur as bestuursorganisa-

244) Polak 1956 48-49.

245) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 329. Die vermoë vorm nie die regspersoon nie, maar die bestuursverband wel.

246) Wet 107 van 1978, soos gewysig deur Wette 41 van 1980, 19 van 1981 92 van 1981.

247) Art 4.

248) Asser-Van der Grinten 1980 dl 2/II 343-351; Van der Vyver en Van Zyl 1982 396.

249) Sien 4.3.5, 4.3.6 en 4.3.7 hierbo.

sie.²⁵⁰⁾ Een van die grootste besware teen die gebruik van die trust in sodanige gevalle is dat die trustee(s), uit hoofde van die feit dat die trust nie 'n regspersoon is nie, as eienaar(s) van die trustvermoë aangewys word.²⁵¹⁾ Die meningsverskil wat tans in hierdie verband tussen juriste bestaan, is 'n aanduiding dat die regsposisie van trustees nog nie in die Suid-Afrikaanse reg klinkklaar uitgemaak is nie.²⁵²⁾

Die nodigheid vir die gebruik van die trustfiguur sou in die geval van bestuursorganisasies egter sonder veel moeite deur die stigtingsregspersoon ondervang kon word. Albei hierdie regsfigure word gebruik om 'n afgesonderde vermoë vir 'n bepaalde ideële doel aan te wend. Die vernaamste voordeel van 'n stigting is egter dat dit as regspersoon erken word, terwyl daar geen regspersoonlikheid aan die trust verleen word nie.

Die waarde van die trustfiguur kan egter nie heeltemal ontken word nie.²⁵³⁾ Veral in die geval van 'n bestorwe boedel, waar 'n vertrouenspersoon as trustee vir 'n aantal erfgename optree, of waar prokureurs en eiendoms-agente geld namens kliënte in trust hou (die sogenaamde persoonlike trusts)²⁵⁴⁾ is die gebruik van die trustfiguur noodsaaklik. In die geval van bestuursorganisasies van meer korporatiewe aard, wat veral met liefdadigheidsorganismes in die regsverkeer optree, sou dit stigting myns insiens 'n gepaste regsvorm wees.

250) Van Zyl 1976 4-9.

251) *CIR v MacNeillie's Estate* 1961 3 SA 833 (A). Vir 'n uiteensetting van die verskillende standpunte wat met betrekking tot die voor- en nadele van die eiendomsreg van die trustee(s) op trustgoedere bestaan, raadpleeg De Villiers, Henning en Gardiner 1980 37. Dit val buite die bestek van hierdie proefskrif om volledig op hierdie meningsverskil in te gaan.

252) Kyk veral na die meningsverskil wat daar tussen Honoré 1969 127-130 en 1976 2 en Joubert 1968 130 bestaan.

253) Joubert 1951 209 verklaar dat dit beter is om die trustfiguur te gebruik waar die doel tydelik of kortstondig is, terwyl die stigtingsregspersoon meer geskik is waar langdurige of permanente doelstellings nagestreef word wat geriefliker deur 'n regspersoon behartig kan word.

254) Van Zyl 1976 3-4.

5.3.4 'n Voorgestelde registrasiesistelsel vir verenigings en stigtinge

By die bespreking van die regsposisie van verenigings sonder regspersoonlikheid was die slotsom dat die kontraktuele aard en eiensortige kenmerke van hierdie klubs nie veel probleme hoef te skep in gevalle waar dit informele verenigings met 'n beperkte ledetal en eenvoudige doelstellings is nie. In Suid-Afrika kom daar egter 'n hele aantal klubs voor wat nie op so 'n eenvoudige wyse aan die regsverkeer deelneem nie. 'n Voorbeeld hiervan is die Jokkieklub van Suid-Afrika, 'n organisasie met duisende lede, 'n aansienlike vermoë en uitgebreide regsbelange.

Sommige klubs (hoewel nie almal nie) voldoen voorts aan die gemeenregtelike vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid. Hoewel 'n klub kragtens die Engelse konsessiesisteesem nie 'n regspersoon kan wees nie, geld die konsessiesisteesem nie (meer) in Suid-Afrika nie en is klubs in die verlede al as regspersone erken.²⁵⁵⁾ Vir die handhawing van regsekerheid skep dit egter 'n probleem indien sommige klubs as regspersone erken word en ander nie, want dan kan derdes vanweë die onsekerheid daaroor of die klub wel 'n regspersoon is, ernstig benadeel word. Dit sal naamlik ten minste die las op derdes plaas om vas te stel of die klub aan die gemeenregtelike vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid voldoen al dan nie. So iets sal die regsverkeer ernstig strem.

Hierdie probleem kom ten opsigte van alle verenigings voor.²⁵⁶⁾ Uys²⁵⁷⁾ skryf dit aan die onduidelikheid van die gemeenregtelike vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid toe. Hy vertolk egter myns insiens die vereistes nie korrek nie. Na my mening is die vereistes soos deur die Appèlhof in die *Morrison*-saak gestel, heeltemal duidelik. Die probleem is egter daarin geleë dat dit moeilik en selfs onmoontlik is vir derdes om vas te stel of hierdie eienskappe by 'n vereniging voorkom. Dit is gewoonlik eers die hof wat *ex post facto* daadwerklik kan vasstel of aan hierdie gemeenregtelike vereistes voldoen is al dan nie.

255) In *Morrison v Standard Building Society* 1932 AD 229 is die bestaan van die konsessiesisteesem ontken. In *Silverman v Silver Slipper Club* 1932 TPD 355 is 'n klub vir die doeleindes van die Insolvensiewet as 'n *persona* erken. Kyk ook Bamford 1982 130.

256) Sien byvoorbeeld *Webb & Co Ltd v Northern Rifles* 1908 TS 462.

257) 1961 10-11.

Dit kan ook gebeur dat 'n vereniging van persone verkeerdelik onder die indruk verkeer dat hulle aan al die vereistes vir die verwerwing van regs= persoonlikheid voldoen, maar dat dit in werklikheid nie die geval is nie. In sodanige geval het daar geen regspersoon tot stand gekom nie, wat ver= reikende gevolge vir die lede, derdes of albei groepe kan inhou.

Ten einde regsekerheid te bevorder, is dit na my mening van die grootste belang om deur wetgewing 'n eenvoudige registrasiesetel van verenigings en stigtinge (soos tans in Nederland en Duitsland geld) in te stel. Ver= enigings en stigtinge wat regspersoonlikheid verlang en wat aan die ver= eistes vir die toekenning van regspersoonlikheid voldoen, verkry dan eers nā registrasie volledige²⁵⁸⁾ regspersoonlikheid.

Die gebruik van so 'n registrasiesetel kom nie noodwendig op 'n toepas= sing van die konsessiesisteen neer nie.²⁵⁹⁾ So 'n registrasiesetel bui= te die konsessiesisteen hou die volgende in:

- regspersoonlikheid word steeds aan die hand van die gemeenregtelike vereistes toegeken;
- 'n vereniging wat aan hierdie vereistes voldoen, is wel 'n regsper= soon en die interne regsverhoudinge en eiendomsposisie word reeds voor registrasie aan die hand van die gemeenregtelike vereistes en die voorskrifte van die regspersonereg gereël;
- voor registrasie is lede persoonlik teenoor buitestaanders aanspreek= lik vir orgaanshandeling wat namens die regspersoon uitgevoer is;
- registrasie vervul dan die funksie dat die regspersoonlikheid aan buitestaanders bekend gestel word en dat lede nie meer persoonlik aanspreeklik gehou kan word vir regshandeling wat hulle as organe van die regspersoon aangegaan het nie.

258) Vir 'n uiteensetting van die volledige en beperkte regspersoonlik= heid wat in die Nederlandse verenigingsreg aan verenigings verleen word, kyk 5.3.1.1.3 hierbo.

259) Sien Nederlandse reg 5.3.1.1.3 hierbo.

In so 'n stelsel is dit wenslik om organe van 'n ongeregisteerde regsper-
soon persoonlik vir regshandelinge wat hulle uitgevoer het, aanspreeklik
te kan hou. Dit kan selfs oorweeg word om aan derdes 'n keuse te gee of
hulle die handelende orgaan of die ongeregisteerde regs persoon aanspreek-
lik wil hou. Dit sal meebring dat derdes tweemaal sal dink voordat hulle
regshandelinge met organe van 'n ongeregisteerde verenigingsregspersoon
aangaan en indien hulle dit wel doen, sal die derde ten minste weet wie
om aanspreeklik te hou. Voorts sal dit organe van so 'n ongeregisteerde
verenigingsregspersoon hopelik tot groter versigtigheid stem (en moontlik
aanmoedig tot registrasie, veral waar 'n vereniging dikwels aan die regs=
verkeer deelneem) vanweë die persoonlike aanspreeklikheid wat so 'n lid
andersins kan oploop. Sodra 'n vereniging geregistreer is, verkry die regs=
persoonlikheid daarvan dan algemene bekendheid en word die persoonlike aan=
spreeklikheid van organe vir orgaanshandelinge uitgesluit. So 'n registra=
sistelsel sal tot gevolg hê dat daar geregistreeerde verenigingsregspersone
bestaan wat as *personae* in die regsverkeer optree, asook ongeregisteerde
verenigingsregspersone waar buitestaanders na eie keuse of die regs persoon
self of die individuele lede wat orgaanshandelinge aangegaan het, aanspreek=
lik kan hou. Dat daar wel 'n behoefte aan informele verenigings sonder regs=
persoonlikheid bestaan, blyk uit die talle sosiale en sportklubs wat op 'n
baie informele wyse opgerig en bestuur word en dikwels 'n beperkte bestaan
het.²⁶⁰) Klubs en genootskappe, wat nie aan die vereistes vir die toekenning
van regs persoonlikheid voldoen nie, kan nie geregistreeer word nie en hulle
regsposisie bly dan soos in 5.2 hierbo uiteengesit is.

Dit is wenslik dat die doelstellings, konstitusie en die name van persone
wat as organe van die regs persoon optree, geregistreeer word. Enige derde
party kan dan by die aangaan van 'n regshandeling vasstel of hy met 'n regs=
persoon of met iemand wat in sy persoonlike hoedanigheid optree, te doen het.
Vir die lede van die regs persoon sal dit ook groter regsekerheid verskaf.

Deur toe te sien dat die hoedanigheid waarin hy handel, in die register
opgeneem word, kan 'n lid voorkom dat hy persoonlik vir 'n orgaanshande=

260) Raadpleeg die ondersoek van die Departement van Volkswelsyn en Pen=
sioene (1964) ten opsigte van informele klubs vir bejaardes. Daar=
volgens het 16% van alle klubs vir bejaardes minder as 25 lede en
61% minder as 50 lede gehad (p 7). Raadpleeg ook Oleck 1980 96.

ling aanspreeklik gehou word.

Die moontlikheid bestaan ook dat verenigings met ideële doelstellings wat bevestiging van hulle regs persoonlikheid verlang, kragtens artikel 21 van die Maatskappywet 61 van 1973 ingelyf kan word. Aangesien maatskappye egter in die Suid-Afrikaanse reg op 'n eiesoortige wyse uit die Engelse reg ontwikkel het en die maatskappybegrip meestal die beeld van 'n handels-onderneming (wat op winsbejag ingestel is) voor die gees roep, is ek van mening dat 'n registrasiestelsel vir gemeenregtelike verenigingsregspersone en stigtinge die beste wyse is om erkenning aan die Romeins-Hollandse onderbou van hierdie entiteite te verleen. Die feit dat die huidige toepassing van artikel 21 van die Maatskappywet nie regsekerheid ten opsigte van verenigingsregspersone bewerkstellig nie, is 'n aanduiding daarvan dat bykomende maatreëls vereis word. Ek is voorts van mening dat dit nodig is om die artikel 21-prosedure te vervang met statutêre maatreëls wat met die eie aard van die verenigingsregspersoon rekening hou. Die feit dat daar tans die moontlikheid bestaan dat die individuele aanspreeklikheid van die lede deur die gebruik van 'n gemeenregtelike regspersoon uitgesluit kan word, maak die gebruik van die artikel 21-inlywing onnodig. Daarom word hierdie prosedure inderdaad min gebruik, wat uit die oogpunt van regsekerheid besliste nadele inhou.

'n Verdere nadeel van die artikel 21-inlywing is dat daar steeds aan mees- te van die formaliteite en vereistes, soos gestel deur die Maatskappywet, voldoen moet word. So moet daar byvoorbeeld jaarliks geouditeerde finansiële state deur so 'n ingelyfde vereniging ingedien word,²⁶¹ hoewel daar nie enige jaargeld betaalbaar is nie. Dit lei daartoe dat verenigings wat die moeite ontsien om geouditeerde finansiële state in te dien, hulle daarvan weerhou om die inlywingsprosedure van artikel 21 te deurloop. 'n Eiesoortige registrasiestelsel vir verenigings en stigtinge wat nie die bogenoemde beperkinge meebring nie, sou na my mening maklik toepasbaar wees en tot groter regsekerheid aanleiding gee.

Daar moet egter beklemtoon word dat die regsposisie van die verenigingsregspersoon en die vereniging sonder regs persoonlikheid streng van mekaar onder-

261) Art 21(3) van die Maatskappywet 61 van 1973 bepaal dat art 49(1) (c) en 174 nie op art 21-maatskappye van toepassing is nie.

skei moet word.²⁶²⁾ Dit kan nooit tot gewenste resultate lei as daar 'n vermenging van die eienskappe van hierdie twee regsfigure sou plaasvind nie. Die onsekerheid wat tans in die Suid-Afrikaanse verenigingsreg oor die regsposisie van verenigings bestaan, is juis (soos hierbo betoog is) aan die vermenging van onversoerbare regsbeginself uit twee heeltemal verskillende regsfamilies toe te skryf. Daarom is dit wenslik dat verenigings wat aan die vereistes vir die toekenning van regs persoonlikheid voldoen, as regspersone steeds nougeset van verenigings sonder regs persoonlikheid onderskei word. Die enigste nadeel wat ongeregistreerde verenigingsregspersone dan kan tref, is dat daar met groter omsigtigheid in die regsverkeer opgetree sal moet word, aangesien die organe daarvan persoonlik aanspreeklik gehou sal kan word. Verenigingsregspersone wat nie die onkoste en formaliteite van 'n registrasiehandeling wil aangaan nie, of wat so selde aan die regsverkeer deelneem dat registrasie as onnodig beskou word, se interne regsposisie kan dan steeds aan die hand van die gemeenregtelike beginself van toepassing op regspersone gereël word.

262) Vgl in die verband die onderskeid wat Maasdorp 1968 dl 1 238-239 tussen die regsposisie van die twee verskillende entiteite maak.

HOOFSTUK 6

DIE REGSPOSISIE VAN GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Die benaming *Gereformeerde kerk* dui gewoonlik in die algemene omgangstaal op die *Gereformeerde kerke in Suid-Afrika* as kerkgroep. Tog hou hierdie benaming vir Gereformeerde teoloë nie daardie betekenis in nie, maar verwys dit na 'n Gereformeerde kerk in plaaslike sin, naamlik 'n gemeente of 'n versameling gelowiges op 'n bepaalde plek.¹⁾ Die vraag of so 'n kerk 'n vereniging is en indien wel, of dit as 'n genootskap of 'n regs persoon getipeer kan word, ontstaan dikwels onder lidmate, buitestaanders en van regsweë.²⁾ Ten einde presies vas te stel wat die aard van hierdie versameling natuurlike persone in die regsverkeer is, is dit belangrik om vas te stel wat die terme *kerk* en *kerkverband* in die Gereformeerde dogmatiek beteken. Aansluitend hierby moet die optrede van die versameling lidmate in die regsverkeer ondersoek word, aangesien die verlening of weerhouding van regs persoonlikheid aan groepe persone nie slegs van 'n uitdruklike verklaring van die lidmate met hierdie strekking afhang nie, maar daarvan of dit op grond van bepaalde kenmerke wat 'n groep persone in die regsverkeer openbaar, verleen of weerhou kan word.³⁾

6.1 Suid-Afrikaanse regspraak betreffende kerkgroepe

Dit wil voorkom asof die howe in Suid-Afrika nie die regsposisie van die

-
- 1) Nederlandse Geloofsbelijdenis (NGB) art 28; Bavinck 1911 dl 4 319; Du Plooy 1982 93; Van der Linde 1965 20.
 - 2) Fourie 1980 236 en 302; Roeleveld 1980 5; Spoelstra 1979 47 en 1980 42. Hierdie vraag het tov die NG kerk in die sake *Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1(A) op 13 en *De Vos v Ringskommissie van die Ring van die NGK, Bloemfontein* 1952 2 SA 83 (O) op 93 na vore gekom. Vir 'n omskrywing van die begrip *genootskap*, raadpleeg vne 5 en 88 by hoofstuk 5 hierbo, asook teks by verwysing 181 hieronder.
 - 3) Sien 4.2.2 hierbo. Daar kan nie met Du Plooy 1982 409 se stelling dat die Gereformeerde kerk nie 'n regs persoon kan wees nie omdat die sinode nog nooit so besluit het nie, saamgestem word nie.

verskillende kerkgroepe van mekaar onderskei nie. Die Gereformeerde kerk⁴⁾ is aanvanklik deur die Hooggeregshof van die Oranje-Vrystaat as 'n gemeenregtelike regspersoon bestempel. In *Venter e.a. v Den Kerkeraad der Gereformeerde Kerk te Bethulie*⁵⁾ is in 1879 beslis dat die eiendomsreg op kerk-eiendom van gemelde kerk nie pro-rata aan die lidmate toekom nie, maar dat die kerk te Bethulie 'n regspersoon is wat in eie reg eienaar van die kerk-goedere is. Dit word uitdruklik gestel:

"Met het oog op de hierboven aangehaalde outoriteiten (Voet) heb ik geenen twijfel dan dat de Gereformeerde Kerk van Bethulie een geldelijk lichaam is, of eene corporatie; en dat zoodanige corporatie geene uitdrukkelijke outorisatie noodig heeft Naar mijn oordeel dus is de kerk van Bethulie eene corporatie, en as zulks kunnen de goederen dier corporatie niet aan de leden, door wien zij bijgedragen zijn, trug worden gegeven."⁶⁾

Die regter vermeld voorts dat die Gereformeerde kerk te Bethulie nie 'n *societas* (genootskap of vennootskap) wat op kontrak gegrond is, kan wees nie: "... het is een corporatie, bestaande uit mensch-personen, dat, eene zoodanige vereeniging die voortblijft te bestaan al zouden al het oorspronkelyke leden verwisseld zijn en andere in hunne plaats gekomen"⁷⁾

Ook kerke uit ander kerkgroepe is aanvanklik as gemeenregtelike regspersone of korporasies omskryf. In *Dutch Reformed Church, Van Wijsks Vlei v Regis-*

-
- 4) Die term Gereformeerde kerk in plaaslike sin dui op 'n Gereformeerde gemeente - vgl Snyman 1977 37; Spoelstra 1977 51 en 1979 48; Van der Linde 1965 20; Bavinck 1911 dl 4 300. Op die problematiek van die term Gereformeerde kerk om 'n bepaalde kerkverband aan te dui, word hieronder by 6.4.2.2.1. ingegaan.
- 5) 1879 OVS 4.
- 6) 1879 OVS 4 op 6.
- 7) Ibid. Die regter steun veral op die onderskeid wat Voet tussen 'n *universitas hominum* (korporasie) en 'n *societas* gemaak het (Voet 3.4.1 en 17.2.1). Die *societas*-begrip hou oa in dat 'n vereniging op kontrak berus en die lede mede-eienaars van die afgesonderde vermoë is. Voortbestaan ongeag die wisseling van lede was egter nie 'n kenmerk by die Romeinse *societas* nie. By verenigings sonder regspersoonlikheid is hierdie kenmerk uit die Engelse klubreg afkomstig.

trar of Deeds⁸⁾ verklaar regter Gardiner uitdruklik dat die plaaslike Nederduits-Gereformeerde gemeente te Vanwyksvlei nie 'n *societas* nie, maar wel 'n regspersoon is. Ook in die sake *Louvia and others v Oiconomos and others*⁹⁾, *Peach and Co. v The Jewish Congregation of Johannesburg*¹⁰⁾ en *Prinsloo and others v Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Church*¹¹⁾ word Griekse, Joodse en Nederduits-Gereformeerde kerke as gemeenregtelike regspersone omskryf.

Dit is dus duidelik dat die kerke uit verskillende kerkgroepe aanvanklik deur die houe in die Kaap, Transvaal en die Vrystaat as gemeenregtelike regspersone aangemerkt is. Tog moet 'n mens uit die huidige regspraak aflei dat kerke in die algemeen nie meer as gemeenregtelike regspersone omskryf word nie, maar as genootskappe (vrywillige verenigings) wat uit onderlinge kontraksluiting ontstaan. Daar het ná die *Venter*-saak nog geen verdere sake in verband met die regsposisie van 'n Gereformeerde kerk in 'n hof-gedien nie, maar uit onlangse hofuitsprake kan die afleiding gemaak word dat die houe *alle* kerke as vrywillige verenigings wat op kontrak berus, tipeer.

Appèlregter Jansen verklaar in *Theron v Ring van Wellington, NG Sending=kerk in SA*¹²⁾ dat kerke in die algemeen as vrywillige verenigings (genootskappe) wat op kontrak gegrond is, aangemerkt moet word. Hieruit kan geen ander afleiding gemaak word as dat die regsposisie van kerke nie van dié van jokkieklubs, sportverenigings en sosiale verenigings verskil nie. Daar word dan in hofuitsprake ook sterk op die beginsel van die Engelse klubreg

8) 1918 CPD 375 op 377 en 378.

9) 1917 TPA 465 op 476.

10) 1894 1 Off Rep 345.

11) 1889-1890 3 Barber 220 op 223.

12) 1976 2 SA 1(A) op 25: "Dit is reeds genoem dat die respondente nie aanspraak maak op groter immunitet teen ingryping deur die Hof as die wat deur die organe van 'n nie-kerklike genootskap ("voluntary association") geniet word nie. Trouens, op hierdie terrein is kerke nog altyd in ons regspraak op dieselfde grondslag as sodanige genootskappe handel." Sien ook *Van Vuuren v Kerkraad Morelig Gemeente, NG Kerk* 1979 4 SA 548 (0) op 557; *Long v Bishop of Cape Town* 1963 4 Searle 162 op 176; *Du Plessis v The Synod of the DR Church* 1930 CPD 403 op 414, 417 en 426; *Odendaal v Van Loggerenberg en andere* 1961 1 SA 712 (0) op 717; *De Vos v Die Ringskommissie van die Ring van die NGK, Bloemfontein* 1952 2 SA 83 (0) op 93; *Bredell v Pienaar* 1922 CPD 578 op 581; *De Waal v Van der Horst* 1918 TPD 277 op 281.

gesteun wanneer oor kerklike sake uitsluitel gegee moet word. Die kerkorde word as die konstitusie of grondwet van die kerk (wat telkens op 'n kontrak berus) aangewys en dit moet dan volgens die gewone beginsels wat op kontrak- te van toepassing is, vertolk word.¹³⁾

Uit die voorafgaande uiteensetting van die regsposisie van die gemeenreg- telike regspersoon in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg kon geen aan- duiding gevind word dat die regspersoon op kontrak berus nie.¹⁴⁾ Die vraag ontstaan waar die beginsel vandaan kom dat kerke se regsraad (soos dié van vrywillige verenigings sonder regspersoonlikheid) op kontrak berus. Dit is verder 'n ope vraag of dit billik is dat die Suid-Afrikaanse regspraak son- der meer op die standpunt staan dat alle kerke vrywillige verenigings is sonder om op die wese van elke kerk en die optrede van sodanige kerk in die regsverkeer te let.¹⁵⁾ Myns insiens is dit nie korrek om te beweer dat kerke *nog altyd* in Suid-Afrika as vrywillige verenigings wat op kontrak berus, getipeer is nie.¹⁶⁾

6.2 Engelsregtelike invloed

Die huidige standpunt wat die Suid-Afrikaanse howe ten opsigte van die regs- posisie van kerke inneem, kan hoofsaaklik aan Engelsregtelike beïnvloeding toegeskryf word. By 5.1.2 hierbo is 'n uiteensetting van die toepassing van die konsessiesisteen op samewerkingsgroepe gegee en is die Engelsregtelike onderskeid tussen *incorporated associations en unincorporated associations* beklemtoon.¹⁷⁾ Hoewel die konsessiesisteen nie meer in die Suid-Afrikaanse

13) *Van Vuuren*-saak 557; *De Vos*-saak 94 en 95.

14) 2.1.2.4 en 2.3.2.3 hierbo.

15) *De Waal v Van der Horst* 1918 TPD 277 op 281: "De Nederduitsch Her- vormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, like all other reli- gous societies in the Province, is a voluntary association, and the law to be applied is the law applicable to such associations." (Kursivering myne.) *Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1 (A) op 25: "Trouens, op hierdie terrein is kerke *nog altyd* in ons regspraak op dieselfde grondslag as sodanige genootskap- pe behandel." (Kursivering myne.)

16) *Theron*-saak 25.

17) Kyk ook 4.2.4.5 hierbo.

reg geld nie,¹⁸⁾ het dit tog 'n belangrike invloed op die regspraak in verband met die verenigingsreg uitgeoefen.

Hierdie beginsels kom in die Engelse regspraak duidelik in *Free Church of Scotland v Overtown*¹⁹⁾ na vore. Die *Free Church of Scotland*, wat nie met staatsinmenging in kerklike sake genoeg geneem het nie, het in 1843 van die *Established Church* (wat op grond van koninklike oktrooi tot stand gekom het) afgeskei. Omdat die *Free Church* nie deur middel van koninklike oktrooi of wetgewing ontstaan het nie, is dit as 'n vrywillige vereniging wat op kontrak berus, aangemerkt.²⁰⁾ Hierteenoor word sowel die *Church of England* as die *Established Church of Scotland* op grond van die verlening van owerheidstoestemming vir die totstandkoming daarvan as regspersone bestempel.²¹⁾

In Suid-Afrika is presies dieselfde beginsels op plaaslike kerke toegepas. In *Long v Bishop of Cape Town*²²⁾ word verklaar dat die *Church of England* in Suid-Afrika nie deel van die *Established Church* is nie - dit is 'n genootskap wat op kontrak berus. Hierdie standpunt is ook nagevolg in *De Waal v Van der Horst*²³⁾ en latere sake,²⁴⁾ waar beslis is dat kerke vrywillige verenigings of genootskappe is wat deur kontraksluiting opgerig

18) *Morrison v Standard Building Society* 1932 AD 229; daarna weer telkens deur die houe bevestig.

19) 1904 AC 505. Raadpleeg ook Smith 1914 39 ev.

20) *Free Church*-saak 513: "... (T)he question is one primarily of contract, and secondly, of trust springing from that contract" Smith 1914 44 sê: "This celebrated case is worth dwelling upon at some length, because it is the best illustration of what is the logical outcome of the strict contract doctrine as applied to such associations. The different conclusions at which the judges arrived should not blind us to the fact that there was a genuine agreement (from the purely legal point of view) upon the root principle."

21) Smith 1914 3.

22) 1863 4 Searle 162 op 176: "The Church of England in places where there is no Church established by law, is in the same situation with any other religious body..." en op 177: "... (F)or the purpose of the contract between plaintiff and defendant, we are to take them as having contracted that the laws of the Church of England shall, though only as far as applicable here, govern both."

23) 1918 TPD 277 op 281.

24) Let veral op die bevestiging hiervan in *Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1 (A) op 25.

word en funksioneer. Dit is dus duidelik dat die beginsels van die Engels-regtelike konsessiesisteen hier te lande gebruik is om die brug na die genootskapsgedagte te slaan. Dit hou in dat 'n kerk 'n genootskap is en dat die kerkorde die konstitusie of kontraktuele reëls van sodanige genootskap uitmaak. 'n Regspersoon kan daarvolgens slegs deur uitdruklike owerheids-toestemming ontstaan en alle ander groepe is dan hoogstens vrywillige verenigings wie se regsposisie na die analogie van klubs deur die hof beoordeel word. Die konsessiesisteen is nie meer in Suid-Afrika van toepassing nie, maar tog gee die Suid-Afrikaanse howe tans nie uitsluitel oor die vraag of kerklike "genootskappe" regspersone is al dan nie.

Dat hier geen Romeins-Hollandse regsbeginsele toegepas word nie, spreek vanself. Verder word hierdie beginsels op alle kerke in Suid-Afrika van toepassing gemaak weens die besondere verhouding wat daar in Suid-Afrika sedert die volksplanting tussen staat en kerk bestaan het.

6.3 Die staat-kerk-verhouding sedert die volksplanting

6.3.1 Vroeë geskiedenis

Kerke in Suid-Afrika was aanvanklik volkome onder owerheidsbeheer. Die geestelike versorging van die eerste Nederlandse setlaars is tot 1665 deur sieketroosters in diens van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie behartig. Die sieketroosters is ná ondersoek deur en met goedkeuring van die klas-sis van die Gereformeerde kerk te Amsterdam deur die Kompanjie aangestel. Die sieketroosters was dus amptenare in diens van die Kompanjie en die Politieke Raad het in die Kaap oor hulle werksaamhede toesig gehou.²⁵⁾

Na 1665 is die eerste gereformeerde gemeente onder die Nederlandssprekende bevolking gestig. Hoewel die Kommandeur aan die Kaap toe nie meer regstreeks oor godsdienstige aangeleenthede toesig gehou het nie, het dit nie selfstandigheid vir die eerste gemeente en latere kerke beteken nie. Alle kerkraadsbesluite asook dubbeltalle vir die verkiesing van ouderlinge en diakens moes eers vir goedkeuring aan die Politieke Raad voorgelê word. Sedert

25) Jooste 1946 43-45; Kleynhans 1974 13.

1745 het die Kommissaris-Politiek alle kerkraadsvergaderings bygewoon.²⁶⁾

6.3.2 De Mist se Kerkorde

In 1803 het J.A. de Mist in die Kaap aangekom met 'n hervormingsplan wat alle godsdienstige aangeleenthede in die Kaap moes reël. De Mist se Kerkorde vir alle kerke aan die Kaap, met 'n gedeelte wat spesifiek vir die Hervormde kerk (voorloper van die huidige Nederduits-Gereformeerde kerk) voorsiening gemaak het, sien in 1804 die lig. Hierin poog hy om die kerk en staat van mekaar te skei, maar op so 'n wyse dat die kerk in alle opsigte onder die beheer van die staat val.²⁷⁾ Volgens Jooste²⁸⁾ was staatsinmenging by finansiële besluitneming, beroeping van predikante en verkiesing van kerkraadslede van so 'n omvang dat die kerke geeneen van hierdie handeling selfstandig kon uitvoer nie. As gevolg hiervan is die Hervormde kerk feitlik in 'n staatsdepartement verander.²⁹⁾

Die ingrypendste nalatenskap van De Mist is egter die feit dat hy as liberalis en aanhanger van beginsels van die Franse rewolusie³⁰⁾ deur sy Kerkorde 'n heel nuwe kerkbegrip in die Kaap tot stand laat kom het. Jooste³¹⁾ verwoord dit raak:

"De Mist het egter nie meer hierdie kerkbegrip (verwysende na die Calvinistiese kerkbegrip - my invoeging) geken nie, maar het van die nuwe rewolusiegedagte uitgegaan, naamlik dat die kerk niks anders is as 'n gewone menslike vereniging nie. Daarom het hy ook gepraat van kerkgenootskap wat ter bevordering van deug en goeie sedes 'n Hoogste Wese eerbiedig"

26) Jooste 1946 49-66; Kleynhans 1974 14-18.

27) Jooste 1946 90-107; Kleynhans 1974 29-37.

28) Jooste 1946 90-107.

29) Jooste 1946 107.

30) Kleynhans 1974 24 en 109; Jooste 1946 82; Jooste 1958 15.

31) Jooste 1958 15.

Die uitgangspunt van die kerkregering ingevolge De Mist se Kerkorde was die meerderheidsbeginsel van besluitneming soos dit by gewone verenigings toegepas is.³²⁾

6.3.3 Britse beheer

Met die oorname van die Kaap deur Groot-Brittanje in 1806, is die Kaapse Hervormde kerk toegelaat om soos voorheen te bly bestaan. Die enigste ingrypende verskil was dat die owerheid (wat 'n verreikende seggenskap in die kerkregering van die Hervormde kerk gehad het) nou nie meer onder leiding van 'n Nederlandse goewerneur wat self lidmaat van die Hervormde kerk was, gestaan het nie. 'n Britse owerheid, wat gewoon was aan die staatskerkgedagte van die *Church of England*, het nou aan die stuur van kerklike sake gestaan.³³⁾

Die inmenging van staatsweë in kerklike sake is in die Reglement van die Hervormde kerk van 1824 bevestig. Sedert 1837 was daar egter ernstige ontevredenheid in die geledere van lidmate van dié kerk oor die owerheidsinmenging wat onafhanklike kerkregering onmoontlik gemaak het. Dit het gelei tot die Reglement van 1842,³⁴⁾ wat hoofsaaklik opgestel is met die oogmerk om meer selfstandigheid vir die Hervormde kerk te verkry. Aangesien die Kerkorde van De Mist by wyse van wetgewing ingevoer is en die Reglement van 1842 ter vervanging van die Kerkorde van De Mist moes dien, was die algemene gevoel dat die nuwe reglement net die Kerkorde van De Mist sou kon vervang as dit ook deur wetgewing ingestel sou word.³⁵⁾ Dit is dan ook gedoen deur Ordonnansie 7 van 1843 (Kaap), en ofschoon dit die *Separation of Church and State Petition* geheet het, het owerheidsinmenging ook hier nie agterweë gebly nie. Die blote feit dat 'n reglement tot kerkregering in wetgewing vervat moes word, was 'n bevestiging van owerheidsinmenging in kerklike sake.³⁶⁾

32) Ibid.

33) Jooste 1958 19; Jooste 1946 108 ev; Kleynhans 1974 37 ev.

34) Kleynhans 1974 51 en 75 ev.

35) Kleynhans 1974 78; Van der Watt 1973 32.

36) Van der Watt 1973 32-33 en 38; Kleynhans 1974 80.

6.3.4 Ordonnansie 7 van 1843 (Kaap)

Die belangrikste gevolg van hierdie ordonnansie was dat die tipiese Engelsregtelike reëling wat ten opsigte van unincorporated associations gegeld het, op kerke in die Kaapkolonie van toepassing gemaak is. Al was hierdie kerke se prosedure van kerkregering in wetgewing vervat, is die kerke steeds as unincorporated associations bestempel aangesien dit nie deel van die Established Church (Church of England) uitgemaak het nie. Ordonnansie 7 het gevolglik van die Hervormde kerk 'n vrywillige vereniging gemaak en dit het sodoende die opvatting dat die kerk 'n genootskap is (soos dit reeds in die Kerkorde van De Mist na vore gekom het) bevestig.³⁷⁾ Kerke was nog steeds onder beheer van die owerheid, wat die aanstelling van predikante en ander ampsdraers moes goedkeur en steeds op plaaslike en meerdere kerkvergaderings verteenwoordiging gehad het. Van der Watt³⁸⁾ haal ds. G.W.A. van der Lingen in hierdie verband aan:

"Het doet mij leed dat wij verhinderd worden: dat wij daardoor verstoken zullen blijven van de gelegenheid om, met u Weleerwaarden, in te zenden, bij den Wetgevenden raad, het verzoek (dat wij, van u tegemoet zien) om vrij te blijven van het administratief-despotische wetsontwerp, hetwelk aan ons kerkgenootschap dezelfde onvruchtbare moeite, verdeeldheid en scheuring voorspelt, die door dezelfde welgelijkend voorbeeld in de Nederlands Gereformeerde Kerk reeds is veroorzaakt geworden."

Op grond van die feit dat reeds De Mist se Kerkorde soortgelyke owerheidsinmenging in kerklike sake toegelaat het, is die besware van die kerke deur die owerheid genegeer.³⁹⁾

Artikels 1 en 2 van die ordonnansie het dit moontlik gemaak dat iemand lid van die Hervormde kerk kon wees sonder om lidmaat van 'n plaaslike kerk te

37) Kleynehans 1974 139; Van der Watt 1973 36.

38) Van der Watt 1973 35.

39) Ibid.

wees,⁴⁰⁾ wat ook daarop dui dat die Hervormde kerk as kerkgroep as 'n gewone vrywillige vereniging beskou is. Hierdie reëling word weens die kollegialistiese implikasie daarvan deur Gereformeerde teoloë afgekeur, soos later aangetoon sal word.

Aangesien die beginsel dat 'n kerkgenootskap op kontrak berus, nie uit die Romeinse of Romeins-Hollandse reg afkomstig is nie, bestaan daar geen twyfel dat dit die Engelsregtelike beginsel (dat 'n *unincorporated association* op kontrak berus) is wat hier op kerke toegepas word nie. So bepaal artikel 8 byvoorbeeld dat kerklike wette in dieselfde lig en op dieselfde wyse as die kontrakvoorskrifte van 'n vrywillige vereniging vertolk moet word, welke reëls slegs geld vir persone wat hulle vrywillig en kontraktueel tot die nakoming van gemelde reëls verbind het. Artikel 9 verleen aan die lidmate en kerklike vergaderings outonomie in eie sake, met die voorbehoud dat die regbank mag inmeng indien lidmate of kerklike vergaderings nie hulle eie wette nakom of in goeie trou optree nie.⁴¹⁾

6.3.5 Toepassing van Ordonnansie 7

Hierdie beginsels, soos neergelê in Ordonnansie 7, vorm die grondslag van die howe se beoordeling van kerke in Suid-Afrika en dit het ook herhaaldelik in hofuitsprake na vore gekom. So is daar in *Loedolff and Smuts v Murray and Louw*,⁴²⁾ waar die applikante aansoek gedoen het dat slegs verteenwoordigers van die NG kerk in die Kaapkolonie by 'n sinode sitting het, aan die hand van Ordonnansie 7 beslis dat hierdie ordonnansie slegs vir inwoners van die Kaapkolonie geld. Die sinode van die NG kerk in die Kaapkolonie, wat onderworpe aan bepalinge van gemelde ordonnansie is, kon dus slegs uit verteenwoordigers van die NG kerk in die Kaapkolonie saamgestel word. Die sinode as kerklike vergadering is dus onder die jurisdiksie van die Kaapse Hooggeregshof geplaas, wat ingevolge Ordonnansie 7 kon

40) Kleynhans 1974 79; Van der Watt 1973 36 en 39.

41) Kleynhans 1974 79.

42) 1862 4 Searle 86.

besluit wie sitting mag neem in die sinode en wie nie. Daar is onder meer verklaar:

"The ordinance is, in fact, a private law for the government of the Church, and is binding as a mutual agreement between the parties These powers are very limited, scarcely exceeding those the Court will allow a voluntary association."
(op p 89)

Ordonnansie 7 het voorts toepassing gevind in kerksake soos *Loedolff and Smuts v Robertson and others*,⁴³⁾ *Burgers v Du Plessis and others*,⁴⁴⁾ *Long v Bishop of Cape Town*⁴⁵⁾ en *Du Plessis v The Synod of the Dutch Reformed Church*.⁴⁶⁾ Dit het sy beslag in die Appèlhof in die saak *Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA*⁴⁷⁾ gekry, waar appèlrechter Jansen dit sō saamgevat het:

"Trouens, op hierdie terrein is kerke nog altyd op dieselfde grondslag as sodanige genootskappe (vrywillige verenigings - my invoeging) behandel. Dit is 'n benadering wat reeds in 1843 deur die wetgewer aan die Kaap met Ordonnansie 7, wat hoofsaaklik gaan oor die 'Dutch Reformed Church in South Africa', gevestig is. Artikel 8 het onder andere bepaal dat die reëls en regulasies van diē kerk 'shall be regarded in law in like manner as the rules and regulations of a merely voluntary association, and shall be capable of affecting the persons or properties of such persons only as shall be found in the course of any action or suit before any competent Court to have subscribed, agreed to, adopted or recognised the said rules and regulations or some of them in such manner as to be bound thereby *in virtue of the ordinary legal principles applicable to cases of express or implied contract.*'" (Ek beklentoon.)

-
- 43) 1863 Searle 128.
44) 1866 1 Roscoe 385 op 397 en 399.
45) 1863 4 Searle 162 op 176 en 177.
46) 1930 CPD 403 op 414, 417 en 426.
47) 1976 2 SA 1 (A) op 25.

Die hof spreek hom nie uit oor die vraag of die NG kerk 'n regs persoon is nie.⁴⁸⁾ Tog is daar heelwat vroeëre beslissings wat daarop dui dat kerke gemeenregtelike regspersone is.⁴⁹⁾ Sou die Appêlhof dus bevestig dat kerke regspersone is, dan sou dit inhou dat hierdie regspersone op kontrak gegrond is. Hierin is twee teenstrydighede opgesluit:

- die Engelse *unincorporated association* en die Romeinse *societas* was wel op kontrak gegrond, maar geeneen van hulle was regspersone nie;
- die gemeenregtelike regs persoon is nie op kontrak gegrond nie.⁵⁰⁾

In *Van Vuuren v Kerkraad, Mōreilig gemeente, NG kerk*⁵¹⁾ is in die uitspraak vermeld dat die respondent die kerkraad van die Bethlehem-Mōreilig-gemeente van die NG kerk in die Oranje-Vrystaat is, welke liggaam ooreenkomstig die Kerkorde met regsbevoegdheid beklee is. Hieruit kan nie vasgestel word of die hof bedoel het dat die kerkraad, gemeente of die NG kerk in die Oranje-Vrystaat (of moontlik aldrie) met regsbevoegdheid beklee is nie.

Dit is opmerklik dat die regsposisie van kerke nie duidelik deur die hof uiteengesit word nie. Die verwarring wat bestaan, kan hoofsaaklik aan die vermenging van Romeins-Hollandse en Engelse regsbeginsele toe-

48) *Theron*-saak 13; *De Voe v Ringskommissie van die Ring van die NGK, Bloemfontein* 1952 2 SA 83 (O) op 93. Let ook op die gesag aangehaal in vn 2 hierbo.

49) Kyk vne 5 en 8-11 hierbo.

50) Bamford 1982 126 verklaar tereg dat vrywillige verenigings met of sonder regs persoonlikheid in die Suid-Afrikaanse reg bestaan, maar verkeerdelik grond hy albei groepe op kontrak. Hierteenoor verklaar Uys 1961 2, 4, 11 en 16 tereg dat 'n genootskap wat op kontrak be-rus, nie 'n regs persoon is nie. Hy beweer egter verkeerdelik dat kerke genootskappe (dws verenigings sonder regs persoonlikheid) is. Raadpleeg 5.3.2.1 hierbo vir 'n uiteensetting van die standpunt dat gemeenregtelike regs persoon nie kontraktueel van aard is nie. Roeleveld 1980 8 verklaar dat genootskappe altyd regspersone is. Vir kritiek op hierdie standpunt, raadpleeg vne 5 en 88 by hoofstuk 5 hierbo, asook teks by verwysing 181 hieronder.

51) 1979 4 SA 548 (O) op 553.

geskryf word. Die vraag ontstaan gevolglik wat die eiendomsposisie van hierdie gemengde regsfiguur sal wees: kragtens Romeins-Hollandse reg is die regs persoon wat tot stand kom eienaar van die kerkeiendom, terwyl die Engelse reg voorskryf dat die lede van 'n vrywillige vereniging mede-eienaars van die eiendom is. Die NG kerk word dus op grond van sy vroeëre geskiedenis en die voorskrifte van Ordonnansie 7 van 1843 (Kaap) as 'n vrywillige vereniging (regspersoon?) beskou. Aangesien daar geen onlangse hofuitsprake oor die regsposisie van Gereformeerde kerke gemaak is nie, ontstaan die vraag of die howe dieselfde beginsels op Gereformeerde kerke van toepassing sal maak. Daar is 'n sterk aanduiding dat dit wel die geval sal wees, aangesien daar in verskeie sake na kerke in die algemeen as vrywillige verenigings verwys is.⁵²⁾

6.3.6 Slotsom

Gereformeerde kerke kan moeilik onder die voorskrifte van Ordonnansie 7 val, aangesien sodanige kerke by die inwerkingtreding van die ordonnansie nog nie bestaan het nie en daar by die totstandkoming van Gereformeerde kerke in 1859 juis sterk standpunt teenoor owerheidsinmenging in kerklike sake ingeneem is.⁵³⁾ Verder het die eerste Gereformeerde kerke in die destydse Zuid-Afrikaansche Republiek (waar Ordonnansie 7 nie gegeld het nie) tot stand gekom en eers daarna het Gereformeerde kerke in die Kaapkolonie en Oranje-Vrystaat ontstaan. In die Oranje-Vrystaat is in 1879 in die saak *Venter en anderen v Den Kerkeraad der Gereformeerde Kerk te Bethulie*⁵⁴⁾ ononwonde beslis dat 'n Gereformeerde kerk 'n korporasie of gemeenregtelike regspersoon is en nie 'n *societas* (wat op kontrak berus) nie.

Dit sal veel suiwerder wees om 'n Gereformeerde kerk as 'n gemeenregtelike regspersoon, wat nie op kontrak nie maar op interne verbandsreg

52) Vgl *Long v Bishop of Cape Town* 1863 4 Searle 162 op 176; *Theron*-saak 25.

53) Jooste 1958 57.

54) 1879 OVS 4 op 6.

berus (soos wat die geval in die Nederlandse reg is), te omskryf.⁵⁵⁾
 Dit is 'n suiwerder toepassing van Romeins-Hollandse regsbeginself, sonder om met die gemengde beginsels van 'n *incorporated association* waar aan regspersoonlikheid verleen is (teenstrydig met Engelsregtelike beginsels), te werk.

Daar bestaan 'n aantal praktiese probleme indien die Gereformeerde Kerkorde as 'n kontrak omskryf sou word en die toe- en uittrede van lidmate aan die hand van kontrakbeginsels verklaar moet word, wat hieronder vollediger bespreek sal word.⁵⁶⁾ Voorts is daar prinsipiële besware teen die beskouing dat die kerk 'n vrywillige vereniging is wat op kontrak berus - kortweg gestel, negeer dit die ewigheidsbestemming van die kerk asook die feit dat lidmate deur God uitverkies is.⁵⁷⁾

Die Romeins-Hollandse regspersoonbegrip bied 'n veel beter verklaring vir die regsposisie van kerke as die Engelsregtelike genootskapsgedagte, wat primêr op kontrak en die trustbeginsel berus, soos reeds by 5.2.6 en 5.3.2.5 hierbo bevind is.

6.4 'n Onderzoek na die dogmatiek en optrede van Gereformeerde kerke

Ten einde vas te stel wat die regsposisie van Gereformeerde kerke in die regsverkeer is, moet die dogmatiese struktuur van hierdie kerke eerstens ondersoek word. Aansluitend hierby sal dan ook op die wyse waarop hierdie kerke in die regsverkeer optree, gelet moet word.

-
- 52) Vgl *Long v Bishop of Cape Town* 1863 4 Searle 162 op 176; *Theron*-saak 25.
- 53) Jooste 1958 57.
- 54) 1879 OVS 4 op 6.
- 55) Asser-Van der Grinten 1980 bd 2/II 162, 164 en 186 ev; Van der Velden 1969 63. Vgl ook 5.3.1.1 hierbo.
- 56) Sien 6.4.2.1.1 hieronder.
- 57) O'Brien Geldenhuys 1945 349; Fourie 1973 132; Van der Linde 1965 19; Spoelstra 1977 50.

Ten
 KO
 as
 kontrak

6.4.1 Dogmatiese struktuur

231 'n Gereformeerde kerk word deur Gereformeerde teoloë met die Griekse term *ekklesia* omskryf, wat meerduidend is deurdat dit op sowel die kerk in plaaslike sin (in algemene omgangstaal 'n gemeente) as die universele kerk slaan.⁵⁸⁾ Die term *ekklesia* word vir die plaaslike en die universele kerk gebruik aangesien die plaaslike kerk 'n verskyningsvorm van die universele kerk is.

6.4.1.1 Die kerk in plaaslike sin

Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelofenis lui:

"Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van dié wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, van watter stand of waardigheid hy ook al mag wees, hom daaraan behoort te onttrek om op sy eie te bestaan nie, maar dat hulle almal verplig is om hulle daarby aan te sluit en daarmee te verenig; om die eenheid van die Kerk te bewaar; om hulle self te onderwerp aan sy leer en tug; hulle nek te buig onder die juk van Jesus Christus en, as lede van dieselfde liggaam, onderling diensbaar te wees aan die opbouing van die broeders volgens die gawes wat God hulle verleen het. En om dit des te beter te kan onderhou, is dit die amp van alle gelowiges, volgens die Woord van God, om hulle af te skei van diegene wat nie tot die Kerk behoort nie, en hulle te voeg by hierdie vergadering, *op watter plek God dit ook al gevestig het*, al sou ook die owerhede en verordeninge van soewereine vorste daarteen wees en al sou hulle die dood of enige lyfstraf moet ondergaan. Daarom handel almal wat hulle van die ware Kerk afskei of daarby nie aansluit nie, teen die ordinansie van God."

58) Snyman 1977 37 en 39; Du Plooy 1982 89 ev. Spoelstra 1977 25 beklemtoon egter die feit dat die plaaslike en universele kerk nie twee verskillende kerke is nie, maar dat daar 'n verband tussen die plaaslike en universele kerk bestaan. Hierop word hieronder in 6.4.2.1 vollediger ingegaan.

23.1
Soms word *ekklesia* in plaaslike sin met die begrip *gemeente* aangedui, maar ter wille van begripsuiwerheid word hierna deurgaans die term *kerk* gebruik.⁵⁹⁾ Die plaaslike kerk is dus 'n vergadering en versameling van gelowiges (uitverkorenes) op 'n bepaalde plek.⁶⁰⁾ Histories het die kerk dan ook so ontwikkel dat dit as 'n spesifieke, aanwysbare vergadering op 'n bepaalde plek geïnstitueer is, soos te Korinthe, Rome en Jerusalem.⁶¹⁾

Prinsipiëel besien is die vergadering van gelowiges nie 'n willekeurige byeenkoms nie, maar is dit 'n vergadering van uitverkorenes wat uit gehoorsaamheid aan God byeenkom.⁶²⁾ Die gelowiges kom byeen deurdat hulle hulself aan die voorskrifte van God soos uiteengesit in die Bybel en belydenisskrifte van die kerk (naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelijdenis en Dordse Leerreëls) onderwerp.⁶³⁾ Van der Linde⁶⁴⁾ spreek hom dan ook baie sterk uit teen die gedagte dat die (plaaslike) kerk op kontrak berus. Die vrywilligheidsbeginsel wat bestaan by verenigings wat op kontrak berus, is nie op die kerk van toepassing nie. Die lidmate verbind hulle nie kontraktueel aan mekaar nie, maar hulle onderwerp hulle aan die gesagstruktuur wat God in die plaaslike kerk na vore laat kom. Die kerk verskil dus van 'n vrywillige vereniging deurdat die kerk 'n versameling van persone is wat op 'n eiesoortige wyse byeenkom en funksioneer. Die gedagte kom ook hier na vore dat individue hulle aan 'n verband met 'n bepaalde ideële doelstelling onderwerp en dat hulle nie kontraktueel teenoor mekaar gestel word nie.

- 59) Snyman 1977 24; Du Plooy 1979 11; Bavinck 1911 d1 4 321.
- 60) Bavinck 1911 d1 4 321; Snyman 1977 37; Van der Linde 1965 20; Roelvelde 1958 30-34.
- 61) Hand 5: 11; 1 Kor 1:2. Kyk ook Snyman 1977 37; Van der Linde 1965 20.
- 62) Bavinck 1911 d1 4 322: "Nu is er geen twiifel aan, dat volgens de H Schrift het wezen der kerk daarin ligt, dat zij het volk Gods is. Immers, de kerk is eene realiseering der verkiezing, en deze is eene verkiezing in Christus tot roeping, rechtvaardigmaking, verheerlijking De zegeningen, welke aan de kerk worden geschonken, zijn in de eerste plaats inwendig en geestelijk van aard en bestaan in roeping en wedergeboorte, in geloof en rechtvaardigmaking, in heiligmaking en verheerlijking." Kyk ook op 416, asook Bouwman 1928 d1 1 65.
- 63) Bavinck 1911 d1 4 323; Van der Linde 1965 19.
- 64) Van der Linde 1965 19.

Die ontstaan van die kontrakgedagte as begroning van die kerk skryf Van der Linde toe aan die rasionaliste wat alles by wyse van onderlinge verdrag wou verklaar. Hulle standpunt kom volgens hom op die volgende neer:

"Dit is verenigings wat vrywillig en met goedkeuring van die staat ter bevordering van 'n bepaalde doel tot stand kom. Die verenigings is ondergeskik aan die staat, terwyl dit heeltemal deur die staat oorkoepel word ... Die kerk is dan ook bloot 'n vereniging of genootskap wat op vrywillige grondslag rus, en staan gelyk aan alle ander verenigings, terwyl dit alleen in doel daarvan verskil. Die kerk is 'n godsdienstige gemeenskap. Die gelowiges tree as individue om praktiese redes in gemeenskap met mekaar tot ontwikkeling van die hoogste vermoëns in die mens, sy sedelik-godsdienstige vermoëns. Die kerk is 'n ... genootskap om die erediens te behartig; 'n *collegium* in die staat en wel 'n *collegia licita*."⁶⁵⁾

Hierdie kollegialistiese beskouing van die kerk word nie net deur Van der Linde op skriftuurlike gronde⁶⁶⁾ afgewys nie, maar ook Du Plooy⁶⁷⁾ en Van der Walt⁶⁸⁾ spreek hulle sterk hierteen uit.

Die begrip kollegialisme is uit die Romeinse reg afkomstig. Dit hou in dat die owerheid sekere groepe (*collegia licita*)⁶⁹⁾ toegelaat het om te vergader. Gedurende die sewentiende eeu het die humanisme en natuurreg= leer as voedingsbron vir die ontwikkeling van die kollegialistiese kerk= begrip gedien. Die kerk is beskou as 'n verdrag tussen individue en nie meer as 'n Goddelike instelling nie.⁷⁰⁾ Hierdie kerkbegrip vind uitdruk=

65) Ibid. Vgl ook De Mist se kerkbegrip en Kerkorde by 6.3 hierbo.

66) Van der Linde 1965 19: "Radikaal teenoor hierdie rasionalistiese kerkbeskouing staan dié van die gelowige ondersoeker, wat in sy kennis van die werklikheid hom van die openbaring van God afhanklik weet. Hierdie openbaring word gegee in die Heilige Skrif, die onfeilbaar= geïnspireerde Woord van God."

67) 1979 8.

68) 1974 (a) 115 ev.

69) Van der Linde 1965 68; Du Plooy 1979 8; Kleynhans 1974 111.

70) Van der Walt 1974 (a) 115; Du Plooy 1979 8; Kleynhans 1974 111.

2.2.3
 king in die beginsel *societas aequalis et libera*, waar die reëls van die verenigingsreg die norme tussen lidmate skep en waar alle gesag en kerkregering deur die lidmate aan ampsdraers opgedra word (*ecclesia mandataris*).⁷¹⁾ Van der Walt verklaar tereg dat die grondbeginsel van die kollegialisme, naamlik die gewetensvryheid van die enkeling, logies hieruit voortvloei. Dit laat nie ruimte vir die dwingende gesag van God soos in die Bybel en belydenisskrifte geopenbaar nie.⁷²⁾ Ver al die gesagsposisie van die kerkraad word deur die kollegialiste op 'n eiesoortige wyse vertolk, naamlik dat die kerkraad alle gesag aan die lidmate ontleen. Dit laat ruimte vir die leer van volksoewereiniteit, wat geen ander gesag erken as dié van die lede van die vergadering nie.

Ingevolge kollegialistiese beginsels berus die regeermag van die kerk by die lidmate en kan dit deur hulle self uitgeoefen word. Weens praktiese oorwegings word die regeermag egter aan 'n verkose kerkraad opgedra. Die kerkamp is vir die kerk nie noodsaaklik nie, maar weens praktiese oorwegings is dit wenslik dat daar ampsdraers is. Hierdie opvatting beklemtoon dan ook die verteenwoordigingsbeginsel - die kerkraad is bloot verteenwoordigers van die gemeente.⁷³⁾

In die Kerkorde van De Mist was reeds heelwat kollegialistiese kenmerke vervat en dit is in Ordonnansie 7 van 1843 (Kaap) bevestig.⁷⁴⁾ Van der Walt⁷⁵⁾ dui dan ook aan dat die stryd teen die kollegialisme een van die redes is waarom die Gereformeerde kerk in 1859 tot stand gekom het. Om 'n Gereformeerde kerk dus aan die hand van die bepalings van Ordonnansie 7 van 1843 te bestempel as 'n vrywillige vereniging wat op kontrak berus, is om die dogmatiese struktuur van hierdie kerk totaal te negeer.

71) Van der Walt 1974 (a) 115; Du Plooy 1979 9; Van der Linde 1965 78.

72) Van der Walt 1974 (a) 116.

73) Van der Linde 1965 79.

74) Van der Walt 1974 (a) 121; Kleynhans 1974 109, 139; Van der Watt 1973 30 en 36.

75) 1974 (a) 121. Raadpleeg ook Jooste 1958 57.

Teoloë van die Gereformeerde kerke beklemtoon dit dat die presbiteriale kerkregeringstelsel as uitgangspunt vir die wyse van kerkinrigting en kerkregering dien. Hierdie stelsel hou die volgende beginsels in:

6.4.1.1.1 Die plaaslike kerk word as uitgangspunt vir die verwerkliking van die koningskap van Christus geneem. So word die sigbare openbaring van die kerk van Christus op aarde in die plaaslike kerk vergestalt en is dit altyd die byeenkoms of vergadering van gelowiges op 'n spesifieke plek. Van der Linde⁷⁶⁾ verklaar: "Die onsigbare universele kerk as die liggaam van Christus word stuksgewys op elke plek sigbaar as 'n nadere organisasie daarvan, en daarom is die plaaslike kerke ook gelyksoortige dele van die universele kerk." Die selfstandigheid van die plaaslike kerk word onder alle omstandighede beklemtoon, met die een kwalifikasie dat die plaaslike kerk onder die hoofskap en gesag van Christus staan. Lidmaatskap van 'n plaaslike kerk word dus as vereiste gestel alvorens 'n persoon deel van die kerk van Christus vorm.

6.4.1.1.2 Die kerk word uit geroepenes (lidmate) saamgestel en deur ampsdraers geregeer. Die ampsdraers is egter nie verteenwoordigers van die lidmate in die sin dat hulle hul regeermag en gesag van die lidmate verkry nie, maar hulle verkry alle gesag van God soos dit in die Bybel geopenbaar en dienooreenkomstig in die belydenisskrifte vervat is. Alle mag in die kerk berus dus by Christus, wat gesag regstreeks deur Sy Gees en Woord uitoefen. Die ampsdraers is niks anders as instrumente waardeur hierdie mag van Christus in die kerk uitgeoefen word nie. Gesag word dus nie verbind aan die persone van die mense wat dit uitoefen nie, maar wel aan die amp (diens) waarin hulle gestel is.⁷⁷⁾

Ampsdraers is dus nie in eerste instansie verteenwoordigers van die lidmate nie, maar hulle ampswerk dui op diens aan die lidmate. Hulle word wel deur die lidmate en uit die lidmate verkies, maar dan slegs om God se gesag ten uitvoer te bring. Dit is dus nie afgeleide gesag in die

76) 1965 83. Sien ook Snyman 1977 37 en 40; Du Plooy 1979 23.

77) Van der Linde 1965 86.

opsig dat dit van die lidmate afkomstig is nie.⁷⁸⁾ Die ampsdraers is wel organe⁷⁹⁾ wat deur die lidmate aangewys word, maar die lidmate word nie as 'n gesagsliggaam oor die ampsdraers gestel nie en die gesag wat die ampsdraers uitoefen, moet in ooreenstemming met die Bybel, belydenisskrifte en die Kerkorde uitgevoer word. Sowel die ampsdraers as die lidmate staan dus onder die gesag van Christus soos in Sy Woord geopenbaar.⁸⁰⁾

So het elkeen sy eie gesag en opdrag: die gemeente, byvoorbeeld, met die verkiesing van kerkraadslede en die beroeping van 'n predikant en die kerkraad met die toesig oor bediening van die Woord, gebruik van Sakramente en die uitoefening van kerklike tug.⁸¹⁾

'n Kerk is dus nie 'n demokratiese instelling waar die lidmate inspraak in die kerkregering het nie, maar die lidmate word geregeer deur ampsdraers wat met Goddelike gesag beklee is. Die lidmate het ook weer 'n eie amp of funksie, wat eweneens met Goddelike gesag beklee is en ten opsigte waarvan die kerkraad nie die finale seggenskap het nie.⁸²⁾ Amp beteken dus nooit dat 'n persoon met 'n sekere rang of status beklee is nie, maar dit is die uitoefening van 'n diens.⁸³⁾

Artikel 17 en 84 van die Gereformeerde Kerkorde skryf dan ook voor dat die gelykheid van kerke, kerkrade en lidmate te alle tye gehandhaaf moet word. Die kerkraad en lidmate is nooit geskei nie, maar word net van mekaar onderskei. Daar bestaan dus 'n organiese eenheid tussen die kerkraad as regeerorgaan en die lidmate, wat nie soos 'n groep onmondiges geregeer word nie. Elkeen oefen egter gesag op eie terrein uit.⁸⁴⁾

78) Van der Walt 1974 (a) 57; Van der Linde 1965 88 en 89.

79) Van der Linde 1965 88; NGB art 30 en 31; KO art 11, 22 en 23.

80) Van der Linde 1965 89; Bavinck 1911 dI 4 413 ev.

81) Bavinck 1911 dI 4 416 ev.

82) Van der Linde 1965 82: "Alle outoriteit, alle gesag in die *ecclesia* gaan op Christus terug."

83) Van der Linde 1965 39; Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 17 ev.

84) Van der Linde 1965 92. Van der Walt 1974 (a) 181 dui uitvoerig aan wat die mondigheid van die lidmate (gemeente) inhou.

'n Hiërargie van ampte in volgorde van belangrikheid bestaan nie. Die aard van die onderskeie ampte verskil, maar daar is geen rangorde van dienste nie. Dit geld ook vir die verhouding tussen ampsdraers en lidmate. Predikante en ouderlinge onderwerp derhalwe nooit lidmate aan hul le wil nie, maar hulle dien en bedien die lidmate met die wil van Christus, wat alleen heerskappy oor Sy kerk voer. Die kerklike mag is derhalwe dienend en nie heersend van aard nie.⁸⁵⁾

6.4.1.1.3 Du Plooy⁸⁶⁾ wys daarop dat die kerk ook 'n regsgemeenskap is, met ander woorde dat regshandelinge deur die kerk uitgevoer word. Die regshandelinge is egter steeds onderhewig aan die voorskrif dat die kerk slegs die wil van God mag uitvoer.

Die uitgangspunt by die presbiteriale kerkregeringstelsel is altyd dat die plaaslike kerk outonoom is en finale seggenskap in sy eie sake het. Tog staan die plaaslike kerk nie alleen nie, maar altyd in noue verband met ander plaaslike kerke met dieselfde belydenis, omdat alle plaaslike kerke sigbare openbaringe van die een, universele kerk van Christus is.

Dit is noodsaaklik dat regsprekers kennis moet neem van die onderskeid tussen die kollegiale en presbiteriale stelsels en rekening moet hou met die feit dat Gereformeerde kerke die laasgenoemde stelsel van kerkregering volg. Dit is veral van belang by die beoordeling van die uitoefening van kerklike tug en die verhouding van plaaslike kerke tot mekaar, soos dit by die hou van meerdere vergaderings na vore kom.

6.4.1.2 Die kerk in universele sin

Die standpunt dat die plaaslike kerk as openbaring van die kerk (liggaam) van Christus op 'n bepaalde plek geïnstitueer is, is nie 'n aanduiding daarvan dat plaaslike kerke los van mekaar staan nie. Alle gelowiges word ook tot die eenheid van die universele kerk (liggaam van Christus) verbind.

85) Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 501 en 502.

86) Du Plooy 1982 49 en 148 ev.

"Wanneer ons die Nuwe Testament nagaan, word dit duidelik, soos hieronder sal blyk, dat sowel die wêreldwye geloofsgemeenskap in die nuwe bedeling as die plaaslike gemeenskappe van gelowiges met die woord *ekklesia* aangedui word," sê Du Plooy.⁸⁷⁾ 'n Plaaslike kerk is dus die sigbare openbaring van die universele kerk (liggaam van Christus) op 'n bepaalde plek.

Die band wat tussen plaaslike kerke bestaan, word as *kerkverband* aangemerk. Tog moet 'n mens versigtig wees om nie kerkverband as sinoniem vir die universele kerk te gebruik nie. Hieronder sal aangetoon word dat die universele kerk die voorwaarde vir en nie die gevolg van kerkverband is nie.⁸⁸⁾

Dat die begrip kerkverband vir verskillende vertolkings vatbaar is, blyk uit die volgende:

6.4.1.2.1 Die Roomse stelsel:

Roomse teoloë wys die universele kerk, naamlik (volgens hulle) een sigbare wêreldkerk met die Pous aan die hoof daarvan, as kerkverband aan. Die plaaslike kerke vorm onderafdelings van hierdie wêreldkerk en gaan in die eenheid op.⁸⁹⁾

6.4.1.2.2 Die independentistiese stelsel:

By hierdie stelsel word die ander uiterste beklemtoon. Die liggaam van Christus word slegs in die plaaslike kerke geopenbaar en dit is al self=

86) Du Plooy 1982 49 en 148 ev.

87) Du Plooy 1982 82. Raadpleeg ook Van der Linde 1965 116 ev; Snyman 1977 39 ev. Art 27 NGB lui: "Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene Kerk wat 'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie Kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe, soos daaruit blyk dat Christus 'n ewige Koning is wat nie sonder onderdane kan wees nie."

88) Spoelstra 1967 26. Sien teks by verwysing 97.

89) Van der Walt 1974 (a) 99; Du Plooy 1982 83.

standige, sigbare openbaring wat plaasvind. Sodoende is plaaslike kerke heeltemal onafhanklik van mekaar en al wyse waarop die kerk as eenheid kan funksioneer, is deur 'n onsigbare, geestelike band wat alle gelowiges met Christus het.⁹⁰⁾ Kerkverband het dus geen betekenis in die regering van plaaslike kerke nie.

6.4.1.2.3 Die kollegialistiese stelsel:

Hier word die *kerkverband* as 'n kerk geïnstitueer en aan 'n universele gemeenskap wat sigbaar, as 'n *corpus* optree, gelykgestel. Die sinode word 'n korporatiewe liggaam en word soms kerk en soms die orgaan van die kerkverband genoem. Die besluite en handeling van die sinode word dus as die besluite en handeling van die kerk (kerkverband) bestempel.⁹¹⁾

In werklikheid word die kerkverband hier 'n kerk wat uit verskillende plaaslike kerke saamgestel word: "... sodat ons van die verskillende en in een kerkverband saamgesnoerde kerke mag spreek in die enkelvoud as hierdie of daardie kerk," aldus O'Brien-Geldenhuis.⁹²⁾ Ook Fourie dui aan dat die kerkverband as kerk 'n voortdurende verband, 'n eenheid in korporatiewe sin is.⁹³⁾

Dit hou onder meer in dat lidmaatskap van die kerk nie noodwendig aan lidmaatskap van 'n plaaslike kerk verbind hoef te word nie, maar alleen aan lidmaatskap van die kerkverband.⁹⁴⁾ Die kerkverband is dus 'n korporatiewe eenheid wat die plek van die plaaslike kerk inneem en deur die sinode geregeer word. Hierdeur word die selfstandigheid van die plaaslike kerk op die agtergrond geskuif.

90) Du Plooy 1982 83 ev; Van der Linde 1965 124; Van der Walt 1974 (a) 124.

91) Du Plooy 1979 74; Du Plooy 1982 82; O'Brien Geldenhuis 1945 313.

92) O'Brien Geldenhuis 1945 313; Van der Linde 1965 118.

93) Fourie 1973 61: "Die juridiese konstruksie van die kerkverband wat as 'n regs persoon deur die sinodale of ringsvergadering as orgaan handel, sluit aan by die oudste en suiwerste gereformeerde tradisie." (Sic.)

94) Art 1 en 2 Ordonnansie 7 van 1843; Van der Walt 1974 (a) 119; Van der Watt 1973 30.

Die kerkregering is sinodokraties en gesag daal hiërargies van die sino-
de tot by die plaaslike gemeente neer. Kerkrade en ringe neem wel deel
aan die kerkregering, maar net vir sover die sinode gesag aan hulle de-
leger. Van der Linde⁹⁵⁾ verklaar:

"Prakties kom dit daarop neer dat veral die kerkraad groten-
deels administratiewe liggame is waardeur die sinode werk. Selfs
die predikant word in die naam van die sinode bevestig. Hierdie
amp is nie aan die plaaslike kerk verbonde nie, maar wel aan *die*
Kerk, wat aan die besondere ampsdraers 'n werkring toewys."

Voortvloeiend uit die bepalings van Ordonnansie 7 van 1843 (Kaap) word
die kerkorde dan bestempel as 'n kontraktuele konstitusie waarop die
kerk as korporatiewe eenheid gegrond is.⁹⁶⁾ Dat dit wesenlik teenstry-
dig is dat 'n korporatiewe eenheid op kontrak berus, is reeds by 6.3.5
hierbo beklemtoon. Dit lei ook noodwendig tot die sienswyse dat die
kerkverband 'n kerk naas (en somtyds bo) die plaaslike kerk is.

6.4.1.2.4 Die presbiteriale kerkbegrip:

Op skriftuurlike gronde verklaar Du Plooy⁹⁷⁾ in verband met die kerk-
verband dat: "... die doop en die apostels juis die kerke (plaaslike
kerke - my invoeging) onderling verbind het as 'n eenheid, maar dit
nie een universele kerk gemaak het wat *sigbaar* naas die plaaslike kerk
bestaan het nie." Die uitgangspunt is dus dat kerkverband nie aan die
universele kerk gelykgestel kan word nie. Kerkverband word ook nie ge-
institueer tot 'n korporatiewe liggaam of 'n regs persoon nie, maar kerk-
verband vloei voort uit die feit dat die universele kerk ekumenies (wê-
reldwyd in Christus een) is. Wêreldwyd slaan nie net op alle nasies en

95) Van der Linde 1965 119: "Hierdie kerkbegrip bring mee dat die plaas-
like kerk wat in *die Kerk* verdwyn het, nie meer primêr die openba-
ring van die liggaam van Christus is nie, maar wel van *die Kerk*, as
korporatiewe eenheid waarin die plaaslike kerke verdwyn het."

96) Van der Linde 1965 122.

97) Du Plooy 1979 28 en 74.

volke nie, maar ook op alle geslagte deur die eeue heen.⁹⁸⁾

Die begrip universele kerk het 'n eiesoortige betekenis wat soos volg onderskei kan word:⁹⁹⁾

- openbaringshistories: dit dui hier nie op die totaal van "gemeentes" nie, maar op alle gelowiges wat deur Christus verlos is;
- christologies: dit vergestalt die liggaam van Christus as 'n eenheid op aarde;
- eskatologies: dit dui op al die uitverkorenes van God.

Du Plooy¹⁰⁰⁾ stel dit sō:

"Wanneer *ekklēsia* in sy heilshistoriese betekenis gebruik word, as aanduiding van die volk van God, lê hierin reeds die belydenis opgesluit dat hierdie volk oor die wêreld heen in nouste verband met mekaar staan. Hierin moet *kerkverband* dan ook gefundeer word."

Meens die feit dat daar 'n universele kerk bestaan, bestaan daar ook 'n verband tussen kerke van dieselfde belydenis en kerkregtelike organisasie. Hierdie band is eerstens 'n geestelike en onsigbare band wat uit die eenheid in die universele kerk voortvloei.¹⁰¹⁾ Maar hierdie verband neem ook 'n sigbare gestalte aan wanneer plaaslike kerke tot meer-

98) Snyman 1977 40 en 41: "Ekumenies wil dan sê: Die ganse mensheid in volkere en geslagte, maar ook heel die menslike lewe omvattend. Die kerk staan in organiese samehang met die lewe. Dit is die volk van God op aarde"

99) Du Plooy 1982 90 en 91.

100) 1982 114.

101) Van der Linde 1965 130: "Die eenheid van die universele kerk, die één kerk as liggaam van Christus, is uiteraard eerstens in die geestelike geleë. Verspreid oor die ganse aarde is die lede van die liggaam deur dieselfde geloof aan die één Here verbind Dit is ook onmoontlik vir al die lede om as één sigbare en georganiseerde vergadering van gelowiges gestalte teenoor die wêreld aan te neem."

dere vergaderings toetree. Die plaaslike kerke word almal daardeur gekenmerk dat hulle as gemeenskap van gelowiges die naam en koninkryk van God bely. Waar daar 'n eenheid in belydenis asook dieselfde kerkregtelike organisasie bestaan, is die skriftuurlike opdrag dat die plaaslike kerke met mekaar in gemeenskap moet tree. Dit geskied in en deur die kerkverband.¹⁰²⁾

Die universele kerk gaan altyd aan die plaaslike kerk vooraf, maar elke plaaslike kerk is die sigbare openbaring van die universele kerk op 'n bepaalde plek. Daar is dus 'n eenheidsband tussen universele en plaaslike kerk, maar tog is elke plaaslike kerk 'n selfstandige openbaring van die kerk van Christus.

"Die plaaslike kerk is die universele kerk op 'n bepaalde plek. Dit is egter nie die enigste kerk nie, nie die enigste liggaam van Christus nie. Dit is nie 'n onderafdeling van die *eintlike* kerk nie en behoort as 'n deel aan die universele kerk Die plaaslike kerk is 'n kompleete liggaam van Christus, maar nog nie *die* kompleete liggaam nie. Daarom moet kerke onderling 'n eenheid en interafhanklikheid vorm," aldus Du Plooy.¹⁰³⁾

Weens hierdie eenheid in die universele kerk, moet die verband tussen plaaslike kerke ook *sigbaar* na vore kom en dan wel by wyse van onderlinge gemeenskap wat tussen plaaslike kerke moet plaasvind.¹⁰⁴⁾ Omdat plaaslike kerke wat een belydenis nastreef nie net die belydenis in die plaaslike kerk tot volle openbaring kan laat kom nie, is kerkverband dus 'n gegewene en 'n opdrag.¹⁰⁵⁾

102) Spoelstra 1967 26; Du Plooy 1982 61: "... (D)ie belydenis van die koninkryk van God ... is ook die grootste enkele faktor wat die plaaslike kerke aan mekaar verbind ..."; sien ook aw 213.

103) 1979 28. Kyk ook Van der Linde 1965 132; Spoelstra 1977 24; Snyman 1977 44; Visser 1982 219.

104) Van der Linde 1965 131.

105) Du Plooy 1982 117 en 120: "Daar is dus maar net een universele kerk van God wat op baie plekke bestaan en wat almal met mekaar *in* kerkverband staan." Visser 1982 214-218.

Kerkverband is dus iets wat beleef word tussen plaaslike kerke wat een belydenis het en juis in die belewing daarvan kom kerkverband tot sigbare openbaring. Dit is nie slegs 'n geestelike band nie, maar oral waar plaaslike kerke tot meerdere vergaderings toetree, word die kerkverband sigbaar geopenbaar.¹⁰⁶⁾

Tog moet daarteen gewaak word om onder kerkverband 'n institutêre eenheid te verstaan. Spoelstra¹⁰⁷⁾ waarsku tereg dat nie van plaaslike kerke in kerkverband gepraat moet word asof hulle *as* kerkverband korporatief bestaan nie, maar dat hulle *in* kerkverband gesamentlik, maar naas mekaar, moet en kan bestaan. Naas die plaaslike kerke ontstaan daar nie 'n eenheidsinstituut of 'n geïnstitueerde kerkverband wat met 'n sinode of 'n ander meerdere vergadering vereenselwig kan word of met regspersoonlikheid beklee kan word nie. Kerkverband is dus 'n bestaanswyse wat eie aan die kerk is en wat daartoe lei dat die gelowiges altyd daarvan bewus is dat hulle deel van die universele kerk uitmaak.¹⁰⁸⁾

6.4.1.3 Samevatting

Die presbiteriale kerkregeringstelsel hou dus die volgende in:

- Die plaaslike kerk is 'n sigbare openbaring en organisasie van die universele kerk. Die plaaslike kerk *is* die universele kerk wat op 'n bepaalde plek sigbaar geïnstitueer word.
- Plaaslike kerke het die opdrag om hulle in kerkverband te verenig. Geestelik en histories is hulle verplig om gemeenskap met dié wat dieselfde geloof deelagtig is, te onderhou.
- Kerkverband tussen kerke wat nie dieselfde belydenis het nie of wat dieselfde belydenisskrifte verskillend vertolk en kerkregtelik verskillend georganiseer is, is nie moontlik nie, aangesien eenheid in

106) Du Plooy 1982 138 en 238 ev.

107) 1977 58; Du Plooy 1982 82.

108) Du Plooy 1982 139; Spoelstra 1977 25.

belydenis die samebindende faktor by kerkverband is. Tog is almal deur die doop lede van die universele kerk. Weens die gebroke werklikheid waarin die gelowiges lewe, is die belewings van kerkverband egter nog onvolkome.

Prakties word kerkverband tussen Gereformeerde kerke soos volg beleef:¹⁰⁹⁾

- Die plaaslike kerk kan net geregeer word indien daar met die eenheid wat tussen selfstandige plaaslike kerke op grond van die een belydenis bestaan, rekening gehou word. Net so min as wat ampsdraers onafhanklik van mekaar kan optree, net so min kan kerkrade van plaaslike kerke onafhanklik staan. Deur die hou van meerdere vergaderings word eenparigheid in kerkregering bewerkstellig.
- Hoewel kerkverband permanent beleef word, is meerdere vergaderings bloot tydelik van aard en is daar geen sprake daarvan dat dit die selfstandigheid van die plaaslike kerke ophef of tot die versmelting tot 'n korporatiewe grootheid lei nie. Daar kom geen permanente, ooreenkomende liggaam met of sonder regs persoonlikheid naas of bokant die plaaslike kerke tot stand nie. Daarom kan kerkverband ook nie as 'n vennootskap¹¹⁰⁾ of as 'n genootskap¹¹¹⁾ getipeer word nie. 'n Genootskap is ook maar 'n liggaam (weliswaar sonder regs persoonlikheid) wat permanent bestaan en wat as 'n geïnstitueerde entiteit

109) Van der Linde 1965 132 ev.

110) Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 178; Roeeveld 1980 6. Bamford 1982 1 definieer 'n vennootskap as: "... a legal relationship arising from an agreement between two or more persons not exceeding twenty, each to contribute to an enterprise with the object of making profits and to divide such profits." Dit is onmoontlik om kerkverband as 'n vennootskap te bestempel. Vgl ook Uys 1961 13: "As persone ooreenkom om 'n gesamentlike regshandeling vir winsdoel aan te gaan, het hulle 'n vennootskapsooreenkoms gesluit."

111) Bamford 1982 117 definieer 'n genootskap (*voluntary association*) as: "... a legal relationship which arises from an agreement among three or more persons to achieve a common object, primarily other than the making and division of profits." Ook Uys 1961 13: "As persone ooreenkom om gesamentlike regshandelinge vir 'n ideële doel aan te gaan, het hulle 'n genootskapsooreenkoms gesluit." Daar kan dus nie met Roeeveld 1980 8 saamgestem word dat 'n genootskap 'n regs persoon is en dat 'n *societas* die ooreenkoms met die oog op die uitvoering van ideële doelstellings is nie. 'n *Societas* kan sowel 'n genootskap as 'n vennootskap wees; raadpleeg ook teks by verwysing 181 hieronder.

onderhewig aan kontrakvoorskrifte handel. Dit bring weer mee dat daar permanensie aan meerdere vergaderings verleen word en dat daar 'n oorkoepelende organisasie ontstaan. Nog minder kan kerkverband as 'n korporatiewe eenheid¹¹²⁾ omskryf word. Dit sou lei tot die gedagte dat een groot liggaam deur die samesmelting van 'n aantal kleiner liggame ontstaan, wat hier juis nie die geval is nie. Kerke kom dus saam *in* kerkverband en nie *as* kerkverband nie.

- Kerkverband is nie kontraktueel van aard nie, omdat daar geen element van vrywilligheid bestaan nie. Dit is 'n bevel dat kerke in verband moet tree en aangesien dit iets is wat beleef word, is dit nie moontlik om 'n kontraktuele verhouding daaruit af te lei nie.¹¹³⁾ Hieronder sal daarop gewys word dat die Gereformeerde Kerkorde ook nie kontraktueel van aard is nie.
- Die gesag van meerdere vergaderings is eiesoortig. Kerke dra nie gesag aan meerdere vergaderings oor nie en die gesag van meerdere vergaderings vervang ook nie dié van kerke nie. Die gesag van meerdere vergaderings vloei daaruit voort dat dit 'n gesamentlike besluit van meer kerke is en daarom gesag dra wat die plaaslike kerk bind. Dit is gesag wat uitgeoefen word rakende sake waarvoor die plaaslike kerk nie gesag mag of kan uitoefen nie, soos by 6.4.2.3 hieronder vollediger bespreek word.

Daar is net een gesag van toepassing op kerke, en dit is die gesag van God. Kerke wat in meerdere vergadering byeenkom, verkry nie 'n ander soort gesag nie. Tog dra die besluite gesag ten opsigte van plaaslike kerke en is dit nie bloot adviserend van aard nie. Dit is bindende besluite, maar die meerdere vergadering self is nie belangriker of hiërargies hoër as 'n kerkraad nie. Dit is dus 'n vergadering van *meer* kerke en daarom met bindende gesag, maar nie 'n korporatiewe liggaam waaraan plaaslike kerke onderwerp word nie.¹¹⁴⁾

112) Bouwman 1937 71 en 72. Van der Linde 1965 138 en 139 neem sterk standpunt hierteen in.

113) Du Plooy 1982 238 en 269.

114) Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 229-231; Visser 1982 226-230 en 304-356.

Indien 'n meerdere vergadering 'n besluit van 'n mindere vergadering hersien, word die mindere vergadering se besluit nie vanselfsprekend deur dié van die meerdere vergadering vervang nie. Die mindere vergadering moet self sy vorige besluit herroep of wysig. Sou 'n mindere vergadering nie bereid wees om met die besluit van die meerdere vergadering te konformeer nie, is die enigste uitweg dat die betrokke kerk uit die kerkverband moet tree.¹¹⁵⁾ Dit staan die betrokke kerk wat nie met die besluit van 'n klassis tevrede is nie, natuurlik vry om ingevolge artikel 31 van die Gereformeerde Kerkorde in hoër beroep na 'n partikuliere sinode (en daarna die nasionale sinode) te gaan.

Ook in die geval van die kerk in universele sin (soos dit in die kerkverband vergestalt word) is dit noodsaaklik dat die regsprekers met die dogmatiese struktuur van die Gereformeerde kerke rekening sal moet hou. Die bindingskrag van besluite en die gesag van meerdere vergaderings sal in die lig van die bogenoemde uiteensetting vertolk moet word.

6.4.2 Die optrede van Gereformeerde kerke in die regsverkeer

Die kerk is wel nie van die wêreld nie, maar tog is die kerk altyd in die wêreld. Dit bring mee dat die kerk nie net op 'n geestelike vlak funksioneer nie, maar dat die kerk as geloofsgemeenskap ook aan die regsverkeer deelneem.¹¹⁶⁾ Daar kan om prinsipiële oorwegings nie met die houe se vertolking van die regsposisie van kerke saamgestem word nie. Uit hoofde van verskeie oorwegings is dit onrealisties om alle kerke as vrywillige verenigings wat op kontrak berus, te bestempel. Dit moet voortdurend beklemtoon word dat die kerk op 'n eiesoortige wyse aan die regsverkeer deelneem.

In sy optrede in die regsverkeer moet die kerk egter met die samelewingsordenende taak van die owerheid rekening hou. Daar rus in daardie verband 'n verantwoordelikheid op die kerk om gehoorsaamheid aan die owerheid te

115) Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 193 vereis dat die minderheid met die besluite van die meerderheid moet konformeer - art 31 KO.

116) Du Plooy 1982 49 en 148.

betoon in sake waar die owerheid hierdie samelewingsordenende funksie vervul, behalwe in gevalle waar die owerheid van die kerk verwag om teenstrydig met die voorskrifte van die Bybel of belydenisskrifte op te tree.¹¹⁷⁾ Dit val buite die bestek van hierdie proefskrif om die ingewikkelde kerk-staat-verhouding vollediger te bestudeer, maar dit staan vas dat die kerk die owerheid as samelewingsordenende liggaam moet erken en respekteer net soos die kerk van die owerheid kan verwag om erken en gerespekteer te word.

Die wyse waarop die kerk in die regsverkeer optree, is van groot belang. In die uitoefening van sy samelewingsordenende funksie is dit dikwels vir die owerheid nodig om sekere regsgevolge aan optrede of handeling van die kerk te heg. Dit is nie genoegsaam om slegs die dogmatiese struktuur van die kerk in ag te neem nie, maar daar moet ook op die kerk se optrede gelet word. Dit is dus nie korrek om te konstateer dat die kerk nie 'n regspersoon is nie omdat die kerk nog nooit op regspersoonlikheid aanspraak gemaak het nie.¹¹⁸⁾ As die kerk deur sy optrede in die regsverkeer aan die vereistes vir die toekenning van regspersoonlikheid voldoen, sal die houe hierdie regspersoonlikheid erken ongeag die kerk se ontkenning daarvan.

6.4.2.1 Plaaslike Gereformeerde kerke

'n Plaaslike kerk neem op verskeie wyses aan die regsverkeer deel. Daar is haas nie 'n enkele kerk wat nie eiendom besit, werknemers aanstel of afdank, sake koop of verkoop of tughandelinge uitvoer nie. Hierdie regs-handelinge wat uitgevoer word, noop 'n mens om na die samestelling van 'n plaaslike kerk te kyk ten einde vas te stel of dit 'n regspersoon, 'n vrywillige vereniging sonder regspersoonlikheid of iets anders is.

117) Art 36 NGB; art 28 KO. Betreffende die verhouding tussen staat en kerk, raadpleeg Jooste 1946; Eloff 1980 en Van der Vyver 1972. Genoemde skrywers behandel die onderwerp volledig.

118) Du Plooy 1982 409.

6.4.2.1.1 Grondslag

Die howe omskryf plaaslike kerke as vrywillige verenigings wat op kontrak berus¹¹⁹⁾ en wat vermoedelik regs persoonlikheid het. Die gedagte dat die plaaslike kerk op kontrak berus, lewer egter 'n aantal probleme op.

In die geval van 'n Gereformeerde kerk is daar twee soorte lidmate, naamlik dooplidmate en belydende lidmate. Dooplidmate se aansluiting by die kerk sou argumentshalwe dalk nog *van regswaë* as kontraksluiting getipeer kon word, deurdat die ouers/voogde van so 'n kind dan vir en namens die kind daardie kontrak sluit. Selfs al sou so 'n gekunstelde argument egter aangevoer kon word (wat nie die geval is nie), sou dit in elk geval nie verklaar hoe 'n familielid of "voog" ingevolge artikel 57 van die Kerkorde 'n kind van ouers wat onder sensuur verkeër, kan laat doop nie. Sodanige persoon is nie regtens die ouer/voog van die kind nie en kan dus nie namens so 'n kind 'n kontrak sluit nie. Tog bestaan die kerklike gebruik dat sodanige persoon die doopvrae beantwoord en die verbondsverpligtinge aanvaar, wat nie met kontraksluiting rym nie. Indien die doop 'n kontraktuele toetredingshandeling sou wees, skep dit voorts probleme in die geval van 'n minderjarige of 'n getroude vrou (wat onder die matriale mag van haar man staan) aan wie die volwasse doop ingevolge artikel 59 van die Kerkorde bedien word. Dit is kerkregtelik wel moontlik dat sodanige persoon teen die wil van sy/haar ouer/voog of eggenoot gedoop kan word. Regtens kan so 'n persoon wel 'n geldige kontrak sonder bystand van sy/haar ouer/voog of eggenoot sluit, maar indien sowel regte as verpligtinge uit die kontrak voortvloei, is dit sonder ratifikasie nie moontlik om die kontrak teen die minderjarige/getroude vrou af te dwing nie. Sou die doop op kontraksluiting neerkom, sal daar in die geval waar geen ratifikasie plaasvind nie, byvoorbeeld geen kerklike tugstappe teen sodanige lidmate geneem mag word nie (uitgesonderd om hulle lidmaatskap te

119) *De Vos*-saak 93; *Theron*-saak 13. Vgl ook vn 12 hierbo. Daar is reeds gewys op die feit dat dit nie 'n suiwer toepassing van die Romeins-Hollandse of Engelse reg is nie (sien teks by verwysing 50 hierbo).

beëindig), aangesien die "kontrak" voor ratifikasie onafdwingbaar teen die minderjarige/getroude vrou is.¹²⁰⁾

Die vraag ontstaan verder met wie die kontrak gesluit word as dit dan 'n kontrakshandeling sou wees. Dit is beslis nie 'n toetredingskontrak wat met die medegelowiges of die kerkraad gesluit word nie, maar 'n teken en seël van 'n verbond met God. Daar kan in die Doopformulier geen element van kontraksluiting met ander lidmate gevind word nie. Dit is 'n belofte wat die doopouers of "voogde" voor God aflê en waarvan die medegelowiges getuies is. Deur die doop word 'n persoon lid van die universele kerk, op grond waarvan hy as lidmaat van 'n plaaslike kerk gevoeg word.¹²¹⁾

Die aflegging van belydenis (waardeur 'n dooplidmaat 'n belydende lidmaat word) kan eweneens sonder oerlike toestemming of bystand geskied, terwyl van regsweë bepaal word dat kontrakte wat deur minderjariges gesluit word slegs ná oerlike toestemming of bekragtiging teen die minderjarige afgedwing kan word. Om dit dus as 'n kontraktuele handeling te omskryf, hou nie steek nie. Dit is beslis nie 'n kontrak wat met medegelowiges gesluit word nie, maar 'n onderwerping deur die belydenisaflegger aan die voorskrifte van die Bybel en belydenisskrifte. Prinsipieel beskou dien die aflegging van belydenis dan in elk geval ook nie as toelatingsvereiste vir lidmaatskap van die kerk nie.¹²²⁾

Toetrede van lidmate tot die kerk is dus moeilik aan die hand van kontraksluiting te verklaar. Dit sal myns insiens veel eenvoudiger wees

120) Van der Vyver en Joubert 1980 127 ev; Boberg 1977 584 ev. Dit skyn gebruiklik te wees dat die volwasse doop nie net aan meerderjariges bedien word nie, maar ook soms voor die aflegging van belydenis aan ongedoopte minderjariges van 16 jaar en oer. Raadpleeg ook Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 353 en 359-360.

121) Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 352-354; Spoelstra 1982 12 verklaar dat die wese van lidmaatskap daarin geleë is dat 'n persoon deur die *geloof* 'n lid van die kerk van Christus (universele kerk) is en op grond daarvan "lidmaatskap" by 'n bepaalde kerk verkry. Dit is nie vir my duidelik waarom Spoelstra die lidmaatskap van die plaaslike kerk in aanhalingstekens plaas nie. Raadpleeg ook die Heidelbergse Kategismus Sondag 27 antwoord 74.

122) Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 367: "Die aflegging van belydenis van geloof mag dus nooit die karakter kry van opneming of inlywing in die Christelike kerk nie."

om (soos in die Nederlandse reg) aan die hand van Romeins-Hollandse be-
ginsels te bepaal dat toetreding gewoon 'n onderwerping aan die bepalings
van die interne verbandsreg van die kerk is.¹²³⁾ Die interne verbandsreg
is die voorskrifte vir kerkregering wat in die Bybel en belydenisskrifte
vervat is.

Om voorts 'n Gereformeerde kerk as vrywillige vereniging op kontrak te wil
grond, is dit nodig om die Gereformeerde Kerkorde as 'n kontrak aan te
merk, soos wat wel deur die hofe in die geval van die NG kerk gedoen
word.¹²⁴⁾ Van der Linde wys egter uitdruklik daarop dat die Kerkorde
nie 'n kontrak is nie, maar dat dit die interne verbandsreg (*jus con-*
stitutum en *jus constituendum*) van die kerk is.¹²⁵⁾ By die praktiese
gebruik en toepassing van die Kerkorde kan daar geen aanduiding gevind
word dat dit kontraktueel van aard is nie, maar word dit in die geval
van die *jus constituendum* as kerkwette (soos dit deur Christus vasgestel
is en in die Bybel tot openbaring kom) vir die regering van die kerk ge-
bruik.¹²⁶⁾ Dit vorm dus die objektiewe reg waaraan lidmate hulle moet
onderwerp. Die *jus constitutum* is nie van skriftuurlike oorsprong nie,
maar dit word aanvullend gebruik om orde te bewerkstellig. Dit berus
weliswaar op onderlinge aanvaarding, maar dit maak nog nie van die Kerk=
orde 'n kontrak nie.¹²⁷⁾ Die belydenisskrifte berus ook op onderlinge
aanvaarding en tog kan die belydenisskrifte nooit as kontrakte aange-
merk word nie.

Die *jus constituendum* en *jus constitutum* vorm die interne verbandsreg }
van plaaslike kerke en word deur onderlinge oorlegpleging tydens 'n }

123) Tov interne verbandsreg, sien 5.3.1.1.1 en 5.3.2.1 hierbo.

124) *Theron*-saak 21; *Van Vuuren*-saak 557.

125) Van der Linde 1965 107: "Word die gedagte aan diens aan Christus t.b.v. die gelowiges egter vasgehou, kom dit tot openbaring in die Skrif-
tuurlike inhoud en sobere omvang van die kerkorde. Alleen die nood-
saaklike eise wat Christus vir die kerklike samelewing en inrigting
stel, word neergeleë en daaromheen ordebepalings gemaak ter instel-
ling en funksionering van die ampte tot diens van die Woord, Sakra-
mente en tug." Kyk ook aw 122; anders Kruger, Du Plessis en Spoel-
stra 1966 11, wat die Kerkorde as 'n ooreenkoms omskryf.

126) Van der Linde 1965 108.

127) Vgl art 86 KO.

meerdere vergadering vasgestel. Die lidmate en kerkraad is verplig om hulle aan hierdie interne verbandsreg te onderwerp. Daar kan selfs in uitsonderlike omstandighede van die Kerkorde afgewyk word, naamlik as dit noodsaaklik is, die afwyking so gering moontlik is en die afwyking erken word sonder dat dit 'n presedent vir 'n verdere afwyking skep. ¹²⁸⁾

*nie-juridiese
oogpunt* } Dit alles dui daarop dat die Kerkorde nie 'n kontrak kan wees nie, maar dat dit veel eerder die objektiewe reg vorm waardeur die kerk geregeer word. ¹²⁹⁾ Soos reeds hierbo aangetoon is, kom die gedagte dat 'n vrywillige vereniging op kontrak berus uit die Engelse reg en is dit deur Ordonnansie 7 van 1943 (Kaap) op kerke van toepassing gemaak. Hierdie Ordonnansie is egter nie op Gereformeerde kerke van toepassing nie. ¹³⁰⁾

*vir B
teunis =
name* } Juridies sal dit dus suiwerder wees om 'n plaaslike Gereformeerde kerk as 'n gemeenregtelike regs persoon te erken, soos wel gedoen is in *Venter en anderen v Den Kerkeraad der Gereformeerde Kerk te Bethulie*. ¹³¹⁾ In hierdie saak het die hof duidelik tussen 'n *societas* (wat op kontrak berus) en 'n korporasie onderskei en is die Gereformeerde kerk te Bethulie as 'n korporasie bestempel.

'n Plaaslike Gereformeerde kerk voldoen aan al die vereistes wat vir die toekenning van gemeenregtelike regs persoonlikheid gestel word, naamlik dat dit draer van regte en verpligtinge afsonderlik van die regte en verpligtinge van die individuele lidmate is; dat dit ongeag die wisseling van individuele lidmate voortbestaan; dat daar 'n interne gesagstruktuur bestaan en dat 'n geoorloofde doel nagestreef word. ¹³²⁾ 'n Plaaslike kerk is dus wel 'n verenigingsregspersoon, maar dit tree op 'n eiesoortige wyse in die regsverkeer op en kan nie goedskiks as 'n vrywillige vereniging (soos 'n jokkieklub of sportvereniging) bestempel word nie. Die kerk.

128) Roeleveld 1980 17; Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 507. *Slot*
ste boek RR

129) Vgl 5.3.2.1 (veral teks by verwysings 163-167) hierbo.

130) Sien teks by verwysing 53 hierbo.

131) 1879 OVS 4 op 6.

132) Kyk 4.2.2 hierbo. Vir die Nederlandse reg raadpleeg ook Roeleveld 1958 35-38. Kyk ook Handeling van die Sinode 1982 629.

is 'n unieke gemeenskap met unieke kenmerke wat op eiesoortige wyse aan-
aan die regsverkeer deelneem.¹³³⁾ In die Nederlandse reg word daar met
die eiesoortige aard van die kerke rekening gehou en ek wil aan die hand
doen dat 'n soortgelyke weg deur die Suid-Afrikaanse howe ingeslaan word.

Die feit dat 'n plaaslike kerk as 'n gemeenregtelike regspersoon geti-
peer word, neem nie die individuele verantwoordelikheid van elke lid=
maat weg nie. Hoewel daar 'n oorkoepelende verband as eenheid teenoor
buitestaanders te staan kom, is die lidmate steeds daarvoor verantwoor=
delik om hulle verpligtinge teenoor die kerk na te kom.

Die erkenning van 'n plaaslike kerk as gemeenregtelike regspersoon bring
die volgende mee:

6.4.2.1.2 Kerkeiendom

Die plaaslike kerk is daarop geregtig om onroerende eiendom in sy naam
te laat registreer. Weens die selfstandigheid van elke plaaslike kerk
is dit nie die sinode of "kerkverband" wat regspersoonlikheid aan soda-
nige kerk verleen nie. Derhalwe is dit nie nodig om toestemming van die
sinode of "kerkverband" vir enige registrasiehandeling te verkry nie.
Die kerkraad handel wel namens die kerk, maar die eiendom word in die
naam van die kerk as regspersoon geregistreer. So word dit byvoorbeeld
in die naam van die Gereformeerde kerk Potchefstroom (en nie die Gere-

133) KO p 7: "Die kerk is daarom 'n unieke gemeenskap, totaal anders as enige ander menslike samelewingsverband." Vir die Nederlandse reg, sien Asser-Van der Grinten 1980 bd 2/II 164; Van Schilfgaarde 1979 122; Scholten 1974 (in geheel); Oldenhuis 1977 (in geheel); Oldenhuis 1979 (in geheel); Hardenberg 1980 (in geheel); Roeleveld 1958 30-33.

formeerde gemeente van Potchefstroom nie) geregistreer.¹³⁴⁾

6.4.2.1.3 Inherente gesagstruktuur

Daar bestaan 'n inherente gesagstruktuur by elke plaaslike kerk. Gesag word aan die hand van die Bybel, belydenisskrifte en die Kerkorde uitgeoefen. Twee organe, naamlik die lidmate en kerkraad, word onderskei. Die een orgaan is nie ondergeskik aan die ander nie, maar elkeen oefen gesag op sy eie terrein uit.

Die kerkraad word altyd uit die lidmate gekies, maar die kerkraad is nie aan die gesag van die lidmate onderworpe nie.¹³⁵⁾ Die kerkraad is in die eerste plek vir die uitoefening van sy amp verantwoordig aan Christus verskuldig en staan dus nie as sodanig onder die gesag van die lidmate nie. Desnieteenstaande het elke lidmaat uit hoofde van sy amp as gelowige

134) Heyl 1977 228; Handeling 1982 629:

"6.1 Aangesien die bestaande kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geen bepalinge het omtrent die eiendomme van die afsonderlike kerke, om dit te verkry, te besit, te beswaer of te vervreem of op 'n ander manier te handel met roerende of onroerende goedere deur elke sodanige gemeente nie, so verklaar die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika soos volg:

6.1.1 Elke Gereformeerde Kerk binne die kerklike gemeenskap van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, is alleen eienaar van sy goedere en fondse, en al sulke goedere en aktes daarvoor en alle verbande in sy guns op las gepasseer, word geregistreer en gedoen op en in naam van die betrokke kerk en wel soos volg: Die Gereformeerde Kerk ...

6.1.2 Die kerkraad van elke gemelde kerk is bevoeg in naam en ten behoeve van sy kerk tot alle eiendomsdade van watter aard ook, maar in besonder en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die voorgaande om roerende en onroerende goedere te koop, te huur, te verhuur, te verkoop, met verband of servitute of ander laste te beswaar, verder om roerende en onroerende goedere om oorsake wat die betrokke kerkraad genoegsaam oordeel, weg te skenk of teen minder as die waarde daarvan oor te maak en om fondse op verbande of ander deur die kerkraad goedgekeurde sekuriteit uit te leen en te belê.

6.1.3 Die kerkraad van elke gemelde kerk is bevoeg om gevolg en uitvoering te gee aan al die voorgaande handeling ingesluit die passeer van transport van onroerende goedere, om alle dokumente te teken of te laat teken deur sodanige persoon of persone as wat deur die kerkraad daartoe gemagtig word.

6.1.4 Bostaande geld vir alle bestaande en nog te stigte Gereformeerde Kerke binne die kerklike gemeenskap van Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika."

135) Van der Linde 1965 88; Visser 1978 161-166.

die reg en verpligting om daarvoor toesig te hou dat die kerkraad nie strydig met die voorskrifte van die Bybel, belydenisskrifte of Kerkorde (die interne verbandsreg) optree nie.¹³⁶⁾ Artikel 31 van die Kerkorde bepaal dat enige lidmaat wat benadeel word of van mening is dat 'n kerksraadsbesluit strydig met die voorskrifte van die Bybel, belydenisskrifte of Kerkorde is, in hoër beroep na 'n meerdere vergadering (tot by die nasionale sinode) kan gaan.

Volgens die voorskrifte van die Kerkorde "verteenwoordig" die kerkraad die lidmate.¹³⁷⁾ Alle regshandeling wat aangegaan word, moet derhalwe deur die kerkraad namens die kerk aangegaan word. Die "verteenwoordigingshandeling" geskied egter nie kragtens volmag van die lidmate nie maar volgens die voorskrifte van die Bybel, belydenisskrifte en Kerkorde. Dit is dus eerder orgaanshandeling wat ingevolge die interne verbandsreg uitgevoer word. Daarom is die kerkraad (as orgaan van die kerk) by die aangaan van regshandeling wat die kerk bind en waaruit daar regsgevolge vir die lidmate kan voortspruit, aan die lidmate verantwoordig. So mag die kerkraad byvoorbeeld nie kerkeiendom vervreem of skulde aangaan sonder instemming van die lidmate nie. Die kerkraad dien nooit as verteenwoordiger van die sinode of 'n ander meerdere vergadering nie, maar tree juis namens die kerk by 'n meerdere vergadering of 'n sinode op.¹³⁸⁾

Die gesag van die kerkraad is nie daarop gemik om heerskappy oor die lidmate te voer nie, maar om die bediening van die Woord en Sakramente

136) Art 31 KO: "Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. As iemand egter 'n klagte het dat hy deur uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep tot by die nasionale sinode. Beroep van 'n nasionale sinode op 'n algemene sinode is slegs moontlik wanneer 'n beroep gedoen word op die Skrif, belydenis en kerkorde, of 'n uitspraak van die algemene sinode." Raadpleeg ook Visser 1978 152-158.

137) Art 11 KO: "Die kerkraad wat die kerk *verteenwoordig* ..." Dit dui op 'n orgaanshandeling wat die kerkraad uitvoer en nie op verteenwoordiging kragtens volmag nie. Kyk ook Bouwman 1928 dl 1 329 en Roeleveld 1958 39 ev.

138) Roeleveld 1980 16.

en die uitoefening van kerklike tug ordelik te laat verloop.¹³⁹⁾ Die gesag van die ampsdraers is 'n bedienende gesag, wat op 'n eiesoortige wyse uitgeoefen word. Van der Linde¹⁴⁰⁾ vat dit so saam: "Met ander woorde: deur die diens van die Woord oefen die ampsdraers, as gesante van Christus, 'n wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag uit."

Die lidmate het gewoonlik nie regstreeks deel aan die kerkregering nie.¹⁴¹⁾ Tog is die lidmate 'n noodsaaklike orgaan, want 'n kerk kan nie sonder lidmate bestaan nie. Deelname van die lidmate aan die kerkregering geskied gewoonlik onregstreeks deur bekendstellings en sake wat vir goedkeuring na die gemeente verwys is. Lidmate het ook, soos reeds hierbo vermeld, 'n reg om in hoër beroep na 'n meerdere vergadering te gaan. Die lidmate word dus nie soos onmondiges deur die kerkraad geregeer nie, maar oefen 'n eiesoortige gesag uit.¹⁴²⁾

Belangrike funksies van die lidmate is die verkiesing van ouderlinge en diakens ingevolge artikel 22 van die Kerkorde en die verkiesing van 'n predikant wat dan deur die kerkraad beroep word.¹⁴³⁾

6.4.2.1.4 Regsposisie van die predikant

Die predikant, wat 'n belydende lidmaat van 'n Gereformeerde kerk moet wees, is 'n ampsdraer: hy lewer diens aan die plaaslike kerk, maar hy staan nie in diens van die kerk nie. Ingevolge die Gereformeerde dogmatiek staan die predikant in diens van Christus, welke diens ten behoeve van 'n plaaslike kerk verrig word. Hy lewer dus uit hoofde van sy amp as bedienaar van die Woord diens aan die plaaslike kerk. Hy is nie 'n werk-

139) Van der Linde 1965 85-87; Visser 1978 119-130. Die wyse waarop kerklike tug uitgeoefen word, word volledig uiteengesit in KO art 71-86. Vgl ook Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 423-507.

140) Van der Linde 1965 85-86.

141) Van der Linde 1965 93 ev.

142) Van der Walt 1974 (a) 181-187; Van der Linde 1965 92; Bouwman 1928 dl 1 331.

143) Art 5 KO. Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 59 dui tereg aan dat die verkiesing deur die kerkraad en diakens met medewerking van die lidmate moet geskied.

nemer wat met 'n dienskontrak aan die kerk as werkgewer gebind word nie.¹⁴⁴⁾ Hy ontvang nie salaris of vergoeding van die lidmate nie, maar die kerkraad, as orgaan van die kerk, moet toesien dat die predikant onderhou en versorg word. Hy is eweneens ook nie in diens van die kerkraad nie, want dit word in die Kerkorde duidelik gestel dat die kerkraad in die versorging van die predikant slegs as orgaan ("verteenwoordiger") van die kerk optree.¹⁴⁵⁾

In die beroepsbrief word gewoonlik 'n onderneming deur die kerkraad ge= doen wat die omvang van die onderhoud en versorging van die predikant bepaal. Hierdie onderneming is by aanvaarding wel 'n onbenoemde ooreen= koms waaraan die kerk gebonde gehou kan word, maar dit is beslis nie 'n dienskontrak waarin die kerk (of kerkraad) die werkgewer en die predi= kant die werknemer is nie. Dit is ook heeltemal moontlik dat daar nie so 'n onderneming ten opsigte van die omvang van die predikant se onder= houd in die beroepsbrief gegee word nie, aangesien die onderhoud van die predikant 'n voorskrif van die Kerkorde is wat op die kerkraad as orgaan van die plaaslike kerk gelê word. Die predikantsamp is 'n amp wat van die ouderlingsamp onderskei word, maar nie geskei kan word nie, deurdat die predikantsamp histories uit die ouderlingsamp ontwikkel het.¹⁴⁶⁾ Net so min as wat 'n ouderling 'n dienskontrak met die kerkraad of lidmate sluit, net so min doen die predikant dit.

Die kerkraad moet steeds toesig hou oor die vervulling van die leer- en regeertaak van die predikant, net soos wat die kerkraadslede oor mekaar moet toesig hou ten einde goeie orde te kan handhaaf.¹⁴⁷⁾ Dit is beslis nie die toesig van 'n werkgewer oor 'n werknemer nie.

144) Vgl in hierdie verband Fourie 1973 182 ev, wat verklaar dat die predikant 'n dienskontrak met die gemeente as regspersoon sluit. Wat die Nederlandse reg aanbetref, verklaar Roeleveld 1958 41 dat daar nie 'n dienskontrak tussen die predikant en die kerk of kerkraad gesluit word nie.

145) Art 11 KO. Kyk vn 137.

146) Van der Linde 1965 66; Bouwman 1928 d1 1 357.

147) Art 81 KO: "Die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en die dia= kens moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan."

6.4.2.1.5 Dienskontrakte:

Dit is wel moontlik dat die kerkraad dienskontrakte met werknemers soos kosters, orreliste en andere kan sluit. Die werknemers staan dan in diens van die kerk, aangesien die kerkraad as orgaan van die kerk opgetree het.

6.4.2.1.6 Locus standi in judicio

Die kerk kan as eiser of verweerder in die regsverkeer optree. Dit gebeur veral in gevalle waar tugstappe teen lidmate of ampsdraers gedoen is en sodanige persone die besluite van die kerkraad deur 'n burgerlike hof laat hersien.

Die howe se uitgangspunt by sodanige hersiening is dat daar eerstens nagegaan moet word of die kerk by die neem van tugstappe die prosedure soos in die kerkorde uiteengesit, gevolg het.¹⁴⁸⁾ Indien die kerk nie die korrekte prosedure gevolg het nie, is dit logies dat die burgerlike hof, veral waar 'n reg van 'n lidmaat aangetas is, die tugstappe ter syde kan stel. Die howe let verder daarop of die reëls van natuurlike geregtigheid en goeie trou nagekom is.¹⁴⁹⁾ Wanneer 'n kerklike vergadering 'n diskresie uitoefen, is die maatstaf nie net of die kerklike liggaam 'n diskresie uitgeoefen het nie, maar die hof kan ook die prosedure ("meriete") van die uitoefening van die diskresie ondersoek ten einde vas te stel of die reëls van natuurlike geregtigheid en goeie trou nagekom is.¹⁵⁰⁾ Dit gaan dus nie daaroor of die hof die diskresie op 'n ander wyse as die kerklike liggaam sou uitgeoefen het nie, maar of die voorafgaande stappe ten einde die diskresie te kan uitoefen, aan die vereistes van natuurlike geregtigheid en goeie trou voldoen. Dit is egter opvallend dat die staande kerklike praktyk by tugstappe vir 'n prosedure voorsiening maak wat met die maatstaf van natuurlike geregtigheid en goeie trou

148) *Long v Bishop of Cape Town* 1863 4 Searle 162 op 176; *De Vos v Ringskommissie van die NG Kerk* 1952 2 SA 83 (O) op 94; *Theron v Ring van Wellington NG Sendingkerk* 1976 2 SA 1 (A) op 13.

149) *De Vos*-saak 101; *Theron*-saak 10 en 21 ev.

150) *Theron*-saak 13-21. Dit word deur die hof *jurisdiksionele feite* of *preliminêre of kollaterale kwessies* genoem.

ooreenstem: die aanklag moet naamlik aan die persoon meegedeel word; die *audi alteram partem*-reël moet toegepas word; daar mag geen vooroordeel wees nie en optrede moet deurentyd in alle openhartigheid en goeie trou geskied.¹⁵¹⁾ Indien die reëls van natuurlike regverdigheid of goeie trou nie nagekom word nie, is dit buitendien 'n verbreking van die staande kerklike praktyk dat tug met liefde toegepas moet word.

Die vraag ontstaan egter of die howe dieselfde geregtigheidsmaatstawwe as die kerklike vergaderings sal toepas. Die bepaling van artikel 36 NGB¹⁵²⁾ moet hier die weg aandui: die kerk moet die gesag van die owerheid erken vir sover dit nie met die Bybel en belydenisskrifte bots nie. Die kerk het dus kragtens sy aard soveel te meer 'n verpligting om by tughandelinge met die beginsels van geregtigheid, regverdigheid en goeie trou rekening te hou.

Indien 'n lidmaat deur 'n kerkraad veronreg is, is dit gewoonlik nodig dat alle huishoudelike stappe (byvoorbeeld beroep op 'n meerdere kerkvergadering) geneem moet word alvorens die saak deur 'n hof hersien kan word. Daar bestaan egter die uitsondering dat 'n verontregte lidmaat hom op 'n hof kan beroep voordat alle huishoudelike stappe geneem is waar 'n "fundamentele onreëlmatigheid of onwettigheid" teenoor so 'n lidmaat begaan is. Wanneer 'n handeling fundamenteel onreëlmatig of onwettig is, sal aan die hand van die besondere omstandighede in elke spesifieke geval beoordeel moet word. In *Van Vuuren v Kerkraad van die Morelig Gemeente van die NG Kerk in die OVS*¹⁵³⁾ het die Hof die vraag of 'n afgesette predikant onder sensuur verkeer, oorweeg ten spyte van die feit dat al die huishoudelike remedies nog nie deur die predikant uitgeput was nie. Die doel van die aansoek was om Van Vuuren (die afgesette predikant) in staat

151) KO art 31 en 74. Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 197-205 en 439-442 dui aan wat die prosedure is wat in tugsake gevolg moet word. Hieruit blyk dit dat die beginsels van natuurlike geregtigheid en goeie trou wel in die voorskrifte vervat is. Vgl Bamford 1982 157-169 en die *Theron*-saak vir die toepassing van gemelde beginsels deur die howe.

152) Sien teks by verwysing 117.

153) 1979 4 SA 548 (0) op 557-558; *Theron*-saak 27. Kyk ook Bamford 1982 174.

te stel om 'n klag by die kerkraad van die gemeente (wat hom as predikant afgesit het) in te dien. Sou die Hof egter bevind dat hy wel weens sy afsetting onder sensuur verkeer, sou dit nie vir Van Vuuren moontlik gewees het om die klag by die betrokke kerkraad in te dien nie. Ten opsigte van die vraag of Van Vuuren eers alle huishoudelike remedies moes uitput alvorens die Hof so 'n aansoek sal oorweeg, beslis die Hof by monde van regter De Wet:

"Mr. Olivier het aangevoer dat applikant eers sy huishoudelike remedies moes uitgeput het ingevolge die bepaling van gemelde kontraktuele verhouding tussen die partye alvorens hy hom op hierdie Hof kon beroep. Dit is egter duidelik dat dit nie hier gaan om die meriete van 'n beslissing nie. Wat ter sprake is, is die bevoegdheid van die applikant om kragtens die bepaling van art. 109 (1) 'n klagte in te dien. Dit behels 'n suiwer regspraak wat gaan om 'n preliminêre of jurisdiksionele aangeleentheid. Applikant kan hom dus op hierdie Hof beroep vir 'n beslissing van gemelde regspraak wat gaan om die vertolking van die kerkorde"

Met verwysing na die *Theron*-saak word beslis dat die applikant hom wel tot die Hof kan wend voordat alle huishoudelike stappe geneem is in die geval waar 'n onreëlmatigheid teen hom begaan is.

Die houe beklemtoon die feit dat die aksie van lidmate teen 'n kerk uit 'n kontrak, naamlik die kerkorde, voortspruit en derhalwe kontraktueel van aard is. Dit is egter te betwyfel of die regsposisie van lidmate kontraktueel van aard is en dat die kerkorde die kontrak tussen die lidmate is. Uit hoofde van die verhouding van goeie trou wat tussen die kerk as regspersoon en die afsonderlike lidmate bestaan, bestaan daar ook wederzijdse vorderingsregte (wat nie uit kontrak ontstaan nie) tussen die kerk en die lidmate. Inbreukmaking op hierdie vorderingsregte kan in bepaalde omstandighede onregmatig wees en tot 'n delikeis aanleiding gee, soos by 5.3.2.1 hierbo uiteengesit is. Die aard van die vorderingsregte is reeds by 5.3.2.2 hierbo bespreek. Dit is myns insiens dus 'n beter oplossing om die aksie van 'n lidmaat as deliktueel aan te merk.¹⁵⁴⁾

154) Fourie 1973 267-270. Kyk ook 5.3.2.1 (veral teks by verwysing 180) hierbo. Let egter op die gesag aangehaal in die *Van Vuuren*-saak 588, wat daarop dui dat die houe die aksie as kontraktueel van aard aanmerk.

Dit skyn asof die hof hom sover moontlik daarvan sal weerhou om oor leer= stellige aangeleenthede, veral waar dit op 'n vertolking van leerkwes= sies of belydenisskrifte neerkom, standpunt in te neem.¹⁵⁵⁾ Tog kan dit gebeur dat daar in 'n kerk groepe is wat onderling oor 'n leerstellige aangeleentheid verskil. Indien dit tot 'n skeuring of die afsetting van lidmate sou lei, kan dit gebeur dat die hof genader word om daarvoor uit= sluitsel te gee watter groep die navolgers van die oorspronklike leer is en watter groep daarvan afwyk. Dit is egter 'n ope vraag of dit vir 'n hof moontlik is om uitsluitel te gee waar daar ingewikkelde leerstellige vraagstukke ter sprake is. Al word daar van deskundige getuies gebruik gemaak, speel geloofsoortuiging in die verband steeds 'n belangrike rol. Die gesindheid en geloofsoortuiging van die regsprekende beampte is fak= tore wat myns insiens by die vertolking van die Bybel of belydenisskrif= te nie buite rekening gelaat kan word nie. Tog is dit ook nie moontlik om die hof se jurisdiksie uit te sluit waar die regte van persone aange= tas word nie. Die kerk-staat-verhouding bly steeds 'n netelige probleem en duideliker riglyne as wat tans bestaan, is 'n behoefte van sowel teo= loë as juriste. Daar word in hierdie proefskrif nie vollediger oor die probleem besin nie, aangesien dit nie regstreeks met die onderwerp ver= band hou nie.

6.4.2.2 Gereformeerde kerke in kerkverband

Uit die voorafgaande blyk dit dat daar in Gereformeerde kringe sterk standpunt teen die verlening van permanensie aan meerdere vergaderings ingeneem word en dat die sienswyse dat 'n meerdere vergadering 'n oor= koepelende permanente liggaam vorm, dus om prinsipiële oorwegings afge= keur word. Meerdere vergaderings is bloot tydelik van aard en ontbind na afloop van die byeenkoms. Die kerkverband is wel permanent en word sigbaar geopenbaar vir sover dit tussen plaaslike kerke beleef word, maar dit dui slegs op die band wat tussen plaaslike kerke bestaan en nie op 'n korporatiewe liggaam nie.¹⁵⁶⁾

155) *Burgers v Murray and others* 1865 1 Roscoe 258; *Du Flessis v Sinode van die NG Kerk* 1931 KPA (ongerapporteer) - raadpleeg *Die Kerksaak* 1931 224; *Theron*-saak 14 - die Appêlhof het nie uitdruklik oor dié aspek beslis nie, maar gesê: "Dit kan egter wees dat 'n kerk alge= hele outonomie oor leerkwessies besit"

156) Sien 6.4.1.2 hierbo. Tov tydelikheid van meerdere vergaderings, sien *Roeleveld* 1979 27 en *Spoelstra* 1967 23.

Daar is egter 'n aantal handeling en besluite van meerdere vergaderings van Gereformeerde kerke wat nie aan hierdie voorwaarde van tydelikheid voldoen nie. Hierbo is reeds daarop gewys dat die howe by die toerekening van bepaalde regsgevolge nie alleen die dogmatiese struktuur van 'n kerk in oënskou neem nie, maar ook die optrede van daardie kerk in die regsverkeer oorweeg. Om te voorkom dat 'n hof tot aanvegbare uitsprake in hierdie verband beweeg word, moet dus toegesien word dat daar nie 'n teësprak tussen die dogmatiese struktuur en die kerk se deelname aan die regsverkeer is nie. In hierdie verband sal sekere besluite en handeling van Gereformeerde kerke in heroorweging geneem moet word:

6.4.2.2.1 Naam

Sedert die stigting van die Gereformeerde kerk in 1859 staan die kerkgroep as *die Gereformeerde kerk in (van) Suid-Afrika* bekend. Hierdie benaming kan moontlik na buite die indruk skep dat 'n kerkverband as oorkoepelende liggaam van alle plaaslike Gereformeerde kerke op geïnstitueerde wyse bestaan, te meer omdat die howe dit in die geval van ander kerke so vertolk.¹⁵⁷⁾

Voorts is daar in die openbare verklaring van 14 Februarie 1859, wat sedertdien by elke sinode voorgelees word, verklaar:

"Allen, die met haar even dierbare geloof verkregen hebben, door de genade des H. Geestes, en - ditzelfde met haar wenschen te be-lijden en te betrachten, noodigt zij hartelijk tot hare *kerkge-meenschap* uit ... dat door hetzelve en door de werking des H. Geestes al de uitverkorenen vergaderd, en - al de ware geloovigen in *ééne kerkelijke gemeenschap* verenigd worden."¹⁵⁸⁾ (kursivering myne.)

Tydens die nasionale sinode van 1955 is wel daarop gewys dat met die term *kerk* die verskillende plaaslike kerke bedoel word, maar daar is besluit

157) Vgl Handeling van die Sinode 1862 8, asook Handeling 1869 7 en 17, waar verwys word na eiendom van die Gereformeerde kerk in SA; ook Handeling 1955 73.

158) Handeling 1862 8 en 9.

om weens historiese en praktiese oorwegings die naam *Gereformeerde kerk in Suid-Afrika* te behou.¹⁵⁹⁾ Hierdie naam kan moontlik vatbaar wees vir die vertolking dat die kerkverband 'n geïnstitueerde kerk is wat uit verskillende plaaslike kerke gevorm word. Dit is egter wenslik, ten einde ook regsekerheid te bewerkstellig, om die naam te wysig na die *Gereformeerde kerke in (en nie van nie) Suid-Afrika (of Suidelike Afrika)*, en wanneer die kerke byeenkom, dit die *Sinode van Gereformeerde kerke in Suid-Afrika (of Suidelike Afrika)* te noem.¹⁶⁰⁾ Tydens die nasionale sinodes van 1979 en 1982 is besluit dat studiedeputate die skriftuurlike, dogmatiese en kerkregtelike aspekte van die huidige naam moet ondersoek in die lig van juridiese implikasies en staatkundige en etniese omstandighede in Suidelike Afrika. Die studiedeputate sal by die volgende nasionale sinode (wat gedurende 1985 beoog word) verslag doen.

Spoelstra wys tereg daarop dat daar soms verkeerdelik van die "handeling van die vergadering van die sinode" melding gemaak word, in plaas van die "handelinge van die sinode".¹⁶¹⁾ So 'n benaming is vatbaar vir die vertolking dat die sinode 'n permanente liggaam is wat verskillende sittings of vergaderings het, terwyl die term *sinode* op *vergadering* dui. So word daar ook gepraat van "die Gereformeerde kerke binne die kerklike gemeenskap van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika", wat tot verdere verwarring aanleiding kan gee.¹⁶²⁾

Die naam *Gereformeerde kerk in Suid-Afrika* het die gedagte van 'n Gereformeerde kerkverband as korporatiewe entiteit ook op ander terreine na vore gebring, soos hieronder bespreek word.

6.4.2.2.2 Kerkeiendomme

Reeds by die sinode van 1869 is besluit om 'n pastorie, wat die Gereformeerde kerk te Burgersdorp: "... als vrij en onbelemmerde eigendom aan

159) Handeling 1955 79.

160) Du Plooy 1982 390; Spoelstra 1967 23; Fourie 1980 304. Die benaming Gereformeerde kerkverband in Suid-Afrika (van Spoelstra) kan moontlik die indruk van 'n korporatiewe liggaam skep.

161) Spoelstra 1967 23.

162) Handeling 1979 560.

de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika ten geschenke zullen geven ...¹⁶³⁾ in eiendom te aanvaar. Die geboue van die Teologiese skool te Burgersdorp is dan ook in die naam van *De Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika* geregi=streer.

Tans is daar 'n hele aantal eiendomme in die naam van die *Gereformeerde kerk in Suid-Afrika* geregistreer.¹⁶⁴⁾ Die nasionale sinode het in 1955 die volgende besluit rakende kerkeiendom geneem:

"2 Aangesien die bestaande kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ook geen bepaling het omtrent die eiendomme van die afsonderlike klassisse, partikuliere sinodes en vir allerlei bestaande of nog te stig=te stigtinge van die Algemene Sinode om dit te verkry, te besit, te be=swaar of te vervreem of op 'n ander manier te handel met roerende of on=roerende goedere deur elke klassis of partikuliere sinode of sinodale stigting van watter aard ook al nie, so verklaar die Sinode voormeld verder soos volg:

- a Elke klassis of partikuliere sinode of sinodale stigting binne die kerklike gemeenskap van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is *alleen eienaar van sy goedere en fondse* en al sulke goedere en aktes daaroor en alle verbande in sy guns op las gepasseer, word geregistreer en gedoen op en in die naam van elke klassis of partikuliere sinode of sinodale stigting en wel soos volg: Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Klassis ... of Partiku=liere Sinode ... of Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika as dit enige stigting in naam van die Algemene Sinode geld, soos bv. Teologiese Skool, Sendingfonds
- b Elke klassis of partikuliere sinode of trustees van enige stig=ting is bevoeg om in naam en ten behoeve van die betrokke lig=gaam en sonder verdere lasgewing buite hierdie besluit tot alle eiendomsdade van watter aard ook, maar in besonder en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die voorgaande om roe=

163) Handeling 1869 17 en 20.

164) Handeling 1982 629. Tans word alle eiendomme van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika of aan plaaslike Gereformeerde kerke of aan be=staande stigtinge oorgedra.

rende en onroerende goedere te koop, te huur, te verhuur, te verkoop, met verband of servitude of ander laste te beswaar, verder om roerende of onroerende goedere om oorsake wat die betrokke liggaam genoegsaam oordeel, weg te skenk of teen minder as die waarde daarvan oor te maak en om fondse op verbande of ander deur die betrokke liggaam goedgekeurde sekuriteit uit te leen en te belê onderworpe aan die voorwaardes wat die betrokke lasgewers goedgekeur het.

- c Die betrokke liggaam is gemagtig om gevolg en uitvoering te gee aan al die voorgaande handeling, ingesluit die passeer van transport van onroerende goedere, om alle dokumente te teken of te laat teken deur een of meer persone binne of buite die betrokke liggaam.
- d Bostaande geld vir alle bestaande of nog te stigte liggame van bogenoemde aard binne die kerklike gemeenskap van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.¹⁶⁵⁾

Dit beteken eerstens dat die nasionale sinode bepaal het dat partikuliere sinodes en klassisse regspersone is, deurdat hulle *alleen* eienaar van goedere en fondse is. Heeltemal in stryd met die beginsel dat hierdie vergaderings tydelik van aard moet wees, word hier nou 'n aantal korporatiewe liggame geskep wat in eie naam eiendomsreg op goedere en fondse verkry.

Voorts is die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika eienaar van kerkeiendomme wat in sy naam geregistreer is. Dit skep die indruk dat die kerkverband 'n regspersoon is wat regshandeling in eie naam uitvoer en wat op 'n hiërargiese wyse ook regspersoonlikheid aan partikuliere sinodes, klassisse en plaaslike kerke verleen.¹⁶⁶⁾

Tydens die nasionale sinode van 1982 is die 1955-besluit herroep en die volgende besluit geneem:

165) Handeling 1955 83 ev.

166) Vgl ook Du Plooy 1982 409.

6.2 Aangesien die bestaande kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ook geen bepalinge het omtrent die eiendomme van allerlei bestaande of nog te stigte stigtinge van die Gereformeerde Kerk om dit te verkry, te besit, te beswaar of te vervreem of op 'n ander manier te handel met roerende of onroerende goedere deur elke sodanige stigting van watter aard ook al nie, so verklaar die Sinode, dat, tensy anders in die skeppingsakte van sodanige stigting vermeld:

6.2.1 Elke sodanige stigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika alleen eienaar is van sy goedere en fondse en al sulke goedere en aktes daarvoor en alle verbande in sy guns op las gepasseer, word geregistreer en gedoen op en in die naam van sodanige stigting en wel soos volg: Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (naam van stigting) byvoorbeeld "Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Die Kerkblad".

6.2.2 Die trustees van enige stigting bevoeg is om in naam en ten behoeve van die betrokke stigting alle eiendomsdade van watter aard ook te verrig, maar in besonder en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die voorgaande om roerende en onroerende goedere te koop, te huur, te verhuur, te verkoop, met verband of servitude of ander laste te beswaar, verder om roerende en onroerende goedere om oorsake wat die betrokke trustees genoegaam oordeel, weg te skenk of teen minder as die waarde daarvan oor te maak en om fondse op verbande of ander deur die betrokke trustees goedgekeurde sekuriteit uit te leen en te belê onderworpe aan die voorwaardes wat die betrokke trustees goedgekeur het.

6.2.3 Die betrokke trustees bevoeg is om gevolg en uitvoering te gee aan al die voorgaande handelinge, ingesluit die passee van transport van onroerende goedere, om alle dokumente te teken of te laat teken deur sodanige persoon of persone as wat deur die trustees daartoe gemagtig word.

6.2.4 Bostaande geld vir alle bestaande of nog te stigte stig-

tings van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika."¹⁶⁷⁾

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat partikuliere sinodes en klas= sisse (weens hierdie vergaderings se weglating uit die nuwe besluit) nie meer eienaars van goedere of fondse kan wees nie. Alle eiendomme wat nie aan plaaslike kerke behoort nie, moet tans in die naam van bestaande of te stigte stigtinge geregistreer word. Die wenslikheid van sodanige op= trede word by 6.4.3.2 hieronder ondersoek. Voorlopig kan die vraag egter gestel word of daar met hierdie optrede werklik afstand gedoen word van die gedagte dat die kerkverband eienaar van sodanige eiendomme is en of die oordrag van gemelde eiendomme nie net op 'n omseilingshandeling neer= kom nie. Dit kom vreemd voor dat die eiendomme steeds in die naam van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika (met die naam van die betrokke stigting daarnaas) geregistreer word.

6.4.2.2.3 Kontraksluiting

In 1970 en 1976 is ooreenkomste tussen die Gereformeerde kerk in Suid= Afrika en die PU vir CHO betreffende die reëling van die verhouding tussen gemelde Universiteit en die Teologiese skole van die Gerefor= meerde kerk te Potchefstroom en Hammanskraal onderskeidelik gesluit.¹⁶⁸⁾ Die partye tot die kontrak word as die Gereformeerde kerk in SA en die PU vir CHO aangedui, wat weer die vermoede skep dat òf die Gereformeer= de kerk in SA òf die nasionale sinode 'n regs persoon is wat regshande= linge uitvoer.

6.4.2.2.4 Algemene optrede

Deur die algemene optrede en uitsprake van lidmate, plaaslike kerke en meerdere vergaderings word dikwels die indruk geskep dat die kerkverband 'n regs persoon is:

- Die Administratiewe buro van die Gereformeerde kerk is aangewys as die kerkgroep se *domicilium citandi et executandi*.¹⁶⁹⁾ Dit skep

167) Handeling 1982 630A-630B. Hierdie besluit is weggelaat uit die oorspronklike Handeling van 1982 en later ingevoeg as p 630A-630B.

168) Handeling 1970 384 en Handeling 1976 124-126.

169) Handeling 1955 84.

die indruk dat die kerkverband kan dagvaar of gedagvaar kan word en dus as 'n regs persoon tot hofgedinge kan toetree.

- In 1973 is ondersoek ingestel na die moontlikheid om die kerkverband by 'n mediese skema in te skakel, sodat "werknemers" van die Gereformeerde kerk sodanige mediese skema kan benut.¹⁷⁰⁾
- Kontinuiteit van die sinode: In 1952 is daar 'n kommissie ingestel om ondersoek in te stel na 'n skema van afvaardiging na meerdere vergaderings en die sinode ten einde die kontinuiteit van die sinode en meerdere vergaderings te handhaaf.¹⁷¹⁾ Tydens die nasionale sinode van 1955 is dan ook bepaalde besluite geneem ten einde die kontinuiteit van die sinode en ander meerdere vergaderings te verseker. Hoewel die bedoeling nie was om 'n korporatiewe liggaam in te stel nie, is die gebruik van die term *kontinuiteit* ongewens, aangesien dit die indruk van permanensie skep.

Dat die kerkverband permanent bestaan, skep nie probleme nie. Om egter die kontinuiteit van die sinode en meerdere vergaderings op 'n georganiseerde wyse te reël, doen afbreuk aan die vereiste van tydelikheid. Die vraag kan gestel word of die gebruik van deputate wat opdrag by een sinode ontvang en by 'n volgende sinode moet rapporteer (en wat dikwels bestaan uit dieselfde persone wat vir 'n tydperk van jare in 'n deputaatskap dien), nie tog reeds tot groot hoogte 'n permanente struktuur en werkwyse aan sinodes en meerdere vergaderings verleen nie.¹⁷²⁾ Indien dit sou gebeur dat deputate 'n deurlopende verbintenis tussen sinodes vorm, is daar nie 'n groot verskil tussen 'n sinode en die aandeelhoudersvergadering van 'n maatskappy, wat net op gesette tye vergader, maar kontinuiteit bewerkstellig deur middel van 'n bestuur en verteenwoordigers wat weer by 'n volgende aandeelhoudersvergadering moet kom rapporteer nie.

170) Handeling 1973 174 en 179.

171) Handeling 1952 272; Handeling 1955 119.

172) Kyk Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 299.

- Daar word algemeen tussen 'n blanke kerkverband en 'n nie-blanke kerkverband onderskei.¹⁷³⁾ Kerkverband is egter immers iets wat tussen plaaslike kerke met dieselfde geloofsoortuigings en belydenisskrifte beleef word. Om 'n nie-blanke kerkverband van 'n blanke kerkverband te onderskei, skep die indruk dat daar twee geïnstiteerde liggame bestaan.¹⁷⁴⁾ Dit is kennelik nie die geval nie.
- Die standpunt is hierbo ingeneem dat kerkverband nooit 'n korporatiewe liggaam kan wees nie. Hierteenoor word kerkverband egter dikwels as 'n *societas* van plaaslike kerke omskryf.¹⁷⁵⁾ Aan die hand van die *societas*-begrip word die kerkverband dan as 'n vennootskap aangemerkt.¹⁷⁶⁾ Die term vennootskap het egter 'n vasgelegde betekenis in die Suid-Afrikaanse reg, naamlik dat dit 'n kontrak vir samewerking tussen twee of meer persone, wat nie twintig oorskry nie, met die oog op winsbejag is.¹⁷⁷⁾ Die term vennootskap kan dus nooit gebruik word om die aard van die kerkverband te omskryf nie. Indien die bedoeling sou wees om aan te toon dat kerkverband 'n *ooreenkoms* ter bereiking van 'n ideële doel is (wat dit nie is nie), sou dit in elk geval beter gewees het om die term genootskap te gebruik.¹⁷⁸⁾ Roelvelde¹⁷⁹⁾ is nie bereid om die kerkverband as 'n genootskap aan te merk nie, aangesien 'n genootskap volgens hom altyd 'n regspersoon is. Die term genootskap (vrywillige vereniging)¹⁸⁰⁾ word egter in die Suid-Afrikaanse regspraak gebruik om 'n vereniging wat op kontrak berus, te omskryf. Hoewel

173) Handeling 1964 261-273.

174) Sien Du Plooy 1982 403.

175) Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 178; Roelvelde 1980 5 en 6.

176) Ibid.

177) Bamford 1982 1; Uys 1961 13. Vgl ook vne 50 en 110 hierbo.

178) Vir die omskrywing van 'n genootskap, raadpleeg Bamford 1982 117; Uys 1961 13. Sien egter die kritiek van Fourie 1973 21 ten opsigte van die gedagte dat die kerkverband 'n genootskap is.

179) 1980 5-8.

180) In die Suid-Afrikaanse regspraak word die terme genootskap en vrywillige vereniging as *sinonieme* gebruik - vgl *Theron*-saak 13. In hierdie saak word nie uitsluitend gegee op die vraag of 'n kerk 'n regspersoon is al dan nie - vgl *Theron*-saak 25.

'n vereniging in bepaalde omstandighede 'n regs persoon kan wees,¹⁸¹⁾ is 'n vereniging wat op kontrak berus altyd 'n vereniging sonder regs persoonlikheid. Die term genootskap moet dus liever nie gebruik word om 'n verenigings regs persoon aan te dui nie, aangesien dit verwarring skep. Daar kan dus nie met Roeleveld saangestem word dat 'n genootskap altyd 'n regs persoon is nie en dat die kerkverband daarom 'n vennootskap moet wees nie.

Myns insiens berus kerkverband hoegenaamd nie op die *societas*-gedagte nie.¹⁸²⁾ 'n Genootskap bring die gedagte van 'n permanente verhouding wat op kontraksluiting berus, na vore. Hoewel hier geen regs persoon tot stand kom nie, bestaan daar dan tussen die plaaslike kerke 'n kontraktuele eenheid van permanente aard, waaraan die plaaslike kerke gebonde gehou word. Dit vorm ook maar 'n spesifieke *aamwysbare* of *sigbare* struktuur van permanente aard, waarin die plaaslike kerke dan ingevolge die genootskapsooreenkoms opgaan.

Hoewel die kerkverband permanent is, is dit egter nooit 'n sigbare of aamwysbare gegewene in strukturele sin nie, maar is dit alleen sigbaar vir sover dit by die hou van *tydelike* meerdere vergaderings beleef word. Die *societas*- of genootskapsgedagte doen afbreuk aan hierdie prinsipiële beskouing van kerkverband, deurdat daarby noodwendig van 'n sigbare vereniging van permanente aard (hoewel dit

181) Bamford 1982 126 verklaar tereg dat vrywillige verenigings met of sonder regs persoonlikheid bestaan. Hy fouteer egter deur albei groepe op kontrak te grond. Uys 1961 2, 4, 11 en 16 deel mee dat vrywillige verenigings (genootskappe) nooit regs persone is nie. Indien hy met die term genootskap 'n vrywillige vereniging sonder regs persoonlikheid wat op kontrak berus, bedoel, kan daarmee saangestem word. Dit moet egter steeds in gedagte gehou word dat daar ook vrywillige verenigings met regs persoonlikheid wat nie op kontrak berus nie, bestaan. Laasgenoemde verenigings regs persone is egter nie genootskappe nie. Roeleveld 1980 22 vn 27 verklaar verkeerdelik tov Uys se term *genootskapsooreenkoms*: "Hierdie skrywer handel egter oor die oprigtingsooreenkoms van 'n genootskap as 'n regs persoon sonder winsoogmerk." Myns insiens stel Uys hom juis ten doel om 'n *genootskap* van 'n *regs persoon* te onderskei.

182) Die uiteenlopende standpunte van Bamford, Uys en Roeleveld betref fende die aard van 'n genootskap illustreer die verwarring wat bestaan weens die feit dat die Romeinse *societas*-begrip in alle opsigte aan die Engelse begrip *voluntary association* gelykgestel word. Raadpleeg ook vn 50 hierbo.

nie 'n regs persoon is nie) sprake is. Die byeenkoms in kerkverband is ten ene male nie op 'n ooreenkoms of kontraksluiting gegrond nie,¹⁸³⁾ maar dit is 'n skriftuurlike voorskrif wat in die Kerkorde vervat is en op onderlinge aanvaarding (wat nie kontraksluiting is nie) berus.

6.4.2.3 Die gesag van meerdere vergaderings

Kerkverband word beleef deur die hou van tydelike meerdere vergaderings. Tog kan kerkverband nooit aan 'n sinode of enige ander meerdere vergadering gelykgestel word nie. Kerkverband word permanent beleef, terwyl meerdere vergaderings bloot tydelik van aard is. 'n Vraag wat heelwat aandag in Gereformeerde kringe geniet, is wat die aard van die gesag van meerdere vergaderings is. Aansluitend hierby ontstaan die vraag hoe die houe hierdie gesag sal vertolk.

Daar is reeds hierbo¹⁸⁴⁾ op gewys dat die Kerkorde nie 'n kontrak tussen die verskillende kerke of lidmate is nie, maar dat dit die *jus constituendum* en *jus constitutum* (interne verbandsreg) van plaaslike kerke is, wat in onderlinge oorleg met mekaar en ter wille van eenvormigheid in belydenis en kerkregering tydens 'n meerdere vergadering (sinode) vasgestel en aanvaar word. Die lidmate en die kerkraad onderwerp hulle aan die gesag van hierdie interne verbandsreg. Ook meerdere vergaderings geskied onder die gesag van die bepalings van die Kerkorde.

'n Meerdere vergadering is dan ook 'n vergadering van kerke¹⁸⁵⁾ wat deur middel van aangewese ampsbedienaars (predikante en ouderlinge) saamkom.¹⁸⁶⁾ Hulle stel die liturgie en Kerkorde vas en dui aan op welke wyse die kerk geregeer moet word. Dit alles is moontlik deurdat die kerke 'n eenheid in belydenis, wat ook die akkoord van die kerklike gemeenskap heet, beleef. Die Kerkorde word dus nie deur 'n geïnstitueerde gesagsliggaam gepositi-

183) Vgl egter Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 178.

184) 6.4.2.1.1 hierbo.

185) Du Plooy 1979 12; Du Plooy 1982 241; anders Van der Linde 1965 141 ev.

186) Spoelstra 1967 27; Van der Linde 1965 147.

veer nie, maar berus op onderlinge aanvaarding van skrifvereistes en ordemaatreëls deur plaaslike kerke ten einde ordelike kerkregering te bewerkstellig.

Deur verskeie kerkregsgeleerdes word klem gelê op die feit dat die gesag van meerdere vergaderings nie afgeleide gesag is nie.¹⁸⁷⁾ Die plaaslike kerk dra nie sy gesag aan die meerdere vergadering oor, net om dan onder die jurisdiksie van die meerdere vergadering te staan te kom nie. Die plaaslike kerk behou altyd selfstandigheid en oefen gesag uit in sake waar die plaaslike kerkraad die vermoë het om self op te tree. Wanneer daar egter aangeleenthede ter tafel kom wat die plaaslike kerkraad nie alleen kan hanteer nie of wat meer kerke raak, kom die kerke in 'n meerdere vergadering byeen ten einde gemelde sake gesamentlik te oorweeg. Die meerdere vergadering se besluite dra daarom 'n eiesoortige gesag. Dit is nie afgeleide gesag nie. Voorts is dit ook nie vervangende gesag wat die plaaslike kerk se gesag vervang of omvat nie.¹⁸⁸⁾ Dit is die eiesoortige gesag van die meerdere vergadering wat geld ten opsigte van aangeleenthede wat binne die eie terrein van die meerdere vergadering val. Dit alles is moontlik omdat daar in hoofsaak net één gesag, naamlik dié van Christus is.¹⁸⁹⁾

Meerdere vergaderings het dus nie *groter* gesag as plaaslike kerke nie, maar dit is gesag wat gesamentlik uitgeoefen word deur meer kerke op 'n terrein waar 'n plaaslike kerk nie gesag mag of kan uitoefen nie. Dit is dus geen botsende gesag nie,¹⁹⁰⁾ maar dieselfde gesag wat deur verskillende vergaderings op verskillende terreine uitgeoefen word.¹⁹¹⁾ Artikel 84 van die Kerk=

187) Van der Linde 1965 146; Spoelstra 1967 30; Spoelstra 1977 59.

188) Spoelstra 1967 32-33; Spoelstra 1977 59; Visser 1982 316.

189) Van der Linde 1965 153; Visser 1982 305.

190) Spoelstra 1967 26 en 29; Visser 1982 305.

191) Spoelstra 1977 60: "Dit is dieselfde gesag as waaraan elke gelowige in die kerk regstreeks onderworpe is; dit is dieselfde gesag wat elke opsiener (biskop) geroepe is om te bedien; dit is dieselfde gesag wat die opsieners in hulle samekoms binne die kerk in die konsistorie moet bedien t.o.v. sake wat die opsiener nie reeds kon afhandel nie; dit is dieselfde gesag wat die kerkraad deur sy opsieners wil laat bedien in sake waarin hy die samewerking, hulp of advies van ander kerkrade (kerke) ter sinode gaan soek, omdat hy dit nie alleen kan afhandel nie."

orde beklemtoon dan ook die feit dat geen kerk oor ander kerke of geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy mag voer nie. Dit beteken egter nie dat 'n kerkraad willekeurig mag besluit of hulle 'n besluit van 'n meerdere vergadering wil toepas al dan nie. Indien 'n saak binne die gesag van 'n meerdere vergadering val, het daardie besluit dwingende krag teenoor die plaaslike kerk. Dit dui nie daarop dat die meerdere vergadering die gesag en kerkregering uit die hande van 'n plaaslike kerkraad kan neem nie,¹⁹²⁾ maar, weens die feit dat dit die oorleg en kundigheid van meer kerke as grondslag het, is dit bindend op plaaslike kerke.

'n Besluit van 'n meerdere vergadering vervang egter nie outomaties 'n besluit wat deur 'n kerkraad geneem is nie. Kerkraadsbesluite moet eers deur die betrokke kerkraad gewysig of herroep word ten einde in ooreenstemming met die besluite van 'n meerdere vergadering gebring te word. 'n Kerkraad wat weier om dit te doen, verbreek die eenheid van die kerkverband, wat uiteraard tot kerkskeuring aanleiding sal gee.

my artikel
om art
31 KO.

Die aangeleentheid is veral van belang by die verrigting van tughandelinge. Die hof sal tughandelinge van 'n meerdere vergadering beoordeel aan die hand van die voorskrifte in die Kerkorde en die belydenisskrifte en sal veral daarop let of die vergadering sy eie prosedurevoorskrifte nagekom het.¹⁹³⁾ Aanvullend hierby let die hof altyd daarop of die voorskrifte van natuurlike geregtigheid en goeie trou nagekom is.¹⁹⁴⁾ Dit is opvallend dat die heersende praktyk by tughandelinge die voorskrifte van natuurlike geregtigheid en goeie trou wat die howe vereis, tot groot hoogte insluit.¹⁹⁵⁾

192) Van der Linde 1965 153; Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 226-231.

193) Sien die teks by verwysing 148.

194) Kyk ook teks by verwysing 149.

195) Raadpleeg 6.4.2.1.6 hierbo. Bamford 1982 157-169 gee 'n uiteensetting van hierdie vereistes. In die Kerkorde kom dit in art 31 en 74 voor. Van der Linde verklaar dat die basiese reëls van natuurlike geregtigheid en goeie trou in elke mens ingeskape is, deurdat elke mens 'n skepsel van God is. Weens die gebroke werklikheid waarin die mens as gevolg van die sondeval verkeer, is hierdie reëls van natuurlike geregtigheid 'n afskaduwing van die *reg* wat God in die skepping ingebou het.

Indien daar in beroep op 'n verdere meerdere vergadering gegaan word, is ook daardie meerdere vergadering verplig om die voorskrifte van die Kerkorde na te kom en sal die hof ook daarop let of die reëls van natuurlike geregtigheid en goeie trou nagekom is. Indien die meerdere vergadering nie hiaraan voldoen het nie, is dit geykte reg dat die hof die uitsprake van sodanige meerdere vergadering tersyde sal stel. Myns insiens kan nie hierteen beswaar gemaak word nie aangesien 'n kerk wat nie die voorskrifte van die Kerkorde nakom nie, tog nie op immunitet teen die inmenging van 'n burgerlike hof aanspraak kan maak nie.

Kerklike vergaderings geniet in 'n sekere mate immunitet teen die inmenging van die hof by die vertolking van leerstellige sake. Dit geld veral by die vertolking van leerkwessies en belydenisskrifte.¹⁹⁶⁾ Die hof weerhou hulle normaal daarvan om die meriete van 'n spesifieke leerstelling te beoordeel. Tog ontstaan daar dikwels 'n situasie waar dit vir die hof nodig is om uitspraak te gee oor die vertolking van die belydenisskrifte of Kerkorde. Dit kan gebeur dat daar weens leerstellige verskille kerkskeuring plaasvind en albei groepe daarop aanspraak maak dat hulle die kerk is wat die belydenisskrifte korrek vertolk en daarom (as voortsetting van die oorspronklike kerk) op die kerkeiendom geregtig is. By eenvoudige leerkwessies behoort dit nie 'n groot probleem vir die hof te wees nie, maar dit bly 'n ope vraag of 'n hof oor die vermoë beskik om 'n oordeel te vel waar ingewikkelde teologiese leerstellings ter sprake is. Die hof oordeel weliswaar op grond van deskundige getuie-nis wat aan hom voorgelê word, maar dit bly steeds 'n vraag of die voorsittende beampete objektief kan oordeel watter van die deskundiges se weer-gawe die korrekte is. Die problematiek van die kerk-staat-verhouding val buite die omvang van hierdie proefskrif, maar bogemelde vraagstuk bly steeds 'n netelige probleem.

6.4.2.4 Samevatting

Plaaslike Gereformeerde kerke voldoen aan al die gemeenregtelike vereis-tes vir die verwerwing van regs persoonlikheid. Sodanige kerke tree as

196) *Du Plessis v Sinode van die NG kerk 1931 KPA (ongerapporteer)* - raad-pleeg Die Kerksaak 1931 224; *Theron*-saak 14.

gemeenregtelike regspersone in die regsverkeer op deur onder meer kontrakte te sluit, eiendom te besit en ander regshandeling aan te gaan. Daar kan voorts prinsipiële beswaar ingebring word teen die standpunt dat plaaslike kerke op kontrak berus. Sodanige kerke berus op interne verbandsreg, bestaan voort ongeag die wisseling van lidmate en is draer van regte en verpligtinge afsonderlik van dié van die lidmate waaruit hulle saamgestel is. Dit skyn asof daar geen prinsipiële beswaar teen sodanige siening van die regsposisie van plaaslike kerke bestaan nie.

Daar bestaan egter 'n sterk moontlikheid dat die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika (as kerkgroep) ook deur die *howe* as 'n regspersoon bestempel sal word, aangesien dit die volgende kenmerke vertoon (of vertoon het):

- dit is 'n entiteit wat draer van regte en verpligtinge afsonderlik van dié van plaaslike kerke of lidmate is deurdat dit eienaar van afsonderlike kerkeiendomme is;¹⁹⁷⁾
- dit het 'n langdurige voortbestaan, ongeag die wisseling van plaaslike kerke of lidmate, deurdat daar op 'n vasgelegde wyse kontinuïteit van een sinode na 'n daaropvolgende sinode bestaan; lyk W 273
- dit het 'n inherente gesagstruktuur;¹⁹⁸⁾
- dit het 'n geoorloofde ideële doel;
- dit het *locus standi in iudicio* (kan as eiser en verweerder in die regsverkeer optree).¹⁹⁹⁾

Dit staan egter vas dat dit heeltemal teenstrydig met die prinsipiële beskouing in verband met meerdere vergaderings of kerkverband is om enige sinode, meerdere vergadering of die Gereformeerde kerk in Suid-

197) Vgl 6.4.2.2.2 hierbo.

198) Loc cit.

199) Handeling 1955 84.

Afrika (as kerkgroep) as 'n regs persoon te tipeer. Daarom sal daar ernstig besin moet word oor die wyse waarop plaaslike kerke gesamentlik aan die regsverkeer behoort deel te neem. In 6.4.3 hieronder word 'n aantal voorstelle in hierdie verband gemaak.

Geen meerdere vergadering is dus 'n regs persoon nie. Tog bind elke besluit van 'n meerdere vergadering al die plaaslike kerke wat aan die vergadering deelgeneem het.²⁰⁰) Indien daar van regsweë enige aanspreeklikheid uit 'n besluit van 'n meerdere vergadering voortvloei, sal alle plaaslike kerke gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik gehou moet word. Elkeen sal dus as eiser of verweerder gevoeg moet word. Indien daar dus kontraktuele of deliktuele aanspreeklikheid (laasgenoemde kan byvoorbeeld by onregmatige tughandelinge ontstaan) uit die besluite van 'n meerdere vergadering sou voortvloei, bring dit aanspreeklikheid vir elke plaaslike kerk mee. Hierdie probleem kan gedeeltelik ondervang word (veral ten opsigte van kontraktuele aanspreeklikheid) deur die oprigting van 'n beheersregspersoon deur die plaaslike kerke wat dan regshandelinge namens die plaaslike kerke uitvoer (waaroor by 6.4.3.4 hieronder vollediger besin word). Tughandelinge van meerdere vergaderings sal egter steeds deur die meerdere vergadering self gehanteer moet word, wat individuele aanspreeklikheid meebring vir elke plaaslike kerk wat aan die vergadering meedoën.

6.4.3 Voorstelle vir gesamentlike optrede van plaaslike kerke

Kragtens die Gereformeerde prinsipiële beskouing van kerkverband is dit nie aanvaarbaar om 'n oorkoepelende geïnstitueerde gesagsliggaam bo of naas die plaaslike kerke in die lewe te roep nie. Van der Linde spreek hom soos volg teen so 'n stelsel, wat wesenlik kollegialisties sou wees, uit:²⁰¹)

"Die kerkverband bring dus 'n *nuwe liggaam* voort, wat die plek van die plaaslike kerk inneem en deur die *sinode geregeer* word.

200) Kruger, Du Plessis en Spoelstra 1966 191-205; art 31 KO. Wanneer besluite met 'n meerderheid van stemme aanvaar is, moet die minderheid met die meerderheid "konformeer".

201) Van der Linde 1965 119. Vgl ook Van der Walt 1974 (a) 119 en Du Plooy 1982 95.

Van selfstandigheid is daar by die plaaslike kerk nou geen sprake meer nie. Hiërargies daal die gesag van die sinode af neer tot by die gemeentes Prakties kom dit daarop neer dat veral die kerkrade grotendeels administratiewe liggame is waardeur die sinode werk Hierdie kerkbegrip bring mee dat die plaaslike kerk, wat in *die kerk* verdwyn het, nie meer primêr die openbaring van die liggaam van Christus is nie maar wel van *die kerk* as die korporatiewe eenheid waarin die plaaslike kerke verdwyn het."

Dit is dus noodsaaklik om die selfstandigheid van die plaaslike kerke te beklemtoon en uit te bou, sonder om die bestaan van die kerkverband en die gemeenskaplike belange van die plaaslike kerke te ontken of te negeer.²⁰²⁾ Daar moet egter rekening gehou word met die feit dat plaaslike kerke heel dikwels gesamentlik in die regsverkeer moet optree. Hoewel gesamentlike regshandeling in die regsverkeer nie 'n voorvereiste vir die bestaan van kerkverband is nie, is dit 'n praktiese gevolg van die feit dat kerkverband tussen plaaslike kerke beleef word. Die moontlikheid dat plaaslike kerke gesamentlike regshandeling aangaan, moet dus geskep word sonder om die prinsipiële beskouing betreffende kerkverband uit die oog te verloor.

6.4.3.1 Die trustfiguur

Die nasionale sinode en ander meerdere vergaderings (soos partikuliere sinodes en klassisse) kan as tydelike meerdere vergaderings van plaaslike kerke wel gesamentlike regshandeling deur trustees laat uitvoer. Vir dié doel sal dit noodsaaklik wees om 'n aantal trusts te skep. Die deputate wat op die tydelike vergaderings aangewys word, dien dan as trustees wat die regshandeling(e) namens die plaaslike kerke (as oprigters) uitvoer.

Daar is verskillende omskrywings van 'n trust, wat almal min of meer daarop neerkom dat 'n trust deur ('n) oprigter(s) geskep word by wyse van 'n oprigtingsakte waarin vermoënsregte aan ('n) trustee(s) as reghebbende(s)

202) Daar moet gewaak word teen 'n neiging tot independentisme - raadpleeg Van der Linde 1965 79 en 80 en Van der Walt 1974 (a) 122 ev.

nie in eie belang nie, maar ten behoeve van 'n ander persoon, persone of 'n onpersoonlike doel oorgedra word. Die trusteees as reghebbendes van die vermoënsregte moet dit dan in belang van die begunstigdes beheer en aanwend.²⁰³⁾

Deur gebruikmaking van die trustfiguur kan veral die probleem wat by gesamentlike kerkeiendom ontstaan, opgelos word. Sodanige eiendom word dan nie in die naam van die Gereformeerde kerk(e) in Suid-Afrika geregistreer nie, maar wel in die naam van die trustee(s) in sy/hulle hoedanigheid as trustee(s). Daar kan ook gesamentlike regshandelinge (soos kontraksluiting) deur die trusteees uitgevoer word sonder dat daar 'n oorkoepelende liggaam, wat die selfstandigheid van plaaslike kerke sou verminder, hoef te ontstaan. Die plaaslike kerke wat in 'n meerdere vergadering byeenkom, oefen dan ingevolge die trustakte gesag en beheer oor die trustee(s) uit. Om 'n trust te skep, moet aan die volgende vereistes voldoen word:

- Daar moet 'n oprigtingsakte deur die betrokke plaaslike kerke (in meerdere vergadering) as oprigters opgestel word. Die reg tot wysiging van die trustdoel deur die oprigters sal uitdruklik voorbehou moet word, anders skep dit die onhoudbare posisie dat die trustdoel net deur die hof met die toestemming van al die oprigters en begunstigdes gewysig kan word.²⁰⁴⁾ Dit is ook noodsaaklik dat die trustdoel, trusteeiendom en begunstigdes duidelik omskryf moet word en dat die aanwysing van trusteees gereël moet word.
- Die plaaslike kerke wat die trust oprig, moet die trustvermoë in eiendom aan die trustee(s) oordra.²⁰⁵⁾ Volgens Van Zyl²⁰⁶⁾ kom daar

203) Van der Merwe & Rowland 1977 321; Honoré 1976 2; Joubert 1968 130; De Villiers, Henning en Gardiner 1980 7.

204) De Villiers, Henning en Gardiner 1980 41.

205) Veral Joubert 1968 130 en Van der Merwe en Rowland 1977 321 vereis dat die trustee eienaar van die trustvermoë moet wees. Honoré 1969 127-130 en 1976 2 wys daarop dat by die sg bewindtrust die trustee nie eienaar is nie, maar dat die begunstigdes eienaars word. Dit sal egter in die geval van die Gereformeerde kerke tot moeilik administrerbare resultate lei en volgens De Villiers, Henning en Gardiner 1980 8 is dit begripsmatig suiwerder om die trustee(s) as eienaar(s) aan te wys.

206) 1976 1 ev. Vir 'n uiteensetting van Van Zyl se boedelbestuursverbandteorie, sien ook Van Zyl 1981 340-347.

by 'n amptelike trust 'n regs persoon tot stand, naamlik 'n bestuursverband bestaande uit die opeenvolgende trustees tesame met die Staat,²⁰⁷⁾ wat as eienaar van die vermoë dit vir 'n spesifieke doel en ten behoeve van die trustbegunstigdes bestuur. Hoewel daar weinig kritiek teen hierdie uiteensetting van Van Zyl in te bring is, lui die Suid-Afrikaanse regspraak uitdruklik dat 'n trust nie 'n regs persoon is nie.²⁰⁸⁾ Derhalwe sal die trustee(s) in eie persoon eienaar van die trustvermoë word en moet die oprigters die eiendomsreg op die trustvermoë aan die trustee(s) oordra. Dit is verder in die lig hiervan wenslik dat uitdruklik in die trustakte voorgeskryf word of die trustee(s) van die verskaffing van sekuriteit vrygestel word al dan nie.

- Die trustakte moet duidelike voorskrifte in verband met die administrasie van die trustvermoë bevat. Aangesien daar gewoonweg net 'n verpligting op die trustee(s) rus om rekenskap van sy beheer oor die trustvermoë aan die begunstigdes te gee, sal uitdruklik bepaal moet word wanneer en op welke wyse rekenskap aan die plaaslike kerke as oprigters (meerdere vergadering) gegee moet word.²⁰⁹⁾
- Die begunstigdes of klas van begunstigdes sal duidelik omskryf moet word.

Die gebruik van die trustfiguur om kerkeiendom te administreer en regshandeling aan te gaan, lewer egter 'n aantal probleme op waarmee rekening gehou moet word:

-
- 207) Van Zyl 1976 11. Dit is nie duidelik waarom die Staat deel van hierdie boedelbestuursverband is nie. Wanneer die Staat in so 'n geval handel, is dit tog bloot in die uitoefening van sy gewone regsprekende of administratiewe hoedanigheid.
- 208) *CIR v MacNeillie's Estate* 1961 3 SA 833 (A) op 840: "Like a deceased estate, a trust, if it is to be clothed with juristic personality, would be a persona or legal entity consisting of an aggregate of assets and liabilities. Neither our authorities nor our courts have recognised it as such a persona or entity. It is trite law that the assets and liabilities of a trust vests in the trustee. The introduction of another persona ... when there is a trustee ready to hand, would be an extraordinary measure which would call for some adjustment ... between the legal position of the persona and that of the trustee." Vgl Murray 1959 371-2; Murray 1962 37-42.
- 209) De Villiers, Henning en Gardiner 1980 34; Honoré 1976 241-242.

- Die trustees word eienaars van die trustvermoë. By onroerende goed wat in die naam van trustees in hulle hoedanigheid van trustees geregistreer is, skep dit gewoonlik nie probleme nie. Indien een of meer trustees wegval en daar ander trustees in hulle plek aange=stel word, is dit nie nodig om die transportakte te wysig nie.²¹⁰⁾

Roerende bates en geld vorm deel van die persoonlike boedel(s) van die trustee(s) en by insolvensie of afsterwe van die trustee(s) kan sodanige trustbates in sommige gevalle in die insolvente of bestorwe boedel van 'n trustee val. Een van die grootste nadele van die gebruik van die trustfiguur is juis die feit dat die pro=bleem of die trustvermoë in die insolvente boedel van 'n trustee val al dan nie, in die Suid-Afrikaanse reg nog nie duidelik uitge=kristalliseer het nie. Menings van juriste wissel van die een uit=erste, naamlik dat dit wel in die insolvente boedel val en dat be=gunstigdes slegs konkurrente skuldeisers is, tot die ander uiterste dat dit nie deel van die insolvente boedel vorm nie.²¹¹⁾

Indien roerende goed in 'n aparte trustboedel gehou word, skyn dit of hierdie bates nie deel van die insolvente boedel van die trus=tee sal uitmaak nie. In gevalle waar daar nie 'n aparte trustboedel gehou word nie en vermenging met die trustee se eie bates plaasge=vind het, val dit uiteraard in die insolvente boedel.²¹²⁾ Al kan hierdie probleem in 'n mate deur voorskrifte in die oprigtingsakte ondervang word, skep dit steeds 'n mate van risiko.

- Die trustees moet onpartydige persone wees.²¹³⁾ Die vraag kan gestel word of ('n) deputaat(e) (as trustee(s)) wat aan die oprigtingshan=deling deelneem en soms selfs deel vorm van die klas van persone wat as begunstigdes aangewys word, wel so 'n onpartydige persoon is.

210) De Villiers, Henning en Gardiner 1980 14; Joubert 1968 272; *Group Areas Development Board v Hurley* 1961 1 SA 123 (A).

211) De Villiers, Henning en Gardiner 1980 37 en gesag daar aangehaal.

212) De Villiers, Henning en Gardiner 1980 35; Honoré 1976 407.

213) De Villiers, Henning en Gardiner 1980 33.

Wat hiermee saamhang, is dat dit uit die geraadpleegde literatuur nie duidelik blyk of dit geoorloof is dat die oprigter, trustee en begunstigde dieselfde persoon kan wees nie, soos wat wel kan gebeur waar die trustfiguur deur meerdere vergaderings gebruik word. Nietem in skyn dit of daar nie veel praktiese probleme in hierdie verband bestaan nie, veral aangesien die trustee gewoonlik nie alleenoprigter en alleeneienaar is nie.²¹⁴⁾ Tog kan die hof in sommige gevalle, waar daar botsende belange ter sprake kom, so 'n aangeleentheid as 'n omseiling van die trustbeginsel beskou. Juis sodanige omseiling het die Suid-Afrikaanse houe daartoe genoop om te beslis dat 'n regs persoon bestaan (wat die eienaar van kerkeiendomme is) ten spyte van die feit dat die beheer van die eiendomme aan trustees oorgedra was.²¹⁵⁾

- Die grootste beswaar teen die gebruik van die trustfiguur vir hierdie doel is dat die voorskrifte van die Trustgeldebeskermingswet 34 van 1934 op 'n trust van toepassing is. Ingevolge daardie wet kan daar te eniger tyd van 'n trustee verlang word om enige boek, dokument of gegewens aan die Meester van die Hooggeregshof te verskaf (artikel 4 (3)). 'n Afskrif van die oprigtingsakte moet by die Meester geliasseer word (artikel 2) en daar moet jaarliks aan die Meester verslag gedoen word van die administrasie van die trust deur finansiële state in te dien (artikel 4 (6)). Die Meester kan te eniger tyd by die hof aansoek doen om 'n volledige ondersoek na die beheer en administrasie van die trust te laat instel (artikel 4 (3)). Die beheer en administrasie word dus ten volle onder die beheer en toesig van die Meester en die Hooggeregshof geplaas. Begunstigdes kan by die hof aansoek doen om die beheer en administrasie van die trust te ondersoek en die hof kan selfs in bepaalde omstandighede die trustees deur ander vervang.

Dit kom dus daarop neer dat die beheer en administrasie van kerkeiendom sodoende onder staatstoelig geplaas sal word. Hoofstuk 3

214) Honoré 1976 393.

215) *Moloi v St John Apostolic Faith Mission* 1954 3 SA 940 (T); *Malabjoe v Bantu Methodist Church of SA* 1957 4 SA 465 (W); vgl ook Fourie 1973 75.

van die Boedelwet 66 van 1965, wat nog nie in werking getree het nie (maar wat in die nabye toekoms in werking kan tree), hou ook ingrypende beheermaatreëls deur die Meester en die Hooggeregshof in, waarop hier nie ingegaan hoef te word nie.

6.4.3.2 'n Stigting

'n Meerdere vergadering kan 'n gemeenregtelike stigting oprig wat as eienaar van die gemeenskaplike kerkeiendomme kan optree en regshandeling namens die plaaslike kerke kan verrig.

Dit is reeds hierbo²¹⁶⁾ gestel dat 'n stigting 'n regspersoon is wat ontstaan deurdat ('n) oprigter(s) 'n spesifieke vermoë vir 'n onpersoonlike doel afsonder, welke vermoë dan in die regsverkeer deur bestuurders of administrateurs onderhewig aan die oprigterswil geadministreer word.²¹⁷⁾ So 'n benadering sal veral die probleem dat die trustee eienaar van die afgesonderde vermoë word, kan oplos, aangesien die stigting (as regspersoon) eienaar word. Die afgeskeide vermoë word dan ten behoeve van die begunstigdes deur die administrateurs of bestuurders (wat in die geval van die Gereformeerde kerke die benoemde deputate kan wees) beheer. In ooreenstemming met die feit dat die stigting in Suid-Afrika tans meereendeels as 'n bestuursorganisasie gebruik word, behoort gebruikmaking van die stigtingsregspersoon in 'n hoë mate die probleme betreffende die hantering van gesamentlike kerkeiendomme en gesamentlike uitvoering van regshandeling te ondervang.

Die oprigtingsakte sal uiteraard uitdruklike voorskrifte vir die aanwys van bestuurders deur die meerdere vergadering asook vir die wyse waarop verslag aan die oprigters gedoen moet word, moet bevat. Die plaaslike kerke wat in die meerdere vergadering byeenkom, sal ook hier as oprigters moet optree.

216) Sien 4.3.3 hierbo. In die Nederlandse reg was dit gebruikelik om naas die kerke stigtinge as beheerders van die kerkeiendomme in die lewe te roep.

217) Joubert 1951 13.

'n Probleem met die gebruik van 'n stigting is dat die bestuurders of administrateurs ook binne die omskrywing van trustees val²¹⁸) en dat dieselfde beheer deur die Meester en die Hooggeregshof (wat in 6.4.3.1 hierbo ten opsigte van trustees uiteengesit is), ook op administrateurs van toepassing is. Die voorskrifte van hoofstuk 3 van die Boedelwet van 1965 (wat nog in werking moet tree) kan dus ook in die toekoms op administrateurs van stigtinge van toepassing gemaak word. Daar bestaan dus 'n moontlikheid dat die beheer van kerkeiendomme onder die gesag van die Meester en die Hooggeregshof geplaas kan word al word van die stigtingsfiguur gebruik gemaak.

'n Verdere beswaar is dat 'n stigting omrede sy regs persoonlikheid as bestuursorganisasie grotendeels onafhanklik funksioneer. Die plaaslike kerke as oprigters sal dus daarmee verlies moet neem om veel minder beheer oor die stigting uit te oefen as wat die geval by gebruikmaking van die trustfiguur is. Die bestuurder(s) is wel verplig om die oprigtingsdoelstellings uit te voer, maar daar bestaan geen ledevergadering wat as toesighoudende orgaan optree nie.

Indien die stigtingsfiguur deur plaaslike kerke gebruik sou word, bestaan die moontlikheid dat die oprigters, bestuurders en begunstigdes in bepaalde omstandighede dieselfde persone mag wees. Daar kan nie met sekerheid verklaar word dat dit geoorloof is nie. Daar is reeds by 6.4.3.1 hierbo daarop gewys dat die houe in bepaalde omstandighede ten opsigte van trustees verklaar het dat eiendom wat die trustees beheer het, steeds 'n regspersoon toeval. By gebruik van die stigting sal dus altyd daarteen gewaak moet word dat dit nie die indruk van 'n omseilingshandeling skep nie.

6.4.3.3 'n Artikel 21-maatskappy

Die Maatskappywet 61 van 1973 maak voorsiening vir die oprigting van 'n maatskappy, beperk deur garansie, vir die nastrewing van 'n ideële doel, wat as 'n artikel 21-maatskappy bekend staan. Die plaaslike kerke, wat

218) Joubert 1968 263-269; Honoré 1976 78; *Aronson v Estate Hart and others* 1950 1 SA 539 (A) op 560.

in 'n meerdere vergadering byeenkom, sal, indien hierdie weg betree word, as aandeelhouders van die artikel 21-maatskappy moet dien. So 'n maatskappy kan dan as beheerliggaam die gesamentlike regshandelinge van die kerke uitvoer en as eienaar van kerkeiendomme dien.

Die maatskappy moet aan die volgende vereistes voldoen:²¹⁹⁾

- dit moet met 'n wettige doel/doelstellings opgerig word;
- die hoofdoelstelling moet inhou dat godsdien, kuns, wetenskap, onderwys, liefdadigheid, ontspanning of gemeenskaps- of groepbelange bevorder word;
- winste of ander inkomste moet vir die bevordering van die hoofdoelstelling aangewend word;
- die betaling van 'n dividend aan die aandeelhouders is verbode;
- die akte van oprigting moet bepaal dat geen deel van die inkomste aan enige aandeelhouer oorgemaak mag word nie en dat die bates by ontbinding aan 'n ander vereniging of inrigting met soortgelyke doelstellings of deur die artikel 21-maatskappy of deur die hof oorgemaak word.

Die volgende besware kan teen die gebruik van hierdie ondernemingsvorm by Gereformeerde kerke ingebring word:

- Weens die bewoording van die wet kan slegs 'n vereniging op hierdie wyse geïnkorporeer word.²²⁰⁾ Die sinode of meerdere vergadering sal dus bereid moet wees om homself as 'n vereniging te omskryf, waarteen prinsipiële besware ingebring kan word.

219) Art 21 (1) en (2) Wet 61 van 1973; Cilliers, Benade en De Villiers 1977 529-531.

220) Art 21 (2): "'n Vereniging ... kan ingelyf word as 'n maatskappy beperk deur garansie."

- 'n Artikel 21-maatskappy word wel van die vereiste tot betaling van jaargeld vrygestel,²²¹⁾ maar so 'n maatskappy moet nog steeds voldoen aan al die ander vereistes wat vir maatskappye beperk deur garansie gestel word. Daar sal dus jaarliks geouditeerde finansiële state by die Registrateur van Maatskappye ingedien moet word en aan alle verdere voorskrifte van die Maatskappywet sal ook voldoen moet word.
- Die outomatiese inkomstebelastingvrystelling van artikel 21-maatskappye het van 1 Januarie 1975 af verval.²²²⁾ Dit beteken dat daar om die vrystelling van die betaling van inkomstebelasting aansoek gedoen sal moet word. Indien daar byvoorbeeld 'n uitgewery namens plaaslike kerke op hierdie wyse bedryf word wat 'n wins toon, sal daar waarskynlik inkomstebelasting betaalbaar wees, tensy die nodige vrystelling verkry is.

6.4.3.4 'n Gemeenregtelike regs persoon

Plaaslike kerke kan gesamentlik 'n gemeenregtelike regs persoon in die lewe roep om regshandeling aan te gaan en gemeenskaplike kerkeiendomme te beheer. Die plaaslike kerke as regs persone (*personae*) is dan die lede van hierdie beheersregspersoon. Daar kom geen oorkoepelende liggaam tot stand wat gesag voer oor die plaaslike kerke nie, maar weens praktiese oorwegings ontstaan hier 'n regsfiguur onder gesag van die plaaslike kerke wat gemeenskaplike eiendom beheer en gemeenskaplike regte en verpligtinge uitoefen. Hierdie beheersregspersoon word *nie* vereenselwig met die sinode, kerkverband of 'n meerdere vergadering nie. Dit oefen derhalwe nie gesag oor die plaaslike kerke uit nie, maar word juis deur die plaaslike kerke opgerig en beheer. Die doel van so 'n beheersregspersoon is dan ook net om as eienaar van gemeenskaplike kerkeiendomme op te tree en gesamentlike regshandeling uit te voer. By meerdere vergaderings waar die betrokke plaaslike kerke (wat lede van die beheersregspersoon vorm) byeenkom, word dan besluite geneem rakende die gemeenskaplike belange van die selfstandige kerke, welke besluite deur die beheers-

221) Art 21 (3) bepaal dat geen jaargelde in terme van art 174 betaalbaar is nie.

222) Art 7 (1) (c) Inkomstebelastingwet 65 van 1973.

regspersoon uitgevoer moet word. Artikel 30 KO bepaal dat daar by kerklike vergaderings slegs kerklike sake afgehandel mag word. Myns insiens is gesamentlike regshandelinge betreffende gemeenskaplike kerkeiendomme, publikasies, teologiese studie, ensovoorts beslis kerklike sake.

Dit sal heel eenvoudig wees om hierdie stelsel in te voer deur van bestaande strukture gebruik te maak. Daar bestaan reeds 'n Administratiewe buro van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika.²²³⁾ Die plaaslike kerke wat gesamentlik by die nasionale sinode byeenkom, is by magte om die reglement van die Administratiewe buro sodanig te wysig dat 'n beheersregspersoon (waarvan die plaaslike kerke die lede is) tot stand kom. Hierdie beheersregspersoon (wat onder die gesag van die plaaslike kerke staan) funksioneer dan kragtens die reglement en dien as *persona* wat die gemeenskaplike eiendom besit (wat nie aan plaaslike kerke toekom nie) en wat die regte en verpligtinge dra wat plaaslike kerke weens praktiese oorewegings gesamentlik moet uitoefen. Dit is dus nie 'n liggaam wat bo of naas plaaslike kerke opgerig word, waardeur die plaaslike kerke hulle selfstandigheid verloor nie. Daar word langs hierdie weg ook nie permanentie aan tydelike meerdere vergaderings verleen nie. Dit is 'n regspersoon wat onder die gesag van die plaaslike kerke, wat gesamentlik in die nasionale sinode byeenkom, staan.

Op 'n soortgelyke wyse kan daar ook aan die Raad van Kuratore van die Teologiese skool deur die plaaslike kerke wat in die nasionale sinode byeenkom, regs persoonlikheid verleen word en kan die bestaande voorskrifte waarvolgens die Teologiese skool bestuur en beheer word, as reglement van hierdie beheersregspersoon dien.

Daar kan ook ander beheersregspersone op 'n soortgelyke wyse opgerig word, maar vir beter gekoördineerde administrasie sou dit wenslik wees om so veel moontlik aangeleenthede onder die beheer van die Administratiewe buro en Raad van Kuratore van die Teologiese skool onderskeidelik te plaas.

223) Handeling 1933 83 en 133. Vgl ook Handeling 1955 204 vir die reglement van die Administratiewe buro.

Die vernaamste voordeel van hierdie werkwyse is dat sodanige gemeenregtelike regspersone nie verantwoordig aan die Staat, hof of Meester van die Hooggeregshof verskuldig is nie, maar alleen aan plaaslike kerke wat in die nasionale sinode byeenkom. Die sinode verkry dus nie regs persoonlikheid nie, maar bly steeds die vergadering van plaaslike kerke wat oor die beheer en uitoefening van gemeenskaplike sake deur die onderskeie gemeenregtelike regspersone gesag voer. Leerstellige aangeleenthede en belydeniskwessies word dus deur die tydelike meerdere vergadering (en nooit deur die beheersregspersoon nie) hanteer.

6.4.3.5 Slotson

Ek is van mening dat plaaslike Gereformeerde kerke vir doeleindes van die uitvoering van gesamentlike regshandeling (wat met kerklike sake verband hou) met vrug van stigtinge of (gemeenregtelike) beheersregspersone gebruik kan maak. Myns insiens sal dit eenvoudiger en doelmatiger wees om van beheersregspersone gebruik te maak. Daar bestaan reeds liggame soos die Administratiewe buro en die Raad van Kuratore van die Teologiese skool, wat sonder enige onkoste of ingrypende maatreëls tot gemeenregtelike regspersone omskep kan word. Hierdie liggaam kan dan as gemeenregtelike regspersone alle gesamentlike regshandeling van plaaslike kerke uitvoer.

7 SAMEVATTING

Groepvorming is 'n kenmerk van die mens wat 'n wesenlike deel van sy bestaanswyse uitmaak. Op alle lewensterreine (ook op die juridiese) word erkenning aan hierdie verskynsel verleen. Die doel van die proefskrif is om ondersoek in te stel na die wyse waarop die regs wetenskap 'n eie betekenis aan groepvorming verleen, en wel deur regs subjektiwiteit (regspersoonlikheid) aan groepe te verleen. Daar is hoofsaaklik toegespits op aspekte van regs subjektiwiteit (regspersoonlikheid) van privaatregtelike verenigings met ideële of nie-winsdoelgerigte. Die regsposisie van die privaatregtelike verenigingsregspersoon word tans nie statutêr gereël nie en word dus aan die hand van gemeenregtelike vereistes vasgestel.

Hoewel daar nie in die Romeinse reg uitdruklike erkenning aan die regspersoon as afsonderlike entiteit verleen is nie, het die Romeinse juriste tog bepaalde kenmerke van samewerkingsvorme soos *corpora*, *collegia*, *universitates* en *sodalitates* geboekstaaf. Die vroeëre Romeins-Hollandse juriste het ook nie die regspersoon as 'n entiteit beskou nie, maar hulle het wel die kenmerke van die Romeinse samewerkingsvorme oorgeneem en veral op groepe soos gildes en kerke toegepas. Vanaf die agtiende eeu word erkenning aan die regspersoon as entiteit (regs subjek) verleen, hoewel die term regspersoon eers aan die einde van die agtiende eeu ontstaan.

Die historiese ondersoek lewer die opvallende feit op dat die Kanoniste reeds gedurende die Middeleeue erkenning aan die bestaan van die regspersoon as regs subjek verleen het. Die invloed van die Rooms-Katolieke kerkbegrip gedurende die Middeleeue en die gereformeerde kerkbegrip tydens die Reformasie het 'n belangrike invloed op latere juriste se regspersoonsiening uitgeoefen.

Uit die historiese ondersoek blyk voorts dat die volgende kenmerke van die Suid-Afrikaanse gemeenregtelike regspersoon (vereniging of stigting), uit die Romeinse, kanonieke en Romeins-Hollandse reg afkomstig is:

- dit is saamgestel uit mense (lede of bestuurders);
- dit bestaan ongeag die wisseling van lede of bestuurders;
- dit is draer van regte en verpligtinge onafhanklik van dié van die lede of bestuurders waaruit dit saamgestel is;
- dit neem deur organe aan die regsverkeer deel;
- dit kan (deur organe) 'n eie wil vorm en is dus handelingsbevoeg, verskyningsbevoeg en toerekeningsvatbaar;

- dit moet vir bestaan of voortbestaan voldoen aan die vereistes wat deur die positiewe reg vir die verlening van regs persoonlikheid gestel word;
- dit moet 'n wettige doel hê wat nie *contra bonos mores* is nie.

Dit is verder veral opvallend dat daar geen gemeenregtelike gesag bestaan vir die gangbare aanname dat verenigingsregspersone op kontrak berus nie en dat die regsposisie van verenigingsregspersone gemeenregtelik deurgaans van dié van *societates* (genootskappe of vennootskappe), wat wel op kontrak berus, onderskei is.

Teen hierdie historiese agtergrond is voorts na die grondslae van die regs= persoonsfiguur ondersoek gedoen. Sedert die begin van die negentiende eeu het veral die Pandektiste gepoog om die regs persoon teoreties te ontleed. Dit gee aanleiding tot 'n hele aantal regs persoonsteorieë. Die meeste juriste wat oor die regs persoon teoretiseer, is egter geneig om die een of ander aspek daarvan te oorbeklemtoon. So beklemtoon Von Savigny dit dat slegs die individuele mens (as sedelike wese) as werklike regs subjek kan optree en dat die regs persoon derhalwe 'n regs fiksie is; Von Gierke, weer, voer aan dat die regs persoon uit organe saamgestel is en as 'n superorganisme met menslike hoedanighede aan die regs verkeer deelneem; Brinz verklaar dat 'n afgesonderde vermoë as regs subjek aan die regs verkeer kan deelneem; Molen= graaff bring die optrede van die regs persoon met die lede in hulle persoon= like hoedanigheid in verband en voorstanders van die juridiese realiteits= teorie beskou die regs persoon as iets wat werklik, maar as 'n onstofflike gedagtekonstruksie, bestaan. Uit veral die orgaan teorie van Von Gierke en die funksionele verbandsteorie van Dooyeweerd kan daar egter twee gevolg= trekkings gemaak word, wat ek ook wil onderskryf:

- Albei hierdie juriste is dit eens dat die regs persoon nie op kontrak nie, maar op interne verbandsreg berus. Dit statute of konstitusie is dus nie 'n kontrak wat tussen die lede bestaan nie, maar vorm die interne verbandsreg waarop alle regs verhoudinge tussen lede onderling en teenoor buitestaanders berus.
- Die regs persoon wil en handel deur middel van organe en wanneer die organe wil of handel, is dit regtens die regs persoon wat wil of handel. Dit maak die regs persoon handelingsbevoeg, verskyningsbevoeg en toe= rekeningsvatbaar.

Myns insiens kan die wese van die regs persoon slegs vasgestel word aan die

hand van die ontleding van regssubjektiwiteit. Met die transendentiaal-empiriese metode as metodologiese uitgangspunt is dit by die ontleding van regssubjektiwiteit noodsaaklik om die begrip teoreties te ondersoek, maar om ook met die regspraktyk rekening te hou.

Die Suid-Afrikaanse regspraktyk stel die volgende vereistes vir die bestaan van 'n regspersoon:

- daar moet 'n entiteit wees wat draer van regte en verpligtinge afsonderlik van dié van die samestellende lede of bestuurders is;
- die entiteit moet kan voortbestaan ongeag die wisseling van lede of bestuurders;
- die entiteit moet wettige doelstellings nastreef wat nie *contra bonos mores* is nie.

Hierby kan nog gevoeg word (hoewel dit nie uitdruklik vereis word nie) dat daar 'n interne gesagstruktuur moet bestaan, wat voortvloei uit die interne verbandsreg aan die hand waarvan die organe funksioneer. Hierbo is reeds op die gebrek aan gesag vir die Suid-Afrikaanse regspraktyk se aanname (in verskeie uitsprake) dat die gemeenregtelike regspersoon op kontrak berus, gewys.

Regssubjektiwiteit is die kenmerk van 'n entiteit om as subjek in die regsverkeer op te tree. Myns insiens kan net die mens as regssubjek optree. Vanuit 'n Christelike vertrekpunt benader, het God die mens na Sy ewebeeld geskape en is die mens as kroon van die skepping deur God in die skepping geplaas om dit te onderwerp, te bewerk en te bewaak. Uit hoofde van hierdie Godgegewe status van die mens het hy die vermoë om as subjek in die regsverkeer op te tree - hieraan ontleen hy dus sy kompetensies. Alle mense is dus draers van kompetensies, hoewel nie in dieselfde mate nie. Indien die regssubjektiwiteit van die mens ontken word, word 'n skeppingsgewene dus uit die oog verloor. Uit hoofde van die skeppingsopdrag kan ook net die mens regssubjek wees. Om regssubjektiwiteit te verleen aan iets anders as die mens, is om die skeppingsopdrag te negeer en afbreuk te doen aan die Godgegewe status van die mens.

Weens die verskynsel van groeppvorming tree die mens egter nie net individueel nie, maar ook in groepverband as subjek in die regsverkeer op. Regssubjektiwiteit kom derhalwe net die mens (individueel of in groepverband) toe. Die belangrike verskil is egter dat regssubjektiwiteit vanselfsprekend die natuurlike persoon toekom, terwyl die staatlke positiewe reg uit hoofde van die samelewingsordenende funksie daarvan en aan die hand van regsbeginselfs

die vereistes vir die verwerwing van regsobjektiwiteit (regspersoonlikheid) deur groepe vasstel.

By die verwerwing van regsobjektiwiteit (regspersoonlikheid) ontstaan daar 'n entiteit (weliswaar saamgestel uit mense) wat méér is as die somtotaal van die lede of bestuurders waaruit dit saamgestel is. Die entiteit kan naamlik voortbestaan ongeag die wisseling van lede of bestuurders en is draer van regte en verpligtinge afsonderlik van dié van die lede of bestuurders waaruit dit saamgestel is.

Regsobjektiwiteit kan dus omskryf word as die kenmerk van die mens om alleen (as natuurlike persoon) of in groepverband (as regspersoon) op 'n eiesoortige wyse as 'n reële, konkreet-organiese¹⁾ regsobjek aan die regsverkeer deel te neem deur draer van kompetensies (waaruit onder meer subjektiewe regte en regsverpligtinge voortvloei) te wees, welke kompetensies by die regspersoon as entiteit afsonderlik van die kompetensies van die individue waaruit die regspersoon saamgestel is, bestaan. Hierdie kenmerk is by die natuurlike persoon vanselfsprekend as 'n skeppingsgegewene aanwesig, terwyl dit by die regspersoon deur die positiewe reg in ooreenstemming met die owerheid se samelewingsordenende funksie en aan die hand van regsbeginnels verleen word.

Die gemeenregtelike regspersoon, as draer van regsobjektiwiteit (regspersoonlikheid) vertoon dus, prinsipieel en histories suiwer beskou, die volgende kenmerke:

- dit is 'n reële, eiesoortige persoonsverband wat as regsobjek aan die regsverkeer deelneem. Dit is saamgestel uit lede en/of bestuurders (organe) en hoewel dit in sekere opsigte ooreenkomste vertoon met die wyse waarop die natuurlike persoon aan die regsverkeer deelneem, kom alle menslike hoedanighede nie by die regspersoon voor nie en stem hoedanighede wat wel by albei voorkom, nie in alle opsigte ooreen nie. Hierdie entiteit is dus nie 'n superorganisme nie, maar 'n eiesoortige persoonsverband;
- dit is 'n konkrete regsfiguur, deurdat dit saamgestel is uit lede en/of bestuurders. Dit is dus nie 'n fiksie of 'n gedagtekonstruksie nie,

1 Die organe slaan by die regspersoon altyd op die lede of bestuurders.

maar 'n werklike, bestaande entiteit. Ook by die stigting is die persoonsverband geleë in die opeenvolging van (n) bestuurder(s) wat 'n vermoë met die oog op die bereiking van (n) vasgestelde doel (-stel= lings) in die regsverkeer beheer of administreer;

- dit is 'n afsonderlike entiteit, weliswaar saamgestel uit lede en/of bestuurders, wat bestaan ongeag die wisseling van lede en/of bestuurders met afsonderlike regte en verpligtinge;
- dit neem aan die regsverkeer deel deur middel van organe. Die wil of handeling van die organe is regtens die wil of handeling van die regspersoon, indien dit in ooreenstemming met die interne verbandsreg (soos vervat in die statute of konstitusie) uitgevoer word. Dit maak van die regspersoon 'n handelingsbevoegde, verskyningsbevoegde en toerekeningsvatbare regsubjek.

Die nie-statutêre verenigingsregspersoon is 'n gemeenregtelike regspersoon wat myns insiens nie op kontrak nie, maar op interne verbandsreg berus. Hierdie regsfiguur moet deurgaans van die vereniging sonder regspersoonlikheid (wat wel op kontrak berus) onderskei word. Kenmerke van die verenigingsregspersoon is die volgende:

- kragtens die interne verbandsreg verkry die lede en die regspersoon wedersydse vorderingsregte teen mekaar uit hoofde waarvan wedersydse prestasies van die lede en regspersoon onderskeidelik geverg mag word;
- die verenigingsregspersoon is die eienaar van die afgesonderde verenigingsvermoë wat deur die organe bestuur en gadministreer word. Die lede het uit hoofde van hulle vorderingregte teen die regspersoon die bevoegdheid tot inspraak en kontrole ten opsigte van die aanwending van die vermoë;
- die verenigingsregspersoon kan (deur organe) wil en handel en is gevolglik handelingsbevoeg, verskyningsbevoeg en toerekeningsvatbaar;
- die verenigingsregspersoon kan myns insiens as *persona* aanspraak maak op persoonlikheidsregte, wat in bepaalde omstandighede by aantasting tot 'n genoegdoeningseis aanleiding kan gee;
- die verenigingsregspersoon is nie net as entiteit vir regmatige orgaanshandeling aanspreeklik nie, maar kan ook vir onregmatige orgaanshandeling aanspreeklik gehou word in gevalle waar die regspersoon sy wil op die bewerkstelliging van 'n bepaalde onregmatige gevolg gerig het met die wete dat dit onregmatig is, of met onaanvaarbare onagsaamheid opgetree het. Deurdat die regspersoon kan wil, kan dit dus 'n skuldige gesindheid openbaar. Voorts is dit moontlik om 'n regspersoon ook op 'n ander wyse, te wete skuldloos, aanspreeklik te stel.

Ek is van mening dat die beginsels onderliggend aan die gemeenregtelike regs persoon die geskikste grondslag bied waarop die regsposisie van privaatregtelike samewerkingsgroepe soos kerke, politieke partye, liefdadigheidsverenigings, vakbonde en sosiale verenigings van korporatiewe aard gebou kan word. Sodoende word die interne regsverhoudinge tussen die lede en die eksterne regsbetrekkinge teenoor derdes op die aanvaarbaarste wyse verklaar. Kerke se regsposisie is enigsins eiesoortig, maar voldoen wesenlik aan die vereistes vir die verwerwing van gemeenregtelike regs persoonlikheid. Daarom moet kerke myns insiens as gemeenregtelike regspersone erken word. Van die regsposisie van gemeenregtelike regspersone moet dié van verenigings sonder regs persoonlikheid (klubs) deurgaans onderskei word. Laasgenoemde groepe, wat ooreenstem met die Engelse klub, is kontraktueel van aard; hulle lede is mede-eienaars van die afgesonderde klubvermoë en geen afsonderlike entiteit (*persona*) kom tot stand nie.

Hoewel die vereistes vir die erkenning van gemeenregtelike regs persoonlikheid myns insiens duidelik genoeg deur die Suid-Afrikaanse regspraak omlin is, is dit nie altyd so maklik om vas te stel wanneer die vereistes aanwesig is nie, veral nie in die geval van informele verenigings nie. Ten einde regsekerheid te bewerkstellig, doen ek aan die hand dat 'n eenvoudige registrasiesstelsel van verenigings en stigtinge ingestel word. Verenigings en stigtinge wat hulle regs persoonlikheid na buite wil bevestig, kan dit dan deur 'n registrasiehandeling doen. Dit behoort die onsekerheid wat dikwels by buitestaanders (en soms by lede) bestaan ten opsigte van die vraag of 'n informele sosiale vereniging of 'n klub 'n gemeenregtelike regs persoon is, en indien wel, wie die gemagtigde organe is, uit die weg te ruim.

So 'n registrasiesstelsel, wat uiteraard statutêr ingestel sal moet word, behoort die volgende in te hou:

- regs persoonlikheid word steeds aan die hand van gemeenregtelike vereistes toegeken;
- 'n vereniging wat aan die gemeenregtelike vereistes voldoen, is voor registrasie wel 'n regs persoon, maar lede en bestuurders kan persoonlik aanspreeklik gehou word vir orgaanshandelinge wat namens die regs persoon uitgevoer is;
- registrasie vervul die funksie dat regs persoonlikheid aan buitestaanders bekend gestel word en lede en bestuurders nie meer persoonlik vir orgaanshandelinge aanspreeklik gehou kan word nie.

Dit sal tot gevolg hê dat die volgende samewerkingsvorme onderskei sal kan

word:

- geregistreerde verenigingsregspersone, waar lede en bestuurders nie persoonlik vir orgaanshandelinge aanspreeklik gehou kan word nie;
- ongeregistreerde verenigingsregspersone, waar lede en bestuurders persoonlik vir orgaanshandelinge aanspreeklik gehou kan word;
- klubs of genootskappe, wat weens hulle kontraktuele aard nie vir die verwerwing van gemeenregtelike regs persoonlikheid in aanmerking kom nie.

Die meeste plaaslike kerke, en ongetwyfeld alle plaaslike Gereformeerde kerke, voldoen aan die vereistes vir die verwerwing van gemeenregtelike regs persoonlikheid. Weens die Suid-Afrikaanse howe se aanvaarding en toepassing van die Engelse kerkbegrip, ontstaan daar egter die teenstrydigheid dat plaaslike kerke, wat wel by geleentheid as gemeenregtelike regspersone omskryf is, deur die howe as gegrond op kontraktuele regsverhoudinge aange= merk word. Daar bestaan geen gemeenregtelike gesag vir hierdie sienswyse nie, aangesien regspersone nie ingevolge die Romeins-Hollandse reg op kontrak berus nie en die Engelse *unincorporated associations*, wat wel op kontrak berus, nie deur die Engelse reg as regspersone erken word nie. Ten einde die regsposisie van kerke op 'n suiwer gemeenregtelike grondslag te plaas, sou dit myns insiens die beste wees om plaaslike kerke as gemeenreg= telike regspersone (wat op interne verbandsreg berus) te tipeer. Sodanige standpunt sal ook in ooreenstemming met die Gereformeerde teoloë se prinsipiële beskouing in verband met plaaslike kerke wees.

